A large, abstract network graph is positioned at the top of the page, consisting of numerous small white dots connected by thin white lines. It forms a complex, organic shape that tapers towards the right side of the image.

JAARVERSLAG 2014



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



ONS REIS NA GEïNTEGREERDE VERSLAGGEWING

Die Universiteit Stellenbosch het 'n paar jaar gelede vir die eerste maal op sy reis na geïntegreerde verslaggewing vertrek. Begeesterde gespreksoering die hele wêreld oor aangaande geïntegreerde verslaggewing is al 'n paar jaar lank aan die gang. Midde-in hierdie vloedgolf van belangstelling en eksperimentering is die besef dat 'n heelwat groter verskeidenheid faktore as net finansiële winsgewendheid die waarde en toekoms van 'n organisasie bepaal. Wie waag dit trouens vandag nog om verslagdoening alleenlik oor netto wins te verdedig?

Party bates wat tot die waarde van 'n organisasie bydra is finansieel en tasbaar, en dus maklik om op te tel of af te trek, maar van baie ander is dit nie so maklik om rekenskap te gee nie. Ons ontasbare bates maak die vernaamste deel van die universiteitsomgewing uit – oorweeg ons menskapitaal, ons intellektuele vakkundigheid, ons studentemateriaal, ons ondersteunende omgewing van natuurlike hulpbronne, ons uitbreidende en krimpende markte en kompetisie, ons handelsmerk en groeiende reputasie, ons onontbeerlike venootskappe. Hierdie bates, en verderes, is die totaliteit van bates waarmee ons waarde skep en handhaaf.

En geïntegreerde verslaggewing stel ons in staat om duidelik en bondig te kommunikeer hoe ons ons kapitale gebruik om oor die kort, medium en lang termyn waarde te skep.

Ons hoop om deur middel van ons allesinsluitende, geïntegreerde verslaggewing aan ons vele belanghebbers te wys hoe ons probeer om op die beste moontlike manier hulpbronne toe te wys, risiko's te bestuur en geleenthede aan te gryp. Soos so baie ander korporatiewe en openbare organisasies, is die Universiteit nog onderweg ... Ons hoop om ons begrip van die wesenlikheid en ware toerekenbaarheid van ons volle spektrum werksaamhede te verbeter, en ons hoop dat geïntegreerde denke uiteindelik tweede natuur vir ons sal word, sodat ons beter besluite kan neem en doeltreffend en volhoubaar sal bestuur, soos pas by die kennisgedreve instelling wat die Universiteit is. Die Universiteit hoop om 'n volledig geïntegreerde verslag oor 2015 se werksaamhede te lewer.

ONS TREFWYDTE EN GRENSE

Hierdie verslag dek die volle bestek van Universiteitswerksaamhede oor die tradisionele verslagtydperk, 1 Januarie tot 31 Desember 2014. Ons voeg 'n verdere paar maande tot hierdie tydperk toe – tot Maart 2015 – om ons in staat te stel om ons graadverleningsdata in te sluit.

GOEDEKEURING VAN ONS JAARVERSLAG

Die waarnemende Rektor en sy Bestuurspan is ten nouste betrokke by die skryf en samestelling van die jaarverslag. Ons jaarverslag word deur die Universiteitsraad se Oudit- en Risikokomitee nagegaan en met wysigings aanbevele vir voorlegging by die Universiteitsraad, wat die verslag by 'n raadsitting finaal goedkeur vir publikasie.

WAT U IN HIERDIE VERSLAG SAL VIND

Omdat ons reisigers onderweg is, bevat ons verslag nog elemente van die konvensionele jaarverslag. Ons voldoen terselfdertyd ook aan die Departement van Hoër Onderwys se nuwe riglyne vir verslaggewing deur hoëronderwysinstellings soos gepubliseer in die *Staatskoerant* nr. 37726 van 9 Junie 2014. U sal finansiële feite en syfers in verband met ons werksaamhede oor die 2014- finansiële jaar vind, sowel as die gebruiklike verslae van die Kanselier, Voorsitter van die Universiteitsraad, Rektor en Vicekanselier, Bedryfshoof, viserektore en dekane van fakulteite oor hul terreine van sorg en toesig. Die meeste van hierdie verslae beklemtoon egter nou spesifiek die waarde wat in die verslagtydperk geskep is in ooreenstemming met gekeurde strategiese prioriteite soos in die Universiteit se *Institutionele Voorneme en Strategie 2013–2018* uiteengesit. Hierdie aandag aan waardeskepping strook met die beginsels wat voorsien word deur die *International <IR> Framework* van die *International Integrated Reporting Council* (IIRC), wat glo dat "kommunikasie oor waardeskepping die volgende stap in die evolusie van korporatiewe verslagdoening behoort te wees".

Die Universiteit Stellenbosch onderskryf die beginsels van leierskap, volhoubaarheid en korporatiewe burgerskap soos in die *King Code of Governance Principles for South Africa 2009* (King III) vervat en ons gekonsolideerde finansiële jaarstate word in ooreenstemming met die toepaslike beleide van die internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde (IFRS) opgestel.



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



Soos die vyf sterre van die Suiderkruis stuur ons vyf waardes – diensbare leierskap, medeverantwoordbaarheid, empatie, innovasie, uitnemendheid – ons op ons reis in die nastrewing van ons VISIE 2030 om inklusief, innoverend en toekomsgerig te wees. Ons is koersvars op pad na ons doelwit met die Institusionele Voorname en Strategie as roetekaart en die Institusionele Plan as ons praktiese navigatorsnotas.



BOODSKAP VAN DIE KANSELIER



Ongeveer vyf eeu gelede was daar 'n kennisrevolusie wat die wêreld van daardie tyd geskud het. In teenstelling met die handgeskrewe manuskripte wat met groot sorg in kloosters en universiteite gekopieer en bewaar is, is boeke in die 16de eeu selfs in plaaslike tale (nie meer net in Latyn nie) gedruk.

Die drukpers het 'n instrument van politieke en kulturele verandering geword wat onder meer die houvas van die destydse Katolieke Kerk op noordelike Europa verbreek het. Dit was vir die Kerk aansienlik makliker om in die era van handgeskrewe boeke sensuur toe te pas. Sy kennismonopolie het gevvolglik begin disintegreer.

Hoeuwel nie een van ons daardie tydperk in die geskiedenis beleef het nie, is daar beslis ooreenkoms met die snelle ontwikkeling in die digitale en sosiale media die afgelope vyf tot tien jaar. In die 21^{ste} eeu bevind die samelewings en, meer spesifiek, universiteite ons midde-in 'n soortgelyke inligtingsrevolusie. Tegnologie het wonderlike vooruitgang vir die beskikbaarheid van inligting gebring, asook vir die maniere waarop ons met mekaar kan kommunikeer. Vir hoëronderwysinstellings, waar die gebruik van inligting om kennis te genereer 'n kernfunksie is, bied hierdie revolusie besondere uitdagings, maar ook wonderlike geleenthede.

Tradisionele universiteitstelsels sal moet aanpas by die drastiese veranderings in die manier waarop studente inligting bekom en gebruik, en idees uitruil. In ons universiteitsdorp plaas omgewingsfaktore, duur eiendom en die styling in konstruksie- en ander institusionele koste 'n perk op fisiese uitbreidingsmoontlikhede, en dus ook op studentegetalle. Danksy tegnologie verval geografiese grense, en hoof ligging nie vir 'n instelling of 'n student meer 'n hindernis te wees nie. Vir die hoër onderwys in Suid-Afrika en die res van die vasteland hou dit opwindende moontlikhede in.

Aan die ander kant bied tegnologiese omwentelinge dieselfde geleenthede vir alle top-universiteite wat gaan meeding om dieselfde mark. Wêreldwyd is universiteite egter ook blootgestel aan ekonomiese, maatskaplike en politieke skommelinge wat vernuwende en innoverende denke vereis oor onder meer 'n mededingende programmaanbod, relevansie en waardetoevoeging, finansiering, diverse kampusgemeenskappe en volhoubaarheid.

Die Universiteit Stellenbosch het die voordeel van visionêre leierskap en besluitneming gerig op die toekoms, 'n standvastige onderbou, uitstekende beheer-en-bestuur-meganismes en 'n reputasie as 'n gevestigde, uitnemende

instelling om onstuimige waters te kan trotseer. Daarmee saam beskik die instelling ook oor veerkrachtigheid. Dit het die onverwagte dood van ons Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, in 2014 duidelik geïllustreer.

Sy nalatenskap verwoord hy self in die *Institutionele Voorneme en Strategie 2013-2018* (IVS): "Die land sal 'n beter plek wees indien ons die uitdagings van die 21^{ste} eeu in die gees van 'hoop aan die werk' die hoof bied."

Dié benadering is omskep in 'n strategiese prioriteit waarvolgens die Universiteit sy impak op die Suid-Afrikaanse samelewing wil verhoog. Die instelling se uitnemendheid en relevansie is duidelik in die skep, ontginning en deel van kennis; in sy innovasie en entrepreneurskap, en die aangryp van die tegnologiese revolusie.

Dr Johann Rupert Kanselier

Dr Johann Rupert is in Desember 2014 vir 'n tweede vyfjaartermyn as Kanselier van die Universiteit Stellenbosch aangestel. Dr Rupert, die Universiteit se veertiende Kanselier, dien sedert November 2009 in dié amp. Sy tweede termyn loop op 30 November 2019 ten einde.



INHOUD

Ons reis na geïntegreerde verslaggewing

Ons trefwydte en grense	1
Goedkeuring van ons jaarverslag	1
Wat u in hierdie verslag sal vind	1

1

Boodskap van die kanselier

3

Ons instelling

Visie 2030	6
Missie	6
Waardes	7
Belanggroep	7

6

Ons Institusionele Voorneme en Strategie	7
--	---

Bestuur en beheer

Ons bestuur-en-beheerstruktuur	10
Die Universiteitsraad soos op 4 Mei 2015	11
Die Rektor se Bestuurspan soos op 31 Desember 2014	13

8

Verslag van die voorsitter van die universiteitsraad

14

Prestasie

16

Verslag van die waarnemende rektor en visekanselier

18

Die oorsprong van die strategiese doelwitte van die Universiteit Stellenbosch	18
Doeleitbereiking en risikobestuur	20
Finansiële oorsig	24
Slotsom	30

Verslag van die bedryfshoof


31

Die opskeping van besigheidsprosesse en fondsinsameling vir finansiële volhoubaarheid	31
Die ontwikkeling van 'n Kampusmobilitetsplan	33
Die kommersialisering van intellektuele eiendom en die skep van sakegeleenthede	33
Die strewe na omgewingsvolhoubaarheid	34
Geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening	34

Verslag van die viserektor (leer en onderrig)

36

Uitnemendheid in leer en onderrig	36
Studentesukses	36
Grootte en vorm van US-studentekorps	37
Verhoogde meertalige aanbod	38
Inligtings- en kommunikasiesteknologie vir leer en onderrig	38





41

Verslag van die viserektor (navorsing en innovasie)

- 41 Aanstelling van jong akademiese sterre
- 42 Bevordering van navorsingsuitsette
- 43 Uitbreiding van navorsingsinnovasie
- 43 Vestiging van navorsingsfokusareas
- 43 Skep van navorsingsinkomste deur navorsingsvennootskappe
- 44 Handhawing van die nagraadse studentesukseskoers

45

Verslag van die waarnemende viserektor (gemeenskapsinteraksie en personeel)

- 45 Belangrike ontwikkelings in Gemeenskapsinteraksie, Maties Sport en Menslike Hulpbronne
- 46 Bereiking van ons doelwitte en bestuur van risiko's

50

Verslag insake risikoblootstelling, -evaluering en -bestuur

- 50 Blootstelling aan eksterne risiko's
- 50 Die bestuur van interne strategiese risiko's

52

Fakulteitsverslae

- 54 Fakulteit AgriWetenskappe
- 55 Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- 56 Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
- 57 Fakulteit Ingenieurswese
- 58 Fakulteit Krygskunde
- 59 Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
- 60 Fakulteit Natuurwetenskappe
- 61 Fakulteit Opvoedkunde
- 62 Fakulteit Regsgeleerdheid
- 63 Fakulteit Teologie

64

Uitnemendheid

- 65 Eergrade
- 66 Kanseliersmedalje
- 66 Kanselierstoekennings

70

Verantwoordelike bestuur en beheer

- 72 Senaatsverslag aan die Raad
- 73 Verslag van die Institusionele Forum
- 74 Oorsigtelike verslag van transformasie
- 76 Verslag oor tender- en aankoopprosedures

78

Finansiële verslag

118

Glossarium

- 118 Terme en verklarings
- 120 Afkortings

ONS INSTELLING

Visie 2030

Ons sien die Universiteit Stellenbosch as 'n inklusiewe, innoverende en toekomsgerigte plek van ontdekking en uitnemendheid waar sowel personeel as studente denkleiers is wat tot diens van alle belanghebbers kennis bevorder.

Missie

Ons streef om ons visie van die Universiteit Stellenbosch te verwesenlik deur volgehoudende transformasie en, op ons ontdekkingsreis deur die akademie tot diens van ons belanghebbers, onderneem ons om:

- 'n akademiese gemeenskap te skep waarin sosiale geregtigheid en gelyke geleenthede tot sistemiese volhoubaarheid lei;
- toepaslike en volhoubare benaderings tot Afrika-

- ontwikkeling te ondersoek en innoverend toe te pas;
- ons navorsing te rig volgens die volle spektrum uitdagings waarmee die wêreld, Afrika, ons land en die plaaslike gemeenskap te kampe het;
- student- en toekomsgerigte leer en onderrig, wat 'n passie vir lewenslange leer vestig, te handhaaf;
- in die innoverende akademieskap en kreatiewe vermoëns van al ons mense te belê;
- die inherente krag van diversiteit te ontgin; en
- sinergistiese netwerke te vestig en uit te bou, waarin die Universiteit 'n dinamiese vennoot is.

INSTITUSIONELE VOORNEME EN STRATEGIE 2013-2018

STRATEGIESE PRIORITEITE

Verbreed
toegang

Behou
momentum
van
uitnemendheid

Bevorder
impak op
samelewing



Waardes

UITNEMENDHEID

Alles wat ons doen, word gekenmerk deur uitnemendheid.

MEDEVERANTWOORDBAARHEID

Ons besef en aanvaar dat ons, in belang van die belanghebbers vir wie ons dien, gesamentlik vir die verwesenliking van die Universiteit se Visie verantwoordelik is.

EMPATIE

Ons bevorder menswaardigheid deur 'n kultuur van respekvolle optrede – selfrespek, respek vir ander mense en respek vir die fisiese omgewing.

INNOVASIE

Ons dink en doen nuut en anders, en maak goeie keuses en neem goeie besluite vir onsself en vir ons belanghebbers, die land, die vasteland en die planeet.

DIENSBARE LEIERSKAP

Ons bevorder die welwees van mense en die wêreld deur met nederigheid, verantwoordelikheid en begrip te lei.

Belanggroep

Ons dien ons belanghebbers, onder wie:

- voorname studente, studente en ouers;
- werknemers;
- regering, reguleerders en professionele liggeme;
- alumni;
- doneure; en
- die gemeenskap (burgerlike samelewing, nieregeringsorganisasies, industrie, ander universiteite, skole, adviesrade, diensverskaffers en media).



STRATEGIESE TEMAS

STRATEGIESE DOELWITTE

VISIE 2030


Bevorder toegang tot nuwe kennismarkte

Uitbreiding van parallelmedium-onderrig en tolking
Programvernuwing
Inkorporering van inligting- en kommunikasietegnologieë vir leer en onderrig
Kapasiteitsbou vir eksperimentele leer en vir 'n program oor graduandi-eienskappe




Verhoog diversiteitsprofiel van studente en personeel

Uitbreiding van parallelmedium-onderrig en tolking
Aanstel van jong akademiese sterre
Uitbou van toegang en skepping van ontwikkelingsgeleenthede
Benutting van nuwe kennismarkte vir meer waarde-onttrekking
Werwing van beursskenkings
Verbetering van personeelprofiel
Bestuur van spesifieke kategorieë van vennootskappe



Positioneer as die voorste navorsingsinstelling in Afrika

Bevordering van navorsingsuitsette
Bevordering van betrokke akademieskap
Uitbou van navorsinginnovasie
Vestiging van navorsingsfokusareas
Kommersialisering van intellektuele eiendom en besigheidsgeleenthede
Generering van ekstra inkomste deur navorsing en fondswerwing



Behou studentesukseskoers

Vestiging van omvattende landelike platforms
Inkorporering van inligting- en kommunikasietegnologieë vir leer en onderrig
Handhawing van nagraadse studentesukses
Uitvoer van die Mobiliteitsplan



Vestig toegewyde, visionêre leierskap

Nastreweling van geregtigheid en gelyke geleenthede
Opskerping van besigheidsprosesse en fondswerwing vir finansiële volhoubaarheid
Bestuur van gespesifiseerde kategorieë van vennootskappe
Nastreweling van omgewingsvolhoubaarheid
Instel van geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening



INKLUSIEF

INNOVEREND

TOEKOMSGERIG

TRANSFORMASIE



BESTUUR EN BEHEER


Ons dink en doen nuut en anders, en maak goeie keuses en neem goeie besluite vir onsself en vir ons belanghebbers, die land, die vasteland en die planeet.

ADMINISTRASIEGEBOU





ONS BESTUUR-EN-BEHEERSTRUKTUUR



DIE UNIVERSITEITSRAAD SOOS OP 4 MEI 2015

Die Universiteitsraad beheer die Universiteit Stellenbosch behoudens die Wet op Hoër Onderwys (Wet nr. 101 van 1997) en die institusionele statuut.

Die funksies en samestelling van die Raad word in die Statuut van die Universiteit Stellenbosch uiteengesit.

REKTOR EN VISEKANSELIER

- ■ ♦ Prof WJS de Villiers (56), MBChB (cum laude), MMed (Int) (cum laude) (Stell), FCP (SA), DPhil (Oxon), MHCM (Hrv) (*Ampstermyn*: 01.04.2015–31.03.2020)

BEDRYFSHOOF

- ♦ Prof L van Huyssteen (64), HonsBScAgric, MScAgric, PhD (Agric) (Stell) (*Ampstermyn*: 01.04.2013–31.12.2016)

VISEREKTOR (GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL)

Posisie vakan

VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG)

Prof A Schoonwinkel (58), HonsBEng, MIng (Stell), MBA (UK), PhD (Stanford), PrEng (*Ampstermyn*: 01.09.2012–31.08.2017)

VISEREKTOR (NAVORSING EN INNOVASIE)

Prof TE Cloete (56), HonsBSc, MSc (UOVS), DSc (UP) (*Ampstermyn*: 01.09.2012–31.08.2017)

DEUR DIE PERMANENTE AKADEMIESE PERSONEEL (NIESENAATSLEDE) BENOEM

Prof A van der Merwe (50), BEng (Meganies), MIng (Bedryfs), PhD (Ing) (Stell) (*Ampstermyn*: 01.09.2014–31.08.2016)

DEUR DIE PERMANENTE NIEAKADEMIESE PERSONEEL BENOEM

- Me G Arangies (52), BCom (UPE), MBA (cum laude) (Stell) (*Ampstermyn*: 06.04.2014–05.04.2016)

DEUR DIE INSTITUSIONELE FORUM BENOEM

Posisie vakan

DEUR DIE MINISTER VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING BENOEM

Prof A Keet (51), MEd (UWK), PhD (UP) (*Ampstermyn*: 01.12.2014–30.11.2018)
Prof PG Maré (69), HonsBA (UN), HonsBA, MA (Wits), PhD (UN) (*Ampstermyn*: 25.09.2014–24.09.2018)
Me TS Lingela (59), BA (Fort Hare), BEd (Rhodes), MEd (UDW, VSA) (*Ampstermyn*: 01.01.2014–31.12.2018)



DEUR DIE KONVOKASIE BENOEM

Dr JP Bekker (63), HonsBA (Stell), LLB (Wits), MBA (Columbia, VSA), DCom honoris causa (Stell) (*Ampstermyn*: 02.04.2012–01.04.2016)

Prof WAM Carstens (63), MA, DLitt (Stell) (*Ampstermyn*: 02.04.2014–01.04.2018)

● Dr GC du Toit (55), MBChB, LKOG (SA), MMed (Stell), Subspesialis Ginekologiese Onkologie (RGSA) (*Ampstermyn*: 02.04.2014–01.04.2018)

- ♦ Prof DP du Plessis (60), BSc (UK), MBA (cum laude), DBA (Stell) (*Ampstermyn*: 02.04.2012–01.04.2016)
Mnr PJ le Roux (31), HonsBCom (Stell) (*Ampstermyn*: 02.04.2012–01.04.2016)
Mnr JG Theron (52), BA Regte, LLB (Stell) (*Ampstermyn*: 02.04.2014–01.04.2018)

DEUR DIE SENAAT BENOEM

Prof ASM Käraan (47), MScAgric, PhD (Agric) (Stell) (*Ampstermyn*: 01.01.2014–31.12.2015)

Prof NN Koopman (54), BA, DTh (UWK) (*Ampstermyn*: 01.01.2014–31.12.2015)

● Prof JH Knoetze (62), BEng, PhD (Ing) (Stell) (*Ampstermyn*: 01.01.2014–31.12.2015)

DEUR DIE MUNISIPALITEIT VAN STELLENBOSCH BENOEM

Mnr C Jooste (60), BCom (Unisa), BEd (UWK), Onderwysdipl. in Handel (CPUT) (*Ampstermyn*: 25.09.2014–24.09.2018)

DEUR DIE DONATEURS BENOEM

- ■ Mnr GM Steyn (56), BA Regte, LLB (Stell) (Voorsitter vanaf 02.04.2012) (*Ampstermyn*: 02.04.2014–01.04.2018)
- ■ Prof PW van der Walt (68), BScBEng, MIng, PhD (Stell) (Ondervorsitter vanaf 07.05.2012) (*Ampstermyn*: 02.04.2014–01.04.2018)
- ◆ ♦ Mnr JJ Durand (49), HonsBRek (Stell), MPhil (Oxon), GR (SA) (*Ampstermyn*: 02.04.2012–01.04.2016)





DEUR DIE PREMIER VAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE REGERING BENOEM

- ▲ Mnr AP van der Westhuizen (57), BCom, HOD, MEd (Stell) (*Ampstermyn*: 01.08.2014–31.07.2018)

DEUR DIE RAAD BENOEM

Mnr AV Moos (37), BA, BPhil Joernalistiek, MBA (Stell) (*Ampstermyn*: 05.05.2014–04.05.2018)

- ▲ Mnr J van der Westhuizen (58), BCom, HOD (UPE), HonsBEd (Unisa) (*Ampstermyn*: 05.05.2014–04.05.2018)
Me K Njobe (45), Biologie (UCLA, VSA), MSc (Dierkunde) (UP), MTE (IMD, Switserland) (*Ampstermyn*: 05.05.2014–04.05.2018)

DEUR DIE STUDENTERAAD BENOEM

Mnr S Laing (23) (*Ampstermyn*: 01.01.2015–31.12.2015)
Mnr W Groep (23) (*Ampstermyn*: 01.01.2015–31.12.2015)

DIE VOLGENDE NIERAADSLEDE IS DEUR DIE RAAD BENOEM AS ADDISIONELE LEDE IN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE

- ▼ ▲ Mnr JP Bester, HonsBCom (Rek) (Stell), HonsBCom (Bestuursrek), HonsBCom (Inligtingstelsels) (UK), GR (SA)
▼ Mnr BHJ Wessels, BCompt (Unisa), GIA (SA)
▼ Mnr H van der Ahee, Blng (Chem), BRek, HonsBCom (Belasting) (Stell), HonsBCompt (Unisa), GR (SA)

DIE VOLGENDE NIERAADSLEDE IS DEUR DIE RAAD BENOEM IN DIE BELEGGINGSKOMITEE

- ♦ Mnr GT Ferreira, BCom, MBA (Stell)
♦ Mnr JF Mouton, HonsBCom, STR (Stell)
♦ Mnr PG Steyn, BCom, LLB (Stell)
♦ Mnr MM du Toit, BScAgric, MBA (Stell)
♦ Me E Meaker, HonsBA (Stell)

DIE VOLGENDE NIERAADSLEDE IS DEUR DIE RAAD BENOEM IN DIE SOSIALE EN BESIGHEIDSETIEKKOMITEE

- ▼ ▲ Mnr JP Bester, HonsBCom (Rek) (Stell), HonsBCom (Bestuursrek), HonsBCom (Inligtingstelsels) (UK), GR (SA)
▲ Dr T Theron, HonsBSc (cum laude), MSc (cum laude), PhD (Stell)
▲ Prof P Naudé, LisTeol (cum laude), MA, DTh (Stell)

- Lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad
- ▼ Lede van die Oudit- en Risikokomitee van die Raad
- Lede van die Menslikehulpbronkomitee van die Raad
- ♦ Lede van die Beleggingskomitee van die Raad
- Lede van die Vergoedingskomitee
- ▲ Lede van die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee van die Raad

DIE REKTOR SE BESTUURSPAN SOOS OP 31 DESEMBER 2014

Die Rektor, Bedryfshoof en Viserektore is die uitvoerende bestuur van die Universiteit. Hulle is ampshalwe lede van die Universiteitsraad en die Senaat. Die Registrateur is verantwoordelik vir die Universiteit se akademiese administrasie en is ampshalwe 'n lid van die Senaat.



WAARNEMENDE REKTOR EN VISEKANSELIER, EN BEDRYFSHOOF

Prof Leopoldt van Huyssteen
HonsBScAgric, MScAgric,
PhDAgric. Sluit in 1999 by die
Universiteit aan; aangestel as
Bedryfshoof in 2013



VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG)

Prof Arnold Schoonwinkel
HonsBEng, MEng, MBA, PhD,
PrEng. Sluit in 1988 by die
Universiteit aan; aangestel as
Viserector (Leer en Onderrig) in
2012



VISEREKTOR (NAVORSING EN INNOVASIE)

Prof Eugene Cloete
HonsBSc, MSc, DSc. Sluit in 2009
by die Universiteit aan; aangestel
as Viserector (Navorsing en
Innovasie) in 2012



WAARNEMENDE VISEREKTOR (GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL)

Prof Mohammad Karaan
HonsBScAgric, MScAgric, PhD (Agric). Sluit in 1996 by die Universiteit aan; aangestel
as Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe in 2008 en waarnemende Viserector
(Gemeenskapsinteraksie en Personeel) van Mei 2014 tot April 2015

ONDERSTEUNENDE PERSOENEL



HOOFDIREKTEUR: STRATEGIESE INISIATIEWE EN MENSELIKE HULPBRONNE

Prof Tobie de Coning
MBA, PhD. Sluit in 1983 by die
Universiteit aan; aangestel as
Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe
en Menslike Hulpbronne in 2007



REGISTERATEUR

Mnr Johann Aspeling
HonsBCom, MCom, HOD. Sluit in 1979
by die Universiteit aan; aangestel as
Registrateur in 2001



UITVOERENDE ASSISTENT VAN DIE REKTOR

Prof Monique Zaahl
BSc, HonsBMedWet, MMedWet, MBA,
PhD. Sluit in 2003 by die Universiteit
aan; aangestel as Uitvoerende
Assistent van die Rektor in 2012

VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE UNIVERSITEITSRAAD



In hierdie jaarverslag word daar na die *US Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018* (IVS) as die roetekaart van die Universiteit Stellenbosch (US) verwys. So 'n kaart veronderstel dat ons iewers heen op pad is, en dat daar in die toekoms vir ons 'n gekose en duidelik gedefinieerde bestemming wag. Hierin het ons as Universiteitsraad 'n algemene oorsig-verantwoordelikheid oor akademiese en bedryfsake, maar veral ook oor institusionele beleid en strategie.

Die Universiteitsraad het 'n statutêre verpligting om wetsnakoming en effektiewe bestuur-en-beheer binne 'n openbare onderwysinstelling te verseker. Daaroor doen ons verderaan verslag – kyk gerus na die afdeling "Universiteitsraad se verklaring oor korporatiewe bestuur" in die Finansiële Verslag. Hier gee ek 'n oorsig van die hoëvlak-leiding wat ons as Raad verskaf het ten opsigte van aktuele sake, maar veral ook oor ons strategiese besluite wat geneem moes word ter wille van die volhoubaarheid en die langermyndige belang van die Universiteit Stellenbosch. In 2013 het die Raad die IVS aanvaar met Visie 2030 as die uiteindelike bestemming, en met verbreding van toegang, die behoud van die momentum van uitnemendheid en die verhoging van ons impak op die samelewing as die strategiese rigtingwysers.

Op 28 Junie 2014 het die Universiteit egter, met die onverwagse afsterwe van prof Russel Botman, sy leier verloor en moes die Raad te midde van skok en hartseer verseker dat die instelling op koers bly, terwyl die aanstellingsproses vir 'n nuwe Rektor en Visekanselier spoedeisend geïnsieber moes word. Vir die eerste keer in sy geskiedenis het hierdie instelling se Rektor gesterf terwyl hy nog aan die stuur was.

Prof Russel Botman het deur sy visionêre leierskap die US op 'n baan geplaas waar uitnemende navorsing en onderrig 'n verskil in die gemeenskap en die breër samelewing moet maak. Visie 2030 – om inklusief, innoverend en toekomsgerig te wees – is deel van sy nalatenskap en die Raad het dit na sy dood duidelik gemaak dat ons nie van plan is om van hierdie koers af te wyk nie.

Met die insette en goedkeuring van die Raad, het die US se bestemming al duideliker begin vorm aanneem; en is die strategiese prioriteite om daarby uit te kom, geïdentifiseer. Hoewel ons Visie 'n tydshorisjon van 2030 in die vooruitsig stel, is daar onderweg talle mylpale, onder meer die 49,5%-doelwit vir voorgraadse bruin, swart en Indiërs-studente teen 2020.

Na die aanvaarding van die IVS, was die Raad se volgende stap om die Bestuur te versoek om 'n gekoppelde Institusionele Plan 2015–2020 (IP) op te stel wat op 1 Desember 2014 goedgekeur is. Hierdie plan is in Januarie 2015 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien, en sal as maatstaf gebruik word om 2015 se aktiwiteite te evalueer. So word beplanning, begroting, uitvoering, verslagdoening en meting 'n produktiewe kringloop wat illustreer hoe strategie, risiko's, prestasie en volhoubaarheid onlosmaaklik met mekaar verbind is.

Buiten die aanvaarding van die IP as rigtinggewende dokument om ons strategiese prioriteite te verwesenlik, het die Raad in 2014 'n hele aantal beslissende besluite oor beleid en op strategiese vlak geneem wat die toekomstige posisionering van die Universiteit Stellenbosch sal bepaal, en sy reputasie as uitnemende akademiese instelling in Suid-Afrika en Afrika, en as internasionale rolspeler, beduidend sal versterk. Ek noem graag enkele voorbeeld:

- Die veroudering van universiteite se akademiese personeel is 'n wêreldwyse verskynsel. Die verlies aan akademiese kundigheid is 'n ernstige risiko vir uitnemende onderrig en navorsing, en daarom is die US se Aftreebeleid aangepas om die aftree-ouderdom te verhoog na 65 jaar, met 'n moontlikheid van nog vyf diensijsjare vir personeel wat oor uitsonderlike bevoegdhede beskik.
- In die IVS is die vertrekpunt dat die begroting die strategiese prioriteite moet ondersteun. Die Raad het daarom in 2014 die Bestuur se befondsingsversoeke vir geselekteerde inisiatiewe goedgekeur. Om toegang te verbreed deur die reikwydte en rykheid van die akademiese aanbod uit te brei, is R218,1 miljoen vir informasie- en kommunikasietegnologie (IKT) bewillig. 'n Addisionele bedrag van R102,3 miljoen is ook beskikbaar



- gestel vir die Werwingsbeursprogram om diversiteit te bevorder. Die gebrek aan beurse bly die grootste struikelblok in die pad van groter diversiteit.
- Vir enige akademiese instelling is sy fisiese infrastruktuur 'n belangrike strategiese bate en 'n vereiste vir volhoubare akademiese uitsette en derdegeldstroominkomste. Ou geboue en verouderde infrastruktuur hou ook bepaalde risiko's in. Die Raad het in 2014 die begroting van R2,23 miljard vir die inhaal van instandhoudingsagterstande en vernuwing van fasilitete goedgekeur. Die projek sal oor sewe jaar ingefaseer word en die Raad het nagenoeg R1,3 miljard uit Raadsfondse hiervoor bewillig.
 - Die aanvaarding van die voorgestelde Taalbeleid, wat bepaal dat Afrikaans as akademiese taal binne 'n meertalige universiteitsomgewing beskerm en bevorder sal word, en wat terselfdertyd ook die Engelse aanbod verhoog, was 'n besonderse mylpaal vir die Universiteit. Dit ondersteun die beginsel van meertaligheid, en dit maak die instelling ook meer toegangklik te middel van persepsies dat taal as 'n mechanisme vir uitsluiting gebruik word. Die US het ook die verantwoordelikheid aanvaar om Xhosa as akademiese taal en taal van sosiale omgang te bevorder. Die oogmerk is om binne vyf jaar die totale modulekrediete van Afrikaans en Engels deur middel van akademiese tolking en parallelmedium-onderrig tot 75% elk te verhoog.
 - Die atmosfeer en die relatiewe veiligheid van Stellenbosch as 'n universiteitsdorp was nog altyd 'n strategiese bate vir die US, maar die toename in misdaad elders in die land het ook hierheen oorgespoel. Die veiligheid van ons studente op die kampus het in die verslagjaar besondere aandag vereis na 'n toename in aangemelde voorvalle op Stellenbosch. Die US het, benewens die meer as R10 miljoen wat in vorige jare aan sekuriteitskameras, 'n 24-uur beheerkamer en sekuriteitsvoertuie bestee is, in 2014 bykomende fondse vir nog sekuriteitsmaatreëls, plus 'n verdere R2,2 miljoen per jaar in die begroting bewillig. Net soos die Bestuur, beskou die Raad die veiligheid van ons studente as 'n groot prioriteit en daarom het ons na oorlegpleging met die Senaat die voorstel goedgekeur dat die aflewêreld van eksamens in die aand vanaf 2015 afgeskaf word.

- Die Raad het ook met besluite teen afsonderlike sentra vir uitnemendheid en inklusiwiteit vir die US aan sy talle belangsgroepe die ondubbelzinnige sein gegee dat uitnemendheid en inklusiwiteit in ons instelling moet veranker wees.

Die 2014-verslagjaar was vir die Universiteitsbestuur 'n buitengewoon moeilike jaar, aangesien die Rektor se Bestuurspan vir die volle tweede semester nie voltallig was nie. Prof Leopold van Huyssteen het buiten sy verantwoordelikheid as Bedryfshoof, ook waargeneem as Rektor en Visekanselier van 28 Junie 2014 tot 31 Maart 2015. Die Raad bedank hom hartlik vir sy onbaatsugtige diens, en ook die drie viserektore, prof Arnold Schoonwinkel, prof Eugene Cloete en prof Mohammad Karaan, vir hul ondersteuning. Baie dankie ook aan al ons Raadslede vir hul toewyding, deeglike voorbereiding vir geskeduleerde en spesiale vergaderings en hul konstruktiewe betrokkenheid by die Universiteit. Dit is vir my 'n voorreg om met so 'n span 'n leiersrol te kan vervul.

Die aanstellingsproses vir 'n nuwe Rektor en Visekanselier kon binne ses maande afgehandel word. By die Raadsvergadering van 1 Desember 2014 is prof Wim de Villiers, alumnus van die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, aangewys as die nuwe Rektor en Visekanselier. Ons wens hom alle voorspoed toe vir sy ampstermy en sien daarna uit om saam met hom die reis voort te sit.




Mnr GM Steyn
Voorsitter van die Universiteitsraad



PRESTASIE

In hierdie hoofstuk bied die waarnemende Rektor en Visekanselier se verslag 'n oorsig oor hoe die Universiteit presteer het teenoor sy strategiese prioriteite, strategiese bestuursaanwysers en Raadsteikens in die jaar onder beskouing. Die Bedryfshoof en Viserektore doen in meer besonderhede verslag oor hoe hulle verantwoordelikhedsentrums presteer het ten opsigte van hulle strategiese doelwitte. Laasgenoemde verslae bied 'n uiteensetting van hoe hulle geïntegreerde plande – wat die sakeplanne van die entiteite onder hul bestuur saamvat – 'n stetige platform gevëstig het vir die strategiese rigting wat die Universiteit Stellenbosch as 21^{ste}-eeuse universiteit ingeslaan het. Dié rigting behels die strategiese prioriteite, temas en doelwitte soos uiteengesit op bladsye 6–7.

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



Prof Russel Botman (1953-2014)

Prof Botman is in 2007 as die Universiteit Stellenbosch se eerste swart Rektor en Visekanselier aangestel. Onder sy visionêre leiding is die HOOP Projek, met die klem op sosiale relevansie vir gelyke geleenthede in akademiese en navorsingsuitnemendheid, in 2010 van stapel gestuur – ons eerste tree op 'n nuwe roete. Visie 2030, wat in 2013 aanvaar is, is deel van sy nalatenskap: die Universiteit Stellenbosch as 'n innoverende, inklusiewe en toekomsgerigte instelling.





VERSLAG VAN DIE WAARNEMENDE REKTOR EN VISEKANSELIER



Die jaar 2014 was 'n tyd van beproeing vir die Universiteit Stellenbosch (US). Halfpad deur die jaar het ons skielik ons stuurman verloor, en tog moes hierdie grote skip van 'n instelling steeds op koers gehou word. Dat ons dit reggekry het, sê ewe veel van prof Russel Botman se nalatenskap as van Maties se kenmerkende kameraadskap. Dit het ons ook opnuut laat besef wat ons aan ons vennote en vriende het – plaaslik en wêreldwyd. Dankie vir almal se onderskraging en samewerking.

Ek doen vervolgens verslag oor die ses maande voor die noodlottige 28 Junie 2014 in my jare lange hoedanigheid as lid van die Rektor se Bestuurspan (RBS), die US se uitvoerende topbestuur, en ook oor die ses maande daarná as waarnemende Rektor en Visekanselier. Hierdie verslag bevat ook waardevolle bydraës deur my kollegas om 'n geïntegreerde oorsig van die Universiteit te bied.

Die eerste deel van die verslag bied agtergrond oor die strategiese doelwitte van die Universiteit, waarna die tweede deel die praktiese verwesenliking van dié doelwitte, gepaardgaande uitdagings en risiko's van nader bekijk.

DIE OORSPRONG VAN DIE STRATEGIESE DOELWITTE VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons het van meet af aan geweet 2014 sou 'n waterskeidingsjaar wees. In 2013 het ons beplan; nou moes ons daardie planne in werking begin stel. In 2013 het ons gesê ons wou meer inklusief, innoverend en toekomsgerig word. Daarvoor sou ons toegang daadwerklik moes verbreed, die momentum van ons uitnemendheid behou en 'n groter impak op die samelewing maak. Hierdie drie voornemens en gepaardgaande strategiese prioriteite is dan ook die hoekstene van die *US Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018* (IVS), wat die Universiteitsraad in 2013 goedgekeur het.

In die verslagjaar het ons die groen lig gekry vir ons eerste vyf jaar lange, aaneenlopende plan, die US Institusionele Plan 2015–2020, om aan die IVS uitvoering te gee. Sowel die IVS as die Institusionele Plan word onderstut deur die US se nuwe Visie 2030, wat by die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika én ons land se Nasionale Ontwikkelingsplan aansluit.

'n Terugblik – die breë strategiese raamwerk vóór die IVS

Tog word 'n instelling se posisionering nie uit die lug gegryp nie. In die US se geval is daar 'n duidelike verband tussen die koers wat die Universiteit tans inslaan en 'n *Strategiese Raamwerk vir die eeuwisseling en daarná*, wat in 1999 goedgekeur is.

In daardie dokument erken die Universiteit sy "bydrae tot die ongeregtighede van die verlede en verbind hom daarom tot gepaste regstellings- en ontwikkelingsinisiatiewe". Met sy inhuldiging in 2007 het prof Botman onderneem om die US te lei om hierdie verbintenisse 'n werklikheid te maak. Die Universiteit se HOOP Projek, wat in 2010 onder sy leiding aangevoor is, was 'n kerndeel hiervan en het die ingesteldheid van 'wetenskap vir die samelewing' behoorlik in die Universiteit se DNS vasgelê.

Toe ons in 2011 en 2012 ons koers opnuut in oënskou moes neem om die uitdagings van snelle verandering in die 21^{ste} eeu die hoof te bied, het uitgebreide oorlegpleging ons laat besef dat ons inklusiewe en diverse ervarings vir studente en personeellede moes skep om hul volle potensiaal as denkleiers te ontsluit en hulle in staat te stel om kennis tot diens van alle belanghebbendes te bevorder. In 2013 is hierdie visie in ons IVS opgeneem, en in 2014 het die klem op die verwesenliking daarvan deur middel van die Institusionele Plan gevall.

Ons hede en toekoms – praktiese implementering van die IVS deur die Institusionele Plan

Een van die grootste verantwoordelikhede van 'n leierskorps is beslis om die gaping tussen teorie en praktyk te oorbrug. Dit is immers betreklik maklik om planne te maak; die verwesenliking daarvan is heelwat moeiliker. Met die IVS op papier, het die RBS en die res van die Universiteit se bestuurders dus hارد gewerk aan 'n praktiese raamwerk om dié strategiese plan stelselmatig te verwesenlik. Só het die Institusionele Plan tot stand gekom.

As die IVS die US se roetekaart na die toekoms is en ons waardes die leidsterre, is die Institusionele Plan die gedetailleerde navigatorsnotas wat ons ons bestemming so doeltreffend moontlik help bereik – met alle passasiers aan boord, in 'n seewaardige vaartuig.

'n Universiteit van die 21^{ste} eeu moet 'n duidelike toekomsvisie hê, sowel 'n soepel sakemodel as strategie en planne om



sy doelwitte te bereik. Die Institusionele Plan rig alle planne aan die US en pas dus tussen die IVS en die onderskeie omgewingsplanne in. Hierdie Plan gee nuwe stukrag aan ons werk en ons strewe om ons doelwitte op 'n volhoubare manier te bereik.

Die Institusionele Plan is deel van die Universiteit se jaarlikse bestuursklus. Die doel daarvan is om die US se voornemens, strategiese prioriteite en strategiese doelwitte te integreer en te koördineer sodat die Universiteit se skaars hulpbronne (personeel, geld, fasilitete en toerusting) verantwoordelik en gebalanseerd aangewend word. Die Plan beskryf ons verwagte uitkomste en die konkrete stappe om dit te bereik.

Monitering onderweg na ons bestemming – strategiese bestuursaanwysers

Die Institusionele Plan bevat sleutel-oorhoofse strategiese bestuursaanwysers (SBA's) waarmee ons meet hoe ons met die verwesenliking van ons institusionele doelwitte vaaar. Vir elk van ons prioriteite, temas en doelwitte word spesifieke strategiese aksies beskryf wat elke fakulteit en steundiens self bepaal. Die volledige besonderhede

word in afsonderlike inwerkingstellingsplanne vir elke verantwoordelikheidssentrum vervat. In hierdie planne dui die fakulteite en steundienssteafdelings aan hoe hulle die doelwitte van die instelling deur middel van hul aksieplanne sal behaal.

Hierdie strategiese aksies funksioneer egter nie in isolasie nie. Alle fakulteite en steundiens is gesamentlik verantwoordelik om die teikens in die Institusionele Plan te bereik en werk dus geïntegreerd volgens ons sakemodel, wat in die IVS weergegee word.

Dié geïntegreerde bestuursmodel maak dit moontlik om die US se institusionele doelwitte in 'n aantal ondersteunende funksionele doelwitte te omskep, wat op hulle beurt tot gedifferensieerde omgewingsdoelwitte verwerk word. Vir hierdie omgewingsdoelwitte word daar dan oor spesifieke uitsette met alle US-personeel onderhandel en ooreengetrek. Hierdie ooreenkoms lê die grondslag vir universiteitswye prestasiebestuur. Dit lei tot geïntegreerde en doelgerigte bestuur op alle vlakke van die Universiteit, en verseker dat elke personeellid se gedrag en uitsette met die doelwitte van die instelling in die geheel strook.

TABEL 1: STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS

Strategiese Prioriteit	Strategiese Bestuursaanwyser	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2020 Teiken
Verbreed Toegang	Persentasieaandeel van studente uit bruin, swart en Indiërbevolkingsgroepes	31,4	32,4	32,9	32,9	33,1	34,6	36,6	45,8%
	Persentasieaandeel van permanente personeel uit bruin, swart en Indiërbevolkingsgroepes	37,6	38,4	39,4	40,0	41,0	43,0	43,2	53,0%
	Persentasieaandeel van permanente vroulike personeel	51,9	52,1	52,5	53,5	54,0	54,9	55,9	60,0%
	Voorraadse onderrigaanbod in Engels (%)				45,8	48,2	51,1	58,4	75,0%
Behou Momentum van Uitnemedheid	Persentasieaandeel permanente gedoktoreerde onderrig- en navorsingspersoneel	61,3	57,5	57,0	60,5	61,3	60,8	61,8	64,0%
	Die verhouding geweegde navorsingsuitsette per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid*	1,82	1,74	1,75	1,83	2,41	2,33		2,44
	HEMIS-gebaseerde sukseskoers van voorgraadse en nagraadse studente* (%)	83,7	83,8	83,2	83,4	84,9	85,9		85,0%
	Voorraadse onderrigaanbod in Afrikaans (%)				64,3	62,3	61,9	63,9	75,0%
Bevorder Impak op Samelewing	Die verhouding voltyds-ekwivalente studente, geweeg met studievlek, per voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid*	25,44	25,31	25,53	25,39	25,85	24,57		24,00
	Persentasieaandeel van derde geldstroom in US se totale inkomste	29,9	27,6	28,2	28,0	29,4	27,7	31,4	32,3%
	Persentasieaandeel van vierde geldstroom in US se totale inkomste	5,6	7,5	6,1	6,5	5,9	5,6	5,2	10,0%
	Persentasieaandeel van personeelvergoeding nie uit hoofbegroting bekostig**	36,9	34,9	38,1	36,4	36,6	38,1	35,9	45,0%

* 2014 se resultate sal in 2015 gerapporteer word.

** Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Die verskil tussen toekomstige beperkte en onbeperkte fondse kan die haalbaarheid van die 2020-teiken beïnvloed. Kyk "Beskikbare fondse" op bladsy 27.

Interpretasie van die strategiese bestuursaanwysers in Tabel 1

Die doel van ons strategiese bestuursaanwysers (SBA's) is om te bepaal tot watter mate die Universiteit in 'n gegewe jaar sy strategiese prioriteite, temas en doelwitte, soos uiteengesit in die Institusionele Voorneme en Strategie (bladsye 6–7), verwesenlik.

Oor die afgelope sewe jaar het ons bestendig gevorder met die verruiming van toegang tot die Universiteit. Danksy die uitbreiding van parallelmediumonderrig en tolking, het ons Engelse onderrigaanbod van 51,1% in 2013 tot 58,4% in 2014 toegeneem. Dit het bygedra tot die 2% styging in studentediversiteit tot 36,6% in dieselfde tydperk. Personeeldiversiteit (43,2%) het stelselmatig verbeter, 'n aanduiding dat die Universiteit se pogings vrugte afwerp in weerwil van die uitdagings (kyk "Verbetering van personeeldiversteit" op bladsy 48). Die persentasie vroulike permanente personeel het effens verbeter tot 55,9%, alhoewel die gelyke verteenwoordiging van vroue op uitvoerende bestuurs- en senior akademiese vlakke nog nie verwesenlik is nie.



Die Universiteit werk hard daarvan om uitnemend te bly. Sy kapasiteit om nagraadse studieleiding te verskaf en publiseerbare navorsingsresultate te genereer hang grootliks af van gedoktoreerde akademiese personeel. Na 'n afname tot 57% in 2010 het die persentasie personeel met doktorsgrade geklim tot 'n nuwe hoogtepunt van 61,8%, nasionaal die tweede meeste. In 2013 het elke voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid gemiddeld 2,33 geweegde navorsingsuitseteenhede (geakkrediteerde publikasies en magister- en doktorale gegradeerde) gelewer. Dis effens lêer as ons 2012-prestasie, maar steeds baie goed in vergelyking met ons prestasies van 2008 tot 2011. Die sukseskoers van ons studente, met ander woorde die persentasie studente wat die modules waarvoor hulle geregistreer was geslaag het, was 85,9% in 2013, die hoogste in Suid-Afrika (kyk "Studentesukses" op bladsy 36). Na 'n aanvanklike afname tot 61,9%, het die Afrikaanse onderrigaanbod verhoog tot 63,9%, wat verseker dat Afrikaanse studente die keuse het om in Afrikaans te studeer.

DOELWITBEREIKING EN RISIKOBESTUUR

Om aan die eise van die 21^{ste} eeu te voldoen, werk ons onverpoosd om toegang tot die Universiteit te verbreed, ons uitnemendheid te handhaaf en uit te bou, en ons impak op die samelewing te verhoog. Ons uiteindelike doel is om 'n volhoubare omgewing van inklusiwiteit, innovasie en toekomsgerigtheid te skep. Hierdie strewe is veranker in die Universiteit se kernbedrywighede van leer en onderrig, navorsing en innovasie, sowel as gemeenskapsinteraksie.

Die volgende gedeelte van my verslag bied 'n algemene oorsig van hoe die instelling in 2014 gevaaar het met die verwesenliking van hierdie doelwitte. Aangesien dit ook elders in hierdie Jaarverslag uitvoerig per verantwoordelikhedsentrum bespreek word, word slegs die hoogtepunte en enkele ander noemenswaardige sake hier weergegee. Aangesien risiko's universiteitswyd daar waar dit ontstaan hanteer word, verduidelik ons ons bestuursmodel en gee oorsigtelike besonderhede oor ons hoëorderisiko's in die "Verslag insake risikoblootstelling, -evaluering en -bestuur" op bladsy 50.

'n Toeganklike, inklusiewe instelling met gelijke geleenthede vir almal

Een van die US se missiestellings is om 'n akademiese gemeenskap te skep wat deur sosiale geregtigheid en gelijke geleenthede gekenmerk word. Dít spruit uit die Universiteit se verbintenis tot sowel regstelling en ontwikkeling as die uitgangspunt dat 'n diversiteit van mense en idees akademiese uitnemendheid bevorder.

Personnel- en studentediversiteit

Wat die samestellende van ons personeelkorps betref, is diversiteit aan die verbeter. Die persentasie permanente US-werknemers uit die bruin, swart en Indiërs- (BSI-)bevolkingsgroepe was in 2014 altesaam 43,2% teenoor 37,6% in 2008. Die tendens is dus 'n opwaartse een, maar die US sal sy pas moet versnel om teen 2020 die teiken van 53% te bereik. Ook die verteenwoordiging van vroue in ons personeelkorps lyk met die eerste oogopslag nie sleg nie: in 2014 was 55,6% van US-personeel vroue, teenoor 51,9% in 2008. Tog lyk die prentjie minder rooskleurig as dit aan die hand van senioriteit beskou word. In Junie 2014 was 179 van ons professore mans en slegs 48 vroue. Eers op lektorsvlak – drie vlakke lêer af – was daar meer vroue (191) as mans (123). Om hierdie

Die Universiteit bevorder sy impak op die samelwing namate hy sy rol as 'n verantwoordelike korporatiewe burger al meer uitleef deur geïntegreerde beplanning vir finansiële en omgewingsvolhoubaarheid. Met elke voltyds-ekwivalente onderrig- en navorsingspersoneellid wat gemiddeld 24,57 geweegde voltydse studente bedien, handhaaf die Universiteit 'n gesonde balans tussen koste-effektiwiteit en 'n positiewe studentervaring. Om studentegelde so laag as moontlik te hou en om beurse aan meer studente te kan gee, slaag die Universiteit steeds daarin om inkomste uit ander bronne as die staatssubsidie te bekom. Voorbeeld van sulke bronne is kontraknavorsing, beleggings en kommersialisering (31,4%), en filantropiese skenkings (5,2%). Die persentasie personeelvergoeding uit hierdie bronne is 35,9%.

risiko vir personeeldiversiteit te bestuur, is 'n taakspan vir die loopbaanbevordering van vroue aangestel. Kyk gerus ons statistiek oor personeeldiversiteit op bladsy 48 van hierdie Jaarverslag.

Die US-studentegemeenskap is eweneens al hoe meer divers. In die ses jaar van 2008 tot 2014 het ons BSI-studentetal van 31,4% tot 36,6% toegeneem. Ons mikpunt teen 2020 is 45,5%. Daar is bemoedigende tekens dat die nodige versnelling wél plaasvind: in die jaar onder beskouing is die teiken vir BSI-nuwelingeerstejaars byvoorbeeld met meer as 5% oorskry. Tans is 32,3% van ons voorgraadse studente uit die BSI-groep en 46% van ons nagraadse studente.

Meertaligheid

Onderrigtaal is een van die faktore wat toeganklikheid beïnvloed. Deur nie net soos die meeste universiteite in die land 'n enkele taal te gebruik nie, maar meertaligheid te handhaaf, maak ons die US toeganklik vir meer studente én akademiese personeel. In November 2014 het die Universiteitsraad die instelling se hersiene Taalbeleid en -plan goedgekeur. Belangrike beginsels van dié dokument sluit die volgende in:

- Die US gebruik taal met die oog daarop om in 'n diverse samelewing met kennis om te gaan.
- Die instelling is verbind tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as 'n akademiese taal in 'n meertalige konteks.
- Terselfdertyd word die onderrigaanbod in Engels verhoog om optimale leer en onderrig aan die US binne enige Suid-Afrikaner se bereik te plaas.
- Die US aanvaar ook verantwoordelikheid om Xhosa so ver moontlik oordeelkundig as akademiese en omgangstaal te bevorder.

Lees gerus die verslag van die Viserekotor (Leer en Onderrig) op bladsy 36 van hierdie Jaarverslag vir meer oor die inwerkingstelling van meertaligheid aan die US. Daar word byvoorbeeld groot welslae behaal met parallelmedium-onderrig en opvoedkundige tolking.




TABEL 2: MINISTERIEËLE INSKRYWINGS- EN EFFEKTIWITEITSTEIKENS VIR 2019 EN UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US) SE PRESTASIE, 2012-2014

	Ministeriële Teiken	US in 2012	US in 2013	US in 2014
Koptelling	27 510 in 2012 moet vermeerder tot 30 809 in 2019, 'n jaarlike verhoging van 1,6% tussen 2012 en 2019	27 510	27 418	28 869
Voltyds-ekwivalente studente	22 193 in 2012 moet tot 25 330 in 2019 vermeerder	22 193	21 803	22 476
Befondste onderriginseseenheid (geweegde voltydsekwivalent)	77 965 in 2021/22 (die befondste onderriginseseenheid sal van 5,38% in 2015/16 na 5,33% in 2021/22 verander)	71 598	69 049	71 639
Voorgraadse nuweling-eerstejaars	5 230 in 2019, 'n gemiddelde jaarlike verhoging van 4,1% vanaf 3 936 in 2012	3 936	4 553	5 161
Breë studierigtigs in 2019 %				
Wetenskap, ingenieurswese en tegnologie	52%	47,9	48,0	48,2
Besigheid en bestuur	22%	21,6	21,2	21,5
Opvoedkunde	5%	5,7	5,9	5,8
Geesteswetenskappe	21%	24,8	24,9	24,4
Studievlake %				
Voorgraads	63% in 2019	60	61,5	61,5
Nagraads voor magister	12,9% in 2019	13,2	13,6	13,9
Magister	16,6% in 2019	18,4	17,2	16,5
Doktoraal	4,7% in 2019	4,8	5,0	5,0
Geleenheidstudente		3,6	2,7	3,0
Totale aantal gegradeerde	Moet van 7 681 in 2012 vermeerder tot 8 130 in 2019	7 680	7 529	7 570
Gegradeerde in skaars vaardighede				
Ingenieurswese	455 in 2019	447	434	487
Lewens- en fisiese wetenskappe	404 in 2019	464	441	447
Diere- en menslike gesondheids-wetenskappe	438 in 2019	304	319	336
Aanvanklike onderwyseronderrig	355 in 2019	441	437	444
Gegradeerde op verskillende vlakke				
Nagraads voor magister	2 706 in 2019	2 514	2 471	2 605
Navorsingsmagister	867 in 2019	939	841	883
Doktoraal	231 in 2019	240	225	234
Teiken vir sukseskoers %	84% in 2019	84,9%	85,9%	85,1%

Interpretasie van ons prestasie teenoor die ministeriële teiken vir 2019 in Tabel 2

Tabel 2 toon hoe die Universiteit Stellenbosch in 2012, 2013 en 2014 gevaaar het gemeet aan die inskrywings- en effektiwiteitsteikens vir 2019 wat die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding met die Universiteit ooreengekom het. Hierdie statistiek word jaarliks uit HEMIS (*Higher Education Management Information System*) onttrek en aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gelewer, wat die universiteite in Suid-Afrika se prestasies met mekaar vergelyk. Ons sukseskoersprestasie van 85,1% vir 2014 oortref die ministeriële teiken van 84%.

FIGUUR 1: VOORGRAADSE DIVERSITEITSPROFIEL GEMEET AAN DIE RAADSTEIKENS



Interpretasie van die vergelykende waardes in Figuur 1
Figuur 1 toon hoe die Universiteit sedert 2008 gevorder het met die diversiteitsteikens wat die Universiteitsraad gestel het. Die werklike persentasies bruin, swart en Indier-studente wat die afgelope aantal jaar by die Universiteit ingeskryf was, word gegee. Die werklike inskrywings én die teikens vir 2012, '13 en '14 word getoon, en die jaarlikse teikens tot 2020 kan op die teikenbalke afgelees word. Alhoewel ons die teiken nie in 2012 gehaal het nie, het ons dit wel in 2013 gehaal en in 2014 selfs oorskry (kyk "Grootte en vorm van US-studentekorps" op bladsy 37).



Studiegeld

Die is 'n werklikheid dat die meeste BSI-studente nog baie arm is en op finansiële hulp staatmaak. Selfs ouers uit middelklasgesinne oor die hele spektrum van die bevolking vind dit al hoe moeiliker om hul kinders se studiekoste volledig te dek. Die US is nie ongevoelig vir ons studente en hul ouers se finansiële uitdagings nie en probeer daarom aanpassings in studiekoste so laag moontlik hou.

Die US bied boonop finansiële ondersteuning in die vorm van beurse en lenings. Alle studente kom in aanmerking vir voorgraadse merietebeurse, terwyl werwingsbeurse ook aan BSI-studente beskikbaar gestel word. Daarbenewens kan enige student op grond van behoeftigheid om finansiële ondersteuning aansoek doen. Nagenoeg 37% van ons studente ontvang sodanige hulp. In 2014 is R588 miljoen in studentebeurse en -lenings uitbetaal, teenoor R530 miljoen in 2013. So ver ons kon vasstel, is dit een van die hoogste syfers van alle universiteite in die land.

Ons het in die jaar onder beskouing groot uitdagings met finansiering deur die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) ervaar. Dit wil voorkom of die US voortaan minder ondersteuning uit daardie oord kan verwag en, in die lig van ons strewe om 'n meer verteenwoordigende studentekorps te werf, self groter voorsiening vir beurse sal moet maak.

Institutionele kultuur

Min organisatoriese aspekte bied 'n meer akkurate weerspieëeling van 'n instelling se inklusiwiteit as sy institutionele kultuur. Soos die Soudien-verslag in 2008 aangedui het (kyk Glossarium bladsy 119 vir meer hieroor), is instellings se transformasiebeleid en hul institutionele kultuur dikwels teenstrydig. Om inklusiwiteit in die praktyk te bevorder, het die US dus in 2014 sy tweede jaarlikse Diversiteitsweek aangebied. (Die eerste een het in 2013 op initiatief van wyle prof Botman plaasgevind.) Die logo van die geleentheid is aangepas om die Afrikavasteland uit tebeeld, en die inisiatief is met die viering van die land se 20-jarige demokrasie in verband gebring. Duisende studente en personeellede het aan dié suksesvolle geleentheid deelgeneem.

Soos die noodlot dit wou hê, het 'n voorval kort voor Diversiteitsweek die dringende behoefte aan proaktiewe intervensies ondersteep om kultuur- en gedragsverandering teweeg te bring. Drie van ons studente was betrokke by 'n sogenaamde swartgesig-voorval, wat groot opslae gemaak het. Ná deeglike ondersoek is gevind dat die studente, hul gebreklike oordeel ten spyt, nie uit rassisme gehandel het nie. Hulle het in die openbaar vir hul kwetsende optrede om verskoning gevra en onderneem om in verskillende studenteforums aan gesprekke deel te neem om verhoudings te help herstel. Die voorval is ook ingesluit by huiskomitee- en jaargesprekke in koshuise, die US se Luister-, Leef- en Leerstrukture, leierskapsopleiding en die verwelkomingsprogram van 2015. Op dié manier is 'n verdelende voorval in 'n waardevolle leerervaring vir die betrokkenes en die res van die universiteitsgemeenskap omskep.

Die US Raad het in Desember 2014 besluit dat die Sentrum vir Inklusiwiteit, wat in 2013 tot stand gebring is, nie meer as aparte entiteit moet funksioneer nie, maar voortaan eerder sy werk in 'n universiteitswye program sal voortsit

om inklusiwiteit in elke aspek van die US se werkzaamhede te veranker en te bevorder. Dit geskied onder leiding van 'n programkoördineerde wat aan die Rektor verslag doen.

Dink en doen nuut om US-uitnemendheid te handhaaf

Die IVS beskryf innovasie, een van ons rigtinggewende waardes, soos volg: "Ons dink en doen nuut en anders, en maak beter keuses en neem beter besluite vir onsself sowel as ons belanghebbendes, die land, die vasteland en die planeet." Die strategiese prioriteit wat hiermee saamhang, is die behoud van ons momentum van uitnemendheid. Hiermee verleen ons erkenning aan die goeie werk wat reeds geruime tyd op verskeie gebiede aan die US gedoen word en moet voortduur; terselfdertyd moet ons egter ook ons uitdagings op kreatiewe, vindingryke maniere die hoof bied.

Voorgraadse, nagraadse en personeelsukses

Een van 'n hoëronderwysinstelling se grootste uitdagings is sogenaamde toegang met sukses – hoe om toegang te verbreed, maar terselfdertyd te verseker dat studente genoegsaam ondersteun word om sukses in hul studie te behaal. Die US handhaaf van die beste eerstejaarsretensie- en voorgraadse suksesyfers in die land – onderskeidelik 87% en 85,6%. Tog is die gemiddelde prestasie van ons groep bruin, swart en Indiër-studente steeds laer as dié van ons wit studente:

Gemiddelde eerstejaarsretensiekoers gemeet oor 10 jaar	%
Alle studente	87
Bruin studente	82
Swart studente	78
Indiër-studente	83
Wit studente	89

Dit word toegeskryf aan voortgesette ongelykhede in die skoolstelsel, wat tale studente hul universiteitstudie met 'n agterstand laat begin.

Ons Eerstejaarsakademie is een manier hoe ons die risiko van bogenoemde ongelykheid teëwerk. Hierdie innoverende inisiatief is in 2006 van stapel gestuur en het sedertdien daar toe bygedra dat ons eerstejaarsretensiekoers om en by 86 tot 87% bly. Die Eerstejaarsakademie behels onder meer vroeë assessering en deurlopende, veelkantige, stelselwye ondersteuning. Elke fakulteit het 'n leer- en onderrigkoördineringspunt waar almal aan die Universiteit wat met eerstejaars te doen het – selfs uit die steundiensomgewing – gesamentlik besin hoe steun ten beste gebied kan word om studente wat swak presteer betyds te help en om topresteerders tot hoër hoogtes aan te moedig.

Nog 'n manier hoe ons hierdie risiko teëwerk is deur 'n verbeterde mentorstelsel in klusters. Die Privaatstudente-organisasie se tien wyke word saam met die koshuise in groepe (klusters) ingedeel. Vir elke kluster word 'n gebou (bekend as 'n naaf) opgerig wat 'n tuiste sal wees huis vir dagstudente en waar hulle by die mentorprogram kan inskakel. Twee van die ses beoogde geboue is reeds voltooi, naamlik amaMaties en Wimbledon. Ongeveer 700 senior studente bied reeds aan sowat 4 000 eerstejaars in klein groepies psigososiale mentorondersteuning en -ontwikkeling met die



welweesbenadering as uitgangspunt. Voorlopige resultate van 'n longitudinale studie dui reeds daarop dat hierdie inisiatief 'n voordeelige uitwerking het op nuwelingstudente se aanpassing, inskakeling en uiteindelike groei en ontwikkeling. Dit geld vir al ses dimensies van menswees: intellektueel, emosioneel, sosiaal, fisies, geestelik en loopbaangewys.

Ook wat nagraadse studie betref, word uitnemendheid nie net gehandhaaf nie, maar innoverend uitgebou. In 2014 het ons 10 119 ingeskreve nagraadse studente gehad, waarvan 1 385 doktorale kandidate was – in albei gevalle 'n US-rekord. Vir die akademiese jaar 2014 het ons personeel 'n geweegde navorsingsuitset van 2,97 gelewer en 'n publikasie-uitset per kop van 1,47 (data van 2013 wat in 2014 gerapporteer is), albei die hoogste in Suid-Afrika.

Uiteraard is uitnemendheid nie net tot ons studente beperk nie. Met die oog op die toekoms probeer ons ook soveel moontlik jong akademiese sterre in ons personeelkorps aanstel en behou. Ons syfers toon dat 88 van ons senior personeellede binne die volgende vyf jaar sal aftree en dus vervang sal moet word. Terselfdertyd probeer ons die persentasie voltydse akademiese personeellede met doktorsgrade verhoog. Dié syfer het in 2014 'n hoogtepunt van 61,8% bereik. Ons hoop om dit teen 2020 tot 64% te verbeter.

Navorsing

Uitnemendheid is boonop kenmerkend van die US se navorsingsuitsette, waarvan die instelling steeds die meeste per kop van alle universiteite in die land oplewer. Daarbenewens is die Universiteit die nasionale leier wat betrek patente wat uit ons navorsing spruit en het ons in 2014 met 13 A-navorserevalueringe van die Nasionale Navorsingstigting gespog – die tweede meeste in die land. Vir meer inligting hieroor en verdere voorbeeldde van uitnemendheid aan die US, lees gerus die verslag van die Viserekotor (Navorsing en Innovasie) op bladsy 41 van hierdie Jaarverslag.

Samelewingsimpak en -betrokkenheid verseker 'n beter, blinker toekoms

Met ons HOOP Projek het die US gewys hoe belangrik relevansie vir 'n universiteit is en het ons gelear hoe om ons akademiese uitnemendheid en navorsingskundigheid aan te wend om menslike ontwikkeling te bevorder. Hierdie benadering van 'wetenskap vir die samelewing' is nou 'n wesenlike deel van die US. Daarop bou ons ywerig voort, want dit is hoe ons 'n beter lewe vir toekomstige geslagte sal verseker.

SciMathUS

'n Goeie voorbeeld is SciMathUS (*Science and Mathematics at Stellenbosch University*), 'n toegangsverbredingsprogram van die Sentrum vir Pedagogie in die US se Fakulteit Opvoedkunde. Die program bied graad 12-leerders uit onderwysbenadeelde skole die geleentheid om hul punte in Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde te verbeter en sodoende vir toelating tot universiteitstudie in aanmerking te kom. In 2014 het ál 93 van SciMathUS se studente die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in Wiskunde en Fisiese Wetenskappe geslaag met onderskeidelik 11 en ses A-simbole en vakgemiddeldes van onderskeidelik 66% en 65%. Sedert 2001 het meer as 1 100 studente die SciMathUS-oorbruggingsprogram suksesvol voltooi, en sedert 2005 het 130 aan die US afgestudeer. In Desember 2014 het 'n SciMathUS-alumnus, dr Gerald Maarman (30), 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Kaapstad verwerf nadat hy in 2003

die SciMathUS-program gevvolg en daarna 'n BSc-, honneurs- en MSc-graad aan die US behaal het.

Matie Gemeenskapsdiens

Deur die meganisme van gemeenskapsinteraksie maak sowel ons navorsing as ons leer en onderrig aan die US deel uit van ons betrokkenheid by die samelewing. Gemeenskapskakeling word wêreldwyd as 'n kern- akademiese funksie van universiteite beskou. Een van ons vlagskipprogramme in hierdie verband is Matie Gemeenskapsdiens (MGD). MGD, wat in 2014 sy 50^{ste} bestaansjaar gevier het, help die US sy vennootskappe met gemeenskappe koester en bestuur deur die middele te voorsien waarmee albei partye daadwerklik en gesamentlik kennis kan ontdek en van mekaar kan leer. Daarby bied dit ons personeel en studente 'n geleentheid om deur vrywilligerswerk 'n sinvolle bydrae tot gemeenskappe te lewer.

Samewerking met munisipaliteite

Nog 'n meganisme waardeur die US in gemeenskappe se ontwikkelingsbehoeftes voorsien, is samewerkingsooreenkoms met plaaslike owerhede – veral op die platteland. Die afgelope paar jaar het die Universiteit ooreenkoms met die munisipaliteite van Stellenbosch in 2007, en Drakenstein en Hessequa in 2011 gesluit. In 2014 het die US ook Saldanhabaai Munisipaliteit by sy lys van munisipale vennote gevoeg. Die Universiteit het reeds 'n teenwoordigheid in die Saldanhabaai-omgewing deur sy Fakulteit Krygskunde, wat vanaf die Militêre Akademie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag funksioneer. In die ooreenkoms het die US en die munisipaliteit hulle daartoe verbind om gesamentlik werk te maak van die gemeenskap se ontwikkelingsbehoeftes – die US deur sy beskikbare intellektuele vermoë, en die munisipaliteit deur middel van sy infrastruktuur.

Landelike platforms

Landelike ontwikkeling is een van die prioriteite in die Nasionale Ontwikkelingsplan. Sowat 38% van die land se bevolking woon op die platteland, waar armoede en ongelykheid dikwels erger is as in stedelike gebiede. Weens sy groot landelike voetspoor is die US goed geplaa om landelike ontwikkeling te bevorder, en daarom is die vestiging en uitbreiding van landelike platforms een van die doelwitte in die IVS. Ons eerste platform – op Worcester in die Wes-Kaap – is reeds in 2012 gevestig en dien as die US se vyfde kampus-in-wording. Die Ukwanda Landelike Kliniese Skool is die spilpunt hiervan, hoewel 'n aantal ander fakulteite, departemente, programme en inisiatiewe ook daar gemeenskapsdiens lewer. Raadpleeg gerus die verslag van die Viserekotor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) op bladsy 45 van hierdie Jaarverslag vir meer inligting oor hierdie en ander inisiatiewe.

Navorsingsamewerking oor die vasteland heen

Die US se rol as kennisvennoot vir ontwikkeling strek egter veel verder as die grense van ons land. Die US is 'n belangrike rolspeler in navorsingsamewerking in Afrika en het 180 aktiewe projekte in 43 Afrikalande met 760 Afrikavennote. Dié tendens is in pas met die Royal Society se bevinding in 2011 dat samewerking "die gehalte van navorsing verbeter, die doeltreffendheid en doelmatigheid daarvan verhoog, en al hoe nodiger raak namate die omvang van begroting- en navorsingsuitdagings toeneem". Samewerking tussen die globale Noorde en Suide was vir 'n geruime tyd die norm in internasionale



navorsingsamewerking. Nou is Suid-Suid-samewerking al hoe meer aan die orde van die dag. Dít is die aangewese manier om die Afrika-Unie se visie van "Afrika-oplossings vir Afrika-probleme", soos dit in sy Agenda 2063 vervat is, te verwesenlik.

FINANSIEËLE OORSIG

Die Universiteit Stellenbosch is tot strategiese finansiële beplanning en bestuur met die oog op die langtermyn finansiële volhoubaarheid van die instelling verbind. Hierdie strategiese finansiële beplanning vir volhoubaarheid word deur die bestuursmandaat vir die volgende vyf jaar gerig. Vanaf 2014 val die sistemiese klem op die prioriteite van die *Institutionele Voorneme en Strategie 2013-2018* soos op 9 April 2013 deur die Raad aanvaar is. Hiervolgens word die brontoedeling deur drie strategiese prioriteite en die gepaardgaande temas as dryfvere vir volhoubaarheid gerig, naamlik verbreed toegang, behou momentum van uitnemendheid en verhoog impak op samelewning.

Die Universiteit het daarin geslaag om die 2014 finansiële jaar suksesvol af te sluit te midde van verskeie faktore wat gelei het tot finansiële uitdagings wat die hoof gebied moes word. Sommige van hierdie faktore was:

- die volatiliteit van internasionale ekonomiese en die impak daarvan op wisselkoerse, derde- en vierdegeldstroom-inkomste¹;
- die druk waaronder die Suid-Afrikaanse ekonomie verkeer; en
- die impak van die huidige ekonomiese toestand op die bekostigbaarheid van studie- en inwoningsgelde vir studente.

Die vernaamste kenmerke van die verslagjaar is:

- surplusse uit beleggingsinkomste waaroor die Raad diskresie het, word aangewend vir dringende strategiese prioriteite wat insluit beurse, inligtings- en kommunikasieteknologie en die inhaal van instandhoudingsagterstande en strategiese opgradering van fasilitete;
- totale inkomstegroei van 32,7% (14,7% in 2013) tot R5 391 miljoen (R4 064 miljoen in 2013), teenoor uitgawes wat in 2014 met 10,4% (7,1% in 2013) tot R3 904 miljoen (R3 536 miljoen in 2013) toegeneem het;
- skerp inkomstegroei uit privaat skenkings, toekennings en navoringskontrakte van 21,6% (3,1% in 2013) tot R1 325 miljoen (R1 090 miljoen in 2013);
- goedkeuring deur die Raad van 'n begroting van R2 230 miljoen en 'n finansieringsplan vir die befondsings-tekort van R1 400 miljoen vir die inhaal van instandhoudingsagterstande en strategiese opgradering van fasilitete;
- 'n totale surplus van R1 487 miljoen, teenoor die surplus van R528 miljoen in 2013 – hierdie surplus is hoofsaaklik toeskryfbaar aan navorings- en skenkingsaktiwiteite (derde en vierde geldstroom) waarvan die aanwending beperk is;
- 'n surplus van R538 miljoen (R225 miljoen in 2013) indien beleggingsinkomste uitgesluit word; en
- 'n surplus van R35 miljoen (R17 miljoen in 2013) toeskryfbaar aan akademiese aktiwiteite wat hoofsaaklik befonds word uit ongeoormerkte subsidie-inkomste en studentegelde (eerste en tweede geldstrome) na die verdeling na omgewings se strategiese en balansfondse.

Altesaam R1 057 miljoen van bogemelde surplus is toeskryfbaar aan beperkte fondse waaroor die Raad nie

diskresie het nie. Die surplus van R430 miljoen in onbeperkte Raadsfondse kan onder andere toegeskryf word aan:

- werklike inkomste wat meer as die begrote inkomste in die Universiteit se eerste- en tweedegeldstroom-begroting¹ is;
- faktore soos die hoër as begrote inkomste uit renteverdienste en gerealiseerde wins by die verkoop van beleggings; en
- konserwatiewe besteding ten opsigte van bedryfsuitgawes en salarissoos as gevolg van onsekerheid oor langtermyninkomsteverwagtings vir die Universiteit, waar die subsidieformule vir hoëronderwysinstellings tans hersien word.

Die 2014 finansiële resultate is verder die gevolg van onder ander:

- konserwatiewe, geïntegreerde begrotingsbeplanning binne 'n aaneenlopende sesjaar finansiële plan, met inbegrip van 'n gebeurlikheidsreserwe om onvoorsiene gebeure te kan bestuur;
- die voortdurende herontwerp en inlynstelling van bedryfsprosesse om groter kostedoeltreffendheid te verseker, veral op die gebied van fisiese fasilitete; en
- die beskikbaarstelling van strategiese fondse ter ondersteuning van nuwe inisiatiewe wat op die realisering van die visie en doelwitte van die Universiteit gerig is.

Bogemelde suksesse bied 'n goeie basis vir voortgesette proaktiewe finansiële beplanning en die verfyning van die finansiële model wat die Universiteit se strategiese doelwitte en fokusgebiede dien.

Verslagdoeningstandaarde

Die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings is op 9 Junie 2014 deur die Minister van Onderwys in die *Staatskoerant* gepubliseer, wat die raamwerk, asook die minimum standaarde en die formaat van verslagdoening, voorskryf. Hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2014 is in ooreenstemming met die regulasies opgestel. Ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997 (soos gewysig, asook die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening vir Hoër Onderwysinstellings gedateer 9 Junie 2014), is universiteite verplig om finansiële jaarstate aan die Departement van Onderwys voor te lê wat aan *International Financial Reporting Standards (IFRS)* voldoen. Die Universiteit het reeds voor die publisering van die nuwe Regulasies die keuse uitgeoefen om IFRS toe te pas, met oorgangsdatum op 1 Januarie 2004.

Ingevolge artikel 4(3)(b) van die Wet op Openbare Oudit, 25 van 2004, kan die Ouditeur-Generaal enige instelling wat openbare befondsing ontvang, oudit. Die Ouditeur-Generaal het egter gekies om nie self die oudit van die Universiteit Stellenbosch uit te voer nie, maar het wel spesifieke bykomende opdragte wat aandag moet geniet, aan die Universiteit se aangestelde eksterne ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., gegee. Hierdie bykomende opdragte sluit in die oudit van nakomingswetgewing wat op finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede van toepassing is, asook die oudit van prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte, soos deur die Universiteit en die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding ooreengekom. Vir die oorsigjaar was die ministeriële inskrywingsteikens soos aangedui in Tabel 2 op bladsy 21, die enigste gekontrakteerde doelwit met die

¹Kyk definisie van geldstroom op bladsy 118.

Minister van Hoër Onderwys en Opleiding.

Vanweë veranderings in rekeningkundige standaarde en beleid, is syfers vir vorige jare in 2013 herstateer. Verwysing na syfers vir vorige jare in hierdie verslag dui telkens op die herstateerde syfers soos gerapporteer in die 2013 finansiële jaarstate.

Inkomste

Die samestelling van die Universiteit se inkomste per hoofkomponent, uitgedruk in waarde en in verhouding, verskyn in Tabel 3, met vergelykende syfers vir vorige jare.

TABEL 3: GROEI EN SAMESTELLING VAN INKOMSTE, TOTAAL EN PER HOOFKOMPONENT, 2010-2014

		2010	2011	Toename/ (Afname) 2010 / 2011 %	2012	Toename/ (Afname) 2011 / 2012 %	2013	Toename/ (Afname) 2012 / 2013 %	2014	Toename/ (Afname) 2013 / 2014 %
Totale inkomste van herhalende aard, waarvan:	Rm	3 110	3 421	10,0	3 544	3,6	4 064	14,7	5 391	32,7
Owerheidstoekennings	Rm	1 112	1 224	10,1	1 202	(1,8)	1 355	12,7	1 552	14,5
% van inkomste	%	35,7	35,6		33,9		33,4		28,8	
Studente-, inwonings- en ander gelde	Rm	682	786	15,3	863	9,8	986	14,3	1 074	8,9
% van inkomste	%	21,9	23,0		24,4		24,3		19,9	
Privaat skenkings, toekennings en kontrakte	Rm	888	991	11,6	1 057	6,7	1 090	3,1	1 325	21,6
% van inkomste	%	28,6	29,0		30,0		26,9		24,6	
Verkope van dienste en produkte	Rm	50	67	34,0	68	1,5	79	16,2	193	144,3
% van inkomste	%	1,6	2,0		1,9		2,0		3,6	
Gerealiseerde wins by verkoop van beleggings	Rm	186	136	(26,9)	132	(2,9)	303	129,5	947	212,5
% van inkomste	%	6,0	4,0		3,8		7,6		17,6	
Rente en dividende verdien	Rm	189	196	3,7	214	9,2	237	10,7	289	21,9
% van inkomste	%	6,1	5,7		6,0		5,8		5,5	

Soos uit Tabel 3 blyk, het totale inkomste van 'n herhalende aard met 32,7% (2013: 14,7%) tot R5 391 miljoen (2013: R4 064 miljoen) toegeneem. Indien die gerealiseerde wins by realisering van beleggings buite rekening gelaat word, het totale inkomste met 18,2% gegroei.

Die owerheidstoekennings bestaan uit ongeoormerkte subsidie-inkomste en geoormerkte toekennings, waar die ongeoormerkte subsidie-inkomste op grond van 'n berekening volgens 'n formule van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding verdien word. Hierdie formule word tans hersien en daar is nog nie sekerheid wat die impak van die gewysigde subsidieformule op die Universiteit se inkomste sal wees nie. Die ongeoormerkte subsidie-inkomste word by die inkomste vir die Universiteit se eerste- en tweede geldstroom-begroting in rekening gebring. Owerheidstoekennings sluit verder ook toekennings van aanverwante staatsinstellings, byvoorbeeld die Nasionale Navorsingstigting (NNS), in. Owerheidstoekennings het met 14,5% (2013: 12,7%) toegeneem. 8% van die toename is toeskryfbaar aan 'n toename in die subsidie, waar die Universiteit gedurende 2014 R41 miljoen meer ontvang het as begroot en 5% is toeskryfbaar aan die toename in NNS-toekennings vir navorsing aan die Universiteit. Die afname in die aandeel wat owerheidstoekennings in die totale inkomste van 33,4% in 2013 tot 28,8% in 2014 het, is grootliks toeskryfbaar aan die groter aandeel wat die gerealiseerde wins by realisering van beleggings tot totale inkomste uitmaak. Indien die gerealiseerde wins by realisering van

beleggings uitgesluit word, is daar egter steeds 'n daling van 36,0% in 2013 tot 35,0% in 2014.

Privaat skenkings, toekennings en kontrakte het met 21,6% (2013: 3,1%) tot R1 325 miljoen (2013: R1 090 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is grootliks toeskryfbaar aan 'n toename in die navorsingstoekennings en -kontrakte, veral ook van die buiteland, waar die verswakkings in die rand gedurende 2014 tot verhoogde inkomste vanaf kontrakte gedomineer in buitelandse valuta gelei het. Skenkingsinkomste het met 8% van R196 miljoen in 2013 tot R212 miljoen in 2014 toegeneem.

Gegewe die onsekerhede rakende die ongeoormerkte subsidie-inkomste, is dit belangrik dat die inkomstestroom ten opsigte van privaat skenkings, toekennings en kontrakte oor tyd 'n groter bydrae tot die Universiteit se totale inkomste sal lewer.

Inkomste uit studente- en ander² gelde het vanaf 2013 met 8,9% toegeneem. Hierdie groei was hoofsaaklik die gevolg van die aanpassing in studentegelde van 7,5% en studentegroei van 4,4% bo die begrote groei van 0,4%

²Ander gelde sluit inwonings- en lidmaatskapgelde in, asook ander items wat teen studierekenings gehef mag word, soos deur die Studentegeldekomitee goedgekeur.



(gebaseer op werklike studentetal). Die voltydse ekwivalente studentegroei vir voorgraadse studente was 4,7% (stygging van 0,7% begroot) en vir nagraadse studente 3,5% (daling van 0,7% begroot). By die aanpassing van studente- en inwoningsgelde moes faktore soos die onlangse stygende koste van elektriesiteit, munisipale eiendomsbelasting en boukoste bo die normale verbruikersprysindeks (VPI) in ag geneem word. Ten spyte hiervan absorbeer die Universiteit steeds 'n groot deel van die kostedruk van verskeie dienste wat onvermydelik ingekoop moet word teen prysstygings wat dikwels die inflasiekoers oorskry.

Die toename in studente- en ander inkomste gaan ook met toenemende groei in die voorsiening vir onverhaalbare studentegelde gepaard. Hoewel uitstaande studenteskuld nie vinniger as studentegelde groei nie, beloop uitstaande studentegelde op jaareinde 14,1% van studente- en ander geld (2013: 13,4%) en bly dit steeds 'n uitdaging om studenteskuld tydig in te vorder. Die US het sekere maatreëls in plek om die uitstaande studentegelde te bestuur, wat die volgende insluit: studente kan onder andere nie vir 'n volgende studiejaar regstreer voor die vorige jaar se uitstaande geld nie gedelg is nie, tensy spesiale reëlings getref word. Studente ontvang ook nie hulle graadsertifikate voor uitstaande studiegelde nie betaal is nie. Die vestiging van 'n invorderingskantoor by die Universiteit gedurende 2013 werp reeds vrugte af, tesame met verbeterde beheer oor metodes om verjaring van skuld te voorkom.

Verkope van dienste en produkte het in 2014 met 144,3% toegeneem. Dit is hoofsaaklik toeskryfbaar aan inkomste van USB Bestuursontwikkeling Bpk, 'n filiaal van die Universiteit wat vanaf 2014 gekonsolideer word.

Uitgawes


Die samestelling van die Universiteit se uitgawes per hoofkomponent, uitgedruk in waarde en verhouding, verskyn in Tabel 4, met vergelykende syfers vir vorige jare.

TABEL 4: GROEI EN SAMESTELLING VAN UITGAWES, 2010-2014

		2010	2011	Toename/(Afname) 2010 / 2011 %	2012	Toename/(Afname) 2011 / 2012 %	2013	Toename/(Afname) 2012 / 2013 %	2014	Toename/(Afname) 2013 / 2014 %
Totale uitgawes van herhalende aard, waarvan:	Rm	2 718	2 877	5,9	3 302	14,8	3 536	7,1	3 904	10,4
Personeelkoste	Rm	1 198	1 302	8,7	1 455	11,8	1 602	10,1	1 730	8,0
% van uitgawes	%	44,1	45,3		44,1		45,3		44,3	
Waardevermindering	Rm	174	179	2,9	200	11,7	222	11,0	241	8,6
% van uitgawes	%	6,4	6,2		6,1		6,3		6,2	
Finansieringskoste	Rm	14	13	(7,1)	14	7,7	13	(7,1)	23	76,9
% van uitgawes	%	0,5	0,1		0,4		0,4		0,6	
Beurse	Rm	358	421	17,6	482	14,5	531	10,2	588	10,7
% van uitgawes	%	13,2	14,6		14,6		15,0		15,1	
Huur, instandhouding en herstelwerk	Rm	88	105	19,3	123	17,1	129	4,9	147	14,0
% van uitgawes	%	3,2	3,6		3,7		3,6		3,8	
Ander bedryfsuitgawes	Rm	886	857	(3,3)	1 028	20,0	1 039	1,1	1 175	13,1
% van uitgawes	%	32,6	29,8		31,1		29,4		30,0	

Figuur 2 toon die samestelling van die Universiteit se inkomste per hoofkomponent. Die groot toename in die gerealiseerde wins by verkoop van beleggings gedurende 2014, het tot gevolg dat die ander komponente se bydrae tot totale inkomste afgeneem het. Indien die gerealiseerde wins by verkoop van beleggings egter buite rekening gelaat word, was daar jaar tot jaar nie enige wesenlike verandering in die bydrae nie.

FIGUUR 2: TOTALE INKOMSTE PER HOOFKOMPONENT (R5 391M)





Die totale uitgawes vir 2014 het met 10,4% (2013: 7,1%) tot R3 904 miljoen (2013: R3 536 miljoen) toegeneem. Die Universiteit se voortgesette verbetering van begrotings- en bedryfsprosesse is op groter koste-effektiwiteit en verbeterde dienslewering gemik.

Uitgawes ten opsigte van onbeperkte fondse het met 8,6%, teenoor totale groei in uitgawes van 10,4%, gegroeи. Hierdie effens laer besteding kan toegeskryf word aan meer konserwatiewe besteding teen die hoofbegroting (hoofsaaklik befonds uit subsidie- en studiegeldinkomste) as gevolg van onsekerhede ten opsigte van langertermyninkomsteverwagtings weens reeds soos reeds vroeи in hierdie oorsig aangedui is.

Die toename in personeelkoste van 8,0% kan onder andere aan 'n salariaanpassing van 6,0% in 2014 vir alle personeel wat kwalifiseer, 'n gemiddelde groei van 1% in die getal voltydse permanente personeel en die aanpassing van sekere vergoedingsvlakke volgens markvergelykings relatief tot die basisvergoedingsvlakke toegeskryf word.

Beursuitgawes, wat 15,1% (2013: 15,0%) van totale uitgawes beloop, verteenwoordig beurse wat uit eksterne sowel as interne bronne befonds is.

Beskikbare fondse

Die Universiteit Stellenbosch bestuur sy fondse om te verseker dat hy as lopende saak sal voortbestaan. Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenkings- en vastebate-fondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending. Onbeperkte fondse is daardie fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend. Binne die poel onbeperkte fondse is fondse wat vir spesifieke doeleindes geoormerk is en dus nie sonder meer vir ander

TABEL 5: BESKIKBARE FONDSE EN LANGTERMYNBELEGGINGS, 2010-2014

		2010	2011	Toename/ (Afname) 2010 / 2011 %	2012	Toename/ (Afname) 2011 / 2012 %	2013	Toename/ (Afname) 2012 / 2013 %	2014	Toename/ (Afname) 2013 / 2014 %
Fondse beskikbaar, waarvan:	Rm	7 227	7 711	6,7	8 344	8,2	9 639	15,5	10 636	10,3
Langtermynbeleggings	Rm	3 217	3 492	8,6	4 930	41,2	6 067	23,1	6 631	9,3
as % van fondse beskikbaar	%	44,5	45,3		59,1		62,9		62,3	


Die netto toename van R997 miljoen in beschikbare fondse van 2013 tot 2014 verteenwoordig 'n toename van R605 miljoen in onbeperkte fondse, 'n toename van R840 miljoen in beperkte fondse, 'n afname van R466 miljoen in die billikewaarde-reserwe en 'n toename van R18 miljoen in minderheidsbelang in filiale.

Beskikbare beperkte en onbeperkte fondse word teen boekwaarde in die staat van finansiële posisie getoon. Die

Die markwaarde van die beschikbare fondse, indien die billikewaarde-reserwe verdeel word, is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Beperkte fondse	6 791 973	5 856 418
Onbeperkte fondse	1 287 056	1 242 810
Geoormerkte reserwes	1 059 648	836 402
Ongeoormerkte reserwes	227 408	406 408
Fondse teen markwaarde beskikbaar	8 079 029	7 099 228

FIGUUR 3: TOTALE UITGAWES PER HOOFKOMPONENT (R3 904M)



Figuur 3 toon die samesetting van die Universiteit se uitgawes per hoofkomponent. Daar was geen wesenlike verskil in die samesetting van totale uitgawes gedurende 2014 in vergelyking met 2013 nie.

doeleindes as waarvoor dit geoormerk is, aangewend kan word nie. 'n Voorbeeld hiervan is onder ander die Universiteit se Versekeringsreservefonds waarvoor 'n afsonderlike reglement bestaan wat die aanwending daarvan bepaal, asook die Strategiese Fonds van die Universiteit en die balansfondse van omgewings wat ooreenkomsdig goedgekeurde omgewingsplanne vir strategiese en bedryfsdoelwitte geoormerk is. Tabel 5 hieronder toon die groei in beschikbare fondse en langtermynbeleggings oor die afgelope vyf jaar.

toename in die onbeperkte fondse verteenwoordig die realisering van beleggings (en dus billikewaarde-reserwe) ten einde fondse beschikbaar te stel wat deur die Raad vir spesifieke strategieë toegeken is, insluitende beurse, inligtings- en kommunikasieteknologie en die inhaal van instandhoudingsagterstande en strategiese oprapting van fasiliteite. Die realisering van die beleggings het natuurlik die gevolg van verlaagde beleggingsinkomste oor die langtermyn.

Die Raad het 'n begroting van R2 230 miljoen en 'n finansieringsplan vir die befondsingstekort van R1 400 miljoen vir die inhaal van instandhoudingsagterstande en strategiese oprapting van fasiliteite. Ingelui by geoormerkte reserwes, is die R297 miljoen wat die Raad gedurende 2014 vir hierdie instandhoudingsagterstande en strategiese oprapting van die Universiteit se fisiese geriewe geoormerk het. Die Universiteit se beschikbare fondse en netto batewaarde het toegeneem en is finansieel gesond, maar daar is ook bepaalde risiko's wat in ag geneem



moet word. Van die belangrikste risiko's wat geïdentifiseer is, is die onbekende uitwerking wat die verwagte verandering in die subsidieformule op die Universiteit se eerste geldstroom sal hê, die impak van die swak globale ekonomiese toestande op inkomste uit skenkings en navorsingskontrakte, asook studente se vermoë om rekeningverpligtings na te kom. Die Universiteit sal hierdie uitdagings deur sy strategiese benadering tot finansiële beplanning en bestuur aanpak.

Likiditeit

Deursigtige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, asook die beskikbaarheid van kredietfasiliteite.


Die verhouding bedryfsbates tot bedryfslaste was soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Bedryfsbates	808 313	508 849
Bedryfslaste	706 645	757 439
Bedryfskapitaalverhouding	1,14	0,7

Die Universiteit se likiditeitsposisie het aansienlik verbeter. Kontantbeleggings wat R244 miljoen (2013: R121 miljoen) beloop, is ook by langtermynbeleggings ingesluit. Die Universiteit is in staat om langtermynbeleggings op kort kennissewiging te realiseer om moontlike likiditeitsrisiko's te dek.

Beleggings in ongenoteerde filiale en geassosieerde maatskappye

Hieronder volg 'n skematische voorstelling van die Universiteit Stellenbosch se groepstruktuur.





Die gekonsolideerde finansiële state soos op 31 Desember 2014 sluit die volgende trusts en vennootskappe in:

Naam van trust: Stellenbosch Trust	Naam van trust: Die Stellenbosch Ontwikkelingstrust
Aard van aktiwiteite: Fondswerwing en belegging van skenkingsfondse	Aard van aktiwiteite: Belegging in eiendom vir onderrig- en navorsingsaktiwiteite
Lening aan trust: Nul	Lening aan trust: Nul
Naam van trust: US Beleggingstrust	Naam van trust: Stellenbosch Regsfakulteit Trust
Aard van aktiwiteite: Dormant	Aard van aktiwiteite: Bevoordeling van die Fakulteit Regsegeleerdheid, wat vir lede van die algemene publiek toeganklik is
Boekwaarde van belang: - Belegging R100 - Lening Nul	Boekwaarde van belang: - Belegging R100 - Lening Nul
Naam van trust: Stellenbosch Finansieringsvennootskap	
Aard van aktiwiteite: Leen van fondse ingevolle die vennootskapsoordeenis	
Boekwaarde van belang: - Belegging Nul - Lening Nul	

Die Universiteit het soos op 31 Desember 2014 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale gehad:

Naam van maatskappy: Unistel Eiendomme (Edms) Bpk	Naam van maatskappy: USB Bestuursontwikkeling Bpk
Aard van aktiwiteite: Dormant	Aard van aktiwiteite: Ontwikkeling en aanbieding van bestuursontwikkelingprogramme en verskaffing van konsultasiedienste
Effektiewe aandelebesit: 100%	Effektiewe aandelebesit: 54,8%
Boekwaarde van belang: - Aandele R1 000 - Lening Nul	Boekwaarde van belang: - Belegging R4 317 980 - Lening Nul
Naam van maatskappy: InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk	
Aard van aktiwiteite: Kommersialisering van intellektuele eiendom en bronne van die Universiteit Stellenbosch vir navorsing, opleiding en gemeenskapsinteraksie	
Effektiewe aandelebesit: 100%	
Boekwaarde van belang: - Aandele R1 000 - Lening R2 322 886	

InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk, 'n volfiliaal van die Universiteit, het soos op 31 Desember 2014 die volgende beleggings in ongenoteerde filiale en geassosieerde maatskappye gehad:

Naam van maatskappy: Aquastel (Edms) Bpk	Naam van maatskappy: Sun Media Stellenbosch (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite: Ontginnings van akwakultuurtegnologie	Aard van aktiwiteite: Uitgewery en drukdienste
Effektiewe aandelebesit: 100%	Effektiewe aandelebesit: 55%
Boekwaarde van belang: - Belegging R1 000 - Lening Nul	Boekwaarde van belang: - Belegging R1 000 - Lening Nul
Naam van maatskappy: Stellenbosch Information Systems (Edms) Bpk	Naam van maatskappy: Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite: Ontwikkeling en vervaardiging van mikrosatelliete en satellietsubstelsels	Aard van aktiwiteite: Verskaffing van genetiese, diagnostiese en toetsingsdienste vir mense en diere
Effektiewe stemreg: 26%	Effektiewe stemreg: 35%
Boekwaarde van belang: - Belegging Nul - Lening Nul	Boekwaarde van belang: - Belegging R4 586 000 - Lening Nul



VERSLAG VAN DIE WAARNEMENDE REKTOR EN VISEKANSELIER (VERVOLG)

Naam van maatskappy:	Unistel Tegnologie (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite:	Ontginning van die Hysucat®- en Hysuwac®-handelsmerk en -waterfiltrerstelsel
Effektiwe aandelebesit:	100%
Boekwaarde van belang:	
- Belegging	R1 000
- Lening	R4 970 143

Naam van maatskappy:	Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite:	Kommersialisering van nanoveseltegnologie
Effektiwe aandelebesit:	45%
Boekwaarde van belang:	
- Belegging	Nul
- Lening	Nul

Naam van maatskappy:	GeoSUN Africa (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite:	Diensverskaffing aan die sonenergiebedryf
Effective shareholding:	25%
Boekwaarde van belang:	
- Belegging	R417 000
- Lening	Nul

Naam van maatskappy:	Launchlab (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite:	Ondersteun entrepreneurskap op die kampus deur netwerkgeleenthede, mentorskap en bekostigbare huurtarieue in 'n entrepreneursvriendelike omgewing
Effektiwe aandelebesit:	100%
Boekwaarde van belang:	
- Belegging	R1 000
- Lening	Nul

Naam van maatskappy:	Custos Media Technologies (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite:	Verskaffing van digitaleregtebestuur op digitale materiaal met kopiereg
Effektiwe aandelebesit:	25%
Boekwaarde van belang:	
- Belegging	R1 000
- Lening	Nul


Naam van maatskappy:	Stellenbosch Universiteit Sportprestasiestiuut (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite:	Verskaffing van sportverwante dienste (kommersialisering van sportbates)
Effektiwe aandelebesit:	100%
Boekwaarde van belang:	
- Belegging	R1 000
- Lening	R6 659 000

Naam van maatskappy:	Stellenbosch Wind Energy Technologies (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite:	Kommersialisering van windenergiegenereringstegnologie
Effektiwe aandelebesit:	100%
Boekwaarde van belang:	
- Belegging	R1 000
- Lening	Nul

Naam van maatskappy:	Surfactant Medical Technology (Edms) Bpk
Aard van aktiwiteite:	Ontwikkeling van gepatenteerde sintetiese longtegnologie
Effektiwe aandelebesit:	50%
Boekwaarde van belang:	
- Belegging	R1 000
- Lening	Nul

SLOTSOM

Aan die einde van 2014 het ek aan US-alumni gesê dit gaan goed met hul alma mater. Dié standpunt het ek gestaaf met verwysing na hoogtepunte wat ek ook in hierdie verslag uitlig, waaronder ons toonaangewende voorgraadse studenteseksessyfer en ons navorsingsuitsette. Ek volstaan daarby, maar is ook terdeë bewus van die uitdagings en risiko's wat ons die hoof moet bied. Dit sluit veral diversiteit



Prof L van Huyssteen
Waarnemende Rektor en Visekanselier

en ander aspekte van transformasie in. Ek is egter vol vertroue dat ons goeie roetekaart, wat grotendeels wyle prof Botman se nalatenskap is, ons die mas sal help opkom. Wanneer prof Wim de Villiers, uittredende dekaan van Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Kaapstad en aangewese Rektor en Visekanselier van die US, dus op 1 April 2015 die stuur by my oorneem, sal hy 'n stabiele vaartuig goed onderweg na sy bestemming aantref.

VERSLAG VAN DIE BEDRYFSHOOF



Die veelsoortige bedryfsomgewing wat onder die Bedryfshoof val, speel 'n strategies beduidende rol as instaatsteller en ruggraat vir baie van die bedrywigheid wat op die Universiteit Stellenbosch (US) se kampusse plaasvind. Deur sy afdelings Finansies, Fasiliteitsbestuur, PROJEKTUS en Innovus, dra hierdie multidimensionele verantwoordelikheidsentrum tot 'n geïntegreerde steundiensomgewing by. Die steundiensaanbod van hierdie afdelings is onderskeidelik finansiële beplanning en bestuur; die uitbreiding en instandhouding van fisiese infrastruktuur en kampussekuriteitsdienste; die bestuur van die Universiteit se mobiliteits-, vervoer- en volhoubaarheidsinisiatiewe; en die beskerming en kommersialisering van intellektuele eiendom. Die hele omgewing is dus op waardeskepping en -toevoeging vir die bedryf van die US afgestem.

Die Kantoor van die Bedryfshoof ondersteun bepaald die Universiteit se strategiese prioriteite om sy impak op die samelewing te vergroot en sy momentum van uitnemendheid te behou. Hierdie verbintenis word gestand gedoen deur die voorsiening van die nodige infrastruktuur en hulpbronne om die US 'n gerekende kennisvennoot en sistemies volhoubare instelling te hou.

Hierdie verslag bied 'n kort oorsig van die bedryfsomgewing se aktiwiteite die afgelope jaar en van sy vordering met die strewe na vyf van sy ses strategiese doelwitte.

DIE OPSKERPING VAN BESIGHEIDSROSESSE EN FONDSINSAMELING VIR FINANSIEËLE VOLHOUBAARHEID

Doeltreffende finansiële en korporatiewe bestuur

Om 'n volhoubare finansiële toekoms vir die US te skep, het die Afdeling Finansies die afgelope jaar finansiële en korporatiewe bestuur aan die Universiteit opnuut onder die loep geneem. 'n Hele paar ontwikkelings en verbeterings het hieruit gespruit.

Wat finansiële bestuur betref, is beweegruimte van sowat R24 miljoen in die begroting vir 2015 geskep deur die voortgesette inwerkingstelling van die indirekte kosteverhalingskoers. Indirekte kosteverhaling, wat deesdae algemene praktyk in die hoëronderwyssektor is, stel die Universiteit in staat om die indirekte koste wat met ekstern gefinansierde projekte gepaardgaan, van sy kliënte te verhaal. 'n Skuldinvorderingskantoor is ook op die been gebring en het 'n aansienlike verhoging in die uitreiking van dagvaardings en die invordering van uitstaande studiegeld tot gevolg gehad. Die herstrukturering van die Verhuringskantoor tot een van die sake-afdelings van Kommerciële Dienste het hernude klem geplaas op die inkomstepotensiaal van

verhuring as kommersialiseringaktiwiteit. Laastens het 'n tenderproses vir bāndienste 'n jaarlikse besparing van R950 000 opgelewer.

Korporatiewe bestuur aan die US het onder meer 'n hupstoot gekry met die aanstelling van nuwe interne en forensiese ouditeure vir die tydperk 1 Januarie 2014 tot 31 Desember 2018. 'n Nuwe, eksterne etieknoedlyn, wat in samewerking met die professioneledienste-firma Deloitte ingestel is, maak die aanmelding van moontlike ongerymdhede binne die Universiteit nou boonop veel makliker.

Fasiliteite as instaatstellers vir volhoubare bedryf

Vir die US is sy fisiese infrastruktuur 'n strategiese bate wat volhoubare akademiese uitsette en derdegeldstroominkomste ontsluit, en die uitvoering van die Universiteit se Institusionele Voorname en Strategie moontlik maak. Die Afdeling Fasiliteitsbestuur moet dus toesien dat die US se fasiliteite en verbandhoudende dienste met die instelling se verwagte strategiese uitkomste strook om dit die voorkeurwerkplek, -leerplek en -leefplek vir 2030 en daarńá te maak. Met die oog hierop het die Afdeling die beplanning en oprigting van nuwe geboue, sowel as die opknapping en instandhouding van bestaandes, die afgelope jaar versnel.

Danksy finansiering van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en ander bydraes, het die US die afgelope vyf jaar 16 nuwe geboue opgerig, en is nog twee – Informasietegnologie en die LanseerLab – tans in aanbou. Alhoewel DHOO-kapitaalinspoltings broodnodig en welkom is, hou dit die risiko in van druk op die Universiteit se hulpbronne om dié bydraes te ewenaar, en bring nuwe fasiliteite boonop 'n groter instandhoudingsverpligting mee, wat die DHOO nie tans finansier nie. Om dié risiko teen te werk, is daar reeds met die DHOO beraadslaag en sal daar in die volgende ronde toekennings, in 2016, na verwagting



ook vir die koste van opknapping en die inhaal van instandhoudingsagterstande voorsiening gemaak word.

In die lig van die US se beperkte grondgebied en kapitaalbronre, sowel as die omvang van instandhoudingsagterstande, is daar egter 'n besliste klemverskuiwing van uitbreiding deur die bou van nuwe ruimtes na die opknapping, vernuwing en herinrigting van bestaande ruimtes. Met hierdie denkskuif en die infasering van die volkostemodel, kon Fasiliteitsbestuur die algemene begroting vir die instandhouding van alle US-fasiliteite aansienlik verhoog. Van die R33 miljoen wat in 2009 beskikbaar was, maak die begroting vir 2015 'n ruim R162 miljoen voorsiening vir die volledige lopende en beplante instandhouding van alle akademiese fasiliteite, sportgeriewe, huisvesting en kampusterreine.

'n Hardnekkige risiko bly die historiese instandhoudingsagterstande van meer as R1 miljard waaronder die US steeds gebuk gaan. Die Afdeling Fasiliteitsbestuur bedink egter voortdurend voorstelle om die agterstande vinniger in te haal en hoop dat bogenoemde ruimer begrotingsvoorsiening sal verhoed dat nuwe grootskaalse instandhoudingsagterstande weer begin opbou.

'n Kampusvernuwingsplan vir 'n nuwe wêreld van leer

Bogenoemde planne om instandhoudingsagterstande in te haal, is ten nouste verbonde aan die Kampusvernuwingsplan. Dié plan spruit uit die behoefte om met planmatige opknapping van geboue, die herinrigting van ruimtes en die ingebuikneming van voorpunttegnologie 'n nuwegenerasie-instelling te skep om aan die eise van die nuwe wêreld van werk, leer en leef te voldoen.

'n Multidissiplinêre werkgroep onder leiding van Fasiliteitsbestuur het die afgelope jaar ondersoek ingestel na watter vernuwing nodig is en sáal wees om die fisiese kampusomgewing so te hervorm dat dit ook aan die vereistes van 2030 en daarná sal voldoen. Die werkgroep sal hierdie voorstelle in 'n eerste weergawe van die Kampusvernuwingsplan saamvat. Die Kampusvernuwingsplan berus op goeie langtermyn- geïntegreerde beplanning en sal na raming oor die bestek van sewe jaar uitgevoer word. 'n Stel norme en standaarde vir onderrigfasiliteite sal ook saamgestel word.

Soos met instandhouding, is 'n risiko van die Kampusvernuwingsplan die beskikbaarheid van voldoende finansiering. Die Universiteitsraad het egter op 1 Desember 2014 'n begroting van R2,23 miljard en 'n finansieringsplan vir die tekort van R1,4 miljard vir die inhaal van instandhoudingsagterstande sowel as die strategiese herinrigting en toerusting van fasiliteite goedgekeur.

Nuwe proses vir kapitaalprojekbestuur

Om besluitneming oor én die bestuur van skaars kapitaalbronre te verbeter, sal Fasiliteitsbestuur binnekort 'n hersiene proses vir kapitaalprojekaansoeke, -prioritisering

en -goedkeuring in werking stel. Dit sal bestuurslede van beter inligting voorsien om kapitaalbronre optimaal aan te wend en te verseker dat die prioriteit in die US se Institusionele Voorneme en Strategie eerste aandag ontvang. 'n Huidige risiko vir kapitaalprojekbestuur is die groot hoeveelheid ongefinsioneerde projekte wat beplan dog uiteindelik laat vaar word. Die beoogde nuwe stelsel behoort sulke gevalle beduidend te verminder.

Vennootskappe verseker bedryfsukses

US-bedrywigheide het uiteraard 'n beduidende invloed op die res van die dorp. Dít maak vennootskappe met veral die plaaslike munisipaliteit noodsaklik. Die Universiteit (verteenvoerdig deur die Kantoor van die Bedryfshoof) en Stellenbosch Munisipaliteit doen trouens reeds geruime tyd gesamentlike beplanning ten opsigte van munisipale dienste, ruimtelike ontwikkeling, omgewingsvolhoubaarheid en vervoer.

Nuwe ontwikkelings in hierdie verband die afgelope jaar sluit in die opstel van 'n Konsepmeesterplan vir Sport en Ontspanning in samewerking met die munisipaliteit en die Stellenbosch Akademie vir Sport. Hierdie plan strook met die US se nuwe sportstrategie waaroor u meer kan lees in die Verslag van die Viserekotor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) op bladsy 45.

Ook wat kampussekuriteit betref, is vennootskappe 'n onontbeerlike deel van die US-wapenrusting. Die eerste semester van 2014 is gekenmerk deur 'n skielike toename in gewelddadige aanrandings, wat die kampusgemeenskap en die publiek onrustig gestem het. Sensasiebelaaide mediadekking het verder hiertoe bygedra. Die US het onder andere gereageer deur kampussekuriteit aansienlik te verskarp: meer sigbare securiteit is op die hoofste van die kampus verseker, en studente is saans na en van eksamenlokale vervoer. Hierdie interne ingrypings het goeie gevolge gehad. Ná deeglike besinning oor die pad vorentoe, konsentreer die Kantoor van die Bedryfshoof nou op verdere samewerking en sinergie tussen alle eksterne securiteitsrolspelers in Stellenbosch en omgewing. Saam met Stellenbosch Munisipaliteit is die US 'n leidende vennoot in die onlangs gestigte Stellenbosch Veiligheidsinisiatief. Die bedoeling met hierdie inisiatief is dat dit mettertyd in 'n omgewingswyse dorpsontwikkelingsinisiatief sal ontwikkel, wat geskoei sal wees op die lees van stadsontwikkelingsdistrikte soos dié in Hatfield, Pretoria. Stellenbosch beskik reeds oor al die komponente wat tipies deel uitmaak van so 'n ontwikkelingsdistrik. Met die munisipaliteit en die US aan die voorpunt en die groot Stellenbosse gemeenskap, veral die sakesektor, se ondersteuning, kan die dorp en die Universiteit dieselfde of selfs méér voordeel uit so 'n ontwikkelingsdistrik put as wat by Hatfield en die Universiteit van Pretoria die geval was.



DIE ONTWIKKELING VAN 'N KAMPUSMOBILITEITSPLAN 'n Meesterplan vir volhoubare alternatiewe vervoer

Die Mobiliteitsmeesterplan, 'n onderafdeling van die Kampusmeesterplan, voorsien 'n gemengde model van verskillende tipes parkering en verskillende soorte vervoer (stap, fietsry, saamry en openbare vervoer) in samewerking met verskillende rolspelers en diensverskaffers (die US, Stellenbosch Munisipaliteit en plaaslike vervoeroperateurs). Die klem val deurlopend op volhoubaarheid. Die verskillende komponente van die plan word stuk-stuk ingefaseer, en veranderinge en verbeteringe word algaande aangebring.

Die eerste komponente van die plan, naamlik die Matiefietsprojek, die bevordering van saamrygeleenthede en die kampuspendeldiens, word reeds sedert 2012 bedryf. Ingevolge die fietsprojek word ongeveer 400 unieke blou Matie-fietse aan personeel en studente verhuur. Om saamrygeleenthede te bevorder, het die US 'n ooreenkoms met die aanlyn platform Finalift.co.za aangegaan wat personeel en studente gratis toegang tot dié webtuiste bied om saamrygeleenthede te adverteer en te soek. Deelname neem stadig dog konstant toe. Die kampuspendeldiens, wat bedags vervoer tussen die parkeerterreine op die rand van die kampus en die kampuskern verskaf, word ook doeltreffend benut, terwyl die nagpendeldiens 'n mylpaal bereik het deur 'n gedeelte van die diens aan 'n plaaslike rolspeler uit te kontrakteer.

Wat ander vorme van openbare vervoer betref, beplan die US nie om self 'n vervoeroperator te word nie, maar konsentreer eerder daarop om tot die ontwikkeling en bevordering van beter openbare vervoerdienste by te dra. Hieroor is die Universiteit deurlopend in gesprek met plaaslike en provinsiale rolspelers.

Die afgelope jaar was die tweede jaar van inwerkingstelling van die parkeerbestuurstelsel nadat dit in April 2013 'n aanvang geneem het. Daar is altesaam 71 parkeerterreine op Stellenbosch-kampus en 14 by Tygerberg. Die behoeftes van hierdie omgewings wat dié terreine benut, is egter uiteenlopend, wat die toepassing van 'n enkele, eenvormige stelsel vir albei kampusse bemoeilik. Nietemin is daar in 2014 begin om parkeerterreine stelselmatig op te knap, inligtingsborde te standaardiseer en beter toegangsbeheermaatreëls soos valhekke te voorsien. Op die oop Stellenbosch-kampus vind optrede teen onregmatige en onwettige parkeerders in samewerking met die Stellenbosch Munisipaliteit en verkeersdienste plaas.

Die Mobiliteitsplan hou 'n hele paar risiko's in. Eerstens is voldoende finansiering deurslaggewend vir die inwerkingstelling en voortsetting van die plan. Die uitgawebegroting vir die komponente van die Mobiliteitsprojek wat reeds in werking gestel is, is van R6,9 miljoen in 2014 tot R7,35 miljoen in 2015 verhoog. Dit dek veral die bestuur van kampuspendeldienste en die bedryf van die parkeerbestuurstelsel, insluitend die afbetaling van lenings wat aangegaan is om nuwe parkeerterreine

by Ingenieurswese en Tygerberg aan te lê. Van hierdie uitgawes is 50% in 2014 uit gebruikersheffings gefinansier, en sal 'n beoogde 52% in 2015 ook so verhaal word. Die oorblywende bedrag word betaal uit 'n toekenning deur die Universiteitsraad in 2013. 'n Tweede uitdaging van die plan is dat die sukses daarvan hoofsaaklik afhang van gedragsverandering by personeel en studente om meer volhoubare vervoer bo uitsluitlike privaat motorgebruik te kies. Dardens moet die opvatting dat 'n uitbreiding in vervoerdienste die veiligheid- en sekuriteitsgevare op Stellenbosch uit die weg sal ruim, versigtig bestuur word, aangesien vervoer maar net een van die skakels in die groter veiligheidsnetwerk is.

DIE KOMMERSIALISERING VAN INTELLEKTUELLE EIENDOM EN DIE SKEP VAN SAEGELEENTHEDE

Innovus is die Universiteit se maatskappy wat tegnologie van die US na die bedryf oordra en entrepreneurs en innovasie ondersteun. Die maatskappy is voorts verantwoordelik om die US se portefeuilje innovasie en intellektuele eiendom te beskerm en te kommersialiseer deur patente te bekom, lisensiëringsooreenkomste aan te gaan en afwentelmaatskappye te stig. Verdere verantwoordelikhede van Innovus sluit in die administrasie van kopiereg en kortkursusse aan die Universiteit, sowel as die ontwikkeling van sokker om dit 'n finansieel volhoubare sportsoort aan die US te maak.

Woeke met tegnologie wat die US én die samelewing baat

Suksesvolle tegnologie-oordrag verseker dat die US die Suid-Afrikaanse tersiêre instelling bly wat die meeste patente op uitvindselles bekom. In die afgelope jaar het die getal nuwe afwentelmaatskappye boonop merkbaar toegeneem en is agt lisensiëringsooreenkomste gesluit.

'n Wegspringblok van waar beginnersakelui en entrepreneurs vaart kry

Op innovasievlek het Innovus die afgelope jaar voortgegaan om afwentelmaatskappye van die Universiteit, studente-ondernehemings en eksterne nuwe maatskappye die geleentheid te bied om die dienste van die LanseerLab te benut. Die LanseerLab is 'n sake-inkubator waar beginner-ondernehemings hul voete kan vind en hul idees binne 'n veilige, waardebelaaide omgewing kan ontwikkel. Die inisiatief is 'n groot sukses: die vraag na ruimte in die LanseerLab het dermate toegeneem dat 'n omvattender fasilitet van sowat R23 miljoen tans in aanbou is, waarheen die inkubator na verwagting in Februarie 2015 sal verskuif.

Altesaam 17 entrepreneursprojekte het ook in 2014 via Innovus finansiële ondersteuning van die Agentskap vir Tegnologie-innovasie (TIA) ontvang, wat op sy beurt deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie gefinansier word. Innovus bestuur alle aspekte van die verhouding tussen die US en TIA.

Professionele bestuur maak Maties Sokker volhoubaar

Danksy Innovus se bewese projekbestuursvârdighede en innoverende denke is Maties Sokker die afgelope jaar stewig



gevestig en word dit nou tot 'n selfs hoër vlak uitgebou. Die uitgangspunt is om jong talent uit te wys, vir die US te werf en vir deelname en prestasie op seniorvlak toe te rus. Tog wil die inisiatief nie net die vaardighede, kundigheid en aansien van die Maties A-sokkerspan versterk nie, maar terselfdertyd in die ontwikkeling van sokkervaardighede op voetsoolvvlak in die skole en plaaslike klubs van die omliggende gemeenskappe belê.

Die US se vennootskap met PEC Zwolle, 'n hoog aangeskrewe Nederlandse sokkerklub, het in Oktober 2014 twee plaaslike spelers en 'n afrigerter internasionale blootstelling gebied toe die driestuks genooi is om 'n afrigtingsgeleenheid in Nederland by te woon. 'n Verdere uitvloeisel van die vennootskap was die amptelike opening van 'n nuwe mini-sokkerveld met sonkragbeligting by Lentelus op Stellenbosch in Julie 2014. Dié fasilitet is moontlik gemaak deur 'n borgskap van die Koninklike Nederlandse Voetbalvereniging (KNVB), PEC Zwolle en Philips.

DIE STREWE NA OMGEWINGSVOLHOUBAARHEID

In 'n tyd van kwynende natuurlike hulpbronne en toenemende omgewingsbewustheid, is 'n belangrike deel van die Kantoor van die Bedryfshoof se werk om die omgewingsvolhoubaarheid van die US te verseker en te bestuur. Dit behels doeltreffender benutting en besparing van krag en water, die insluiting van meer 'groen' elemente gedurende gebou-oprigting en -opknapping, sowel as afvalherwinning. Die doel is nie net om US-gebruikers bewus te maak van die behoeftte aan omgewingsvolhoubaarheid nie, maar ook om werklike verandering in gedrag en bestuur teweeg te bring.

'n Groter impak met 'n kleiner voetspoor

Verdere goede vordering is in 2014 gemaak met die doeltreffende bestuur van die fisiese elemente – energie, water en afval – wat die US se koolstofvoetspoor in 'n groot mate bepaal. Energieverbruik per student was steeds meer

as 6% laer as in 2009. Die ontwerp en beplanning van alle nuwe geboue en opknappings van bestaande geboue het so ver moontlik die jongste 'groen' tegnologie ingesluit. Die verbeteringe aan die lugreëlingstelsel by Tygerberg, wat deel uitgemaak het van die groter opknappingsprojek op daardie kampus, het energieverbruik in 2013 met 20% laat daal vergeleke met die syfers van 2010.

Met die oorsakeling na 'n gunstiger elektrisiteitstarief-struktuur, wat op wisselende tariewe binne en buite spitsystyd berus, het die Kantoor van die Bedryfshoof onlangs ook 'n jaarlike besparing van meer as R10 miljoen vir die US bewerkstellig. Fasilitetsbestuur konsentreer nou op die verdere vermindering van energie- en waterverbruik en afval, en het vir hulself 'n hele paar uitdagende doelwitte met die oog op 2018 en daarńá gestel.

GEİNTEGREERDE BEPLANNING, BEGROTING EN VERSLAGDOENING

Nuwe geïntegreerde begrotingsmodel sorg vir inligtingsintegriteit

Die Afdeling Finansies het in 2014 die nuwe geïntegreerde begrotingsmodel begin implementeer. Dié model konsentreer op mechanismes om doeltreffende finansiële bestuur toe te pas, en skenk ook aandag aan voldoening aan korporatiewe bestuursvereistes. Dit maak voorsiening vir 'n aantal mechanismes om die integriteit van die US se finansiële inligting te verseker. Dít sluit in die Oudit- en Risikokomitee van die Raad; 'n jaarlike interne auditprogram; gehalteversekering onder die wakende oog van die Oudit- en Risikokomitee; die Finansieskomitee, en eksterne ouditering. Daarbenewens het die bestuur en fakulteite as deel van die nuwe begrotingsmodel 'n ooreenkoms oor bedryfsinsette en -uitsette bereik, en word subsidie-eenheidswaardes gewaarborg en bedryfsteikens gestabiliseer vir drie jaar. Die Kantoor van die Bedryfshoof streef ook na uitgebreide voldoening aan King III- en ander verslagdoeningsvereistes, onder meer die nuwe Riglyne vir Verslagdoening deur Hoëronderwysinstellings.



LANSEERLAB: WEGSPRINGBLOK VIR SUKSES

LanseerLab steeds episentrum van entrepreneurskap op kampus	
Befondsing verskaf aan LanseerLab-maatskappye	R2,5 miljoen
Inkomste deur LanseerLab-huurders tot dusver	R2,1 miljoen
Huidige kliëntebasis van LanseerLab-huurders	30


SOKKER BEWEEG VORENTOE

US Sokkerontwikkelingsprogram is op strategie van 3 pilare gebou	
1	Skep 'n HOËPRESTASIE-sokkeromgewing
2	Koester verhoudings met GEMEENSKAPS-KLUBS en skole
3	Ontwikkel 'n sokkerkultuur op KAMPUS
	750 spelers het aan vanjaar se Stellenbosch-laerskoolbeker deelgeneem
	90 plaaslike afrigters het opleiding by die Koninklike Nederlandse Voetbalbond (KNVB) ontvang
	JULIE 2014: Nuwe sonkragaangedrewne minisokkerveld word by Lentelus in gebruik geneem. Hoëprestasie- en gemeenskapspelers baat by nuwe veld.

STELLENBOSSE SEKURITEITSINISIATIEF

	Nuwe dorpsontwikkelingsinisiatif deur US en Stellenbosch Municipaliteit bekend gestel. Gebaseer op die suksesvolle Hatfield-dorpsontwikkeling wat veiligheid op die Universiteit van Pretoriase kampus aansienlik verbeter het.
--	--

MOBILITEIT: SUKSES VAN FINDALIFT



INSTANDHOUDING VAN FASILITEITE

Ons prestasies	2013	2014
Aantal instandhoudingsopdragte afgehandel	32 000	45 959
Bedrag bestee aan gebouinstandhouding	R18 m	R178 m
Bedrag bestee aan afgehandelde kapitaalprojekte	R210 m	R343 m



VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG)



In noue samewerking met fakulteite, lewer die Verantwoordelikheidsentrum Leer en Onderrig (L&O VS) 'n belangrike bydrae om die Universiteit Stellenbosch (US) 'n uitnemende, gesogte en inklusiewe instelling te maak vir diegene wat op tersiêrevlak wil studeer. Deel van sy verantwoordelikhede is om te verseker dat onderrigprogramme en pedagogieë ingestel is op die vaardighede van die hedendaagse student. US-graduati (afgestudeerde) moet oor kwalifikasies van wêreldgehalte beskik waarmee hulle in die behoeftes van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark kan voorsien en terselfdertyd internasionaal kan meeding. Meer bepaald bied die Verantwoordelikheidsentrum strategiese leiding vir leer en onderrig deur middel van navorsing, gesamentlike beplanning en institutionele prosesverbetering om akademici en studente in hul verwerwing van kennis te ondersteun.

Die L&O VS is ten volle verbind tot die strategiese prioriteite en temas van die Universiteit se *Institutionele Voorneme en Strategie 2013–2018* (IVS). Die VS is veral verantwoordelik om toegang tot die US te verbreed deur inskrywings en koshuisplasing vir die diverse potensiële studentekorps van die land te bestuur. Daarbenewens word die gewenste eienskappe van 'n US-gegradueerde by inwonende én dagstudente ingeskryp om hulle waardevolle burgers vir die samelewing te maak. In hierdie verband word die universiteitservaring van dagstudente met behulp van die ko-kurrikulum en 'n klusterbenadering verryk, wat beduidend bydra tot die vorming van gesonde studentegemeenskappe en sodoende ook akademiese sukses. Al hoe meer voorsiening word gemaak vir studente wat nie in 'n voltyds residensiële modus wil studeer nie. Onderrigprogramme word ook voortdurend vernuwe en onderriggehalte verhoog, terwyl hoë vlakke van studentesukses gehandhaaf word.

Die L&O VS het agt strategiese doelwitte vir 2014 gehad. Vir die doel van hierdie verslag word vyf daarvan spesiaal uitgelig en verduidelik wat ons gedoen het om hulle te bereik, hoe ons daarmee gevorder het en wat die grootste risiko's was om te hanteer.

UITNEMENDHEID IN LEER EN ONDERRIG

In 2014 is verskeie van die US se professionele programme, tien akademiese departemente en vier steundiensomgewings ekstern geëvalueer om te verseker dat dit aan die beste nasionale en internasjonale standaarde voldoen. Die Ingenieursraad van Suid-Afrika het byvoorbeeld 'n verdere vyf jaar akkreditasie aan al ses BEng-programme verleen, terwyl die US Bestuurskool (USB) weer die hoogste vlak van die gesogte EQUIS-akkreditasie (*European Quality Improvement System*) verwerf het, wat ook vir die volgende vyf jaar sal geld. Die USB is die enigste bestuurskool in

Afrika (en een van slegs 75 wêreldwyd) wat oor EQUIS-akkreditasie beskik. Daarbenewens is die Universiteit se BRek- en HonsBRek-programme deur 'n paneel van die SA Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) besoek en die B-graad in Maatskaplike Werk aan 'n nasionale evalueringsproses onderwerp. Dit het hoë aanprysings en goeie aanbevelings tot gevolg gehad.

Uitnemendheid berus natuurlik ook op dosente en steunpersoneel se vaardighede. In die verslagjaar het die US se akademiese personeel sowel ekstern as intern erkenning ontvang, onder meer ook vir die uitnemende bevordering van leer en onderrig. Erkenning van buite was in die vorm van die HELTASA 2014 Nasionale Onderrigtoekenning waar professor Robert Pattman van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe eervol vermeld is, terwyl die gesogte Kanselierstoekenning intern toegeken is.

Wat die ko-kurrikulêre ontwikkeling van studente betref, is uitnemendheid bevorder met leierskapsopleiding aan meer as 3 000 studente deur die kursusse en programme van die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling. Benewens akademiese uitnemendheid, is beduidende prestasies op die gebied van gemeenskapsinteraksie, sport, kultuur, dienslewering en studenteleierskap ook met Rektorspryse beloon. Voorts is drie Uitsygpryse toegeken aan studente wat ondanks baie moeilike omstandighede steeds goed presteer het.

STUDENTESUKSES

Om suksesvolle studie aan te help, moet die ganse waardeketting daarop afgestem wees – van die eerste kontak met voornemende studente, wervingsaksies en begeleiding vir die regte programkeuse, tot keuring, toelating en voorsiening van finansiële en mentorsteun, sowel as geskikte verblyf, behoorlike verwelkoming, grondige vakkundige opleiding en persoonlike ontwikkeling. In dié verband het die



herstruktureerde afdelings Voornemende Studente en Studentesake in 2014 goed daarin geslaag om as eenstopdiens vir studente te funksioneer.

Studentesukses vereis boonop gesonde vennootskappe: tussen studente en die US, maar ook tussen fakulteite en steudienste. Die US se moduleslaagsyfer was in 2013 (synde die jongste beskikbare HEMIS-data) weereens die hoogste in Suid-Afrika, naamlik 85,9%. Hierdie persentasie sal na verwagting in die toekoms effens afneem namate die US meer studente uit agtergeblewe skoolgemeenskappe toelaat. Die langtermynmikpunt is om deur goele onderrig en studentestunstelsels dié syfer steeds bo 85% te hou. Hierdie parameter word dus op die hoogste vlak as 'n strategiese bestuursaanwyser (SBA) bestuur, soos die volgende tabel toon:



Die grootste risiko om te bestuur is die lewering van genoeg graduati van gehalte om in die werkswêreld se behoeftes te voorsien te midde van 'n onvoldoende getal universiteitsgereed graad 12's. Die US bestuur dié risiko deur 'n aantreklike heenkome vir voornemende studente te wees, keuring met die oog op studentesukses te onderneem, en die nodige kurrikulêre en welwees-ondersteuning aan ingeskreve studente te bied.

Op nasionale vlak neem die US oor die volgende drie jaar aan die Gehaltebevorderingsprojek (GBP) deel wat deur die Raad op Hoër Onderwys (RHO) bestuur word. Dié projek vervang die institusionele oudits wat die eerste fase van gehalteversekerung vanaf 2004 tot 2011 gekenmerk het. Die GBP is daarop uit om studentesukses aan die hand van vier temas te bevorder:

- onderrigvaardighede van akademici;
- ondersteuning- en ontwikkelingsdienste aan studente;
- leeromgewings wat sukses bevorder; en
- inskrywingsbeplanning en -bestuur.

Die Komitee vir Leer en Onderrig het vanjaar as verwysingsgroep gedien vir 'n omvattende verslag wat hieroor saamgestel en in September 2014 by die RHO ingedien is.

GROOTTE EN VORM VAN US-STUDENTEKORPS

US-beplanners maak voorsiening vir 'n realistiese toename in studentgetalle, wat met 'n ruimtelike-ontwikkelingsplan op die bestaande kampusse hanteer kan word. Die vorm van die studentekorps berus op die voorkeursamestelling daarvan en die verskeidenheid onderrig- en navorsingsprogramaanbiedinge om in die verwagte Suid-Afrikaanse behoeftes te voldoen. Die Viserektor (Leer en Onderrig), die Senior Direkteur: Voornemende Studente en 'n direkteur van Institusionele Navorsing en Beplanning vergader twee maal per jaar met elke dekaan om inskrywings per program en fakulteit te beplan. Die US kon in die jaar onder beskouing weer betreklik na aan die Raad se teiken vir studente-inskrywings kom en het trouens daarin geslaag om die gestelde teiken vir die getal bruin, swart en Indiëruwelingstudente te oorskry.

BESTUUR VAN INSKRYWING- EN DIVERSITEITSTEIKENS

Studente	2013 (Junie)	2014 (Junie)	Raadsteiken 2014 (Junie)
Totaal	28 156	29 393	-
Nagraads	9 753	9 915	-
Voorgraads	17 293	18 342	-
Nuweling-eerstejaars	4 615	5 182	4 830
% bruin, swart en Indiëruwelingstudente	32,4%	35,7%	30,7%

Die L&O VS werk ten nouste met die fakulteite saam aan baie spesifieke werwings- en beursaksies om die US se studenteprofiel te diversifieer en dit meer verteenwoordigend van Suid-Afrika se algehele bevolking, wat vir universiteitstoelating kwalifiseer, te maak. Die US se inskrywingsdoelwit vir 2019 is altesaam 5 930 nuweling-eerstejaars, van wie die helfte BSI-studente sal wees. Die persentasie BSI-studente (sowel voor- as nagraads) word as 'n strategiese bestuursaanwyser bestuur, en vorige prestatie en beplande mikpunte sien soos volg daar uit:





Die US se langertermyn- institusionele strategie wat die grootte en vorm van die studentekorps betref, is om teen 2030 'n mediumgrootte-universiteit (ongeveer 35 000 studente) met twee modusse (ongeveer 25 000 modus 1-studente en 10 000 modus 2-studente) te wees. Modus 1-studente is merendeels voltydse kampusstudente wat gedurende die gewone kwartaalte van die jaar klas bywoon. Modus 2 verteenwoordig die sogenaamde werk-en-leer-studentemark wat hoofsaaklik deur tegnologiese bemiddeling onderrig word en die US-kampusse gedurende reses tussen kwartale besoek vir kontaksessies met akademici.

Die grootste risiko om te bestuur is die onsekerheid oor veral hoeveel toegelate voorgraadse eerstejaars uiteindelik vir studie sal opdaag. Op grond van historiese tendense moet elke fakulteit jaarliks voorspel hoeveel meer studente as die getal beskikbare plekke in elke program toegelaat moet word. Tog is dit geen maklike taak nie, veral in die geval van BSI-studente, onder ander omdat finale graad 12-uitslae dan nog uitstaande is en sommige kandidate sukkel om die nodige geld vir universiteitstudie te bekom. Die US gebruik beursleningsprogramme om laasgenoemde risiko so ver moontlik te bestuur.

VERHOOGDE MEERTALIGE AANBOD


Die Universiteitsraad het in November 2014 'n belangrike nuwe Taalbeleid vir die instelling goedgekeur wat Afrikaans en Engels gelyke status as akademiese tale aan die Universiteit gee. Dié beleid sal toegang tot die US vergemaklik omdat studente nou so ver moontlik in hul voorkeurtaal (Afrikaans of Engels) kan studeer. Taalvaardighedsopleiding in Xhosa word ook so ver doenlik uitgebrei. Die bedoeling met die uitgebreide meertalige aanbod is veral dat die US meer inskrywings uit

bruin, swart en Indiër-geledere sal kry.

Die US se Taalbeleid en -plan bied verskeie moontlikhede vir die aanbiedingstaal in lesings, naamlik slegs Afrikaans, slegs Engels, dubbelmedium (gelyke wisseling tussen Afrikaans en Engels vir dieselfde klasgroep), parallelmedium (gebruik van Afrikaans en Engels vir verskillende klasgroepes in dieselfde module) en tolking (gebruik van óf Afrikaans óf Engels vir 'n klasgroep en tolking na die ander taal).

Parallelmedium-onderrig is sedert 2011 met welslæ in verskillende fakulteite in werking gestel en het ongetwyfeld groter toeganklikheid en studentesukses teweeggebring. Die gebruik van opvoedkundige tolking is ook in 2014 beduidend uitgebrei tot ongeveer 180 lesings per week in die eerste semester (vir 'n semestertotaal van 2 565 lesings) en ongeveer 210 lesings in die tweede semester. Met opvoedkundige tolking woon 'n fluistertolk die lesing by en vertaal die dosent se gesproke taal intyds, wat dan direk na studente met gehoorstukke herlei word. As gevolg hiervan is lesings in sowel alle Ingenieurswese-programme as dié tot op derdejaarsvlak in die grootste programme van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe byvoorbeeld nou volledig in Afrikaans en Engels beskikbaar. Die mikpunt is om alle voorgraadse lesings in laasgenoemde fakulteit teen 2016 in albei tale beskikbaar te hê.

Die Universiteitsraad het besluit om oordeelkundig in meertalige onderrig te belê sodat die getal lesings wat in sowel Afrikaans as Engels beskikbaar is, doelbewus vermeerder kan word. Vorige en beplande mikpunte vir hierdie strategiese bestuursaanwysers is soos volg:



Die grootste risiko wat die meertalige aanbod betref, is dat diegene sowel binne as buite die Universiteit nie meer die belegging in meertalighedsbevordering (wat in 2014 op ongeveer 1% van die US se algemene begroting te staan gekom het) as lonend en geregverdig sal beskou nie. Dié risiko word bestuur deur gereeld studente en dosente se tevredenheid met die aanbod en prosesverbeteringsaksies te bepaal en meertaligheid as 'n unieke, kenmerkende eienskap van die US-studente te bemark.

INLIGTINGS- EN KOMMUNIKASIETECHNOLOGIE VIR LEER EN ONDERRIG

Die US besef dat inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) die tersiere onderrigbedryf radikaal verander het van tradisionele, direkte kontakonderrig tot oper en meer aanpasbare leer. Studente het én verwag meer toegang tot kennis, op enige tyd en enige plek. Die oordeelkundige gebruik van IKT speel dus 'n al hoe groter rol in die leerervaring van huidige (meestal) residensiële studente van die US. IKT bied die US ook toegang tot nuwe (meestal) nie-residensiële studentemarkte, soos die werk-en-leer-studente, voortgesette professionele opleiding, en ander geleenthede

om die US se kundigheid ten toon te stel en in die groot openbare belang (selfs kosteloos) met ander te deel.

Op grond van 'n vyf jaar lange strategiese plan vir IKT in L&O, het die US Raad in Mei 2014 die ingrypende stap gedoen om R281,1 miljoen beskikbaar te stel om die Universiteit te laat stelling inneem as 'n IKT-bemagtigende universiteit wat met die beste ter wêreld kan meeding. Hierdie bedrag word oor dieselfde vyf jaar met R50 miljoen uit die US se hoofbegroting aangevul. Noemenswaardige vordering is reeds in 2014 met die projek gemaak. 'n Bekwame projekspan is aangestel en die eerste meetbare uitsette sluit in:

- 'n toename in IKT-gebruik onder studente;
- die opleiding van al hoe meer dosente om IKT as deel van onderrig te gebruik;
- die plasing van IKT-onderkenners in verskeie fakulteite;
- die verbetering van en opleiding in e-leerbestuurstelsels;
- die aanstelling van kontrakteurs vir die upgradering van die IT-hoëspoednetwerk tussen geboue en uitgebreide toegang deur radioverbinding in akademiese geboue;
- planne vir die verbetering van studente- en finansiële inligtingstelsels, onder ander om nuwe kennismarkte te

- bedien;
- die voltooiing van 'n moderne onderrigsentrum op Tygerbergkampus; en
 - die afhandeling van 'n konsepontwerp vir 'n ten volle IKT-ondersteunde leersentrum wat sentraal op die hoofkampus geleë sal wees, waarvoor die akademiese omgewings reeds goedkeuring verleen het.

'n Strategiese bestuursaanwyser word tans ontwikkel om die bevordering van e-leer aan die Universiteit makliker meetbaar te maak. Die grootste risiko om te bestuur is dat akademici hul pedagogie in die lig van die vereistes van 'n IKT-gebaseerde kennisontploffing sal moet herbedink en die verwerwing van gepaardgaande tegnologiese vaardighede as bemagtigend eerder as 'n bykomende werklaas sal moet beskou.

SAMESTELLING VAN STUDENTEKORPS VOLGENS STUDIEVELD EN -VLAK, 2014 (JUNIE)

Vlakte per Fakulteit	Studentetal
AgriWetenskappe	1 855
Nagraadse studente	477
Geleenheidstudente	41
Voorgaarde studente	1 337
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	7 784
Nagraadse studente	3 130
Geleenheidstudente	263
Voorgaarde studente	4 391
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	4 091
Nagraadse studente	1 567
Geleenheidstudente	261
Voorgaarde studente	2 263
Ingenieurswese	3 712
Nagraadse studente	885
Geleenheidstudente	57
Voorgaarde studente	2 770
Krygskunde	497
Nagraadse studente	47
Geleenheidstudente	7
Voorgaarde studente	443
Lettere en Sosiale Wetenskappe	5 223
Nagraadse studente	1 487
Geleenheidstudente	384
Voorgaarde studente	3 352
Natuurwetenskappe	3 011
Nagraadse studente	818
Geleenheidstudente	88
Voorgaarde studente	2 105
Opvoedkunde	1 881
Nagraadse studente	789
Geleenheidstudente	5
Voorgaarde studente	1 087
Regsgeleerdheid	812
Nagraadse studente	393
Geleenheidstudente	18
Voorgaarde studente	401
Teologie	527
Nagraadse studente	322
Geleenheidstudente	12
Voorgaarde studente	193
Groottotal	29 393
Totaal vir nagraadse studente	9 915
Totaal vir geleenheidstudente	1 136
Totaal vir voorgaarde studente	18 342

KWALIFIKAASIES TOEGEKENN VOLGENS TIPE, 2014 (MAART 2015)

Tipe Kwalifikasie	Getal Toegeken	%
Voorgaarde diplomas en sertifikate	102	2,0
Algemene eerste baccalaureusgrade	2 136	42,1
Professionele eerste baccalaureusgrade	1 334	26,3
Nagraadse baccalaureusgrade	83	1,6
Nagraadse diplomas en sertifikate	1 222	24,1
Honneursgrade	1 234	24,3
Meestersgrade	1 293	25,5
Doktorsgrade	234	4,6
Totaal	7 638	100,0

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS GESLAG, 2014

Geslag	Studentetal	%
Manlik	14 038	47,8
Vroulik	15 355	52,2
Totaal	29 393	100,0

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS RAS, 2014

Ras	Studentetal	%
Bruin	5 015	17,1
Swart	5 006	17,0
Indiér	736	2,5
Wit	18 636	63,4
Totaal	29 393	100,0




SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS HUISTAAL, 2014

Huistaal	Studentetal	%
Afrikaans	13 208	44,9
Engels	11 987	40,8
Afrikaans/Engels	383	1,3
Xhosa	947	3,2
Ander amptelike SA tale	1 488	5,1
Ander tale	1 380	4,7
Totaal	29 393	100,0



VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (LEER EN ONDERRIG) (VERVOLG)

SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS GEOGRAFIESE HERKOMS, 2014



VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (NAVORSING EN INNOVASIE)



Hierdie Verantwoordelikheidsentrum verenig 'n verskeidenheid werkzaamhede wat deur die volgende entiteite uitgevoer word: die Afdeling Navorsingsontwikkeling, die Biblioteek- en Inligtingsdiens, die Nagraadse en Internasionale Kantoor, Korporatiewe Bemarking en Informasietegnologie. In hierdie verskillende omgewings is aktiwiteite toegespits op die bereiking van die Universiteit se strategiese doelstellings deur die navorsingsuitset en innovasie te ondersteun om te verseker dat die Universiteit Stellenbosch (US) voortbou op sy huidige voorloperstatus as 'n navorsingsintensieve instelling. Die afdelings Korporatiewe Bemarking en Informasietegnologie vervul ook 'n institusionele rol wat verder as die bedryfsreikwydte van die Verantwoordelikheidsentrum vir Navorsing en Innovasie strek na Onderrig en Leer, Gemeenskapsinteraksie en Personeel, en die verskillende steundiensentiteite.

AANSTELLING VAN JONG AKADEMIESE STERRE

Ons Prestasies	2012	2013	2014
Nadoktorale navorsingsgenote	168	171	247
Deelnemers aan die Mellon Vroeë-navorsingsloopbaan-program	60	60	60
Toekennings vir die bevordering van navorsingsloopbane	-	-	12

Ons Verantwoordelikheidsentrum is sterk ingestel op die bevordering van navorsingsuitnemendheid. Ons navorserstal wat Nasionale Navorsingstigting (NNS)-evaluering ontvang het, het in 2014 op 347 gestaan. Die evaluering en gradering van individuele navorsers geskied deur middel van 'n eweknie-evalueringstelsel wat deur die NNS gebruik word om die gehalte van navorsingsuitsette oor 'n tydperk van agt jaar te meet. Die Universiteit het al vir meer as 10 jaar die naashoogste aantal geëvalueerde navorsers op nasionalevlak en het altesaam 13 A-geëvalueerde navorsers – diegene wat as wêreldleiers in hul onderskeie navorsingsveldelike beskou word.

Om ons prestasie oor die lang termyn vol te hou het ons ons oor die afgelope twee jaar daarop toegespits om jong en diverse akademici as personeel te lok deur doelbewus jong talent met 'akademiese ster gehalte' te soek. Hierdie inisiatief om die Universiteit se mensekapitaal vir die toekoms te ontwikkel het geleid tot die voorkeuraanstelling van jong personeel met konsentrasie op hul ontwikkeling en bevorderingspotensiaal.

Die Afdeling Korporatiewe Bemarking bevorder proaktief die publikasie van 'n reeks denkleierskap-artikels om die Universiteit se navorsingsuitnemendheid te ondersteun en die beeld van ons akademiese personeel uit te bou. Hierdie artikels is gebaseer op die akademici se deskundigheidsveldelike en hou dikwels verband met internasionale

en nasionale dæe, aktuele sake en aangeleenthede van algemene belang vir die media en die publiek.

Die Afdeling Navorsingsontwikkeling het ook tot die sigbaarheid van navorsingsuitnemendheid aan die Universiteit bygedra deur uitmuntende navorsing in sy jaarlikse publikasie *Research at Stellenbosch University* te vertoon. Die publikasie blyk 'n nasionale standaard vir navorsingsverslae te wees en is 'n effektiewe manier om die aandag en belangstelling van nie net medenavorsers nasionaal en internasionaal nie, maar ook van finansieringsagentskappe, industrieën, media en die breër publiek te trek. Hierdie publikasie het in 2014 vir die vierde agtereenvolgende jaar 'n toekenning van *Marketing, Advancement and Communication in Education* (MACE) ontvang. Die MACE-toekennings gee erkenning aan universiteite en kolleges wat die toon aangee op die terrein van bemarking, kommunikasie en ontwikkeling. Hierbenewens het die US se Jaarverslag vir 2013 die eerste plek in die kategorie vir jaarverslae by die MACE-toekennings verower.

Ons is besig om 'n sterker nadoktorale komponent te bou as deel van die Universiteit se navorsingsdoelstellings. Die Universiteit het in 2014 oor 247 aktiewe nadoktorale genote beskik – een van die grootste getal genote in Suid-Afrika. Die Nadoktorale Genootskapsprogram waarmee in 2013 begin is, is spesifiek gerig op doktoraal gegradsueerde uit die bruin, swart en Indiërs-bevolkingsgroepe. In 2014 is 12 nadoktorale kandidate deur hierdie Genootskapsprogram bevoordeel met die oog daarop om die volgende geslag akademici te ontwikkel wat op navorsingsterrein produktief sal wees en wat terselfdertyd meer verteenwoordigend van ons land se demografiese samestelling sal wees. Vir hierdie doel is die Mellon-vroeënavorsingsloopbaan-program (MERC) ook tot 2014 verleng. Die program het in 2014 steeds tot die loopbaanontwikkeling van omstreng 60 vroeëloopbaan-personeellede bygedra. Meer as 90



personeellede is reeds die afgelope vier jaar deur die Mellon-program bevoordeel.

Die US se sukseskoers vir projekaansoeke by die Nasionale Navorsingstigting (NNS) Thuthuka-program was 87% in 2014. Die hoofdoel van die Thuthuka-program is om navorsingskapasiteit van vroeëloopbaan- akademiese personeel te ontwikkel deur die verwerwing van 'n doktorsgraad en/of die versterking van hul professionele profiel te bevorder met die oog op aansoek om NNS-evaluering. Dit verteenwoordig 'n nuwe rekordsukseskoers en hou baie groot voordele vir ons vroeëloopbaan-navorsingstoekenninghouers in. Ons het ook 12 nuwe NNS-navorsingsloopbaanbevorderingsgenootskappe ontvang wat 12 vroeëloopbaan-navorsers in staat stel om akademiese betrekkings aan die Universiteit te beklee na 'n aanvanklike nadoktorale tydperk.

Die tweede Biblioteek- en Navorsingsweek is in 2014 aangebied om die vaardighede en kennis van opkomende navorsers te ontwikkel. 'n Program wat fokus op verwysings- en sitaatbestuur, akademiese skryfwyse, die vind van relevante inligting en navorsingsbestuur is ontwikkel. Die doel van hierdie inisiatief is om die navorsingskultuur aan die Universiteit te versterk. Die Navorsingsruimte Sosiale Uur-inisiatief is ook in 2014 deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens bekendgestel om 'n gemeenskap van navorsers te ondersteun en 'n geleenthed te bied waar opkomende navorsers inspirasie kan vind, idees kan uitruil en mekaar kan ondersteun. Deur 'n nuwe geslag akademici te ontwikkel en die aantal nagraadse studente van al die rassegroep van Suid-Afrika te vergroot streef ons daarna om die Universiteit se transformasie- en diversiteitsdoelwitte te bereik.

BEVORDERING VAN NAVORSINGSUITSETTE

Ons Prestasies	2012	2013	2014
Geweegde navorsingsuitset per voltydse personeellid	2,37	3,08 (1 ^{ste} in SA)	2,97 (1 ^{ste} in SA)
Publikasie-uitset per capita (2013-data in 2014 bekendgestel)	1,22	1,36 (1 ^{ste} in SA)	1,47 (1 ^{ste} in SA)
Navorsingspublikasie-aansporings aan navorsers toegeken	–	50	50
QS- wêreldwye ranglys	401–450	387	390
Times Higher Education-wêreldranglys vir universiteite	251–275	301–350	276–300
Consolidocs	–	9	6

In ons streeue om ons as die beste navorsingsleier in Afrika te vestig, bou die Universiteit strategiese vennootskappe met gemeenskappe, die industrie en die regering om te verseker dat ons navorsingsuitsette sosiaal relevant is en die lewensgehalte van mense verbeter. Ons verbreed die Universiteit se internasjonale reputasie as 'n navorsingsuniversiteit deur middel van ons navorsingspublikasies en doktoraal gegradeerde. Nuwe kennis wat hier ontsluit word, word aan 'n wêreldgehoor oorgedra en sodoende word die aanwending van navorsingsresultate verbeter en hoëvlak- menslike bevoegdheid bevorder.

Die 2014-verslag van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (gebaseer op 2013-navorsingsuitsette) bevestig die Universiteit se status as die akademiese

instelling wat die grootste produktiwiteit ten opsigte van navorsingsuitsette op 'n nasionale vlak toon, met geweegde navorsingsuitsette per voltydse akademiese personeellid (publikasies en nagraadse studente) van 2,97 en met 'n syfer van 1,47 per capita publikasie-uitset. Die US neem die voortou in albei kategorieë op nasionale vlak. Ten opsigte van akademiese uitset was daar 'n toename van 112% in die aantal PhD-gegraduarde sedert 2002; 11% van die totale aantal geakkrediteerde navorsingsuitsette in Suid-Afrika is deur die Universiteit Stellenbosch gelewer; en ons het 'n gemiddelde jaarlikse groei van 8,9% in navorsingsuitsette sedert 2008 getoon.

Die kantoor van die Viserekotor (Navorsing en Innovasie) dra die verantwoordelikheid van die versterking en uitbreiding van die Universiteit se kennisbasis en in 2014 het navorsers wat die grootste bydrae tot geakkrediteerde publikasies (gebaseer op geouditeerde publikasiestatistiek van die vorige jaar) en doktoraal gegradeerde gelewer het, weer eens erkenning ontvang. Vir die doel van erkenning van geakkrediteerde publikasies is twee kategorieë in aanmerking geneem, te wete navorsers wat die grootste bydrae ten opsigte van die publikasie-eenhede van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (met afsny punt op 3,96) gelewer het, en navorsers wat die grootste aantal geakkrediteerde navorsingspublikasies in samewerking met hul nasionale en internasjonale navorsingsvennote en studente (met afsny punt op 10) gelewer het. In die 2014-ronde is bydraes van navorsers wat in 2013 twee of meer PhD-studente afgelewer het ook erken. Altesaam 92 navorsers het in een of meer van die drie kategorieë gepresteer.

Ons doel is om nie net plaaslike navorsing nie, maar wêreldklasnavorsing uit te brei en te ondersteun en te verseker dat die Universiteit sy posisie onder die boonste 500 universiteite in die wêreld handhaaf en verbeter. In 2014 het die Universiteit posisie 390 op die QS-wêreldwye ranglys en 'n posisie tussen 276 en 300 op die *Times Higher Education* se wêreldranglys vir universiteite ingeneem. Dit is die vierde jaar dat die Universiteit op hierdie twee voorste internasjonale ranglyste verskyn.

Om verder tot die navorsingsuitset by te dra en ook stukrag te verleen aan die akademiese loopbane van onlangse PhD-gegraduarde het die Verantwoordelikheidsentrum in die verslagjaar 'n aansporingsprogram genaamd Consolidoc bekendgestel, met die oogmerk om pas gegradeerde PhD-studente te help om die werk wat hulle as deel van hul doktorale studie onderneem het te konsolideer. Die verwagting wat aan die toekenning gekoppel is, was dat elke ontvanger teen die end van die toekenningstydperk minstens twee manuskripte in eweknie-geëvalueerde vaktydskrifte sou publiseer. Teen 2014 is agt toekennings reeds gemaak en ses van die ontvangers het aan die voorgeskrewe uitkoms voldoen.

'n Verskeidenheid nuwe dienste is deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens ingestel om die navorsingsprestasiebestuur van navorsers te ondersteun en uit te brei, en die navorsingsinvoed daarvan te meet. Dit sluit die ontwikkeling van 'n pasgemaakte werkswinkel oor navorsingsprestasie-toerusting in.



UITBREIDING VAN NAVORSINGSINNOVASIE

Ons oogmerk om navorsingsinnovasie uit te brei is van deurslaggewende belang omdat navorsing tot die skep van nuwe produkte en dienste lei, wat ekonomiese en maatskaplike verbetering in Suid-Afrika kan meebring. Ons sien innovasie as die kern van ons Universiteit se navorsingsukses. Dit sal die Universiteit uiteindelik in staat stel om 'n plek van geleenthede te wees wat die beste navorsers en studente van regoor Afrika, en die res van die wêreld, sal trek. Die Universiteit is reeds een van die topverdieners in die Program vir Tegnologie en Menslike Hulpbronne in die Nywerheid (THRIP) van die Departement van Handel en Nywerheid, wat ons status as 'n voorkeurnavorsingsvennoot vir die nywerheid bevestig. Altesaam 11 nuwe tegnologieë wat uit die Universiteit se navorsing ontwikkel is, het geleid tot aansoeke vir patentsamewerkingsooreenkoms (PCT). Dit plaas die Universiteit nasionaal in 'n toonaangewende posisie.

VESTIGING VAN NAVORSINGSFOKUSAREAS

Ons Prestasies	2012	2013	2014
NNS A-geëvalueerde navorsers	11	13	13
SARChI-navorsingsleerstoele	18	18 (uit 'n nasionale totaal van 23)	19 (uit 'n nasionale totaal van 26)
Uitnemendheidsentrums	6	6	7

In die verslagjaar is 'n aantal nuwe navorsingsleerstoele aan die Universiteit gevestig, asook 'n sentrum van uitnemendheid toegewy aan navorsingsvraagstukke wat tradisionele dissiplinêre grense oorskry. Sulke inisiatiewe word grootliks moontlik gemaak deur akademiese en industriële belanghebber-netwerkvorming, wat een van die bemagtigende kragte van die Universiteit is in die lig van verminderende staatsondersteuning vir tersiêre onderwysinstellings.

'n Nuwe navorsingsleerstoel is deur die *South African Research Chair Initiative* (SARChI) gevestig, wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie deur middel van die NNS befonds word. As Afrika se eerste navorsingsleerstoel op die gebied van wetenskapkommunikasie sal dit vir die Universiteit die geleenthed skep om hierdie akademiese terrein oor die kontinent heen te ontwikkel en om nuwe opleidings- en navorsingsgeleenthede vir Afrika-studente en -vakkundiges te voorsien. Die navorsingsportefeuille van die leerstoel, gesetel in SENWET (Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie), sal fokus op die strategiese waarde van wetenskapkommunikasie as bydrae tot 'n sterk en veerkrachtige kennismgemeenskap waar die wetenskap 'n sleutelrol speel ter verbetering van mense se lewens. Van die 26 leerstoele wat landwyd gevestig is, huisves die Universiteit 19.

Twee verdere leerstoele is ook in 2014 gevestig. Die Agricol-leerstoel in Agronomie, wat in die Departement Agronomie gehuisves word, sal navorsing en ontwikkeling in die saadbedryf help uitbrei en produkennis en geleenthede vir verdere opleiding aan plantkwekers en landboukundiges in Suid-Afrika en op die kontinent verbeter. Die HORTGRO-leerstoel in Toegepaste Vooroos-vrugtenavorsing, wat in die Departement Hortologie gehuisves word, is toegespits op navorsing om in die kort- en langertermynbehoeftes van vrugteproduente te voorsien, met die doel om internasionale marktoegang,

vrugtegehalte en volhoubare boerderypraktyke te verbeter. Die nuwe Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskap-metriek en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid, wat deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie deur middel van die NNS befonds word, is 'n virtuele sentrum wat in SENWET gehuisves word. Die doel van hierdie Sentrum is om prestasie te meet en die effektiewe implementering van wetenskap, tegnologie en innovasiebeleide te moniteer deur aanwysers vir kennisproduksie, innovering, ontwikkeling en netwerkgebruik te ontgin.

In die verslagjaar is die eerste voorkeurnavorsingsooreenkoms tussen die Universiteit en die *Katholieke Universiteit Leuven*, België, gesluit. Dit is 'n uitvoerende vennootskapsooreenkoms, met 'n aantal aanvullende ooreenkoms, wat almal die bevordering en ondersteuning van akademiese en institusionele samewerking tot die wedersydse voordeel van die vennote ten doel het. Hierdie benadering is in ooreenstemming met 'n groter institutionele fokus waar 'n sleutelvennootskapsportefeuille gevestig word om te koncentreer op die Universiteit se gemeenskaplike werk met soortgelyke universiteite in die buitenland.

Die Verantwoordelikhedsentrum bestuur memorandums van verstandhouding met 'n aantal Suid-Afrikaanse navorsingsrade. Hierdie memorandums voorsien 'n raamwerk vir die vestiging van strategiese, samewerkende, projekspesifieke ooreenkoms en vir samewerking in gekeurde navorsingsterreine en ontwikkelingsinisiatiwe. Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en die Universiteit het in Oktober 2014 hulle memorandum van verstandhouding hernu. Dié memorandum wil samewerking in spesifieke voorkeurgebiede in ooreenstemming met nasionale voorkeure versterk en is van wesentlike belang vir die strategieë van die twee organisasies. Die Universiteit het tans meer as 70 sameweringsprojekte met nasionale wetenskapsrade.

Die Afrika Doktorale Akademie (ADA) is as 'n universiteitswye kapasiteitsontwikkelingsentiteit by die Nagraadse en Internasionale Kantoor geïnstitutionaliseer. Die *Carnegie Corporation* van New York het 'n toewysing van R10 miljoen goedgekeur om die ADA as 'n toonaangewende kapasiteitsontwikkelingsentiteit op die kontinent te vestig.

SKEP VAN NAVORSINGSINKOMSTE DEUR NAVORSINGSVENNOOTSKAPPE

Ons Prestasies	2013	2014
Navorsingskontrakte	R477,1 m	R585,0 m
Nasjonale Navorsingstigting/ THRIP-toekennings	R160,3 m	R198,3 m
Nasjonale Navorsingstigting/ THRIP-beurse	R11,9 m	R34,5 m
Filantropiese skenkings	R54,1 m	R61,4 m
Totaal	R703,4 m (2012: R531,5 m)	R878,9 m

Aantal suksesvolle meerjarige projekte in die onderskeie Europese Unie-raamwerkprogramme

2013

28

(FP7: 2008–2013)

2014

4

(Horizon 2020: 2014–2020)



Finansiële volhoubaarheid is van deurslaggewende belang indien die Universiteit sy posisie as die toonaangewende navorsingsinstelling in Afrika wil bly nastreef. Navorsingsinkomste word beter aangewend deur nuwe multidisiplinêre navorsingsentiteite, soos institute, te skep terwyl strategiese navorsingsvennootskappe die Universiteit help om finansieel volhoubaar te wees. Die Verantwoordelikhedsentrum is oortuig dat die Universiteit hoofsaaklik deur derdegeldstroominkomste, via kontraknavorsing, en vierdegeldstroominkomste, via filantropiese skenkings, finansieel volhoubaar sal bly.

Altesaam 775 navorsingskonakte is in 2014 geprosesseer en met addisionele inkomste van THRIP aangevul. Die werklike inkomste van navorsingskonakte was R585 miljoen. Die totale navorsingstoewysing-inkomste vanaf die Nasionale Navorsingstigting (NNS), insluitend beurse, was R233 miljoen.

Ons navorsers was in 2014 vennote in bilaterale navorsingsprojekte met ampsgenote in Suid-Amerika, Asië, Europa, Skandinawië, die VK en Afrika. Die toekennings het op net meer as R17 miljoen te staan gekom. Die Universiteit was tot 2014 ook suksesvol in 32 Europese Unie-raamwerkprojekte, waarvan sewe in die loop van 2014 toegeken is. Ander suksesvolle Europese Unie-verwante programme (*EuropeAid*-projekte en *Cost Actions*) kom neer op altesaam 21 projekte, waarvan ses in 2014 aan die US toegeken is. Dit verteenwoordig navorsingsamewerking met omtrent 210 internasionale vennote uit 60 verskillende lande.

Die verantwoordelikhedsentrum het tydens die afgelope vier jaar twee konakte ter waarde van meer as €4,8 miljoen (R64 miljoen teen die huidige koers) via the *Intra-ACP Academic Mobility Scheme* met die Europese Unie onderteken om nagraadse studente-uitruiling en navorsing in Afrika te ondersteun.

Ons het vennootskappe in vier verdere Intra-ACP-skemas, vier Edulink II-skemas, verskeie Erasmus Mundus Aksie 2-skemas en die Erasmus Mundus Aksie 3 FRINDOC-skema gevorm. Hierdie vennootskappe en netwerke het 'n vermenigvuldiger-effek ten opsigte van die voordele wat aangroei – hetsy in die vorm van studiebeurse, navorsingsgeleenthede vir personeel of nagraadse studente-inskrywings.

HANDHAWING VAN DIE NAGRAADSE STUDENTESUKSESKOERS

Ons Prestasies	2013	2014
Bruin, swart en Indiërs nagraadse studente	46,0%	46,0%
Nie-SA nagraadse studente	18,3%	17,8%
Doktorsgrade toegeken	225	234
Magistergrade toegeken	1 301	1 293

Om die Universiteit se momentum van uitnemendheid betekenisvol te ondersteun skenk die Verantwoordelikheds-

sentrum besondere aandag aan nagraadse studente-onderrig ten einde die aantal nagraadse studente van alle rassegroepes in Suid-Afrika te verhoog en deur toereikende ondersteuningsvlakke die sukses van alle nagraadse studente te verseker. In hierdie verband kan ons status in 2014 soos volg opgesom word:

- Die demografie van ons nagraadse studentekorps het grotendeels dieselfde as in 2013 gebly, met 46% bruin, swart en Indiërs-studente.
- Van die nagraadse studentekorps was 17,8% (1 802) nie-SA burgers, van wie 82,9% (1 494) van ander Afrika-lande afkomstig was.
- Altesaam 234 doktorsgrade en 1 293 magistergrade is toegeken.
- Die nagraadse vaardigheidsontwikkelingsprogram het 42 werksessies gehou wat deur 1 192 studente bygewoon is. Van hulle was 63% meestersgraadstudente, 30% doktorale kandidate en 7% honneursstudente.
- Die *New Voices in Science*-program berei PhD-graduarades voor om hul wetenskap aan die algemene publiek bekend te stel. Die topgeleenheid, naamlik die derde *New Voices in Science*-eindronde, is opgevolg met die derde uitgawe van die publikasie *New Voices in Science*, met 18 gewilde wetenskapstories wat deur PhD-kandidate geskryf is.

Die verantwoordelikhedsentrum vir Navorsing en Innovasie ondersteun die strategiese voorkeure van die Universiteit regstreeks deur ons pogings om die Universiteit se navorsingsuitnemendheid te handhaaf, toegang tot die Universiteit te verbreed en die gemeenskapsimpak te vergroot. Die Universiteit se behoefte om sosiaal relevant te bly en nuwe kennis te ontsluit vir die uitdruklike doel om gemeenskapstoestande te verbeter staan sentraal tot hierdie ondernemings.

VERSLAG VAN DIE WAARNEMENDE VISEREKTOR

(GEMEENSKAPSINTERAKSIE EN PERSONEEL)



Die Verantwoordelikhedsentrum vir Gemeenskapsinteraksie en Personeel bring uiteenlopende omgewings byeen in twee fokusareas vir interaksie: Menslike Hulpbronne, die Kampusgesondheidsdien, Regsdienste en die Institusionele MIV-kantoor ondersteun en verbeter interne, institusionele interaksie, terwyl die aktiwiteit van Gemeenskapsinteraksie, Maties Sport, die US Museum, die Woordfees en die US Koor die Universiteit se eksterne trefkrag versterk en die ontwikkeling van die gemeenskap en al sy mense bevorder.

Die saamvoeging van verskillende afdelings onder die Viserektor vir Gemeenskapsinteraksie en Personeel dra by tot die Universiteit Stellenbosch (US) se oorkoepelende doelstelling om 'beduidend anders' en 'beduidend beter' te word. Dit word bereik deur dienslewering en innovasie van hoë gehalte; bevordering van diversiteit en diensbillikheid; die implementering van kampuswywelwees-aksies; die bou van gesonde eksterne vennootskappe en verruiming van die kennissbasis; verbetering van toeganklikheid; bevordering van sportvoortreffelikheid, waaronder paralimpiese sport; en die skep van 'n diverse personeelkorps. Die samestellende omgewings ondersteun die doelstellings van versekering van samelewingsimpak en relevansie vir die instelling en lewer almal 'n noodsaklike bydrae tot die volhoubaarheid van die Universiteit as 'n instelling van wêreldgehalte en gerespekteerde kennisvennoot.

Die volgende afdeling verskaf 'n bondige opsomming van belangrike ontwikkelings in drie sleutelomgewings van die Verantwoordelikhedsentrum, naamlik Gemeenskapsinteraksie, Maties Sport en Menslike Hulpbronne, gevvolg deur 'n oorsig van die vordering wat gemaak is met die bereiking van die Verantwoordelikhedsentrum se meer spesifieke strategiese doelwitte.

BELANGRIKE ONTWIKKELINGS IN GEMEENSKAPSINTERAKSIE, MATIES SPORT EN MENSELIKE HULPBRONNE

Gemeenskapsinteraksie gaan vooruit

Die Universiteit se betrokkenheid by eksterne maatskaplike vennote het sedert die vestiging van die Afdeling Gemeenskapsinteraksie in 2006 aansienlik gegroei. Nadat hierdie Afdeling die Gemeenskapsinteraksieplan geïmplementeer het en volgens internasionale betrokkenheidsaanwysers interaksie met die burgerlike gemeenskap en die regering ingestel het, het hy ook gemeenskapsinteraksie as 'n vakkundige én 'n kapitaalbou-aktiwiteit aan die Universiteit gevestig.

Die jaar 2014 was vir die Afdeling 'n mylpaal, met sy eerste eksterne evaluering sedert sy vestiging. Die eksterne paneel, bestaande uit een internationale en twee nasionale deskundiges, het die Afdeling se vordering en prestasies geloof en vermeld dat die "werk van die Afdeling sekere terreine van die Universiteit en selfs buite die Universiteit gedeck het". Hulle het die breë omvang van projekte en programme wat oor die kernfunksies van die Universiteit strek, erken. Die paneel het ook die "toenemende klem wat deur sowel die Afdeling as die Universiteit op gemeenskapsgebaseerde navorsing geplaas word" geprys. Die aanbevelings van die paneel het die volgende ingesluit:

- aanvaarding van gemeenskaplike gemeenskapsinteraksie-terminologie oor die instelling heen;
- aanwending van die belanghebberstem;

- instelling van fakulteitsgebaseerde komitees vir gemeenskapsbetrokkenheid;
- hersiening van die Afdeling se posisionering en samestelling;
- insluiting van alle kategorieë personeel en studente by gemeenskapsbetrokke werk; en
- gebruik van dienskriteria in alle eksterne evaluerings wat by die Universiteit gedoen word.

Die evaluering en aanbevelings verskaf nou die grondslag waarop gemeenskapsinteraksie aan die Universiteit voortgesit kan word. Die Afdeling sal as antwoord hierop die begrip gemeenskapsinteraksie as institusionele betrokkenheid probeer herdefinieer (kyk Glossarium bladsy 118), wat 'n baie breër en meer inklusiewe konsep is. Institusionele betrokkenheid verwys na vennootskappe binne die Universiteit (tussen akademici, studente en steundienspersoneel) én buite die Universiteit (as dryfveer vir samewerkingsprojekte met eksterne vennote), en ons hoop dat die sosiale en verhoudingskapitaal wat op hierdie wyse gebou word wedersyd voordelige resultate oor die spektrum heen sal lewer. Die konsep stem volledig ooreen met die Universiteit se institusionele doelwitte en dien as samevatting van betrokke vakkundigheid in 'n dinamiese gemeenskap, samelewingsrelevansie, die aanwending van hoër onderwys om sleuteluitdagings in die gemeenskap die hoof te bied, funksionering as 'n maatskaplike vennoot in die breër gemeenskap, verbetering van personeel en studente se vaardighede en verantwoordelike burgerskap.



Hierdie fokusverandering sal behoorlik in en buite die Universiteit gekommunikeer moet word en oor die volgende verslagtydperk in die beleid beliggaam moet word.

Maties Sport vinnig uit die blokke met nuwe strategie

Maties Sport dra by tot die realisering van die institutionele voorkeure van inklusiwiteit, innovasie en 'n toekomsfokus deur bevordering van die holistiese ontwikkeling van student-atlete deur individuele akademiese steunprogramme, saam met geleenthede om by die breër gemeenskap betrokke te raak deur middel van sportontwikkelingsprojekte. Maties Sport moedig ook weder syds voordelige interaksie aan tussen sport en die akademiese gemeenskap van die Universiteit in al die instelling se kernaktiwiteite.

Die Sportplan 2004 is hersien in 'n toekomsgerigte poging om op die tradisie van sportsukses op Stellenbosch voort te bou en steeds sport as 'n strategiese bate vir die Universiteit te ontwikkel. Dit is nou vervang met die Padkaart tot die Toekoms 2015–2019, 'n sakeplan met 'n finansiële strategie. Die Rektor se Bestuurspan het in 2014 hierdie plan aanvaar, R10 miljoen vir die uitvoering daarvan gereserveer en reeds R6 miljoen vir 2015 bewillig. Dit sal die nastrewing van agt strategiese doelstellings vir sport moontlik maak deur Maties Sport se vyf instaatstellende eenhede: die Hoëprestasiesporteenheid, die Sentrum vir Menslike Prestasiewetenskappe, die Eenheid vir Ontspanning en 'n Aktiewe Lewenstyl, die Eenheid vir Geleenthede en Kommunikasie, en die Gesondheid- en Fiksheidssentrum by Coetzenburg. Die volhoubaarheid van die nuwe sportplan word verseker deur oor-en-weer-subsidiëring en 'n nuwe menslikehulpbronnestrategie wat gerig is op die werwing en behoud van topdeskundiges in sportbestuur, -wetenskap en -afrigting.

Maties Sport het ook in 2014 'n eerste in universiteitsport in Suid-Afrika daargestel deur die pos Hoofdirekteur: Sport te skep. Me Ilhaam Groenewald is die eerste posbekleer en word ondersteun deur 'n nuut saamgestelde adviesraad van alumni en glansryke sake- en sportmense.

Menslike Hulpbronne

Die afsterwe van prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit, het in middel-2014 die plaaslike en internasionale gemeenskap geskok. Met die ontvangs van hierdie ontstellende nuus was dit van die uiterste belang dat die voortdurende stabiliteit van die Universiteit verseker moes word en prof Leopoldt van Huyssteen, die Universiteit se Bedryfshoof, is as waarnemende Rektor en Visekanselier aangestel. 'n Werwingsaksie waarmee kort daarna begin is, het gelei tot die aanstelling van prof Wim de Villiers as die nuwe Rektor. Hy sal op 1 April 2015 die amp aanvaar.

Die Universiteit moes ook in 2014 die vervanging van 'n paar seniorvlak-personeel hanteer na die aftrede van die Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur en die Senior Direkteur: Informasietegnologie en die bedanking van die Senior Direkteur: Bemarking en Kommunikasie. Die 2014-personeelvlakte kon oor die algemeen, in die lig van die voorvereiste van volhoubare bekostigbaarheid, as toereikend beskou word. Soos die geval by soortgelyke instellings is, het die Universiteit ook steeds beduidende uitdagings ervaar met die trek van akademici in studievelde soos ingenieurswese, wat duur en intensiewe strategiese werwingsaksies genoodsaak het. Die Viserektor

(Gemeenskapsinteraksie en Personeel), prof Julian Smith, het ook gedurende die verslagjaar sabbatsverlof geneem en prof Mohammad Karaan het in sy plek waargeneem.

BEREKING VAN ONS DOELWITTE EN BESTUUR VAN RISIKO'S

Vestiging van landelike platforms

Landelike uitreiking om die Universiteit se reikwydte en relevansie te vergroot

Die US het in 2012 'n kampus in die plattelandse dorp, Worcester, omtrent 50 km van die hoofkampus op Stellenbosch, gevestig. Dit dien as 'n prototipe van die landelike platform, waar die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe 'n Landelike Kliniese Skool met sy middelpunt in Worcester en die speke daarvan in verskillende dorpe in die Kaapse Wynland- en Overberggebiede gevestig het. Hierdie kampus verskaf nou die geleenthed vir ander fakulteite om oor dissiplinengrense heen saam te werk, soos die fakulteite Ingenieurswese, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid en Teologie inderdaad begin doen het.

In 2014 is 'n memorandum van verstandhouding onderteken tussen die Universiteit en die Munisipaliteit Saldanhabaai aan die Kaapse Weskus, in wie se regsgebied die Universiteit se Militêre Akademie geleë is. Hierdie memorandum dien as basis vir toekomstige samewerking met die munisipaliteit en ander maatskaplike vennote in die gebied, sowel as met ander fakulteite aan die Universiteit Stellenbosch.

Risiko's eie aan landelike platforms is inherent in die verhoudings tussen US-personeel en -studente aan die een kant en vennootorganisasies en gemeenskappe aan die ander kant. In Worcester het ons hierdie risiko's getemper deur 'n permanente, fisiese teenwoordigheid te vestig en deur inklusiewe kommunikasie- en koördineringsstrukture te skep.

Bevordering van betrokke vakkundigheid

Uitbreek uit die ivoortoring – 'n wetenskaplike en gemeenskapsbenadering

In die verslagjaar is 'n struktuur vir interaksie tussen navorsers en gemeenskapsorganisasies in die Universiteit se gemeenskapsinteraksie-kennisnetwerk geskep. Die navorsingsbehoeftes van gemeenskapsorganisasies word elektronies gepos en Universiteitsnavorsers word uitgenooi om daarop te reageer, terwyl die Afdeling Gemeenskapsinteraksie waar moontlik aansporings verskaf.

Gemeenskapsinteraksie het ook in die verslagjaar verskeie Stellenbosse akademici se deelname aan en aanbiedings by nasionale en internasionale konferensies bevorder, onder andere by die *International Symposium on Service Learning* en die *Talloires Global Leaders' Conference*.

Die plaaslike reëlingskomitee vir die 2014 *Talloires Global Leaders' Conference* met die tema "Lewende betrokkenheid verander lewens" het bestaan uit lede van die *Cape Higher Education Consortium*, met 'n Universiteit-verteenwoordiger as voorsitter. Die konferensie het afgevaardigdes van 134 lidinstellings uit meer as 40 lande – hoofsaaklik presidente, rektore en visekanseliers – byeengebring. Daar word verwag dat die sake wat in die konferensie se aksie-oproep vermeld is 'n wesentlike invloed sal hê op die internasionale agenda vir gemeenskapsuniversiteitsbetrokkenheid in die toekoms. Die Universiteit is by die laaste konferensiesitting geloof vir sy deurslaggewende rol in die sukses van hierdie



internasionale geleentheid en vir sy leierskap in betrokke vakkundigheid.

Die Institutionele MIV-kantoor het, as sy bydrae tot groter betrokkenheid, tien kortkursusse aangebied en sodoende gevorderde MIV-opleiding toeganklik gemaak vir die Universiteit se eie studente en personeel sowel as vir die korporatiewe sektor en nieregeringsorganisasies. Die toenemende gewildheid van semester- en somerskoolkursusse vir internasionale studente het die derdegeldstroominkomste voorsien wat nodig was om MIV-verwante opleiding en institutionele programme te befonds.

Verbreding van toegang en skep van ontwikkelingsgeleenthede

Oopgooi van hoër onderwys se deure

In 2014 het Gemeenskapsinteraksie in oorleg met die Sentrum vir Voornemende Studente en die Universiteit Stellenbosch se Sentrum van Pedagogie (SUNSEP) as gasheer vir twee Universiteit Stellenbosch Skolevennootskapforums opgetree. Hierdie geleenthede het belangrike institutionele koördinering en strategiese leiding verskaf aan die Universiteit se akademiese en steundienspersoneel wat by skoolprojekte en -programme betrokke is. Die Afdeling het toegang tot Universiteitshulpbronne en -fasiliteite verder verruim vir gemeenskapsvennote met die gesamentlike viering van nasionale dae, soos Erfenisdag en ander spesiale geleenthede. Hierbenewens het Gemeenskapsinteraksie in 2014 weer twee wetenskap-en-gemeenskap-geleenthede aangebied. Dit is daarop gemik om wetenskap meer gewild te maak. Een van die geleenthede het hoëskoolleerders en akademiese presteerders van die Universiteit uitgesonder, terwyl die ander 'n plaaslike netwerk teen dwelmmisbruik en Stellenbosch-navorsers in dié verband behels het.

Die Universiteit Stellenbosch Woordfees is 'n viering van diversiteit deur die geskrewe en gesproke woord in Afrikaans. Sedert sy ontstaan in 2003 as 'n bemagtigingsinisiatiief wat op skoolleerders gerig is, het Woorde open Wêrelde (WOW) die lewens van meer as 180 000 mense aangeraak. Hierdie projek om gemeenskapsontwikkeling te bevorder het in 2014 voortgegaan. Leerders word deur kreatiewe programme wat taal bevorder gesensitiseer vir geleenthede rondom hulle, wat as basis vir sukses in alle skoolvakke dien. WOW se ruim Universiteitstudiebeurse dien as verdere bydrae tot ruimer toegang. 'n Nuwe voorstitter is vir die advieskomitee aangestel en die fees het 'n nuwe direkteur, Saartjie Botha, wat die stigtingsdirekteur, prof Dorothea van Zyl, opgevolg het. Om finansiële volhoubaarheid van die Woordfees binne drie jaar te verseker sal nuwe inkomstestrome geaktiveer word en aantreklike pakkette vir bestaande en nuwe borge geskep word.

Die US Museum het, met ruim befondsing van die Nasionale Kunsteraad, 'n program bekendgestel waardeur huisende minder bevoorregte leerders die Museum sal besoek, waardeur breër toegang tot die visuele kunste geskep word. Die aanvraag vir die gebruik van die Museum as 'n plek waar geleenthede aangebied word het ook geleidelik toegeneem. In die verslagjaar is hierdie fasilitet vir 40 geleenthede en 17 497 besoekers gebruik. Die Sasol Nuwe Handtekening-uitstalling, wat wenners van hierdie nasionale kompetisie vertoon het, en twee uitstellings

oor Nelson Mandela in samewerking met die Nelson Mandela Gedenksentrum is 'n paar van dié geleenthede. Die Museum het ook, as deel van die Nasionale Fotografiemaand, drie fotografie-uitstallings aangebied.

Die Stellenbosse Universiteitskoor het aan die Wêreldkoorspele in Riga, Letland, deelgeneem en het as wêreldkampioene in al drie kategorieë waarin hulle deelgeneem het teruggekom. Hulle het in die kategorie religieuze musiek die hoogste punte wat nog ooit by die Wêreldkoorspele toegeken is verwerf en het toe verder gegaan en in die gemengde koor op hierdie punt verbeter. Die US Koor dien as platform vir die koorlede om hul eie potensiaal en talente te ontdek en bied internasionale blootstelling aan baie studente wat nie andersins die geleentheid sou kry nie.

Kapasiteitsbou vir ervaringsleer en steun om graduandi-eienskappe te ontwikkel

'Leer deur te doen' om afgeronde burgers en goed toegeruste leiers te word

Gemeenskapsinteraksie het in 2014 weer 'n kredietdraende program in diensleer en gemeenskapsbetrokkenheid aangebied ten einde akademiese personeel se kapasiteit te bou om die Universiteit se kenmerkende eienskappe in gegradeerde te ontwikkel, en samewerkende navorsing deur hul onderrig te bevorder. Hierbenewens het personeel van die Afdeling gedoseer in formele professionele programme, soos die Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys en die Magistergraad in Hoër Onderwys, en persoonlike en elektroniese steun verleen aan akademiese personeel wat hulle vaardighede in betrokke onderrig wou verbeter.

Wat studentekapasiteitsbou betref is die kredietdraende kortkursus Leierskap deur Gemeenskapsinteraksie, wat op studenteleier-vrywilligers gerig is, weer in die verslagjaar deur Matie Gemeenskapsdiens aangebied in oorleg met die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskap. As 'n gestruktureerde buite-die-klas-leerervaring en deel van die ko-kurrikulum dra die studentevrywilligersdiens by tot die ontwikkeling van die gewenste Stellenbosse gegradeerde-eienskappe en dit sal ook in die toekoms aangemoedig word.

Bestuur van spesifieke kategorieë van vennootskappe

Vennootskapvorming met die gemeenskap – van suksesvol tot beduidend

Die Universiteit het in die afgelope jaar deur die Verantwoordelikhedsentrum vir Gemeenskapsinteraksie en Personeel steeds memorandums van verstandhouding met die munisipaliteite van Stellenbosch, Drakenstein, Hessekwa en Saldanhabaai gehandhaaf. Die meeste hiervan is gerig op die bevordering van volhoubare ontwikkeling om daardeur armoede te verlig en die lewenstoestande van mense te verbeter, soos die Drakenstein Volhoubaarheid- en Leerinitiatief-vennootskap en die Hessekwa Volhoubare Waterbestuur-samewerkingsinisiatiief. Die Universiteit is ook deel van sulke memorandums met die Stad Kaapstad en die Wes-Kaapse Proviniale Regering deur sy lidmaatskap van die *Cape Higher Education Consortium (CHEC)*. Aangesien al hierdie memorandums van verstandhouding 'n breë bestek het, is die spesifieke gesamentlike projekte wat hulle reguleer geneig om van tyd tot tyd te verander. Die vennootskappe met die Munisipaliteit Stellenbosch, die Stad Kaapstad en die Wes-Kaapse Proviniale Regering word deur



spesifieke aksieplanne beheer, wat as model vir die ander memorandums dien. Die memorandums word deur gereelde kontak en hoëvlak-vergaderings in stand gehou.

Gemeenskapsinteraksie-personeel soek aktief na potensiële nuwe kennisvennootskappe binne en buite die Universiteit, en om vir Universiteitsakademici en -studente geleenthede vir navorsing, befondsing en internskappe te identifiseer.

Trots op sy nuwe korporatiewe handelsmerk, het die US Museum ook in die verslagjaar strategiese vennootskappe met verskeie organisasies gevëstig. Die nuwe Museumdirekteur, mnr Bongani Mgijima, het in Februarie 2014 die pos aanvaar nadat sy voorganger, dr Lydia de Waal, aan die end van 2013 afgetree het. Hy is deur die Nelson Mandela Stigting genooi om aan internasionale gesprekvoering in Kambodja en Duitsland mee te doen en deel te neem aan die studietoer oor gedenkwaardige kulture in Duitsland wat deur die Bosch-stigting geborg is. Die Museum het ook met die Duitse en Amerikaanse konsulate in Kaapstad vennootskappe gesmee en in verbinding getree met die Michigan State Universiteitsmuseum, saam met wie 'n gemeenskaplike befondsingsvoorstel aan die regering van die Verenigde State voorgelê is vir die implementering van koöperatiewe projekte. Strategiese betrokkenheid by die Nelson Mandela Stigting en die Nelson Mandela Museum is verder versterk, terwyl die Museum ook met 'n aantal uitstallings deelgeneem het aan die Erfenisprojek onder leiding van die Munisipaliteit Stellenbosch en die Universiteit. Die uitstallings is goed bygewoon. 'n Omvattende Museum-sakeplan is ook onder die toesig van mnr Mgijima saamgestel, wat in die toekoms selfs meer vennootskappe sal fasiliteer. Die plan stem ooreen met die Universiteit se Institusionele Voorneme en Strategie, is deur die Universiteitsbestuur goedgekeur en is nou in die uitvoeringsfase.

Risiko's wat kenmerkend is van vennootskappe sluit die

handhawing van effektiewe koördinasie, monitering en evaluering, en die versekering van wedersydse voordeel in. Hierdie risiko's word getemper deur die skedulering van gereelde vergaderings vir 'n spesifieke jaar in die voorafgaande jaar, identifisering van fokusareas vir vennootskappe, die opstel van spesifieke aksieplanne en monitering van vordering hierteenoor, soos ons in ons vennootskappe met die Stad Kaapstad en die Wes-Kaap provinsie gedoen het.

Toevoeging tot ons waardeproposisie deur 'n beter personeelkorps Regsdienstepersoneel geloof vir interne bemagtigingsfunksie

Die Afdeling Regsdienste het in 2014 vir die eerste maal 'n gehaltebeoordeling, waaronder ook 'n eksterne evaluering, ondergaan. Dit het die Afdeling se suksesvolle hantering van kontrakte en ander regswerk binne sy bekwaamheidsgrense bevestig. Hierdie werk raak steeds meer omvangryk en gekompliseerd. 'n Besondere mylpaal in 2014 was die publikasie van die aanlyn-gebruikersgids tot die Verbruikersbeskermingswet. Dié gids, wat veral op die Universiteitsomgewing gerig is, versterk bewustheid van wetgewende voorskrifte wat op die Universiteit van toepassing is en die aktiwiteite en kliënte daarvan en bemagtig daardeur Universiteitspersoneel om altyd binne die perke van die reg te bly in die uitvoering van hul pligte. Meer inisiatiewe van hierdie aard is egter nodig om instellingswye nakoming van die wet te verseker. Daar is ook in die evalueringsverslag aanbeveel dat die vestiging van 'n nakomingsfunksie oorweeg moet word.

Verbetering van personeeldiversiteit

Met beter personeeldiversiteit as 'n integrale element van die Universiteit se Institusionele Voorneme en Strategie, het die instelling vir hom 'n reeks billikhedsteikens gestel. Bevredigende vordering is oor die algemeen in die verslagjaar met billikhedsdoelwitte gemaak, soos uit die volgende tabel blyk.

TABEL 6: DIENSBILLIKHEIDSPROFIEL VAN AKADEMIESE PERSONEEL AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH, 2014

Fakulteit				Buiteland					Percentasies (%)			
	Swart	Wit	Totaal	Afrika	Ander	Totaal	Groot-totaal	Gestremd	Swart	Wit	Buite-lands	Gestremd
AgriWetenskappe	15	76	91	5	11	16	107	1	14%	71%	15%	1%
Ekonomiese en Bestuursweten-skappe	26	220	246	7	6	13	259	1	10%	85%	5%	0%
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	65	175	240	12	10	22	262	1	25%	67%	8%	0%
Ingenieurswese	6	114	120	7	8	15	135	1	4%	84%	11%	1%
Krygskunde	1	-	1	-	-	-	1	-	100%	0%	0%	0%
Lettere en Sosiale Wetenskappe	55	225	280	8	19	27	307	-	18%	73%	9%	0%
Natuurwetenskappe	29	128	157	14	35	49	206	-	14%	62%	24%	0%
Opvoedkunde	24	26	50	-	-	-	50	1	48%	52%	0%	2%
Regsgeleerdheid	8	40	48	1	2	3	51	-	16%	78%	6%	0%
Teologie	8	18	26	-	-	-	26	-	31%	69%	0%	0%
Totaal	237	1 022	1 259	54	91	145	1 404	5	17%	73%	10%	0%

TABEL 7: DIENSBILLIKHEIDSPROFIEL VAN UITVOERENDE EN NIEAKADEMIESE PERSONEEL AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH, 2014

Fakulteit of Afdeling				Buitelands						Percentasies (%)			
	Swart	Wit	Totaal	Afrika	Ander	Totaal	Groot-totaal	Gestremd	Swart	Wit	Buitelands	Gestremd	
AgriWetenskappe	88	66	154	–	1	1	155	1	57%	43%	1%	1%	
Bedryfshoof	238	143	381	–	–	–	381	1	62%	38%	0%	0%	
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	67	66	133	–	–	–	133	–	50%	50%	0%	0%	
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	387	247	634	9	12	21	655	2	59%	38%	3%	0%	
Ingenieurswese	88	99	187	17	2	19	206	–	43%	48%	9%	0%	
Krygskunde	1	2	3	–	–	–	3	–	33%	67%	0%	0%	
Lettere en Sosiale Wetenskappe	59	150	209	4	2	6	215	–	27%	70%	3%	0%	
Natuurwetenskappe	87	103	190	4	6	10	200	–	44%	52%	5%	0%	
Opvoedkunde	35	29	64	3	–	3	67	–	52%	43%	4%	0%	
Rektor	4	2	6	–	–	–	6	–	67%	33%	0%	0%	
Regsgeleerdheid	17	34	51	–	–	–	51	–	33%	67%	0%	0%	
Sentrum vir Inklusiwiteit	1	–	1	–	–	–	1	–	100%	0%	0%	0%	
Teologie	9	9	18	–	–	–	18	–	50%	50%	0%	0%	
Viserektor (Gemeenskaps-interaksie en Personeel)	128	111	239	3	1	4	243	3	53%	46%	2%	1%	
Viserektor (Leer en Onderrig)	125	151	276	–	–	–	276	2	45%	55%	0%	1%	
Viserektor (Navorsing en Innovasie)	144	173	317	4	–	4	321	2	45%	54%	1%	1%	
Groototal	1 478	1 385	2 863	44	24	68	2 931	11	50%	47%	2%	0%	

'n Spesifieke risiko in hierdie verband bly egter die relatief stadige tempo waar teen billike verteenwoordiging op uitvoerendebestuurs- en senior akademiese vlak bereik word. Dit geniet aandag – en sal steeds aandag ontvang – met behulp van beleidsinstrumente soos die Universiteit se Kode vir Bestuurspraktyke en die Geïntegreerde en Uitgebreide Menslikehulpbronplanne, sowel as strategiese werwingsinisiatiewe ten opsigte van alle senior akademiese en administratiewe vakatures. 'n Spesiale projek wat fokus op die loopbaanvoorraad van vrouewerknemers by die Universiteit is ook bekendgestel.

Personnel- en studentegesondheid

In die loop van 2014 het kliniese personeel van die Kampusgesondheidsdiens 29 874 pasiënte, waaronder personeel en studente, behandel. Ook op die terrein van gesondheid bied die Institusionele MIV-kantoor 'n sentrale kontakpunt vir omvattende MIV-verwante voorkoming en samewerking. Die leierskapskursus vir personeel is byvoorbeeld nie net op die menslike immuungebreksvirus (MIV), ongeskiktheid en gendersake gerig nie, maar ook op transformasie, diversiteit en geslagsverskeidenheid. In 2014 is hierdie kursus deur die institusionele eenhede vir Ongeskiktheid, MIV en Inklusiwiteit aangebied en het dit 38 personeellede bereik. 'n Soortgelyke kortkursus in maatskaplike geregtegheid het 63 studente bereik. Die sosiale

media-plataforms Facebook en Twitter word ook gebruik om interaktiewe gesprekvoering in dié verband aan te moedig; 991 personeellede en studente het oor die afgelope jaar entoesiasies hieraan meegedoen. Hierbenewens het die Universiteit weer 'n rekordgetal studente vir MIV getoets deur die implementering van die jaarlikse Departement van Gesondheid en HEAIDS (Hoër Onderwys MIV/vigs-program) se *First-Things-First-toetsveldtag*, wat sy eie 2013-syfer geklop het en fluks vorder na die nasionale teikens. Die MIV-kantoor het ook in 2014 begin met 'n instap-toetsdiens vir studente en personeel by sy kantoor, wat die getal getoetste persone altesaam op 2 758 te staan bring. Kondoornverspreiding is uitgebrei om sowel manlike en vroulike kondome as smeermiddels by 'n groter aantal verspreidingspunte in te sluit.



VERSLAG INSAKE RISIKOBLOOTSTELLING, -EVALUERING EN -BESTUUR

Oor die afgelope vyf jaar het die Universiteit Stellenbosch risikobestuur tot 'n kernkomponent van korporatiewe oorsig ontwikkel. In 2009 is 'n verankerde risikobestuursprogram aanvaar wat beteken dat risiko's in alle afdelings identifiseer en sover moontlik daar waar dit ontstaan, bestuur word. Dié program, wat verder oor die jare verfyn is, is in 2013 aan 'n interne audit onderwerp. Voorstelle voortspruitend uit hierdie audit is in 2014 in die Universiteit se risikobestuursprogram opgeneem en 'n opvolgaudit word in die vooruitsig gestel. 'n Risikobestuursbeleid- en Raamwerk vir die Universiteit word tans gefinaliseer en ons risiko-assessering word verfyn.

Institutionele bestuursprosesse word onderstut deur risikobestuur deurdat risiko's deurlopend in die Universiteit se elektroniese risikoregister vasgelê word vir bestuursoorsig. Risiko's wat institutionele bestuursoorsig verg, word na die Risikobestuurskomitee verwys en daarna na die Rektor se Bestuurspan. Die risikoregister dien as bylaag tot die Rektor se risikobestuursverslag wat by die Universiteitsraad se Audit- en Risikokomitee dien (kyk bladsy 10 en 80).

BLOOTSTELLING AAN EKSTERNE RISIKO'S

In die verslagjaar het die Risikobestuurskomitee ook begin om eksterne risiko's wat die Universiteit se kernfunksies kan raak, in ag te neem. Die risiko's vir onderwys en opleiding soos uitgewys deur die Wêreld Ekonomiese Forum is kortliks die volgende:

- Al hoe meer gegradeerde verlaat universiteite met buitengewoon hoog vlakke skuld.
- Dit raak al hoe meer algemeen dat jong gegradeerde werk aanvaar waarvoor hulle oorgekwalifieer is.
- Studente wat 'n tersiêre kwalifikasie as 'n hoërisikobelegging beskou, sal net studeer indien hul familie oor die finansiële vermoëns daarvoor beskik. Die verwerving van kwalifikasies om ongelykheid teen te werk, word derhalwe deur kostedruk belemmer.
- Gegradeerde wat nie werk kry om hul studieskuld te delg nie, kan nie vir hul toekoms spaar nie.
- Die vinnige ontwikkeling van tegnologie maak tersiêre opleiding deur die internet en ander tegnologiese hulpbronne meer gesog. Dit plaas opleiding buite die konteks van residensiële universiteite.

- Daar is toenemend 'n verwagting dat universiteite 'n bydrae moet maak om die gaping tussen skool en indiensneming te laat krimp deur die aanpassing van programme en die relevansie van programinhoude.

DIE BESTUUR VAN INTERNE STRATEGIESE RISIKO'S

Die institusionele risiko's met die hoogste blootstellingsvlakte word sesmaandeliks in oënskou geneem. Operasionele risiko's word sover sinvol aan die Universiteit se strategiese prioriteite gekoppel en aan 'n verantwoordelikhedsentrum toegewys. Om blootstelling aan hierdie risiko's te verminder word hulle oor die medium tot lang termyn strategies bestuur tot 'n aanvaarbare toleransievlek. Die Universiteit Stellenbosch se hoëorde-risiko's en die maatreëls wat ons getref het om hulle te bestuur word in die tabel regs saamgevat. Vir meer oor finansiële risiko's, kyk na ons Finansiële Verslag bladsy 111.

Prof L van Huyssteen
Vorsitter van die Risikobestuurskomitee



RISIKOBESTUUR VOLGENS ONS STRATEGIESE PRORITEITE

Strategiese Prioriteit	Risiko	Ons Reaksie	Verantwoordelikheidsentrum
Verbreding van Toegang	Te min ruimte op kampus om fasiliteite uit te brei*	Verdigting in bestaande ruimtes deur kleiner of oopplankantore	Bedryfshoof
	Lesingsaalkapasiteit* is onvoldoende vir studentetal	Ontwerp van 'n nuwe sentrum vir leer en onderrig Fondswerwing vir die bou van die fasiliteit	Bedryfshoof Leer en Onderrig
	Stadige pas van institutionele transformasie	Omskakeling van die Sentrum vir Inklusiwiteit tot 'n universiteitswyse projek	Gemeenskapsinteraksie en Personeel
		Bestuur van inskrywings- en diversiteitsteikens Uitbou van beursleningsprogramme Bevordering van multikulturaliteit deur gestructureerde opleidingsgeleenthede in verskillende studentegemeenskappe (klusters, koshuise, LLL-huise en PSO-wyke)	Leer en Onderrig Transformasieverslag
		Ontwikkeling van jong bruin, swart en Indiërvnavorsers deur verskeie inisiatiewe	Navorsing en Innovasie Transformasieverslag
Momentum van Uitnemendheid	Volhoubare instandhouding van fisiese fasiliteite en inhaal-instandhouding*	Verhoging van hoofbegroting vir instandhouding Aanwys van 'n subkomitee uit die Audit- en Risikokomitee om befondsing van inhaalinstandhouding te ondersoek	Bedryfshoof
	Swaar las op steudienste	Sistemiese en geïntegreerde oplossings volgens die sakeplanne van die betrokke afdelings, wat berus op die Institutionele Voorname en Strategie, word in samewerking met Menslike Hulpbronne ondersoek Tussentydse bekostiging van noodsaaklike kapasiteit uit die strategiese fonds	Gemeenskapsinteraksie en Personeel
	Ontoereikende IT-kundigheid	Organisasiestruktuurondersoek oor bemanningsvlakte, rolverdelings en funksies Aanstelling van nuwe Senior Direkteur met ervaring van Kuali-stelsels as omgewingshoof Bevordering van spesialisasie deur organisatoriese veranderings op direkteursvlak Uitbreiding van kapasiteit vir ontwikkeling van eie stelsels	Navorsing en Innovasie
Impak op Samelewing	Toenemende blootstelling aanveral geweldsmisdaad	Verbetering van sekuriteitsmaatreëls ten bedrae van R2,2 miljoen per jaar Toepassing van omvattende voorkomende en reaktiewe sekuriteitstrategie met sigbare patrollies, samewerking met eksterne vennote en bewusmaking van kampusgemeenskap	Bedryfshoof
	Volhoubaarheidsrisiko vir korporatiewe entiteite en ander sentrus*	Bewilliging van R1,9 miljoen uit strategiese fonds vir Woordfees Aanstelling van nuwe Woordfees-bestuur en uitbreiding van advieskomitee Uitbreiding van Veiligheidsstudies by die Fakulteit Krygskunde Werwing van eksterne fondse vir die volhoubare bedryf van die Regshulpkliniek as gemeenskapsinisiatief	Gemeenskapsinteraksie en Personeel
Nakoming	Ontoereikende belegging in sport	Aanstelling van nuwe Hoofdirekteur om Maties Sport as strategiese bate uit te bou Aanvaarding van 'n nuwe sportplan waarby 'n sakeplan en sportstrategie ingesluit is Reservering van R10 miljoen vir die uitvoering van die Sportplan, waarvan R6 miljoen vir 2015 bewillig is Instelling van 'n adviesraad vir sport	Gemeenskapsinteraksie en Personeel
	Brandgevaar in publieke areas	Regstelling van gevaaarlike bedragting en brandalarmstelsel by die HB Thom-teater Befondingsversoek aan die Universiteitsraad vir verdere verbeterings om diensonderbreking te verminder	Bedryfshoof
	Wetlike voldoening aan PoPI (Protecting of Personal Information Act)	Inwerkingstelling van voorstelle uit die verslag oor die eksterne evaluasie van Regsdienste	Gemeenskapsinteraksie en Personeel

WAARDES



* Hierdie risiko's het 'n invloed op ons sistemiese volhoubaarheid.



FAKULTEITS- VERSLAE

Die kernbesigheid van die Universiteit Stellenbosch word deur ons 10 fakulteite uitgevoer. Gesamentlik behels hierdie kernbesigheid leer en onderrig, navorsing en innovasie, en gemeenskapsinteraksie.

Ons kernbesigheid lewer voordele uitkomste soos volg:

- die besigheid van leer en onderrig lewer akademies gekwalfiseerde studente wat toegerus is vir die werkswêreld;
- die besigheid van navorsing en innovasie genereer nuwe kennis wat noodsaaklik is vir die vooruitgang van die mensdom; en
- die besigheid van gemeenskapsinteraksie vergemaklik die praktiese tweerigting deel van kennis met die gemeenskap.

Agt van ons Universiteit se 10 fakulteite is op die hoofkampus op Stellenbosch geleë, naamlik AgriWetenskappe, Ingenieurswese, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie en die grootste deel van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Die res van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is op die Bellvilleparkkampus geleë in die vorm van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool en die USB Bestuursontwikkeling Beperk. Die oorblywende twee fakulteite is die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe op die Tygerbergkampus en die Fakulteit Krygskunde by die kusdorp Saldanhabaai. Nadere besonderhede oor hierdie fakulteite is op die Universiteit se webwerf www.sun.ac.za beskikbaar.





FAKULTEIT AGRIWETENSKAPPE



Die Fakulteit het voortgebou op die suksesse van voorafgaande jare ten opsigte van gehalteonderrig, toegepaste navorsing in landbouwetenskappe en ander bydraes op verwante terreine.

Goeie vordering is gemaak met die vernuwing van voorgraadse onderrigprogramme in onder meer plant- en grondwetenskappe, dierreproduksiestelsels en bosbou en houtwetenskappe. Programme in vakke soos landbou-economie en wingerd- en wynkunde sal in 2015 hersien word. Ons het nuwe kennismarkte betree met die instelling van nuwe MSc-programme in volhoubare landbou en voedselsekuriteit, nagraadse diplomas in onder meer akwakultuur, veekunde en wingerdkunde, en vyf kortkursusse.

Die toeganklikheid van onderrigprogramme is verbreed met die instelling van parallelmedium-onderrig en tolkdienste in modules soos Biometrie, Genetika, Veekunde en Voedselwetenskap. Akademiese steun aan ons studente is uitgebrei danksy mentor- en tutorprogramme, asook finansiële steun in die vorm van beurse en lenings (R19,9 miljoen). Dit het bygedra tot 'n volgehoue verbetering in studentesukses en 'n voorgraadse slaagkoers van 80%.

Die volgehoue toename in die getal PhD- en magistergraad-graduati is die resultaat van 'n sterk fokus op nagraadse studie. Die instelling van 'n gestructureerde induksieprogram vir nuwe nagraadse studente tesame met verskerpte studieleiding en monitoring het studiesuksesse beduidend verbeter. Studentegetalte het 'n geringe toename getoon tot 1 337 voorgraadse en 477 nagraadse studente, met bruin, swart en Indiërs-studente wat onderskeidelik 24,4% en 36% hiervan uitmaak. Die sterk toename in nagraadse studente uit ander Afrikalande is tekenend van die Fakulteit se status en betrokkenheid op die kontinent. So bied 'n spesifieke initiatief aan vyf PhD-kandidaate vanuit die *Regional Universities Forum for Capacity Building in Agriculture* (RUFORM) 'n studiegeleentheid. Die Fakulteit se navorsingsprofiel is uitgebou danksy die steun van nywerheidsliggame en die regering. Afgesien van vier bestaande SARCHI-leerstoele – in naoestegnologie, plantbiotecnologie, vleiswetenskap en wynbiotecnologie – is twee verdere leerstoele in agronomie en hortologie ingestel. Elf navorsingsgenote en verskeie buitengewone dosente en navorsers is aangestel. Vier kandidate vanuit die Fakulteit (prof M Samways, L Hoffman, L Opara en J Kossmann) is benoem as deel van 'n groep van 33 uitgelese professore aan die Universiteit.

Ons navorsingsuitsette toon volgehoue verbetering, met belangrike bydraes wat veral uit bewaringsekologie, biotecnologie, voedselwetenskap, hortologie, veekundige wetenskappe en plantpatologie gemaak is. Klem word geplaas op die bevordering van navorsingsuitsette, innovasie en tegnologie-oordrag. So was ons personeel betrokke by die aanbied van twee internasionale konferensies onder die vael van professionele verenigings.

Die Fakulteit het spesifieke inisiatiewe geloods om jong, talentvolle akademici aan te stel as deel van die US Legacy- en die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se navorsingsloopbaan-bevorderingsprogramme. Aanstellings is onder meer in agronomie, wingerd- en wynkunde, genetika en voedselwetenskap gedoen. Interdissiplinêre inisiatiewe is van stapel gestuur, waaronder die nuwe MSc-graad in Volhoubare Landbou en deelname aan die Sentrum vir Uitnemendheid in Voedselsekuriteit.

Vennootskappe is verstewig met die sluit van aanvullende ooreenkoms. Hierby inbegrepe is bände met die industrie (insluitend die Proteïennavorsingstrust, HORTGRO Science, Agricol en CRI), die openbare sektor (insluitend die Departemente van Wetenskap en Tegnologie, Handel en Nywerheid, Landbou, Bosbou en Visserye, asook die Landbounavorsingsraad), ander nasionale instellings (soos die Universiteite van Pretoria, Fort Hare, Limpopo en Wes-Kaapland en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad) en internasionale instansies (die *Katholieke Universiteit Leuven*, asook die Universiteite van Ghent, Wageningen en Hohenheim). Die samewerkingsooreenkoms tussen die US en die Landbounavorsingsraad oor die optimale benutting van skaars vaardighede, fasilitete en toerusting verdien spesiale melding.

Gemeenskapsinteraksie-inisiatiewe het vermeerder tot 37 projekte in 2014, waarvan verskeie 'n direkte bydrae tot landelike ontwikkeling en ekonomiese bemagtiging lewer. Ons strategiese verbintenis met die Elsenburg Landboukollege is verbreed ten opsigte van administratiewe en akademiese steudienste en uitwisseling. Daarby bly samewerking met die Wes-Kaapse Departement van Landbou 'n prioriteit.

Vooruitgang is gemaak om die Fakulteit se sigbaarheid en bydrae in die breë gemeenskap te verhoog. Dit sluit inisiatiewe soos die die kwartaallikse nuusbrief, gereelde populêre publikasies, bedryfskakelings, werkswinkels en ope dae, alumnibyeenkomste en die gewilde AgriWetenskappe-gholfdag in. Die instelling van die Prof Daan Strydom-beursfonds in Hortologie was 'n bepaalde hoogtepunt. Studentewerwing geniet volgehoue aandag deur skoolbesoek, loopbaanuitstallings, werkswinkels vir landbou-onderwysers, *AgriScience@Maties*-programme en die Eqstra- en US-werwingsbeursprojekte.

Die Fakulteit is tans goed geposisioneer om aan te pas by 'n vinnig veranderende institusionele en eksterne omgewing, om te reageer op geleenthede en om op 'n volhoubare en innoverende wyse 'n bydrae tot toekomsgerigte uitdagings te lewer.

Prof Danie Brink
Waarnemende Dekaan: Fakulteit AgriWetenskappe

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE



Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het in 2014 beduidende bydraes gelewer tot die verbreding van toegang, behoud van die momentum van uitnemendheid en bevordering van die impak op die samelewing – die drie kernterreine van die *Universiteit Stellenbosch Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018*. Die Fakulteit se leierskap is die afgelope jaar verstewig met die aanstelling van proff. Stan du Plessis as dekaan, Christo Boshoff as visedekaan (navorsing) en Piet Naudé as direkteur van die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB).

Verskeie inisiatiewe is daarop ingestel om toegang te verbreed, waaronder die uitbreiding van die taalaanbod sodat alle voorgraadse modules teen 2016 in Afrikaans of Engels (parallelmediumonderrig) of met intydse tolking aangebied kan word. 'n Beperkte toepassing van hierdie inisiatief op eerstejaarsvlak van 2013 tot 2014 het reeds daartoe bygedra dat die Fakulteit se proporsie bruin, swart en Indiër-nuvelingeerstejaars met meer as 5% toegeneem het tot 26,1%. Die Fakulteit se nagraadse studente is reeds 'n diverse groep met meer as 50% bruin, swart en Indiër-studente, asook 'n steeds groeiende aantal internasionale en Afrika-studente.

Programvernuwing dra ook by tot verbreding van toegang. In 2014 is sewe nuwe programme ontwikkel en vir goedkeuring aan die Departement van Hoër Onderwys voorgelê. Dit sluit 'n vierjarige BCom-graad in Internasionale Besigheid in. Die ontwikkeling van die eienskappe van graduandi geniet prioriteit in programontwikkeling.

Die instelling van nuwe programme en die nuwe taalaanbod sal die Fakulteit in staat stel om sy nuvelingeerstejaarsinname teen 2016 te verhoog tot 'n nuwe volhoubare vlak van 1 500 per jaar. Met sy 4 430 voorgraadse en 3 130 nagraadse studente is Ekonomiese en Bestuurswetenskappe steeds die grootste fakulteit aan die Universiteit. Verskeie fasilitetsprojekte is van stapel gestuur om voorsiening te maak vir meer studente. So is daar in 2014 begin met die inrigting van twee nuwe lesingsale in bestaande ruimtes, terwyl die beplanning vir 'n nuwe lesingsaalkompleks op die eertydse parkeerarea van die CJ Langenhoven-Studentesentrum voltooi is. Die Fakulteit is ook besig om sy kantoor- en navorsingsruimtes te vergroot.

Verskeie onderrig- en leerinisiatiewe is daarop gemik om die uitnemendheid van onderrig te verhoog. Nuwe inisiatiewe is daarop toegespits om studente en dosente bloot te stel aan die jongste inligting- en kommunikasietegnologiepraktyke, soos vermengde leer, aanwending en uitbreiding van mobiele tegnologie in lesingsale, grootskaalse uitbreiding van Wi-Fi-tegnologie in lesingsale, elektroniese assessering en IKT-ondersteuning en -opleiding aan personeel. Nuwegerasiestudente sal 'n 24 uur-verbinding kan hê, leer sal met hul leeffareas geïntegreerd wees en hulle sal vrylik verskillende mobiele tegnologie-toerusting kan gebruik om hul leerervaring te verryk.

Die akademiese werk in die Fakulteit maak 'n beduidende impak op die samelewing deur middel van sentrums

soos die Afrika-Sentrum vir MIV-/Vigsbestuur en die Volhoubaarheidsinstituut.

Die Fakulteit se navorsingsuitsette het die afgelope jare drasties toegeneem – van 0,5 navorsingsuitsette per senior ekwivalent in 2012 tot 0,57 in 2013. Die omvang, kwaliteit en impak van sy navorsingsuitsette maak Ekonomiese en Bestuurswetenskappe die toonaangewende fakulteit in sy soort in Suid-Afrika. Dit word bevestig deur ons groot getal NNS-geëvalueerde navorsers in 2014, naamlik 26.

Daar word goed gevorder met die Fakulteit se voorneme om meer PhD-studente te lewer en 'n rekordtal van 18 PhD-grade is vanjaar toegeken.

'n Nagraadse PhD-skool in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het in 2014 afgeskop met die eerste inname van 10 voltydse PhD-studente. Die nagraadse skool sal die toespitsing op doktorale opleiding as sentrale komponent van die Fakulteit se navorsingsaktiwiteite verhoog en die kwaliteit en doeltreffendheid van doktorale opleiding verbeter.

Verskeie departemente het op die gebied van eksterne akkreditasies gepresteer. Die Skool vir Rekeningkunde het vanjaar die hoogste gradering van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) ontvang, terwyl die USB herakkreditasie van EQUIS, Europa se voorste akkreditasieliggaaam vir bestuurskole, verwerf het. Die USB is die enigste bestuurskool in Afrika wat oor EQUIS se hoogste vlak van akkreditasie beskik.

Die Fakulteit se vermoë om op 'n volhoubare wyse inkomste te genereer, is te danke aan sy groot aantal studente en navorsingsuitsette. Bo en behalwe die beduidende subsidie-inkomste en studentegeld, het die Fakulteit in 2014 derdegeldstroominkomste gegenereer wat 37,6% van die Fakulteit se totale inkomste van R588 miljoen, en meer as 20% van die US se toeslag op derdegeldstroominkomste (indirekte kosteverhalingskoers) bygedra het. Boonop het die Fakulteit 'n inkomstegedreve begrotingsmodel aanvaar wat bepaal dat die departemente inligting en aansporingsvergoeding ontvang om finansiële volhoubaarheid op alle vlakke te verseker.

Prof Stan du Plessis

Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe



FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE



Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se visie is om gesondheid en gelykheid in Suid Afrika en verder te bevorder. Ons doen navorsing oor sommige van die mees kritiese uitdagings van ons land en kontinent, en hierdie werk vorm weer kliniese praktyk en gesondheidsbeleid.

Net so transformerend is ons opvoedkundige pogings, in besonder dié wat studente toerus om in die gesondheidsorgbehoeftes van landelike en onderbedienende gemeenskappe te voorsien, wat weer kritiese denke, innovering en leierskap stimuleer. Ons Fakulteit se prioriteite sluit dus uitstekend aan by die doelwitte van die Provinciale en Nasionale Departemente van Gesondheid en die Nasionale Ontwikkelingsplan.

'n Aantal hoogs gesogte toekennings is in die afgelope jaar aan ons Fakulteitspersoneel gelede toegeken. Onder die 92 Stellenbosse navorsers wat vir die grootste bydrae tot geakkrediteerde publikasies en doktorale gegradeerde erken is, is nie minder as 18 navorsers uit hierdie Fakulteit. Prof Simon Schaaf is bekroon met die Nasionale Orde van Mapungubwe vir sy uitstaande bydrae tot die begrip en beheer van middelweerstandige tuberkulose. Prof Gerhard Theron het die Albert Strating-prys vir Voorkomende Geneeskunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verower vir sy internasionaal-erkende werk oor, onder ander, die voorkoming van siektetoestande en sterftes onder moeders. Prof Sam Moore is vereer met die Denis Browne goue medalje van die Britse Vereniging van Pediatriese Chirurge vir sy verdienstelike bydraes tot pediatriese chirurgie.

Daarbenewens is vier van die Fakulteit se navorsers, proff Paul van Helden, Nulda Beyers, Simon Schaaf en Robert Gie, deel van die eerste groep van 33 Universiteitsakademici aan wie die titel van uitgelese professor toegeken is. Prof Wynand van der Merwe is vereer met 'n Kanselierstoekenning (kyk bladsy 66).

Verskeie nuwe sentrums en navorsingsinisiatiewe is in 2014 in die Fakulteit gevestig. Die Biostatistiekeeenheid se doelwitte sluit die uitvoer van biostatistiese navorsing, die verskaffing van interne statistiese konsultasie en ondersteuning met die voorbereiding van toelae-aansoeke in. 'n Sentrum vir Gesondheidstelsels- en Dienstenavorsing en -ontwikkeling sal gesondheidsorgstelsels versterk deur navorsing te onderneem wat gerig is op die bevordering van ekonomiese en doeltreffende lewering van gesondheidsorg.

'n Multimiljoen rand biobewaarplek is van stapel gestuur om biologiese monsters van pasiënte wat aan MIV-verwante kankers lei te bewaar. Die *Sub-Saharan African Regional Biospecimen Repository* sal help om biobankkapasiteit in Afrika te bou en navorsing oor MIV-verwante kankers te stimuleer.

Op die onderwysfront is die Fakulteit een van slegs 13 instellings wêreldwyd wat deur die *Best Evidence Medical Education (BEME) Collaboration* gekies is as 'n internationale samewerkingsentrum.

Die uitbreiding en versterking van goed-gevestigde onderrig-en-leer-inisiatiewe is voortgesit. Meer as 3 500 lesingpotgoorie is geproduseer en beskikbaar vir studente om af te laai. Die uitdaging van die toenemende studentetal en gevoldlike druk op rekenaarfasilitete is gedeeltelik die hoof gebied deur 'n stelsel in gebruik te neem wat studente in staat stel om toetse en eksamens op hul eie draagbare toestelle af te lê.

Ons Xhosa-kursusse bly nog steeds 'n belangrike metode om studente toe te rus om meer effektiel met pasiënte te kommunikeer en hul begrip van gesondheid-verwante kwessies te verbeter. 'n Nuwe webprogram om studente met hul Xhosa-uitspraak te help is gesamentlik ontwikkel deur die Sitheth' iMpilo-inisiatief by ons Arbeidsterapie-afdeling en die Menslike Taaltegnologie-navorsingsgroep by die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad se Meraka-instituut. Die ontwerp en toepassing van hierdie unieke webprogram wat kliniese raadpleging in enige Afrikataal ondersteun, is 'n eerste in sy soort.

Ons is in ons skik dat ons welbekende Ukwanda Landelike Kliniese Skool dit nou vir groepe mediese, arbeidsterapie- en dieetkundestudente moontlik maak om in 'n landelike omgewing vir 'n uitgebreide tydperk in interdisciplinaire spanne te werk. Op sy beurt dryf dit weer navorsing in landelike gebiede en koester sterk vennootskappe met gemeenskappe en plaaslike organisasies.

Ons het ook ons vennootskap met die private sektor uitgebrei deur 'n baanbrekersooreenkoms met Mediclinic Suid-Afrika te bereik wat 'n raamwerk daarstel vir die opleiding van 'n aantal mediese studente in uitgesoekte Mediclinic hospitale.

Terwyl ons trots is op die suksesse wat deur ons personeel en studente behaal is, bly ons bewus van die enorme uitdagings wat voorlê. Ongelykhede in Suid-Afrika en die wêrelde met betrekking tot armoede, werkloosheid, haglike maatskaplike omstandighede en ongelyke toegang tot geleenthede vir ontwikkeling bly gedugte struikelblokke tot die bereiking van gesondheid vir almal. Ons sal voortgaan om daarna te streef om te verseker dat ons werk blywende verandering teweegbring.

Prof Jimmy Volmink

Dekaan: Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

FAKULTEIT INGENIEURSWESE



2014 was vir die Fakulteit Ingenieurswese 'n besonder goeie jaar met verskeie hoogtepunte nie teenstaande vele uitdagings waarmee rekening gehou moes word.

Vier groot mypale is op die gebied van leer en onderrig bereik. Die Fakulteit het sy grootste Blng-inname ooit gehad, met 715 nuweling-Blng-eerstejaarstudente teenoor 585 die vorige jaar. Die totale getal voorgraadse studente het met 7,4% tot 2 770 gestyg. Ook kon die Fakulteit dié jaar spog met die hoogste aantal nuwe M- en PhD-registrasies in sy geskiedenis. 'n Rekordgetal nagraadse studente van 885 toon 'n groei van 9,3% sedert 2013. Nog 'n verblydende aspek is die sterk groei in die getal bruin, swart en Indiër-eerstejaarstudente wat sedert 2012 bykans verdubbel het tot 207.

Ten spyte van ongekende groei in die studentetal, was die Fakulteit in staat om die gehalte van onderrig en inhoud op 'n hoë vlak te handhaaf. Danksy toegewyde akademici en noukeurige gehalteverzekering is al ses Blng-programme volledig tot einde 2018 deur die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) geakkrediteer, sonder enige tekortkoming. Waar daar aanvanklik in een van die programme 'n tekortkoming uitgewys is, is daar na 'n appélploses bevind dat daar geen tekortkoming is nie. Dit is voorwaar 'n prestasie (en uniek binne die huidige ECSA-akkrediteringsproses) dat al die Fakulteit se Blng-programme vir die tweede agtereenvolgende akkrediteringsbesoek volledig sonder enige tekortkoming vir die volle vyfjaartermyn geakkrediteer is.

Die Fakulteit het ook op die gebied van navorsing en innovasie uitmuntend gepresteer, met die grootste aantal navorsingsuitsette en die grootste toename in derdegeldstroominkomste. Navorsingsuitsette vir 2013 was 352 geweegde navorsingseenhede waarvan 159 publikasie-eenhede was, wat 'n groei van meer as 40% in publikasie-eenhede teenoor die vorige jaar is. Die Fakulteit se geouditeerde inkomste uit die derde geldstroom in 2014 het meer as R163 miljoen beloop, wat 'n stewige groei van bykans 17% sedert die vorige jaar is.

Deur aan jong mense topgehalte opleiding te gee, waarmee hulle toegerus word vir 'n produktiewe en lonende loopbaan, bring die Fakulteit aan hulle persoonlik hoop, maar ook vir die samelewing waarin hulle ingenieursdienste sal lewer wat lewensomstandighede sal verbeter. 'n Diensleerprojek waar ingenieurstudente as Wiskunde-tutors by plaaslike hoërskole optree, skep hoop vir die deelnemende leerders deur hulle beter toe te rus met wiskundevaardighede, wat dikwels deel uitmaak van keuringskriteria vir universiteitstudie. Terselfdertyd dra dit daartoe by dat die afgestudeerde in die Fakulteit 'n beter prentjie kry van toestande in die minderbevoordele dele van die gemeenskap.

Voorts het die Fakulteit die samelewing en die industrie op verskeie gebiede en vlakke gedien en bedien. Jaarlikse

initiatiewe (soos Ingenieurswese se Ope Dag, Winterweek, en die Vroue in Ingenieurswese-, Topleerders- en Rolmodelle-funksies) het gemeenskappe bewus gemaak van die belang van ingenieurs in die samelewing.

'n Nuwe, opwindende dimensie wat in 2014 bygekom het, is dat ongeveer die helfte van senior ingenieurstudente (260) as deel van Filosofie en Etiek 'n leierskapsmodule by die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapontwikkeling deurloop het, ten einde hulle beter toe te rus om 'n verskil in die samelewing te maak. Die verhoging van die Fakulteit se derdegeldstroominkomste sal ook 'n positiewe impak op die samelewing hê. Een goeie voorbeeld is die Fakulteit se betrokkenheid by navorsing op die gebied van hernbare energie. Twee hoogtepunte is die vestiging van die geborgde Scatec Solar-leerstoel in Fotovoltaïese Stelsels asook die Heliostat 100-loodsprojek wat gekonsentreerde sonkrag inspan. TRAC South Africa gaan van krag tot krag. Die nasionale, niewinsgewende, fisiese wetenskapintervensieprogram van die Universiteit en die Fakulteit bevorder wetenskap-, toegepastewiskunde- en tegnologie-onderwys in Suid-Afrikaanse hoërskole. Dit bemagtig en motiveer leerders om beroepe in die wetenskappe, ingenieurswese en tegnologiese rigtings te volg. Van die suksesse behels meer as 7 106 graad 12-leerders wat in 2013 formele blootstelling gehad het, waarvan 1 608 in 2014 as eerstejaarstudente in die fokusareas by tersiêre instansies geregistreer het (40%-verbetering op vorige jaar), en 'n 30%-toename in die aantal studente wat beurse ontvang het.

Die uitermate hoë werklaas vanveral doserende personeel as gevolg van die stygende studentetal hou 'n bedreiging vir die voortgesette handhawing van hoë navorsingsuitsette in. Die huidige staatsbefondsingsformule vir ingenieursfakulteite is ook 'n groot bron van kommer.

Met die oog op die toekoms word grootskaalse herinrigting en opknapping van infrastruktuur en fasilitete van 2015 af beplan om die groot studentekorps te akkommodeer en fasilitete te moderniseer. Twee van die belangrikste aspekte is die inrigting van 'n studiesentrum op die grondvloer van die Algemene Ingenieursgebou en die opknapping van die hele Ingenieurswese-gebouekompleks, wat nou bykans 45 jaar oud is.

Prof Hansie Knoetze
Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese



FAKULTEIT KRYGSKUNDE



Die Fakulteit Krygskunde is, in ooreenstemming met die Universiteit Stellenbosch se Visie 2030 en die Millenniumontwikkelingsdoelwitte, daar toe verbind om die Universiteit as 'n voortreflike navorsingsgerigte akademiese instelling te vestig. In 2014 het die Fakulteit 'n PhD-program ingestel en die personeeluitruilprogramme met die Universiteite van Coventry en Kader Has in Turkye verstewig. Ons is bevoorreg om die enigste voorsiening van tersiêre onderrig aan offisiere van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) te wees en is toegewyd tot die ontwikkeling en inskerping van die vereiste tegniese, professionele en funksionele vaardighede by ons militêre leiers van die toekoms. Die Fakulteit het die Universiteit se missie om ons gemeenskapsimpak te versterk en sinergistiese netwerke te skep deur ons samewerkende navorsingstrukture en verbintenisse tot gesamentlike gemeenskapsprojekte aangegryp.

Die Fakulteit soek en skep daadwerklik geleenthede om ons kennis van sekuriteitsneigings uit te ruil en te verbreed en handhaaf burgerlik-militêre verhoudinge deur gesamentlike projekte met internasionale en nasionale vakgenote. Lede van ons vyf skole het in 2014 verskeie konferensies en werkinkwels bygewoon en het suksesvolle onderhandelings omtrent etlike memorandums van verstandhouding gevoer.

Die Skool vir Verdedigingsorganisasie en Hulpbronbestuur het in September 2014 die vierde *African Accounting and Finance Conference* (AAFC) suksesvol aangebied. Die *African Accounting and Finance Association* (AAFA) is 'n hoog aangeskrewe kontinentale liggaam wat 'n debatsplatform vir akademici, praktisyens en nagraadse studente vanuit die internasionale finansiële gemeenskap voorsien. Die Universiteit beplan die vrystelling van 'n spesiale publikasie in 2015 waarvoor die uitset van die AAFC die hoofbron van manuskripte uitmaak.

Verskeie referate is by internasionale konferensies op die terreine van finansiële rekeningkunde, wiskunde, politiek en publieke administrasie gelewer. Dr Abraham Prins het by die grootste kongres in die wiskunde-gemeenskap, die *International Congress of Mathematicians* (ICM), in Seoel, Korea, 'n referaat gelewer.

'n Memorandum van verstandhouding is met die Munisipaliteit Saldanhabaai, tuiste van die Militêre Akademie, onderteken, in ooreenstemming met die Universiteit se missie om sinergistiese netwerke te vestig en die gemeenskapsimpak te verbeter deur landelike ontwikkeling en aandag aan die behoeftes van die plaaslike gemeenskap. Die partye het ooreengekom om gemeenskapslike projekte te vestig wat fokus op navorsing, gemeenskapsgebaseerde leer en onderrig, en volhoubare gemeenskapsontwikkeling, terwyl munt geslaan is uit hul bestaande deskundigheid en infrastruktuur.

Kommandeur Jacques Bezuidenhout en die Onafhanklike Universiteit van Luanda in Angola het 'n memorandum van verstandhouding onderteken om gesamentlik navorsing te doen oor die beweging van sediment langs die Kwanzavier in Angola. Die aanvanklike bevindings is in Februarie by 'n gesamentlike SA/Angola-werkinkel in Lubango, Angola, aangebied. Die projek word gesamentlik befonds deur die Nasionale Navorsingstigting en die Angolese Minister van Wetenskap en Tegnologie.

Die Fakulteit het sy internasionale navorsingsprofiel gehandhaaf deur personeeluitruilbesoeke aan Rusland, Italië, die Universiteit van Coventry en die Universiteit van Kadir Has in Turkye. Ons publiseer steeds ons geakkrediteerde, interdissiplinêre navorsingstydskrif *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies*, halfjaarliks en alle voorleggings word aan eweknie-evaluering van minstens twee vakdeskundiges onderwerp.

Die Fakulteit Krygskunde het tydens die winterreestydperk die derde Senior Militêre Bestuursprogram suksesvol aangebied in vennootskap met die Suid-Afrikaanse Nasionale Oorlogskollege in Pretoria. Ons het 'n deurslaggewende rol gespeel in die akkreditering van die SANW se Uitvoerende Nasionale Sekuriteitsprogram van die Suid-Afrikaanse Nasionale Verdedigingskollege in Pretoria, waar lede wat aan die toelatingsvereistes voldoen tot die program MPhil in Verdedigingstudie toegelaat sal word. Dit is die mees senior offisierekursus van die SANW en suksesvolle lede word gewoonlik tot die militêre rang van generaal bevorder. Die program sal in 2015 begin. 'n Sekuriteitsverwante PhD-program is in Januarie 2014 ingestel en die eerste twee kandidate is met hul navorsing besig. Vier studente is besig om hul navorsingsvoorstelle af te rond en behoort in 2015 met hul studie te begin.

Die Fakulteit het in 2014 sy hoër as gemiddelde studentesukseskoers volgehou. Agt-en-dertig (90%) van ons voorgraadse finalejaar-studente het hul baccalaureusgrade verwerf, agt studente het honneursgrade ontvang en twee magistergrade is toegeken, albei *cum laude*. Drs Fankie Monama, kommandeur Ishmael Theletsane en Tyrel Flugel het hul doktorsgrade ontvang en luitenant-kolonel Beauty Monnanyane, kaptein Masole en me Babalwa Mtshawu het magistergrade verwerf.

Met die oog op die toekoms vereis die *South African Defence Review* van 2014 dat alle offisiere 'n eerste graad moet hê. As die enigste fakulteit in sy soort in die Suid-Afrikaanse hoëronderwysveld, het dit beduidende implikasies vir ons. Die Militêre Akademie sal meer as 1 000 residensiële studente moet akkommodeer en sal dus in 2015 opknappings-, moderniserings- en uitbreidingsinisiatiewe ter waarde van omtrent R240 miljoen onderneem.

Prof Sam Tshehla
Dekaan: Fakulteit Krygskunde

FAKULTEIT LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE



Kern tot die kennisprojek wat ons in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe bedryf, is die interpretasie en die herinterpretasie van dit wat ons menslikheid in die samelewing bevorder of ondermy. Ons probeer hier veral fokus op al die uitdagings wat ons in die gesig staar in die omskrywing van ons menslikheid en dit wat ons menslikheid bepaal of beperk.

Wêreldwyd ondervind ons tans verskeie krisisse en dit is nie onvanpas om te sê dat ons gekonfronteer word met 'n krisis van ons menslikheid nie. Teen hierdie agtergrond bied die kennisprojek besondere geleenthede vir transdisiplinêre navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie, waarvan ons streef om 'n verskil te maak in die wêreld.

Wat onderrig betref het ons 'n verskeidenheid van nuwe nagraadse onderrigprogramme ingestel oor temes soos gesondheid en ontwikkeling, ramp- en risikobestuur, stads- en streeksbeplanning, taalverwerwing, gebaretaal, filmmusiek, demografie, Sjina-geletterdheid, klanktegnologie en internasionale gesondheidsbestuur. Wat navorsing betref het die Fakulteit vir die tweede agtereenvolgende jaar die hoogste aantal geweegde navorsingsuitsette in die universiteit gelewer en spog ons tans met 59 NNS-geëvalueerde navorsers.

Van die voorpunt navorsing in ons Fakulteit wat 'n groot impak het op die Suid-Afrikaanse samelewing en verder op die kontinent, is byvoorbeeld geleenthede soos die Fakulteit se betrokkenheid by die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid in Menslike Ontwikkeling wat by die Universiteit van die Witwatersrand geset is. Die US sal in samewerking met ses ander instansies in Suid-Afrika die leerstoel bestuur. Prof Mark Tomlinson van die Departement Sielkunde is as een van 12 kernnavorsers by dié Sentrum aangestel.

Die Fakulteit is ook besonder trots daarop dat die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) as mede-gasheer van die DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskapmetriek en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid (SciSTIP) sal optree en ook die eerste Leerstoel in Wetenskapkommunikasie op die Afrika-kontinent sal huisves.

Daarbenewens het die Periperi U-konsortium van die Fakulteit se Navorsingalliansie vir Ramp- en Risikovermindering (RADAR) 'n IRDR Internasionale Sentrum van Uitnemendheid geword. Dit is die enigste in sy soort in Afrika en die sesde in die wêreld.

Dit is vir die Fakulteit belangrik om die resultate van sy voorpuntnavorsing ook met die breër gemeenskap te deel. Dit vind plaas in die 43 geregistreerde gemeenskapsinteraksieprojekte in die Fakulteit en in die diensleermodule van departemente soos Maatskaplike Werk, Sielkunde, Sosiologie en Sosiale Antropologie, Drama en Visuele Kunste, waar navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie met mekaar geïntegreer word.

Verdere fakulteitsprestasies sluit in die eerste gesamentlike doktorsgraad met die Universiteit van Leipzig wat by die Desember-gradeplegtigheid aan dr Stefanie Baumert, programbeampte van die Duitse Navorsingstigting in Bonn, Duitsland, toegeken is.

In die 2014 akademiese jaar het ons weer 'n groot aantal PhD-gegradeerde gelewer – 54 kandidate het in Desember 2014 en Maart 2015 hul grade ontvang. Omtrent 20 van hierdie gegradeerde het deur middel van die Nagraadse Skool in ons Fakulteit hul graad verwerf. Die hoofdoel van hierdie Skool is om wêreldklas- doktorale opleiding en vakkundigheid op die Afrikavasteland te versterk en te bevorder deur 'n deels gestruktureerde program vir voltyds residensiële studie met beurssteun oor drie jaar aan te bied.

Die Fakulteit het ook in 2014 verskeie reedsbestaande verhoudings met ander universiteite versterk. In November 2014 is 'n akkoord van samewerking onderteken hoofsaaklik in die PhD-program vir Vertaling (vertaling, tolking, redigering) met die Fakulteit Lettere van die *Katholieke Universiteit Leuven* (KU Leuven) op die Antwerpampus in België. Hierdie samewerkingsooreenkoms maak nie net voorsiening vir uitruilgeleenthede nie, maar ook vir die toekenning van 'n gesamentlike PhD-graad van die Universiteit Stellenbosch (US) en KU Leuven in die toekoms.

'n Memorandum van verstandhouding en 'n vennootskapooreenkoms vir 'n gesamentlike PhD-program is ook met die Erasmus Universiteit in Rotterdam onderteken in November 2014.

Daar is tans agt uitgelese professore in die Fakulteit, naamlik proff Anton van Niekerk, Bill Nasson, Louise Viljoen, Nina Schumann, Keith Dietrich, Ashraf Kagee, Leslie Swartz en Johann Mouton. Prof Rob Pattman van die Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie het in 2014 'n eervolle vermelding van die *Higher Education Learning and Teaching Association of Southern Africa* (HELTASA) ontvang terwyl proff Dorothea van Zyl en Cherryl Walker onder die 15 akademici aan die US is wat vanjaar Kanselierstoekennings ontvang het (kyk bladsy 67).

Prof Johan Hattingh

Dekaan: Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe



FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE



Die Fakulteit Natuurwetenskappe streef daarna om vernuwend, kritiese denkers te ontwikkel wat 'n aktiewe rol in die ontwikkeling van 'n suksesvolle, multikulturele Suid-Afrikaanse gemeenskap kan speel.

Die Fakulteit het in 2014 voortgegaan met verskeie strategiese inisiatiewe ter ondersteuning van studentetoegang en studentesukses, veral met betrekking tot diversiteitstudente. Die getal werwingsbeurse is verhoog tot 181, in vergelyking met 41 wat in 2012 aangebied is. Hierdie strategie was geslaagd aangesien 107 gewerfde diversiteitstudente in 2014 ingeskryf het (in vergelyking met 34 in 2012). Die algehele persentasie voorgraadse diversiteitstudente het tot 33,8% toegeneem, die hoogste persentasie tot dusver.

Ander ondernemings om studentesukses te verbeter sluit gedifferensieerde tutorsteun in om in die behoeftes van sowel sukkelende as sterk studente te voorsien. Terugvoering na die eerste semester het beter behoud van studente, beter slaagsyfers en betrokkenheid van studente wat herhaal, en 'n beter begrip van die vakmateriaal getoon.

Met vier uitnemendheidsentra, agt navorsingsleerstoel en 'n baie groot groep NNS-geëvalueerde wetenskaplikes is ons nagraadse studente deel van navorsingspanne wat met die beste ter wêreld kan meeding. Hierdie navorsing word deur 'n opmerklike aantal mededingende toekennings van die NNS, nasionale en internasionale programme, finansieringsbemiddelings, industrieë en maatskappe ondersteun. Meer befondsing van nasionale sowel as internasionale nieregeringsinstansies sal in die toekoms gesoek moet word om navorsing te ondersteun.

Die Fakulteit het omvattende samewerkingsooreenkoms met party van Suid-Afrika se grootste rolspelers in die wetenskap en tegnologie, soos SASOL, Eskom, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, die Waternavorsingskommissie en die Kamer van Mynwese.

Ons sterk navorsingsingesteldheid blyk duidelik uit 'n *Web of Science*-ontleding. 'n Soektog na publikasies wat van 2010 tot 2014 deur personeel, studente, navorsingsmedewerkers en ander geaffilieerdes van die Fakulteit gelewer is, het 1 732 publikasies oor 4,5 jaar getoon. Die departemente Plant- en Dierkunde (23,7%) en Chemie en Polimeerwetenskap (8,7%) het die meeste van die publikasies gelewer. Maatreëls is egter ingestel om vir die vermindering van 16% in ons publikasie-uitset van 2012 tot 2013 te vergoed.

Nasionale uitreikprogramme, soos Eskom se *International Science Fair* en nasionale en internasionale Wiskunde-olimpiades, is weer deur personeel en nagraadse studente ondersteun. Ander uitreikaktiwiteite is die jaarlikse Maties Wetenskap-winterweek en die Departement Fisika

se jaarlikse paduitstappie. Die SUNCOL-projek van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap, wat op leerders en onderwysers gerig is, gaan steeds van krag tot krag onder die leierskap van dr Rehana Malgas-Enus en prof Klaus Koch.

2014 was 'n uitsonderlike jaar vir personeel en studente ten opsigte van nasionale en internasionale erkenning. Prof Len Barbour het die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut se goue medalje ontvang ter erkenning van sy voortreflike bydrae tot die vakgebied. Dr André de Villiers is as een van die *Top 40 under 40* invloedrykste analitiese wetenskaplikes in die wêreld benoem deur *The Analytical Scientist* en het ook die LCGC Opkomende Leier in Chromatografie-toekenning vir 2014 ontvang.

Prof Douglas Rawlings het sy DSc-graad verwerf en 'n Kanselierstoekenning ontvang vir uitmuntende navorsing (kyk bladsy 67). Prof Terry Robinson het ook 'n Kanselierstoekenning ontvang, sowel as die Havenga-prys vir Lewenswetenskappe wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken word. Prof Marina Rautenbach het die Departement van Wetenskap en Tegnologie se toekenning vir Voortreflike Vrouewetenskaplikes in die kategorie natuurwetenskappe en ingenieurswese ontvang. Sy was een van vyf akademiese vrouepersoneellede wat in 2014 hul intreedes gelewer het. Proff Dave Richardson en Guy Midgley was onder die ses Suid-Afrikaanse wetenskaplikes wat ingesluit was by die Thomson Reuters-lys van invloedrykste eietydse navorsers in hul onderskeie deskundigheidsvelde.

Die nagraadse studente Thomas Weighill, Rijnard van Tonder en Jacques Marais het uitmuntend gepresteer. Weighill, 'n MSc-student in Wiskunde, het die Kanseliersmedalje (kyk bladsy 66) en die S_2A_3 -toekenning ontvang vir die beste navorsingsprojek op MSc-vlak in die natuur-, ingenieurs- en mediese wetenskappe. Van Tonder en Marais, albei MSc-studente in Rekenaarwetenskap, het Ericsson se kompetisie vir selfoontoepassings gewen. Van Tonder was 'n naaswenner in die *IBM Master the Mainframe World Championship*, wat as die grootste en mees mededingende hoofraamrekenaarkompetisie in die wêreld beskou word.

Ondanks talle uitdagings gaan die Fakulteit Natuurwetenskappe voort om die volgende geslag van Suid-Afrika se jong wetenskaplikes en innoveerders te kweek.

Prof Louise Warnich
Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE



Die visie van die Fakulteit Opvoedkunde is om as 'n toonaangewende en betrokke, navorsingsgedreve opvoedkundefakulteit erken en geag te word. Dit dien as dryfveer vir baie van ons werk in ons streeke om plaaslik en wêreldwyd 'n leiersrol in die opvoedkunde te speel, om by veral Suid-Afrikaanse onderwysuitdagings betrokke te wees, om navorsing by onderrig, leer en gemeenskapsinteraksie in te skakel en om topgehalte-navorsing oor belangrike onderwyssake te bevorder.

Die volgende voorstelle in die Nasionale Ontwikkelingsplan het regstreeks op die werk van die Fakulteit betrekking:

- versterking en uitbreiding van vroeëkinderontwikkeling;
- uitbreiding van onderwyseropleiding en onderwysers se vakkennis; en
- verbetering van skoolleierskap en -bestuur.

Die institutionele doelstellings ter verruiming van toegang, handhawing van die momentum van uitnemendheid en versterking van die impak op die samelewning word deurgevoer deur 'n verskeidenheid onderrig en leer-, navorsing- en gemeenskapsbetrekkenheidsaktiwiteite. Die Fakulteit het in 2014 gewerk aan die institutionele doelwit om hoë gehalte en innovering in die kurrikulums van 14 nuwe programme aan te bied. Dit was deel van die gelykstelling aan die Hoër Onderwys Kwalifikasieraamwerk en die Minimum Vereistes vir Onderwyseropleidingskwalifikasies. Hierdie nuwe programme sal aangebied word sodra alle nasionale goedkeuringsprosesse afgehandel is. Die ontwikkeling van die eienskappe van gegradeerde (kyk die Glossarium bladsy 118) van die Universiteit Stellenbosch is by die nuwe BEd ingebou.

Die institutionele doelwit van verruiming van toegang is aangepak deur die hoogs geslaagde *Hope@Maties*- en SciMathUS-projekte, wat albei ingestel is op verbetering van die resultate van belowende skoolverlaters sodat hulle universiteitstoelating kan kry. Uitgebreide tutorhulp is ook voorsien aan studente wat ondersteuning nodig het.

Baie aandag is die afgelope jaar aan tegnologie in die onderwys gegee met implementering van die volgende: die gebruik van e-portefeuilles as 'n meganisme vir nadenke; personeelopleiding in vermengde leer; 'n kortkursus vir studente oor digitale geletterdheid; en 'n Mobilex-projek wat studente van vakspesifieke glossariums op hul selfone voorsien. Planne vir aanstaande jaar sluit die uitbreiding van die digitale geletterdheid-kortkursus na skole oor die hele provinsie in.

Een van die voorkeure van die nasionale Departement van Onderwys is dosentopleiding. Die Fakulteit het in 2014 die nuwe Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys (Onderrig en Leer) saam met die Universiteit van Wes-Kaapland en die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie bekendgestel. Hierdie streeksamewerking word tans tot 'n nasionale vennootskap van universiteite oor die hele land uitgebrei.

Een van die strategiese doelwitte van die Fakulteit is om die aantal en gehalte van sy navorsingsuitsette te laat toeneem. 2014 was die beste jaar vir navorsingsuitsette vir die Fakulteit die afgelope 10 jaar, met 44 magister- en 19

doktorsgrade wat toegeken is. Die publikasie-uitset het ook aansienlik uitgebrei, met omtrent 64 eenhede, teenoor 48 vyf jaar gelede.

'n Aantal personeellede het Mellon-toekennings ontvang en 'n aantal se NNS-evaluering is hernu. Personeel het ook in redaksies gedien en het openbare menings gelug deur middel van koerante, die radio en televisie. 'n Groot bydrae tot die publikasieterrein is die redaksionele versorging van vyf geakkrediteerde vaktydskrifte wat in die Fakulteit behartig word. Al hierdie inisiatiewe getuig van die doel om te verseker dat lede van die Fakulteit hul rol as denkleiers in die gemeenskap speel.

Lede van die Fakulteit het op verskeie wyses erkenning ontvang vir hul uitmuntende bydraes tot die vakgebied. Dr Michael le Cordeur het die Klein Drakenstein-toekenning vir sy boek *Wellington Klopse*, sowel as vir sy werk met die onderrig van Afrikaans ontvang. Prof Aslam Fataar het 'n Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika-eremedalje ontvang en is ook as die eerste president van die pas gevormde *South African Educational Research Association* verkies. Proff Yusef Waghid en Lesley le Grange is as uitgelese professore aan die Universiteit aangestel en prof Waghid en dr Le Cordeur het ook Kanselierstoekennings ontvang. Drie Geskiedenis-studente het erkenning ontvang vir hul werk by die *Holocaust Centre* en mnr Simon Speelman, 'n skoolhoof wat vir die Gevorderde Sertifikaat in Skoolleierskap ingeskryf is, was een van die winners van die Onderwyser van die Jaar-toekenning van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement.

Kapasiteit bly die hoofuitdaging van die Fakulteit omdat baie van die werk arbeidsintensief is, maar dit word deur sorgvuldige beplanning gehanteer. Toekomsplanne behels die verbetering van diebeeld en reputasie van die Fakulteit deur middel van beter bemarking, identifisering en bevordering van spesifieke navorsingsfokusterreine, die bou van verhoudinge met alumni, en die uitbreiding van vennootskappe met skole, byvoorbeeld in gebiede soos spesiale behoeftes-onderrig, leierskap, digitale geletterdheid, of spesifieke vakterreine.

Prof Maureen Robinson
Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID



Die strewe na en die uitbou van akademiese uitnemendheid vereis deurlopende kritiese besinning oor die wyse waarop die Fakulteit se strategiese prioriteite met die *Institutionele Voorneme en Strategie 2013–2018* ooreenstem. Die eksterne evaluering van die Fakulteit, insluitend die Regshulpkliniek, wat in Desember 2014 afgehandel is, speel 'n sleutelrol in die proses van kritiese besinning. As een van die uitvloeisels van die eksterne evaluering is 'n omvattende leer en onderrig, asook 'n navorsingsoudit van stapel gestuur.

Die Fakulteit plaas 'n hoë premie op die ontwikkeling van ons kundigheidsbasis. Die getal personeel wat oor doktorsgrade beskik is uitgebrei. 'n Verdere twee personeellede het ook 'n NNS-evaluering ontvang, waaronder prof Sandy Liebenberg wat 'n B2 evaluering ontvang het. Prof André van der Walt, Jacques du Plessis en Cornie van der Merwe het ook erkenning ontvang vir hul onderskeie bydraes tot navorsing. Twee jong kollegas is as *MERC Fellows* aangestel – 'n unieke geleentheid om binne die Fakulteit se aktiwiteite hul akademiese potensiaal te ontwikkel. Proff André van Walt en Jacques du Plessis is as uitgelese professore aangestel vir 'n termyn van vyf jaar. Proff André van der Walt ontvang die Kanselierstoekenning vir navorsing en prof Sandy Liebenberg ontvang die Kanselierstoekenning vir gemeenskapsinteraksie (kyk bladsy 67).

Daar word deurlopend gewerk aan die verhoging van die sukseskoers van voorgraadse studente. Die bevordering van studentesukses behels die uitbou van die bestaande ondersteuning aan eerstejaars, die beskikbaarstelling van assistensie en tutors, en kurrikulum- en onderriginnovasie. 'n Koördineerder studentesteen is permanent aangestel waardeur verseker word dat daar kontinuïteit is in die uitbou en verfyning van die ondersteuningsprogram. In die strewe om studentesukses te verbeter word voldoende ruimte gebied vir innoverende onderrigpraktyke. Die beoogde aanstelling van 'n IKT-koördineerder in Regsgeleerdheid bevestig die Fakulteit se verbintenis om vernuwend op die gebied onderrig te wees.

Die verbreding van personeel uit die aangewese groepe bly 'n uitdaging. Die Fakulteit word gekonfronteer met die realiteit van 'n beperkte aantal vakante poste asook 'n beperkte poel van moontlike kandidate. Die Fakulteit skram egter nie weg van uitdagings nie en bly sensitief daarvoor om diversiteitsteikens na te streef.

Ons keuringsbeleid skep die geleentheid om die institutionele mikpunt vir studentediversiteit te behaal. Die beskikbaarstelling van werwingsbeurse, asook die *Stonehage*-werwingsbeursskema speel 'n sleutelrol in die diversifisering van die voorgraadse studentekorps. Dit is die Fakulteit se oogmerk om bestaande beurse vir senior studente vanaf regsfirmas uit te bou en die steun wat van die Stonehage Groep en die *Links SA Trust*, die *AALL Foundation* en die *Amicus*-fonds ontvang word te konsolideer en uit te bou.

Die Fakulteit ding mee in 'n beperkte poel van kandidate wat daarin belangstel om met nagraadse studie voort te gaan. Afrika is 'n onontgindde mark en die Fakulteit moet

besin oor 'n strategie om as trekpleister te dien. Werwing is van kritieke belang op nagraadse vlak, gerugsteun deur befondsing. Die ruim bewilliging deur die Ciucci-familie, tesame met die Dekansfonds en die Regsfakulteit se Trust maak dit moontlik om 'n beperkte aantal studente te befonds.

Die regswetenskap is 'n dinamiese veld wat eiesoortige eise aan die doserende personeel stel. Dit bly die Fakulteit se oogmerk om die hegte verwantskap tussen wêreldklas navorsing en onderrig wat ook sosiaal relevant is, te respekteer en te bestuur. Die bereiking van dié oogmerk gaan hand aan hand met die finansiële volhoubaarheid van die Fakulteit. Dit is dus van sleutelbelang dat 'n hoër inkomste uit navorsingsubsidie verseker moet word, die deurvloei van magister en doktorale studente verhoog moet word en dat voorgraadse studentesukses gestabiliseer word. Die bereiking van hierdie doelwitte en die uitbreiding van derde- en vierdegeldstroominkomste bly die grootste uitdagings van die Fakulteit vir die volgende jaar.

Prof Sonia Human

Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid

FAKULTEIT TEOLOGIE



As een van die tien fakulteite van die Universiteit Stellenbosch streef die Fakulteit Teologie daarna om vanuit sy eie aard by te dra tot die waarde wat die Universiteit genereer en deel in lokale en globale kontekste.

As die enigste fakulteit vir teologie in die suidelike provinsies van Suid-Afrika lewer die Fakulteit unieke bydraes tot die Universiteit se geheelaanbod aan gemeenskappe in Afrika, en spesifiek aan gemeenskappe in die suidelike provinsies van Suid-Afrika. In 'n land en op 'n kontinent waar godsdienstige geloof groei en mense se waardes, keuses en praktyke beslissend beïnvloed, is die wetenskaplike bestudering van godsdienstige geloof van besondere belang en waarde.

Die Fakulteit se werkzaamhede word gerig deur die terreine waarop die Universiteit waarde wil toevoeg en deel. Deur sy kernfunksies – navorsing, leer en onderrig, en gemeenskapsinteraksie – doen die Fakulteit aktief mee aan die bou van menswaardigheid en menseregte, aan die bevegting van armoede en verwante toestande, aan die verdieping van demokrasie en 'n menseregtekultuur en aan die bou van menslike en omvattende sekuriteit, vrede en volhoubaarheid.

Die bou van uitnemendheid in 'n universiteitskonteks is onder meer afhanglik van deurlopend goede navorsing. In 2014 het die Fakulteit weer eens verskeie plaaslike en internasionale konferensies van hoë gehalte aangebied. Dosente het gesorg vir 'n lys uitmuntende plaaslike en internationale publikasies. Die Fakulteit het ruim belê in die ontwikkeling en versterking van die navorsingskapasiteit van veral jonger personeellede.

Navorsingstoerustingsgeleenthede word deurlopend vir studente en vir jonger dosente geskep. Die fokus was onder meer op die integrering van navorsing met leer en onderrig, en veral ook met gemeenskapsinteraksie en diensleer. Die navorsingskapasiteit van die Fakulteit se sentra is benut in hierdie toerustingsprogramme.

Die Fakulteit streef daarna om die studentesukses van veral voorgraadse studente te verhoog deur die aanwending van tutors en mentors, individuele begeleiding van veral eerstejaarstudente, werkinkels vir dosente oor leer en onderrig en die effektiewe toepassing van die verlengde graadprogram. Die proeflopie met intydse opvoedkundige tolking, en 'n werkinkel wat gehou is oor die effektiewe toepassing van die dubbelmedium-opsie en 'n gemengde taal-model, sowel as die ontwikkeling van 'n Afrikaans-Engels-Xhosa glossarium, sal ook tot studentesukses bydra. Benewens 'n goeie deurvloeikoers en 'n sterk akademiese profiel, blink studente op talle ander terreine uit, byvoorbeeld in leierskapsposisies en sport. Vanjaar was een van ons studente selfs Mnr Matie!

Die Fakulteit se diversiteit het in 2014 verder gegroei ten opsigte van die etniese, sosio-ekonomiese, gender-, ouderdom- en kerklike samestelling van sowel die studente- as dosentekorps. Hierdie omvattende diversifiseringsproses word gevoer in die oortuiging dat groter diversiteit juis uitnemendheid versterk. Die talle behoeftes van studente uit benadeelde sosio-ekonomiese kontekste stel egter eise wat spesiale aandag verg.

Die Fakulteit het waarde toegevoeg tot die Universiteit se strewe na omvattende volhoubaarheid. Sosiale volhoubaarheid is gedien deur die klem op personeelwelwees met die aanstelling van 'n voltydse rekenmeester, die soek na billike werkladings en taakomskrywings, en die handhawing van personeel se sabbatsverlof. Fisiese volhoubaarheid is gedien deur die uitbreiding en behoorlike instandhouding van ons infrastruktuur. Deur spaarsame gebruik van natuurlike hulpbronne en 'n fokus op ekologiese temas in die kurrikulum word ekologiese volhoubaarheid gedien. Finansiële volhoubaarheid bly 'n uitdaging, wat die Fakulteit die hoof bied deur te verseker dat hy presteer op die terreine wat befondsing genereer.

Verskeie personeellede is deur die Viserekotor (Navorsing en Innovasie) vir hul navorsingsuitsette vereer, naamlik proff Dirkie Smit, Johan Cilliers, Jeremy Punt, Hendrik Bosman, Louis Jonker, Christo Thesnaar en Nico Koopman, emeritus prof Jurgens Hendriks, buitengewone proff Eddy van der Borght en Bram van de Beek en prof Naas Swart (wat tans by UNISA werk). Prof Dirkie Smit is vanjaar as een van die uitgelese professore aan die Universiteit aangestel en het ook 'n Kanselierstoekenning ontvang (kyk bladsy 67).

Personeel speel ook op talle ander vlakke 'n sterk rol in gemeentes, gemeenskappe en selfs by internasionale instansies. So is prof Mary-Anne Plaatjies van Huffel tans die eerste vroulike moderator van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. Sy is ook een van die agt visepresidente van die Wêreldraad van Kerke.

Die Fakulteit se posisionering vir die toekoms word gerig deur die *Institutionele Voorneme en Strategie 2013–2018* van die Universiteit, wat die klem plas op akademiese uitmuntendheid en plaaslike en internasionale trefkrag, inklusiwiteit en toeganklikheid, innovasie en toekomsgerigtheid, en gevolelik deurlopende akademiese transformasie en vernuwing.

Prof Nico Koopman
Dekaan: Fakulteit Teologie



UITNEMENDHEID

Die Universiteit erken die prestasie van individue wat daarin geslaag het om 'n momentum van uitnemendheid regdeur hul loopbaan of studie te handhaaf, sowel as in hul bydrae tot die gemeenskap. Ons beloon ons presteerders deur die toekenning van Eregrade, Kanselierstoekennings en 'n Kanseliersmedalje.

EREGRADE

In die verslagjaar het die Universiteit vier eregrade toegeken – aan prof Frederick Hugo in Desember 2014, en aan dr Michiel le Roux, adv Thuli Madonsela en prof Neil Turok in Maart 2015.



FREDERICK HUGO het 'n omvangryke bydrae tot innovasie en vooruitgang in die siviele-ingenieursbedryf gelewer met sy onwrikbare toewyding tot vermoëbou in die beroep deur die ontwikkeling van ander bestaande én toekomstige bedryfsleiers. As professor in die Stellenbosse Departement Siviele Ingenieurswese begin hy die Konstruksiebestuursprogram wat etlike leiers op siviele-ingenieursgebied opgelewer het; die Sentrum vir Tegnologienavorsingsaktiwiteite (TRAC), wat hulpbronarm hoërskole met wetenskap- en tegnologie-onderrig bystaan; en die Suidelike Vervoersentrum van Ontwikkeling (STCD), wat finansiering en mentorskap aan 950 Vervoeringenieurswesestudente bied. Hy het diep spore in die siviele-Ingenieursbedryf getrap en ook vir ander bestaande en toekomstige ingenieurs die weg na uitnemendheid gebaan.



MICHAEL SCHOLTZ DU PRE LE ROUX het sy visionêre sakevernuf aangewend om die bankwese vir voorheen ontmagtigdes te ontsluit, die Suid-Afrikaanse ekonomie te help stimuleer, en onbaatsugtig tot 'n beter Suid-Afrika by te dra. Met die geboorte van Capitec het hy 'n nuwe soort bank tot stand gebring en het die Suid-Afrikaanse bankwese vir goed én ten goede verander. Tog bly hy bewus van sy maatskaplike verantwoordelikheid en met Die Millennium Trust het hy die afgelope vier jaar R48 miljoen aan projekte vir 'n suksesvolle Suid-Afrika bewillig. Met sy vernuwendende dog verantwoordelike ondernemerskap maak hy 'n onuitwisbare merk op ons land.



NEIL GEOFFREY TUROK gebruik sy vernuwendende benadering om die landskap van die wetenskap deur uitnemende vakkundige bydraes en programme ter bevordering van wetenskaponderwys op voetsoolvlak in Afrika te verryk. As direkteur van die Perimeter-instituut vir Teoretiese Fisika in Kanada het hy, in samewerking met Stephen Hawking, die Hawking-Turok-momentdeeltjie-oplossings vir die ontstaan van 'n inflasioneerde heelal ontwikkel. Sy boek, *Endless Universe*, ontsluit 'n sikliese kosmologiese model vir 'n algemene leserspubliek. Wetenskapbevordering in Afrika bly sy prioriteit. Hy het die Afrika-instituut vir Wiskundige Wetenskappe gestig waar sy *Next Einstein*-projek die weg baan vir briljante Afrikane om in die wetenskap uit te blink.



THULISILE NOMKHOSI MADONSELA is 'n vurige kampvechter vir geregtigheid in haar onwankelbare toewyding aan die Grondwet, haar bydrae om diskriminasie deur regshervorming uit te skakel, en 'n wakende oog oor ons grondwetlike demokrasie te hou. Sy onderskei haar deur haar praktiese bydrae tot die skryf van ons Grondwet en voortvluiende wetgewing, en die regshervorming wat noodwendig daarop volg. As Openbare Beskermer bekämp sy administratiewe ongeregtigheid, eis rekenskap by openbare magsuitoefening en staatshulpbronnebruik en verseker die nodige regstelling. Haar bydrae is merkwaardig en návolgenswaardig, en maak haar 'n ligdraer van hoop vir die toekoms van Afrika.



KANSELIERSMEDALJE

Thomas Weighill, aan wie die MSc-graad in Wiskunde in Desember 2014 cum laude toegeken is, is die wenner van die Kanseliersmedalje van die Universiteit Stellenbosch vir die verslagjaar. Die Medalje word jaarliks aan 'n finalejaar nagraadse student toegeken vir uitnemende akademiese prestasie.

Thomas Weighill, 'n MSc-student in Wiskunde aan die Universiteit Stellenbosch (US), en 'n oudleerder van Hoër Jongenskool Paarl, is by die Fakulteit Natuurwetenskappe se gradeplegtigheid as die ontvanger van die US se gesogte Kanseliersmedalje aangewys.

Dit is die sesde keer dat die medalje – toegeken sedert 1961 – aan 'n wiskundestudent oorhandig word.

Benewens die Kanseliersmedalje, is Weighill met nog 'n top akademiese toekenning bekroon: die S₂A₃-medalje. Die S₂A₃-medalje is in 1981 ingestel en word deur die Suider-Afrika Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap toegeken vir oorspronklike navorsing op magistervlak in die natuur-, mediese- en ingenieurswetenskappe by Suid-Afrikaanse universiteite. Elke universiteit mag slegs een toekenning per jaar doen. Albei medaljes is by die gradeplegtigheid oorhandig. Weighill het tydens sy ses jaar van studie 'n gemiddeld van 91,1% gehandhaaf. Sy MSc in Wiskunde, waarvoor hy 'n finale punt van 97% verkry het, is sonder enige verbeterings deur drie eksterne internasionale eksaminatore aanvaar.

Weighill, wat onder meer beskryf word as 'n student met 'n "uitsonderlike intellek" en "sonder weerga", het besluit om 'n MSc in Wiskunde te volg nadat hy in 2012 sy graad in elektriese en elektroniese ingenieurswese met lof behaal het. Hy het ook in 2011 'n kursus in Grondbeginsels van Abstrakte Wiskunde voltooi.

Ten einde vir die MSc in Wiskunde in te skryf, moes Weighill ses nagraadse modules gedurende sy eerste studiejaar volg. Hy het 100% vir drie van hierdie modules behaal, en meer as 90% vir die ander drie.



Teen die einde van 2013 het Weighill drie akademiese artikels saam met sy studieleier, prof Zurab Janelidze, van die Departement Wiskundige Wetenskappe geskryf. Een van hierdie artikels is reeds in 'n leidinggewende vaktydskrif in die vakgebied, *Theory and Applications of Categories*, gepubliseer. Die resultate van sy navorsing is by sewe nasionale en internasionale konferensies aangebied, waaronder die Internasionale Konferensie oor Kategorieteorie in Australië in Julie 2013, wat as die belangrikste konferensie in dié vakgebied beskou word.

Weighill vertrek binnekort na die VSA waar hy aanvaar is vir 'n PhD-program in Wiskunde by die Universiteit van Tennessee op 'n nagraadse navorsingsassistentskap.

KANSELIERSTOEKENNINGS

By die Desember 2014-gradeplegtigheide het die Universiteit Stellenbosch vir die eerste keer 15 van sy vooraanstaande akademici met Kanselierstoekennings beloon. Die toekennings was ter erkenning van hul voortgesette bydrae tot uitnemendheid in die veld van navorsing, leer en onderrig, en gemeenskapsinteraksie.

PROF WYNAND VAN DER MERWE het 'n omvangrike bydrae tot die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe by die US gelewer. As Dekaan het hy hoëvlak-strategieë in die Fakulteit en aan die Universiteit ontwikkel en geïmplementeer, die Kliniese Vaardigheidsentrum gestig asook die Ukwanda Landelike Kliniese Skool en die Worcester-kampus gevëstig. Hy het die keuringskriteria vir die MBChB-program aangepas om studentediversiteit te versterk en het die Universiteit as waarnemende Viserektor gedien.

PROF HANSIE KNOETZE het erkenning gekry vir sy uitstaande onderrig met twee Rektorstoekennings vir Voortreflike Onderrig en die toekenning vir Dosent van die Jaar in die Fakulteit Ingenieurswese. Op institusionele vlak was sy bydrae tot die kwaliteit van onderrig van onskatbare waarde en is hy in 2012 aangestel as Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese. Hy het 56 artikels en meer as 150 konferensiebydraes gelewer, en 15 doktorale studente en 40 magisterstudente het onder sy studieleiding afgestudeer.

PROF WILLEM PEROLD, Visedekaan (Navorsing) van die Fakulteit Ingenieurswese en uitgelese professor in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, dien in verskeie Universiteitskomitees. Hy het 'n unieke nanotegnologievervaardigingslaboratorium met gesofistikeerde visualiseringsinstrumentasie gevëstig en geniet 'n B-evaluering van die NNS. Hy het 54 vaktydskrifartikels, 87 konferensiebydraes en verskeie patente uit sy navorsing geproduseer en was promotor vir sewe PhD- en 36 magistergraadstudente.

PROF JAN DU TOIT, Direkteur en stigter van die Afrika Sentrum vir MIV/Vigsbestuur, is 'n baanbreker in die stryd teen MIV/vigs in die werkplek. Meer as 4 300 studente het reeds MPhil- en doktorale programme deur hierdie Sentrum voltooi. Hy het die afdeling vir Opvoedkundige Teater en Skeppende Kunste daargestel, waardeur meer as twee miljoen mense bereik en vir MIV getoets is. Hy het die Staatspresident se Toekenning vir Gemeenskapswerk van dr Nelson Mandela ontvang.



PROF NIC TERBLANCHE het die Departement Ondernemingsbestuur tot een van die voorste navorsingsgedreve departemente ontwikkel, het 'n groot aantal vakkundige artikels oor bemarking gepubliseer, en was die eerste Suid-Afrikaanse navorser wie se werk in die *Harvard Business Review* gepubliseer is. Die NNS het hom vereer met een van die hoogste evaluerings in sy veld. Hy is een van vier persone wat vereer is met lewenslange erelidmaatskap van die Suider-Afrika Instituut vir Bestuurswetenskaplikes.

PROF DOROTHEA VAN ZYL het die Woordfees in 2000 en die Woorde-Open-Wêrelde (WOW)-projek in 2003 gevestig, gebaseer op haar doktorale navorsing wat getuig van haar visie om Afrikaans vir almal toeganklik te maak. As een van die mees gesogte en suksesvolle dorpsfeeste in Suid-Afrika is die Woordfees dié vertoonvenster van die US se ondersteuning van die kunste. Die WOW-projek het nasionale impak.

PROF CHERRYL WALKER, 'n aktivis en publieke intellektueel, wyhaar loopbaan aan geslagsgelykheid en grondhervorming en streef daarna om wetgewende en sosiale steierwerk te skep waarbinne geregtigheid bevorder word. Sy is by die Sentrum vir Navorsing oor Vroue by Stanford Universiteit as 'n geaffilieerde vakkundige aanvaar en het gedien as 'n streekskommisaris van grondeise vir die Kommissie vir die Herstel van Grondregte. Haar gemeenskapsbetrokke akademieskap het tot verskeie beleidsveranderinge geleid.

PROF DOUG RAWLINGS is dié internasionaal erkende navorser in die veld van molekulêre biologie van mikro-organismes wat gebruik word om in die mynindustrie metale uit erts te ontgin. Hy het talle toekennings en A-evalueringe van die NNS verdien en was een van die eerste Suid-Afrikaanse wetenskaplikes wat tot die ontluikende veld van rekombinante DNS-tegnologie toegetree het. Hy word gerespekteer vir sy passie en leierskap, mees onlangs as waarnemende Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe.

PROF TERRY ROBINSON is 'n internasionaal erkende navorser in die veld van evolusionêre genetika en aspekte van chromosoombiologie, wat molekulêre sitogenetika, sistematiek en filogenomika insluit. Hy het talle toekennings ontvang en word as A-geëvalueerde navorser by die NNS erken. Hy het ook akademiese leierskap verskaf deurdat hy as Hoof van die Departement Plant- en Dierkunde gedien het en hy is tans Visedekaan: Navorsing in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

PROF CHARL CILLIERS, Direkteur van die US se Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling, het onder meer bygedra tot die vestiging van die Loopbane Kantoor en die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoeftes. Hy het die *International Golden Key* se Raadgewer van die Jaar-toekenning en die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Voorligting en Ontwikkeling

in Hoër Onderwys se toekenning as Bestuurder van die Jaar ontvang; en is deur die NNS as navorser geakkrediteer.

DR MICHAEL LE CORDEUR toon onvermoeide toewyding tot die gemeenskappe waarin hy werk en sy toegewyheid tot studente en die bemagtiging van mense weerspieël 'n diepganeerde voorneme en betrokkenheid. Hy het reeds verskeie toekennings ontvang wat sy statuur in die Afrikaanse taallandskap nasionaal en internasionaal erken. Sy gemeenskapsbetrokkenheid voed en verryk sy onderrig van Afrikaans in die Fakulteit Opvoedkunde.

PROF YUSEF WAGHID, 'n uitgelese professor in Opvoedkunde en 'n genoot van die Akademie vir Wetenskap in Suid-Afrika, het drie doktorsgrade – in die studieveld van opvoedkundige sielkunde, opvoedingsbeleidstudie en filosofie. Hy het 293 navorsingspublikasies op sy naam, het 19 PhD-gegraduarde begelei en het bygedra tot meer as 30 boeke. Hy het van die NNS 'n spesiale toekenning as 'stryder vir die ontwikkeling van navorsingskapasiteit by hoëonderwysinrigtings' ontvang.

PROF DIRKIE SMIT, 'n uitgelese professor in Sistematiiese Teologie, het uitnemend gepresteer in navorsing en innovasie, onderrig en leer, gemeenskapsinteraksie en akademiese administrasie. Sy navorsing het wêreldwyd 'n invloed op teologiese denke en sy kundigheid het 'n groot bydrae gelewer tot die akademie, geloofsgemeenskappe en die breër samelewning. Hy is vereer met die gesogte Alexander von Humboldt-navorsingstoekenning, die Andrew Murray-prys vir teologiese literatuur en 'n eredoktorsgraad van die Umea Universiteit in Swede.

PROF SANDY LIEBENBERG het 'n uitmuntende bydrae gelewer as 'n internasionaal gerekende vakkundige in sosio-ekonomiese regte op die terreine van behuising, gesondheidsorg, voedsel, water, bestaansekerheid en opvoeding. Haar gemeenskapsinteraksiewerk dek 'n groot verskeidenheid kwessies: die hantering van litigasie in openbare belang, ondersteuning van nieregeringsorganisasies se veldtogte en advies aan die regering oor die implementering van sosio-ekonomiese regte. Haar werk is 'n voorbeeld van hoe gemeenskapsinteraksie navorsing en onderrig aanvul en verryk.

PROF ANDRÉ VAN DER WALT, 'n uitgelese professor, beklee die navorsingsleerstoel in Sakereg sedert 2002. Hy was een van die eerste sosiale en geesteswetenskaplike akademici wat 'n A-evaluering van die NNS ontvang het en het sedertdien 'n A1-evaluering gekry. Hy was ook die eerste navorser wat nie van die VSA afkomstig is nie, om 'n merietetoekenning van die *Association for Law, Property and Society* te ontvang. Die *Tijdschrift voor Privaatrecht* se leerstoel vir besoek aan België en Nederland is aan hom toegeken.



MATIEFIETSE

487 verhuur
8% aan personeel



WOORDFEES

PROF DOROTHEA VAN ZYL
STIGTINGSDIREKTEUR
60 000 kaartjies verkoop
25 WOW-aksies maak wêreld van woorde vir leerders oop
16 WOW-beurshouers



UNIVERSITEITS-MUSEUM

40 geleenthede
17 497 besoekers



US KOOR

By Koorspele in Riga
Wêreldkamioene in 3 kategorieë



NUWE US SWEMBAD

Olimpiese standaard



SPORTSTERRE VAN 2014

Ilhaam Groenewald (Hoofdirekteur: Sport), Fanie van der Merwe (Sportman van die Jaar vir Persone met Gestremdhede), Justine Palframan (Sportvrou van die Jaar), Victor Hogan (Sportman van die Jaar), Jackie Wiese (voormalige Direkteur: Sport) en voor Justine Asher (Sportvrou van die Jaar vir Persone met Gestremdhede).



SLIMSTE KOPPE

33 aangestel as uitgelese professore



VERANTWOORDELIKE BESTUUR EN BEHEER

Ons besef en aanvaar dat ons, in belang van die belanghebbers vir wie ons dien, gesamentlik vir die verwesenliking van die Universiteit se Visie verantwoordelik is.





SENAATSVERSLAG AAN DIE RAAD



Die Senaat het as statutêre liggaam gedurende 2014 'n belangrike bydrae gelewer om die Universiteit Stellenbosch as volwaardige 21^{ste}-eeuse universiteit te posisioneer. Bydraes deur die verskillende senaatskomitees, te wete die fakulteitsrade, Uitvoerende Komitee van die Senaat, Aanstellingskomitee, Akademiese Beplanningskomitee, Bibliotekkomitee, Eregradekomitee, Gemeenskapsinteraksiekomitee, Navorsingskomitee en Komitee vir Leer en Onderrig (kyk bladsy 10), is tydens vanjaar se vier senaatsvergaderings bespreek. Daarna is spesifieke aanbevelings aan die Raad gemaak.

Sake wat in die senaatsvergaderings aandag geniet het, was die aanbeveling van 'n aantal nuwe akademiese programme vir goedkeuring deur die Raad, die goedkeuring van doktorale onderwerpe vir navorsing en die aanbeveling van 'n aantal beleide (onder andere die gewysigde Taalbeleid) by die Raad. 'n Aanbeveling aan die Raad in verband met die aanwysing van 'n nuwe Rektor en Visekanselier is gemaak en onderrigaktiwiteite en gemeenskapsaktiwiteite wat met die akademie verband hou, is bespreek.

Op grond van beperkte kapasiteit en die groot getal aansoeke wat ontvang word, is al die voorgraddse programme wat die Universiteit aanbied reeds die afgelope aantal jare keuringsprogramme. Om toegang tot die US te verbreed, is parallelmediumonderrig (onderrig in sowel Afrikaans as Engels word in afsonderlike klasse vir dieselfde module aangebied) en tolking (lesings word in Afrikaans aangebied en terselfdertyd na Engels getolk, of omgekeerd) ook die afgelope jaar by verskeie programme ingestel. Hierdie wyse van aanbieding word deurlopend uitgebrei.

Die volgende nuwe nagraadse programme is in 2014 deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding goedgekeur en deur die Raad vir Hoër Onderwys geakkrediteer:

- MPhil in Pulmonologie;
- MPhil in Kardiologie;
- MSc in Menslike Anatomie; en
- Magister in Stads- en Streeksbeplanning.

SAMESTELLING VAN DIE SENAAT VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

- die Rektor en Visekanselier (voorsitter);
- die drie Viserektore;

- die Bedryfshoof;
- twee lede van die Raad (deur die Raad benoem);
- die Registrateur (sekretaris);
- al die vol professore aan die Universiteit;
- alle departementele voorsitters wat nie vol professore is nie;
- vyf medeprofessore;
- drie lede van die Studenteraad;
- een lid van die Akademiese Belangeraad (ABR)
- twee lede van die akademiese personeel wat nie professore of medeprofessore is nie;
- twee lede van die administratiewe personeel;
- twee lede van die tegniese personeel;
- dekane en visedekane wat nie vol professore is nie; en
- die volgende bykomende amptenare wat deur die Raad tot lede van die Senaat verklaar is:- Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne; Hoofdirekteur: Finansies; Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur; Senior Direkteur: Informasietecnologie; Senior Direkteur: Studentesake; Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning; Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens; Senior Direkteur: Navorsing; Senior Direkteur: Nagraadse en Internasionale Kantoor; Direkteur: Sentrum vir Onderrig en Leer; Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie; Senior Direkteur: Voornemende Studente; Senior Direkteur: Innovasie en Besigheidsontwikkeling; en Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking.

Ten slotte kan met reg gesê word dat die Senaat in die verslagperiode 'n omvattende en kundige bydrae gelewer het tot die portefeuilles van Leer en Onderrig, Navorsing en Innovasie, en ook Gemeenskapsinteraksie en Personeel. Vir nadere besonderhede oor hierdie portefeuilles, kyk die verslæ van die Viserektor (Leer en Onderrig) op bladsy 36, die Viserektor (Navorsing en Innovasie) op bladsy 41 en die Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) op bladsy 45. Kyk op bladsy 66 hoe die Universiteit uitnemendheid erken deur die toekenning van die Kanseliersmedalje en Kanselierstoekennings.

L. van Huyssteen

Prof L van Huyssteen
Waarnemende Voorsitter van die Senaat

VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM



Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (artikel 31(1) van Wet 101 van 1997), die Universiteitsraad van advies dien oor beleidaangeleenthede, met inbegrip van die toepassing van die bepalings van hierdie wet en die nasionale beleid op hoër onderwys.

Die bedrywigheide van die IF bestaan uit sowel vergaderings waar advies aan die Universiteitsraad oorweeg word as gespreksgemeentes tussen die Uitvoerende Komitee van die IF en die Rektor en sy Bestuurspan. Die IF gebruik van tyd tot tyd taakgroepe oor aangeleenthede soos diversiteit en billikheid, institusionele beplanning en institusionele kultuur om sy werkzaamhede vinniger af te handel. Lede dien vrywillig in die taakgroep(e) van hul keuse. Die taakgroepe word, wanneer nodig, aangevul deur ad hoc-groepe. Die taakgroepe het die bevoegdheid om sake wat aan hulle toegewys is, deeglik te ondersoek en dan by die IF daaroor verslag te doen sodat die IF daarna willeurdagte advies aan die Raad kan lewer.

SAMESTELLING VAN DIE IF

Die Statuut van die Universiteit bepaal die samestelling van die IF – 32 lede, agt uit elk van die vier groeperinge, te wete die beheer- en bestursector, die personeelssector, die studentesektor en die gemeenskapssector. Die samestelling van elke groepering word ook voorgeskryf.

WERKSAAMHEDE

Die Uitvoerende Komitee van die IF vergader vier keer per jaar om sy pligte uit te voer. Tydens elke vergadering word die agenda van die daaropvolgende vergadering gefinaliseer. Hierbenewens het die IF in die verslagjaar een maal saam met die Senaat vergader as deel van die reglementêre voorskrifte vir die aanwys van 'n rektor en visekanselier.

Buiten die streng wetlik voorgeskrewe pligte en verantwoordelikhede het die IF voortgegaan om op spesifieke sake, soos van tyd tot tyd bepaal, te fokus met die doel om proaktief advies aan die Raad deur te stuur vir oorweging en verdere ondersoek.

Voorgestelde beleide

Die IF het in die vorm van formele rapporte hoofsaaklik advies oor nuwe beleide gelewer. Universiteitsbeleide wat ter sprake gekom het, was:

- die Beleid oor Verpligte Selfargivering van Navorsingsuitset;

- die hersiening van die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch; en
- die Beleid vir die Aanbied van Kortkursusse.

Kommentaar op beleide en formele versoek

Die IF steun die oorhoofse bedoelings van al die bovenmelde beleide. Vir die Beleid oor Verpligte Selfargivering het die IF indragende wysings voorgestel wat die Raad genoop het om die aanbeveling dat die beleid nie aanvaar word voor verdere konsultasie plaasgevind het nie, te aanvaar. Na verdere konsultasie het die IF aanbeveel dat die beleid met geringe wysings aanvaar word. Die IF sien die nodigheid in om die Taalbeleid te hersien en het die voorgestelde wysings aanvaar en sodanig aan die Raad gerapporteer.

Aanstelling van die Rektor en Visekanselier

Die IF het, ooreenkomsdig die Universiteit se Reglement insake Prosedure by die Aanstelling van 'n Rektor en van Viserektore, twee verteenwoordigers aangewys om in die keurkomitee vir die aanstelling van die Rektor en Visekanselier te dien. Verder het die IF ook 'n mosie van roubeklag met die tragiese heengaan van ons Rektor, prof Botman, aanvaar wat ter kennisname aan die Raad gestuur is.

Kommentaar oor ander sake

Die IF het oor verskeie ander aangeleenthede aan die Raad kommentaar en/of versoek vir oorweging gelewer. Die Institusionele Forum het sy eie gedragkode opgestel en aan die Raad vir kennisname voorgelê.

Le R. Burrows
Mnr Le Roux Burrows
Vorsitter: Institusionele Forum



OORSIGTELIKE VERSLAG VAN TRANSFORMASIE

Sistemiese transformasie is in die Universiteit se kernfunksies veranker. Ons sien dit as 'n reis en nie 'n eindbestemming nie en ons glo dat dit 'n voorwaarde vir sukses in die 21ste eeu is. Dit nool verskeie institutionele deelnemers om gesamentlik te definiere wie ons is en om die verantwoordelikheid vir wat ons graag wil wees gesamentlik te aanvaar. Dit vind weerklank in ons uiteenlopende samestelling, institutionele kultuur, kernwaardes, gedrag en studente- en personeelleierskap, en is in ons Visie 2030 en Institutionele Voorname en Strategie vergestalt.

Die transformasie van ons kernaktiwiteite – leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie – word in die instelling se geografiese voetspoor openbaar; ons aspirerende besigheidsmodel; die manier waarop ons studente, personeel en gemeenskappe by ons bedrywighede betrek; ons strewe na lewenslange leer; en ons bevordering van betrokke en kritiese burgerskap. Innoverende ontwikkeling en die volhoubare gebruik van fasilitate, infrastruktur, inligtings- en kommunikasietegnologie word as belangrike transformasie-instrumente beskou wat toegang met sukses en prestasie in alles wat ons aanpak sal verseker.

Ons is deeglik bewus van die behoefte om transformasie te bespoedig en te verdiep. Ons geïntegreerde benadering tot transformasie word weerspieël in die jaarlikse prestasiekontrakte met akademiese en steundiens-personeel. 'n Kritiese evaluering van wat ons reeds in hierdie verband in die loop van 2014 reggekry het, skilder 'n instelling in voortdurende verandering – terwyl ons goeie vordering met transformasie ten opsigte van toegang met sukses, institutionele taalsoepelheid, integrasie, verwelkomingspraktyke en studentesteen gemaak het, is daar steeds reuseuitdagings met hoëvlakverteenwoordiging en persepsies, bes moontlik vererger deur die skielike heengaan van ons destydse Rektor, prof Russel Botman. Die besluit om die Sentrum vir Inklusiviteit te sluit en sy werk uit te brei tot 'n verankerde model en universiteitswyse projek met toepaslike doelwitte het uiteenlopende reaksies uitgelok. Ons transformasiereis kan ten beste beskryf word as 'n soek daarna om mense om te haal om hul hart en verstand in die saak te stort, om die oorblyfsels van oudmodiese paradigmas uit te wis en om die pad vir paradigmas wat ware transformasie vir al ons mense sal bewerkstellig oop te maak. Hierdeur sal die volle rykdom van diversiteit in mense, denke, idees, innovering en kennissisteme aangewend kan word in ons strewe na uitnemendheid.

Kortom, as 'n universiteit het ons al ver gekom, maar daar

lê nog 'n lang pad voor. Ek nooi u dus graag uit om ons Jaarverslag 2014 te lees en uit 'n transformasieperspektief daaroor na te dink.

TRANSFORMASIE IN LEER EN ONDERRIG

Die hoëronderwysomgewing is beslis in snelle transformasie. In wêrelieverband is dit grootliks as gevolg van tegnologiese veranderinge en studente se nuwe benadering tot kennisverwerwing. Die US het die afgelope jaar stewig stelling ingeneem om kennisoordrag met tegnologiese bemiddeling te ondersteun. Dit het reeds toegang tot nuwe studentemarkte verhoog, en help handhaaf ook studentesukses. Die US se programmaanbod word ook voortdurend vernuwe om in pas te bly met markbehoeftes, en gehalte deurlopend te verbeter.

In nasionale verband lei die veranderende demografie van sowel die studentekorps as akademici tot verdere transformasie van hoër onderwys. Die US het spesifieke strategieë om die voorste studente uit die groot Suid-Afrikaanse samelewning te werf, welkom te laat voel en suksesvol te laat afstudeer. Twee besondere inisiatiewe is die bevordering van 'n multikulturele bewustheid by studente en die LLL-inisiatief (Luister-, Leef- en Leerhuise).

Een van die prioriteitsfasette van Matie-wees is dat studente goed in multikulturele omgewings moet kan funksioneer. Multikulturele bewustheid word bevorder deur die aanbieding van gestruktureerde opleidingsgeleenthede in die verskillende studentegemeenskappe (klusters, koshuise, LLL-huise en Privaatstudenteorganisasie-wyke). Hierdie geleenthede word aangebied deur 'n ervare professionele konsulent en ander fasiliteerders, synde personeel en studente wat spesifiek hierin touwys gemaak is. Die opleidingsgeleenthede vind deur die hele jaar plaas.

Wat Luister, Leef en Leer betref, het dié projek in 2014 ontwikkel van 'n randinisiatief aan die US tot 'n integrerende en sentrale deel van die Afdeling Studentegemeenskappe se strewe na die oogmerke van die Universiteit se Visie 2030 om 'n innoverende, inklusieve en toekomsgerigte instelling te wees. Binne een jaar het die Universiteit die inisiatief se kapasiteit om studente te akkommodeer verdubbel, die personeel verdriedubbel, 'n internskapprogram ingestel, die getal geleenthede, publikasies, slypskole en leerhulpbronne vermeerder; verhoudings met interne en eksterne belanghebbers gevestig en die eerste funksionerende LLL-forum op die been gebring. Straks die belangrikste bydrae was egter die voltooiing van die nuwe, groen LLL-dorp met huisvesting vir 119 studente. Hierdie ontwikkeling, wat as 'n vlagskip vir groen ontwerp deur die Wes-Kaapse Regering se 110% Green-projek erken word, het die gebruiklike standaard



vir die ontwerp van geboue waarin US-studente kan leef en leer tot 'n heel nuwe vlak gevoer. Die beste samevatting van die waarde van dié inisiatief is die volgende opmerking deur een van die deelnemers by nabetragsing aan die einde van die jaar: "Die mees betekenisvolle deel van my ervaring was die besef dat elkeen van ons met uitdagings spook en dat om die uitdagings van jou huisgenote en mense in die algemeen te verstaan, die eerste stap is om sosiale samehang te bewerkstellig" (Yasine Barends, Huis vir Etiiek en Moraliteit).

TRANSFORMASIE IN NAVORSING EN ONTWIKKELING

Die Universiteit is verbind tot die ontwikkeling van die volgende generasie akademici, wat produktief op die terrein van navorsing en meer verteenwoordigend van ons land se demografie sal wees. Ons maak gebruik van verskeie inisiatiewe met 'n besonderse fokus op die ontwikkeling van opkomende akademiese navorsers vroeg in hulle loopbane om ons transformasie-imperatiewe te bevorder.

Die Mellon-Vroeënavorsingsloopbaan-ontwikkelingsprogram (*Mellon Early Research Career of MERC*), befonds deur die Andrew W Mellon Stigting, het oor die afgelope vier jaar 91 opkomende navorsers ondersteun deur elke navorser formeel in te skakel by 'n ervare navorsingsmentor en deur aan hulle bykomende opleiding in navorsingsvaardighede te bied. Onder hierdie navorsers was 43% swart, bruin en Indiërs-navorsers en 59% was vroulike navorsers. Hulle vordering is noukeurig gemonitor en dit is duidelik dat die ondersteuning wat hulle gekry het besig is om beduidend tot hulle suksesvolle levering van kwantifiseerbare navorsingsuitsette by te dra.

Ons glo dat mentorskap 'n belangrike rol sal speel in die ontwikkeling en behoud van 'n diverse kohort akademiese personeellede aan die Universiteit. Dit is daarom dat ons in 2015 met ons navorsingsmentorskaprogram voortgaan, met befondsing wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se navorsingsontwikkelingtoewysing (Research Development Grant) verskaf word. Vanaf 2014 tot 2017 sal 'n totaal van ses projekte uit hierdie toewysing befonds word om, met behulp van praktiese ondersteuning, opkomende swart, bruin en Indiërs-navorsers verder te ontwikkel.

In 2014 het die Andrew W Mellon Stigting die Universiteit met nog 'n driejaartoewysing in staat gestel om 'n nuwe Mellon-Vroeënavorsingsloopbaan-ontwikkelingsprogram (MERC 2) van stapel te stuur. Vyf tydelike akademiese poste is in vier fakulteite geskep en vyf jong akademici – een bruin vroulike navorser, twee swart manlike navorsers, een bruin manlike navorser en een wit vroulike navorser – is vir hierdie poste gekeur. Vier van hierdie kandidate is tans geregistreer vir hulle doktorale studies, en een het onlangs sy doktorsgraad verwerf. Hulle sal met behulp van die Mellon-toewysing vir 'n tydperk van drie jaar in hulle akademiese departemente

ontwikkel word, met 'n onderneming van hulle fakulteite om hulle as akademiese personeel in te sluit aan die einde van die driejaartydperk. Die ondersteuning wat hierdie jong akademici ontvang sluit in vakkundige bystand van 'n senior akademikus met die voorbereiding van navorsingsbefondsing voorstelle, navorsingspublikasies, NNS-evalueringsaansoeke, navorsingsleiding en beperkte befondsing vir internasionale kongresse en navorsingsbesoeke.

Die Universiteit neem aktief deel aan nasionale befondingsprogramme wat spesifiek sy fokus op die transformasie en vernuwing van sy kohort van akademiese personeel kan versterk. Die navorsingsloopbaantoekenning-genootskaprogram van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) bied aan jong akademiese personeel met nadoktorale ervaring die geleentheid om 'n vyfjaar-dienskontrak met 'n universiteit te sluit, en aan die einde van hierdie tydperk kan hulle as permanente personeellede aangestel word. Twaalf aansoekers uit 'n totaal van 24 was suksesvol en het nou aan die Universiteit Stellenbosch met hulle aanvanklike vyfjaar-ampstermy begin. Van hierdie genote is 42% uit die aangewese groep en 58% is vroulike kandidate.

As deel van 'n volgehoue fokus op nadoktorale navorsingsgenote het die Universiteit interne fondse vir 32 nadoktorale genootskappe, wat slegs vir Suid-Afrikaanse burgers beskikbaar is, toegeken. Van die genote wat befondsing in 2013 en 2014 ontvang het was 56% uit die aangewese groep en 53% was vroulik.

Bykomend tot al die bogenoemde, steun die Universiteit ook opkomende navorsers wat aan die NNS se Thuthuka-befondingsprogram deelneem. Hierdie program vereis 'n jaarlikse bydrae van ongeveer 30% van deelnemende instellings. In 2014 was daar 46 houers van Thuthukatoewysings aan die Universiteit, waarvan ongeveer 30% uit die aangewese groep was.

Prof L van Huyssteen
Waarnemende Rektor en Visekanselier

Mnr GM Steyn
Vorsitter van die Universiteitsraad



VERSLAG OOR TENDER- EN AANKOOPPROSEDURES

Afdeling Aankope en Voorsieningsdienste is verantwoordelik vir die ontwikkeling en implementering van 'n gesentraliseerde aankoopbeleid en -prosedure op 'n regverdig, billike, onpartydige, deursigtige en mededingende koste-effektiewe grondslag wat aan alle diensverskaffers, verteenwoordigend van alle gemeenskappe, sonder diskriminasie op grond van ras, geslag of geloof op 'n etiese wyse die geleentheid bied om met die US sake te doen.

Binne hierdie raamwerk en beleid is daar aankoopsnpunte wat bepaal wanneer vir die aankoop van dienste of produkte laat tender moet word. Verder word daar ook onderskei tussen institusionele, strategiese en kapitaaltenders en tenders wat nie die werking van die US in sy geheel beïnvloed nie, byvoorbeeld die aankoop van navorsingsapparaat. Elkeen van hierdie tipes aankope is onderworpe aan sy eie reëls in terme van die goedkeurings wat nodig is voordat 'n tender gevra en toegeken kan word, soos vervat in US se Aankoop- en Tenderbeleid en die US se Reglement aangaande Delegasies van Bevoegdhede en Verantwoordelikhede. Voor elke tenderevaluering moet die lede van die Tenderkomitee 'n verklaring-van-belang-vorm

invul. Indien enige lid 'n botsende belang het, neem die lid nie deel in die evaluering nie.

Die volgende institusionele en strategiese tenders vir die aankoop van dienste is gedurende 2014 toegeken: skoonmaakdienste vir Stellenbosch- en Tygerbergkampus en die hantering van die US se bankdienste.

Albei tenders is in die koerante geadverteer. Voor die tenderprosesse 'n aanvang geneem het, is die evalueringskriteria, die gewig van elke evalueringskriterium en die lede van die Tenderkomitee deur die Rektor se Bestuurspan goedgekeur. Die evalueringsverslæ van die onderskeie Tenderkomitees is na die evaluering aan die Finansieskomitee voorgelê vir aanbeveling aan die Rektor se Bestuurspan vir goedkeuring. Die Rektor se Bestuurspan het in albei gevalle die aanbeveling van die Finansieskomitee bekragtig.

In die geval van die tender vir skoonmaakdienste vir Stellenbosch- en Tygerbergkampus was die lede van die komitee:

NAAM	POSISIE
Mnr D Prata	Sakebestuurder: Fasiliteitsbestuur
Mnr JV Villet	Fasiliteitsbestuur
Mnr MJ Brooks	Fakulteitsbestuurder: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Mnr PJ Janse van Rensburg	Fakulteitsbestuurder: Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
Me M van den Worm	Fakulteitsbestuurder: Natuurwetenskappe
Mnr VS d'Aguanno	Fakulteitsbestuurder: Fakulteit Ingenieurswese
Mnr MJ Freeborough	Fakulteitsbestuurder: AgriWetenskappe
Mnr ESA Mouton	Direkteur Besigheidsbestuur: Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Mnr H Swanepoel	Direkteur: Kommersiële Dienste
Me L Main	Biblioteek- en Inligtingsdiens
Me M Malan	Senior Rekenmeester: Finansies
Me F Majiet	Direkteur: Finansiële Dienste
Dr JA Slamat	Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie
Me T Ferndale	Studenteverteenwoordiger



In die geval van die tender vir bankdienste was die lede van die komitee:

NAAM	POSISIE
Mnr HAJ Lombard	Hoofdirekteur: Finansies
Me A Murray	Direkteur: Finansiële Beplanning en Batebestuur (waarnemend)
Mnr W Nolte	Bestuurder: Menslike Hulpbronne Bestuursinligtingstelsels
Me F Majiet	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr R Pina	Direkteur: Informasietegnologie
Me G Cronjé	Adjunkdirekteur: Studentegelde en Debiteure
Mnr MJ Brooks	Fakulteitsbestuurder: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Mnr PA Wever	Bestuurder: Voertuigloot
Me A de Villiers	Adjunkdirekteur: Fondse en Batebestuur (waarnemend)

Verskeie kapitaalprojekte is ook in 2014 op tender geplaas waarvan die grootste die oprigting van 'n nuwe gebou vir die Afdeling Informasietegnologie was. Die nodige tenders in terme van die Aankoop- en Tenderbeleid was van die goedgekeurde verskaffers van die US gevra. Voor die tenderprosesse 'n aanvang geneem het en na afhandeling van die tenderprosesse is die nodige goedkeurings verkry in terme van die Aankoop- en Tenderbeleid en die US se Reglement aangaande Delegasies van Bevoegdhede en Verantwoordelikhede.

In die geval van die tender vir die oprigting van die Informasietegnologiegebou was die lede van die komitee:

NAAM	POSISIE
Me M Nell	Projekbestuurder
Mnr AC Kriel	Bestuurder: Kapitaalprojekte
Mnr SW Opperman	Direkteur: Beplanning en Ontwikkeling
Me G Jacobs	Bestuurder: Fasiliteitsbeplanning
Me M Malan	Senior Rekenmeester: Finansies
Mnr C Munnik	Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur



FINANSIËLE VERSLAG

INHOUD



80

Universiteitsraad se verklaring oor korporatiewe bestuur

85

Universiteitsraad se verantwoordelikheid vir finansiële verslagdoening

86

Onafhanklike ouditeursverslag aan die Raad van die
Universiteit Stellenbosch

88

Rekeningkundige beleid

93

Gekonsolideerde staat van finansiële posisie

94

Gekonsolideerde inkomstestaat

95

Gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

96

Gekonsolideerde staat van veranderings in fondse

97

Gekonsolideerde staat van kontantvloei

98

Aantekeninge by die gekonsolideerde finansiële jaarstate





UNIVERSITEITSRAAD SE VERKLARING OOR KORPORATIEWE BESTUUR

Die Universiteit Stellenbosch het in 1918 ontstaan toe die Victoria Kollege ingevolge Wet 13 van 1916 in 'n universiteit omskep is.

DIE UNIVERSITEITSRAAD EN SUBKOMITEES VAN DIE RAAD

Die Universiteitsraad (hierna die Raad genoem) bestaan uit akademiese en nieakademiese lede, behoorlik volgens die Statuut van die Universiteit genomineer en aangestel, van wie die meerderheid nie personeel of huidige studente van die Universiteit is nie. Die rol van die Voorsitter van die Raad is van die rol van die Rektor en Visekanselier van die Universiteit geskei. Die Voorsitter van die Raad is gedurende 2013 herverkies om vir 'n verdere termyn van 2 April 2014 tot 1 April 2018 as Voorsitter te dien. Sake wat vir oorweging en besluitneming aan die Raad toegewys is, word in die Statuut van die Universiteit, hetsy deur gevestigde praktyke of ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997, uiteengesit. Die Raad moet aan sy onderskeie belanggroep verantwoording doen. Die Raad sien toe dat die Universiteit op verantwoordelike en deursigtige wyse bestuur word en is tot gesonde bestuursbeginnels verbind. Die Raad, wat minstens vier keer per jaar vergader, bestaan uit 30 lede, met 29 poste wat gevul is. Die Raad is saamgestel uit vyf uitvoerende Raadslede, ses werknehmers van die Universiteit en 19 onafhanklike nie-uitvoerende Raadslede, waarvan vier deur die regering en twee deur die studente aangewys is. Die name van die lede, hulle kwalifikasies en ampstermyne verskyn op bladsy 11 en 12.

Die Raad het gedurende die verslagjaar ses keer amptelike vergaderings gehou. Gedurende die verslagjaar was die gemiddelde koers van bywoning van Raadsvergaderings deur Raadslede 93%. Die laagste bywoningskoers was 86%.

Die Raad het strukture geskep om toe te sien dat sy verpligtings teenoor alle belanggroep te alle tye behoorlik nagekom word. Die volgende Raadskomitees speel 'n direkte rol by die effektiewe funksionering van die Universiteit: die Uitvoerende Komitee van die Raad; die Menslikehulpbron-komitee van die Raad; die Vergoedingskomitee van die Raad; die Oudit- en Risikokomitee van die Raad, die Sosiale- en Besigheidsetiekkomitee van die Raad en die Beleggingskomitee van die Raad. Die komitees is almal formeel saamgestel, met skriftelike mandaate, en bestaan hoofsaaklik uit lede van die Raad wat nie personeel of studente van die Universiteit is nie.

Die Raad se komitees vergader met verskillende tussenposes – sommiges vergader voor elke Raadsvergadering, terwyl ander vergader na gelang die behoefté ontstaan.

Die **Uitvoerende Komitee van die Raad**, wat minstens vyf keer per jaar vergader, neem namens die Raad binne

sy gedelegeerde magte besluite, handel sake namens die Raad af, adviseer die Raad oor beleidsbesluite en skakel in die tydperk tussen Raadsvergaderings met die senior bestuur oor sake wat die funksies van die Raad raak. Die Uitvoerende Komitee van die Raad bestaan uit ses lede, wat ook lede van die Raad is. Tans is ses poste gevul. Die komitee vervul ook namens die Raad 'n moniterings- en kontrolefunksie deurdat dit aanbevelings ten opsigte van die Universiteit se transformasiemikpunte doen en die implementering daarvan moniteer, aanbevelings ten opsigte van die jaarlikse bedryfs- en kapitaalbegrotings doen en vordering in ooreenstemming met die goedgekeurde begrotings en resultate kontroleer. Die komitee is ook verantwoordelik om toe te sien dat die Universiteit finansieel gesond en 'n lopende saak is. Hierdie komitee het gedurende die verslagjaar ses keer vergader. Die komitee het geen hangende sake nie. Hangende sake op die agendas van ander komitees wat deur die Uitvoerende Komitee aan die Raad verslag doen, sal uiteindelik op die agenda van die Uitvoerende Komitee verskyn, wat op daardie stadium hanteer sal word.

Die gemiddelde bywoningskoers van die Uitvoerende Komitee vir 2014 was 94%.

Die **Oudit- en Risikokomitee van die Raad**, waarvan die Voorsitter en lede ook lede van die Raad of ander eksterne persone is wat oor die nodige finansiële kundigheid beskik om die komitee met die doeltreffende uitvoering van sy pligte by te staan, funksioneer sedert 31 Oktober 2005 en bestaan uit ses lede, soos uiteengesit op bladsy 11 en 12. Tans is vyf poste gevul. Die komitee vergader minstens drie keer per jaar en die vergaderings word deur die interne en eksterne ouditeure en die lede van die senior bestuur van die Universiteit bygewoon. Die interne en eksterne ouditeure se onbeperkte toegang tot die Oudit- en Risikokomitee verseker hulle onafhanklikheid. Die Oudit- en Risikokomitee funksioneer ooreenkomsdig 'n skriftelike mandaat van die Raad en doen aan die Raad verantwoording oor die volgende:

- Die beskerming van bates.
- Die werking van geskikte stelsels van interne beheer.
- Risikobestaurs- en -beheermaatreëls.
- Interne, eksterne en forensiese audit.
- Voldoening aan statutêre vereistes.
- Rekeningkundige beleid.
- Geïntegreerde verslagdoening.
- Die stand van die Universiteit as lopende saak.

Die Oudit- en Risikokomitee se reglement en matriks is gedurende 2014 opdateer en deur die Raad goedgekeur.

Die **Menslikehulpbron-komitee van die Raad** se mandaat sluit aanbevelings aan die Raad oor sake rakende algemene personeelbeleid, dienskontrakte, pensioenfondse, bonusse, prestasiebeoordelingsraamwerke, aanstellings en



bevordering van senior bestuurslede, ens in. Die komitee bestaan uit vyf lede, soos uiteengesit op bladsy 11 en 12. Tans is al vyf poste gevul.

Die **Vergoedingskomitee van die Raad** is saamgestel uit die Voorsitter van die Raad (nie as voorsitter van die Vergoedingskomitee nie), twee Raadslede wat nie werknemers van die Universiteit is nie, die Rektor en Visekanselier en twee ex officio-lede (sonder stemreg), naamlik die Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne, en die Bestuurder: Vergoeding en Voordele. Die Vergoedingskomitee is vir oorweging van sake soos personeelvergoeding en byvoordele verantwoordelik en doen aanbevelings daaroor aan die Raad.

Die **Sosiale en Besigheidsetiekkomitee (SBK)** van die Raad is aan die einde van 2014 saamgestel. Die sleutelfunksie van die komitee is om as die sosiale gewete van die Universiteit te dien, en te verseker dat die instansie as verantwoordelike korporatiewe burger optree. Die SBK het dus die verantwoordelikheid om toesig te hou oor hoe eties die Universiteit sy besigheid bedryf. Die komitee dra die oorhoofse verantwoordelikheid om korporatiewe etiese waardes, asook besigheidsetiekkodes en -beleid te vestig, en om te verseker dat die beginsels van etiese besigheidspraktyk nagekom word. Die komitee bestaan uit

vyf lede, naamlik twee nie-uitvoerende Raadslede, twee verteenwoordigers van die Universiteit se bestuurskorps en een eksterne lid. Minstens een van die lede moet ook 'n lid van die Oudit- en Risikokomitee wees. Die Voorsitter van die komitee, wie 'n nie-uitvoerende Raadslid moet wees, word deur die Raad aangewys. Die komitee sal minstens drie keer per jaar vergader.

VERSLAGDOENING INGEVOLGE KING III

Die *King Code of Governance Principles* (King III) is sedert 1 Maart 2010 op alle besigheidsetekteite, insluitende universiteite, van toepassing. Die Universiteit het in Augustus 2010 'n onafhanklike interne audit van die mate van nakoming van die toepaslike King III-beginsels laat doen. Die Universiteit het in daardie stadium reeds aan die oorgrote meerderheid van die beginsels voldoen en het sedertdien 'n volledige aksieplan met die oog op die implementering van die uitstaande toepaslike beginsels opgestel.

Die Universiteit onderskryf die filosofie van leierskap, volhoubaarheid en korporatiewe burgerskap soos vervat in King III. King III vereis dat besigheidsetekteite wat verstaan dat daar aan die beginsels voldoen word, moet verduidelik waar voldoening nie moontlik was nie. Die Universiteit voldoen soos op 31 Desember 2014 nie aan die onderstaande nie:

GEBIED	VERDUIDELIKING
Statuut van die Universiteit	Waar die gewysigde Statuut, wat aan die Wet op Hoër Onderwys voldoen, nie aan die vereistes van King III voldoen nie, sal kompenserende maatreëls ingestel word om aan die doel van die riglyne te voldoen.
Geïntegreerde verslagdoening	Die Universiteit het ten doel om teen 30 Junie 2016 'n geïntegreerde verslag ten opsigte van die 2015-jaar uit te reik, wat aan King III sowel as die Global Reporting Initiative-ramwerk voldoen.
Opvolgbeplanning en talentbestuur van Raadslede	Gegewe die feit dat Raadslede op grond van spesifieke kundigheid deur verskillende belanggroepes aangestel word, is talentbestuur nie moontlik nie. Opvolgbeplanning word gedoen deur die onderskeie belanggroepes wat vir die aanstelling van hulle verteenwoordigers in die Raad verantwoordelik is.
Raadskomitees	King III vereis dat die onderskeie Raadskomitees hulle reglemente jaarliks hersien en dat daar jaarliks 'n selfbeoordeling van die komitee plaasvind. Met inagneming van die feit dat die aard van sommige komitees slegs halfjaarlikse vergaderings vereis, wat die jaarlikse hersiening van hierdie reglemente onprakties maak, word die reglemente hersien en aangepas soos nodig.
Vergoedingsopenbaarmaking	Vergoedingsopenbaarmaking voldoen aan die vereistes soos gestel deur die Regulasies vir Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings, en daar word tans nie aan die King III-vereistes voldoen nie.
Opleidingsregister van Oudit- en Risikokomiteelede	Gegewe die kundigheid van die lede en die posisies wat hulle beklee, word bykomende opleiding van Oudit- en Risikokomiteelede nie nodig geag nie. Daar sal van die lede verwag word om op 'n gereelde grondslag hulle deurlopende professionele opleiding en ontwikkeling te bevestig.
Gekombineerde ouditversekerings-raamwerk en verslagdoening	'n Gekombineerde ouditversekeringsraamwerk is deur die Bestuur en Interne Ouditeure ontwikkel en sal gedurende 2015 deur die Oudit- en Risikokomitee van die Raad oorweeg word vir goedkeuring.
Beleid van nie-ouditdienste	Die beleid vir nie-ouditdienste sal gedurende 2015 deur die Oudit- en Risikokomitee van die Raad oorweeg word vir goedkeuring.
Versekerings van voldoening aan wetgewing	Die ontwikkeling en implementering van 'n voldoeningsbeleid is van befondsing en kapasiteit afhanklik en hang ook nou saam met die nuwe verslagdoeningsvereistes ingevolge die Regulasies vir Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings, asook die ontwikkeling van 'n risikobestuursbeleid en -raamwerk. Die verantwoordelikheid vir nakoming geskied op operasionele vlak, inlyn met die verankerde risikobestuursmodel.



FINANSIELE EN KORPORATIEWE BESTUUR

Effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur- en interne beheerstelsels word gebruik om die akkuraatheid van die Universiteit se rekeningkundige rekords en die integriteit van die data wat vir die voorbereiding van finansiële jaarstate gebruik word, te verseker.

Daar is inherente beperkings op die doeltreffendheid van enige interne beheerstelsel, met inbegrip van die moontlikheid van menslike foute en die omseiling of omverwerping van beheermaatreëls. Gevolglik kan selfs 'n doeltreffende interne beheerstelsel slegs redelike gerusstelling ten opsigte van finansiële inligting verskaf.

Die interne en eksterne ouditeure evalueer die effektiwiteit, doeltreffendheid en betroubaarheid van die finansiële bestuur- en interne beheerstelsels. Gebreke in die stelsels word onder die aandag van die bestuur en, waar toepaslik, van die Audit- en Risikokomitee gebring. Stappe word getrou gedoen om beheergebreke reg te stel en bied geleenthede om die stelsel te verbeter na gelang gebreke geïdentifiseer word. Die Universiteit het ook 'n formele prosedure vir die aanmelding van moontlike ongerymdhede of bedrog.

Die Universiteit funksioneer volgens 'n waardestelsel wat in sy Strategiese Raamwerk uiteengesit word en deur die universiteitsgemeenskap aangeneem is. Finansiële bestuur berus op 'n stel beginsels wat die Raad op 19 Mei 2003 aangeneem het. Die Universiteit het ook 'n Beleid vir die Versekering en Bevordering van Eties-verantwoordbare Navorsing. Hierdie beleid word deur drie etiekkomitees (een elk vir navorsing met betrekking tot mensdeelnemers, die sorg vir en gebruik van diere, en omgewings- en bioveiligheid) toegepas om te verseker dat navorsers in elke verhouding met subjekte en objekte waarin hulle tydens wetenskaplike navorsing betrokke raak, in ooreenstemming met die tersaaklike etiese norme optree. Die etiese norme wat in die beleid uiteengesit word, geld reeds vanaf die evaluering van die doel van die bepaalde navorsing en die formulering van die onderwerp van navorsing, en is ook bindend ten opsigte van finansieringsbronne; kliënte; die gemeenskap; die fisiese, biologiese en sosiale omgewing; die veiligheid van navorsers en medewerkers; en die navorser se persoonlike verantwoordelikheid.

VOLHOUBAARHEID

Die Universiteit het sy verbintenis tot volhoubaarheid reeds onomwonde uitgespreek. Dit is veranker in die Universiteit se kernfunksies van leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie, soos vereis deur die Beleid vir die Geïntegreerde Bestuur van Volhoubaarheid, wat in November 2010 deur die Universiteitsraad aangeneem is. Voorts fokus die Universiteit binne die Millenniumontwikkelingsdoelwitte op volhoubaarheid

deur vir hom die bevordering van 'n volhoubare omgewing en 'n mededingende bedryf as doelwit te stel. Verskeie akademiese inisiatiewe gee uitvoering aan volhoubaarheid, bv. die Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie; die Sentrum vir Kruisdissiplinariteit, Volhoubaarheid, Beoordeling, Modellering en Ontleding (TsamaHub); die Sentrum vir Hernbare en Volhoubare Energiestudies en die Volhoubaarheidsinstituut. Verskeie steundiensomgewings is ook met volhoubaarheidsaksies gemoeid, met veral Fasiliteitsbestuur en Inligtingstegnologie wat reeds 'n groot bydrae lewer om die Universiteit se ekologiese voetspoor te verklein. Verskeie werksgroepes, gefokus op volhoubaarheidstemas soos energie, water en landskapping, is ook intussen geskep om praktiese oplossings te vind vir die uitdagings wat die Universiteit en sy omgewing in die gesig staar.

INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Die Inligtings- en Kommunikasietegnologie (IKT) Bestuursgroep het die afgelope paar jaar verbeterde kontrole- en beheermeganismes help vestig. Voorbeeld hiervan sluit die vestiging van verskeie komitees vir skakeling met kernbelanghebbers oor leer en onderrig, en navorsing, sowel as infrastruktuurbestuur, in. Die IKT-funksie word tans vir die doeleindes van gehalteversekering aan 'n omvattende self- en portuurevaluieringsproses onderwerp. Enige gapings ten opsigte van bestuur en/of kontrole/beheer wat tydens hierdie proses uitgelig word, sal aangespreek word. Laastens is 'n omvattende stel inligtingsverwante beleide en regulasies onlangs ontwikkel en hersien en word tans vir goedkeuring voorgelê. Sake oor IKT-kontrole en -beheer word tans deur middel van die Audit- en Risikokomitee se verantwoording van risikobestuur op die Raad se agenda geplaas.

GEMEENSKAPSINTERAKSIE

Gemeenskapsinteraksie (GI) word by die Universiteit Stellenbosch as 'n kernfunksie erken en word doelbewus met die ander kernfunksies van leer en onderrig, en navorsing geïntegreer. Die institusionele infrastruktur vir GI by die Universiteit sluit in 'n GI-beleid; 'n Senaatskomitee wat oor GI-aangeleenthede waak; 'n sentrale steundiensafdeling vir GI; 'n elektroniese, institusionele databasis van GI-projekte; 12 uitgesoekte GI-vlagskipprojekte wat sentraal ondersteun word; 'n Rektorstoekenning vir Uitnemendheid in GI en 'n Viserektor verantwoordelik vir GI en Personeel.

GI word in die vorm van diensleer, werk-geïntegreerde leer en ander soorte ervaringsleer met die kernfunksie van onderrig en leer geïntegreer. Daar is tans reeds meer as 30 diensleermodules oor al 10 fakulteite van die Universiteit versprei. Verder kry die publiek ook toegang tot die universiteit se kennisbronne deur 'n uitgebreide aanbod van kort kursusse wat vir spesifieke



doelwitte en teikengroepe pasgemaak is. Vrywilligerdiens aan plaaslike gemeenskapsorganisasies deur studente in universiteitskoshuise en studenteverenigings vorm deel van die ko-kurrikulum wat studente help om die US graduati-eienskappe te ontwikkel. Op elke dag van die universiteitskalender verrig ongeveer 1 000 studentevrywilligers diens by die Universiteit se vennoot-organisasies. Die Universiteit bedryf ook 'n personeel-vrywilligersprogram as deel van sy Welweesprogram. Die meeste afdelings wat daarby betrokke is, het langerter-mynvennootskappe met gemeenskapsorganisasies gesluit.

GI word ook in die vorm van gemeenskapsgebaseerde navorsing, deelnemende navorsingsmetodologieë, kontraknavorsing en deur die identifisering van spesifieke maatskaplike uitdagings as teiken met navorsing geïntegreer. By die Universiteit word kennis veral binne die raamwerk van die *Institutionele Voorneme en Strategie* beskou as 'n werktuig wat in die soek na oplossings vir ernstige maatskaplike probleme deurslaggewend is. Die kennismodel van die Universiteit word deur hierdie benadering verbreed en verdiep, en dit bevorder terselfdertyd die sosiale impak van die Universiteit.

Die Universiteit is dus 'n instelling wat in ooreenstemming met sy *Institutionele Voorneme en Strategie* met 'n groot verskeidenheid vennote op verskillende vlakke verhoudings handhaaf. Kennisvennootskappe is 'n belangrike gebied van skakeling met eksterne partye. In hierdie verband handhaaf die Universiteit ook memorandums van verstandhouding met munisipaliteite, staatsdepartemente en burgerlike bewegings. Die Universiteit is onder andere ook 'n lid van die *Cape Higher Education Consortium* (CHEC), die *South African Higher Education Community Engagement Forum* (SAHECEF) en die internasionale *Talloires Network*, almal netwerkorganisasies wat die sosiale impak van universiteite bevorder.

MENSLIKEHULPBRON-BESTUUR

Toepaslike bestuur van menslike hulpbronne is vir die Universiteit 'n kernbelangrike en integrerende komponent van korporatiewe bestuur. Dit vereis dat daar op 'n gebalanseerde en dialektiese manier deurlopend kennis geneem moet word van die vereistes wat die snelveranderende politieke, ekonomiese, sosiale, maatskaplike en demografiese omgewing aan die Universiteit stel. Verder behels dit ook dat die Universiteit hierdie omgewingstimuli proaktief, geïntegreerd en toepaslik hanteer. As toonaangewende werkgewer fokus die Universiteit uiteraard nie net op slegs minimum voldoening aan die arbeidsregtelike voorskrifte nie, maar eerder die verskaffing van 'n aantreklike en mededingende waardeaanbod aan werknelmers. Gedurende 2014 is daar nougeset hieraan aandag gegee. Personeelwelwees word as een van die Universiteit se prioriteite beskou, en

personeel- en ander bronne is toegewys om aan hierdie belangrike kwessie aandag te skenk en gedurende die jaar verder uit te bou.

'n Verdere prioriteit op die gebied van menslike hulpbronne is toepaslike talentbestuur om te verseker dat die Universiteit te alle tye, nou en in die toekoms, oor die regte personeel beskik om in 'n komplekse en snelveranderende omgewing suksesvol te funksioneer. In hierdie verband is daar klem geplaas op werkmag- en opvolgbeplanning, afrigting en mentorskappe, takseersentrum en geïndividualiseerde loopbaanbeplanning. Terselfdertyd word daar deurlopend aan die optimalisering van die Universiteit se prestasiebestuurstelsel aandag geskenk, veral om dit vir die personeelkorps toeganklik en aantreklik te maak.

Baie aandag is ook bestee aan die verskillende beleidsraamwerke waarbinne werknelmers se dinamiese interaksie met die Universiteit gereguleer word. Hierdie beleidsraamwerke is uiteraard omvattend, maar is wesenlik om te verseker dat die Universiteit oor die nodige beleide en prosedures beskik om voldoende procedurele en statutêre beskerming aan die werkgewer sowel as die werknelmer te bied. Hierdie beleide en prosedures is vir die werkgewer asook die werknelmer toeganklik en sluit toegang tot 'n onafhanklike ombudspersoon in indien personeellede of studente van mening is dat hulle onregverdig behandel word.

'n Verdere manifestasie van die Universiteit se verbintenis tot gesonde korporatiewe bestuur, wat nie net op voldoening aan arbeidsregtelike voorskrifte gerig is nie, is die hantering van noodsaklike herstruktureringsprosesse. Hier word veral deurlopend op arbeidsregtelike korrektheid, noodsaklikheid en billikheid asook deursigtige hantering van alle geaffekteerde personeel, met die nodige inspraak van sodanige personeel en werknelmerstrukture, gelet.

Gedurende 2014 is daar ook deurlopend aan die opleiding van lynbestuurders aandag geskenk om hulle in staat te stel om beleide en prosedures wat personeel raak, in die onderskeie universiteitsomgewings gepas en korrek toe te pas. Dit is verder versterk deur die suksesvolle implementering van takseersentrum, wat die Universiteit in staat stel om doelgerigte ontwikkelingsplanne vir sleutelwerknelmers beskikbaar te stel. Hierdie aksie is met sukses bekroon, soos duidelik blyk uit die etiese en prosedureel korrekte manier waarop lynbestuur komplekse personeelkwessies hanteer.

Die Universiteit onderskryf die beginsels van 'n deelnemende en deursigtige bestuurstyl. Drie vakbonde, te wete die *National Educational Health and Allied Workers Union* (NEHAWU), Solidariteit en die *South African Parastatal and Tertiary Institutions Union* (SAPTU), is in



wisselende mate op die kampusse van die Universiteit aktief en geniet organisatoriese regte. Personeelverenigings soos die Dosentevereniging, Administratiewe Personeelvereniging, Tegniese Vereniging en Werknemersvereniging word saam met die Vroueforum en erkende vakbonde oor 'n wye spektrum menslikehulpbron-aangeleenthede geraadpleeg. Personeelverteenvoordigers geniet ook lidmaatskap van besluitnemingstrukture soos die Gesondheidsorgkomitee, die Raad van Trustees van die US Aftradefonds en die Oorkoepelende Diensbillikhedsforum.

Diensbillikhed is vir die Universiteit nie onderhandelbaar nie, wat ook blyk uit die oorsigstrukture wat hiervoor gevëstig is. Die Oorkoepelende Diensbillikhedsforum moniteer alle diensbillikhedsaangeleenthede. Beleide ten opsigte van Persone met Gestremdhede en ten opsigte van Seksuele Teistering is reeds geïmplementeer en daar word nougeset op die gebalanseerde samestelling van alle keuringspanele gelet. Prestasiebestuur met persoonlike ontwikkelingsplanne en individuele werkskontrakte word vir alle permanente personeel as vereiste gestel.

STUDENTEDEELNAME

Die deelname van studente aan besluitneming is vir die Universiteit belangrik, soos ook in die Strategiese Raamwerk uiteengesit word.

Op makrovlak het studente sitting in die hoogste formelegezagstrukture, soos die Studenteraad-verteenvoordiging in die Raad, die Senaat en die Institusionele Forum. Studente is ook lede van die fakulteitsrade, Studentegeldekomitee, die Eregradekomitee, die Gemeenskapsinteraksiekomitee en die keuringskomitees vir die aanwys van die Rektor en Viserektore. Verder dien studente in verskeie belangrike werkskomitees, soos die Komitee vir Beurse en Lenings, die Sentrale Dissiplinêre Komitee, die Gehaltekomitee, die Biblioteekkomitee en die Studentehuisvestingskomitee. Vanuit die fakulteite word studentevertéenvoordigers aangewys wat die Akademiese Belangeraad (ABR) vorm, waarvan die Voorsitter en Ondervoorsitter verskeie vertéenvoordigingsfunksies in die


sfeer van die Viserektor (Leer en Onderrig) vervul. Hulle dien onder ander in die Akademiese Beplanningskomitee en die Komitee vir Leer en Onderrig.

Verskeie adviesforums – byvoorbeeld vir studente met spesiale leerbehoeftes of MIV/Vigs of wat geteister word of middels misbruik – maak ook van studente se vaardighede en kennis gebruik. Die Bekendstellings- en Moniteringswerkgroep, wat die verwelkoming van nuwelingstudente bestuur, bestaan uit verskeie studentevertéenvoordigers en al die monitors op een na kom uit studentegeledere. Die Universiteit Stellenbosch se Adviesforum vir Studente-ondersteuningsdienste (USASO) sluit ook studentevertéenvoordigers in.

Die Studenterade van Stellenbosch, Tygerberg en die Militêre Akademie help studente om as leiers te ontwikkel. Leierskapontwikkelingsaangeleenthede vir alle posisionele leiers (ook van koshuise en privaatstudentewyke) sowel as nieposisionele leiers word deur die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling binne die Afdeling Studentesake aangebied. Die grondwet van die Verenigingsraad maak daarvoor voorsiening dat studentevertéenvoordigers, onder leiding van 'n Studenteraadslid, 'n meer gestructureerde rol in die uitbouing van 'n diverse en gesonde studentegemeenskap speel.

Die Studenteradsvoorsitter en die ABR-voorsitter het elke twee maande 'n vaste geskeduleerde vergadering met die Viserektor (Leer en Onderrig), afgesien van ad hoc-vergaderings wat gehou word na gelang sake gehanteer moet word. Daarbenewens vergader die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad minstens 10 keer per jaar met die Rektor se Bestuurspan om algemene bestuursaangeleenthede te bespreek.


Voldoening aan korporatiewe bestuursbeginsels word deurlopend geëvalueer. Nakoming van die vereistes van King III is 'n deurlopende proses, waar die teikendatum as 30 Junie 2016 gestel is.



Mnr GM Steyn
Voorsitter van die Universiteitsraad



Prof DP du Plessis
Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee



Prof L van Huyssteen
Bedryfshoof



UNIVERSITEITSRAAD SE VERANTWOORDELIKHEID VIR FINANSIELE VERSLAGDOENING

Die Universiteitsraad aanvaar verantwoordelikheid vir die integriteit, objektiwiteit en betrouwbaarheid van die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch. Die verantwoordelikheid vir die voorbereiding en aanbieding van die finansiële jaarstate is aan die bestuur gedelegeer.

Die Raad is van mening dat die Universiteit Stellenbosch, insluitende die filiale, geassosieerde maatskappye en trusts wat by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, as lopende saak bedryf word, en die gekonsolideerde finansiële jaarstate is gevoldig op hierdie grondslag voorberei.

Die eksterne ouditeur is daarvoor verantwoordelik om op grond van sy audit 'n onafhanklike mening oor die redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële jaarstate uit te spreek. Hy het onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data, insluitende die notules van vergaderings van die Raad en alle Raadskomitees, gehad.



Mnr GM Steyn
Voorsitter van die Universiteitsraad




Prof DP du Plessis
Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee

Die Oudit- en Risikokomitee het bevestig dat daar voldoende interne finansiële beheerstelsels bestaan en dat daar gedurende die jaar geen wesenlike gebreke in die funksionering van die interne finansiële beheerstelsels was nie.

Die Raad is tevrede dat die gekonsolideerde finansiële jaarstate die finansiële posisie, die resultate van bedrywighede, veranderings in fondse en kontantvloei redelik weergee in ooreenstemming met die toepaslike rekeningkundige beleide wat op International Financial Reporting Standards (IFRS) gegrond word.

Tussen die jaareinde en die datum van hierdie verslag het geen wesenlike feite aan die lig gekom of omstandighede ontstaan wat die finansiële posisie van die Universiteit Stellenbosch wesenlik beïnvloed nie.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate op bladsy 88 tot 117 is deur die Raad goedgekeur en onderteken deur:



Prof L van Huyssteen
Bedryfshoof



ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG AAN DIE RAAD VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons het die gekonsolideerde finansiële state van die Universiteit Stellenbosch, soos uiteengesit op bladsye 88 tot 117, geaudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële stand soos op 31 Desember 2014, en die gekonsolideerde inkomstestaat, state van omvattende inkomste, veranderings in fondse en kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting.

Raad se Verantwoordelikheid vir die Finansiële State

Die Universiteit Stellenbosch se Raad is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie gekonsolideerde finansiële state ooreenkomsdig *'International Financial Reporting Standards'* en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die Raad nodig ag om die opstel van gekonsolideerde finansiële state, wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

Ouditeur se Verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie gekonsolideerde finansiële state uit te spreek. Ons het ons audit ooreenkomsdig *'International Standards on Auditing'* uitgevoer. Daardie standaarde vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die gekonsolideerde finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van procedures om auditbewyse te verkry oor die bedræ en openbaarmaking in die finansiële state. Die procedures wat gekies word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordelingoorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde auditprocedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur bestuur gemaak is

in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied.

Mening

Na ons mening is die gekonsolideerde finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde finansiële stand van die Universiteit Stellenbosch soos op 31 Desember 2014, en van sy gekonsolideerde finansiële prestasie en gekonsolideerde kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomsdig *'International Financial Reporting Standards'* en die vereistes van die Wet op Hoër Onderwys van Suid-Afrika.

VERSLAG OOR ANDER WETLIKE EN REGULATORIESE VEREISTES

Ons lewer verslag oor die volgende bevindinge relevant tot die Universiteit Stellenbosch se prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte, nakoming van wette en regulasies en interne beheer ooreenkomsdig die vereistes van die Wet op Openbare Oudit en die gepaardgaande Algemene Kennisgewing. Ons het toetse uitgevoer om rapporteerbare bevindings te identifiseer soos beskryf onder elke subhoof, maar nie om bewyse in te samel vir die doel om sekerheid oor hierdie aangeleenthede uit te spreek nie. Gevolglik spreek ons nie 'n mening of gevolgtrekking oor hierdie aangeleenthede uit nie.

Voorafbepaalde doelwitte

Ons het procedures uitgevoer ten einde bewyse te verkry aangaande die betrouwbaarheid van die inligting soos uiteengesit in die kolom "US in 2014" in Tabel 2 oor die "Ministeriële inskrywings- en effektiwiteitsteikens vir 2019



en Universiteit Stellenbosch (US) se prestasie, 2012–2014” soos uiteengesit op bladsy 21 van die Jaarverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2014.

Ons het die gerapporteerde prestasie teenoor die oorhoofse kriteria van betroubaarheid geëvalueer.

Die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting is beoordeel om vas te stel of dit geldig, akkuraat en volledig is.

Daar was geen wesenlike bevindinge oor die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting vir die geselecteerde doelwitte nie.

Nakoming van wetgewing

Ons het procedures uitgevoer ten einde bewyse te verkry dat die Universiteit Stellenbosch voldoen het aan toepaslike wette en regulasies aangaande finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander tersaaklike aangeleenthede.

Ons het geen wesenlike gevalle van nienakoming van spesifieke aangeleenthede in die Wet op Hoër Onderwys geïdentifiseer nie.

Interne beheer

Ons het die relevante interne beheer in ø geneem tydens ons audit van die finansiële state, die inligting in die kolom “US in 2014” in Tabel 2 op bladsy 21 en die nakoming van wette en regulasies.

Ons het geen wesenlike gebreke in interne beheer geïdentifiseer nie.

ANDER VERSLAE

Ondersoek

’n Ondersoek is uitgevoer deur ’n onafhanklike konsultasiefirma in opdrag van die Universiteit Stellenbosch. Die ondersoek is onderneem as gevolg van bewerings oor moontlike onreëlmagtighede gepleeg deur personeel in die studentegeldeafdeling. Die ondersoek is in die jaar onder oorsig afgehandel.

Oudit-verwante dienste en spesiale audits

207 Ooreengekome prosedure verslae is gedurende die jaar onder oorsig deur ons uitgereik wat periodes dek wat strek van 1 April 2011 tot 31 Maart 2015. Twee verslae is in proses ten tyde van die teken van hierdie verslag wat periodes dek wat strek van 1 Januarie 2015 tot 31 Maart 2015.

36 Donateur befondsing verslae is gedurende die jaar onder oorsig deur ons uitgereik wat periodes dek wat strek van 1 Januarie 2010 tot 31 Desember 2014. Ses verslae is in proses ten tyde van die teken van hierdie verslag wat periodes dek wat strek van 1 Januarie 2011 tot 31 Desember 2014.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.

Direkteur: D Adriaans

Geregistreerde Ouditeur

Stellenbosch

24 Junie 2015





REKENINGKUNDIGE BELEID

Die vernaamste rekeningkundige beleide wat by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas word, word hieronder uiteengesit. Die beleide word konsekwent toegepas vir alle tydperke wat in hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate gedek word.

1. VOORBEREIDINGSGRONDSLAG

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Universiteit Stellenbosch word in ooreenstemming met *International Financial Reporting Standards* (IFRS) opgestel. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word op die historiesekoste-grondslag opgestel, soos deur die herwaardasie van beleggings beskikbaar vir verkoop, skenkings en beleggingseiendom gewysig.

Daar word by die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate in ooreenstemming met IFRS op 'n aantal kritieke rekeningkundige ramings gesteun. Die bestuur moet by die toepassing van die Universiteit se rekeningkundige beleide sy diskresie gebruik. Gevalle wat 'n hoë mate van diskresie verg, en gebiede wat beduidende veronderstellings en ramings vereis, word in aantekening 1 by die gekonsolideerde finansiële jaarstate bespreek.

Standpunte, vertolkings en wysigings van gepubliseerde standpunte wat gedurende die jaar die eerste keer toegepas is

Sekere nuwe standpunte, wysigings en vertolkings ten opsigte van bestaande standpunte is gepubliseer wat verpligtend geraak het vir die finansiële jaar wat op 1 Januarie 2014 begin het, en wat die Universiteit die eerste keer toegepas het. Die standpuntwysigings en -vertolkings is soos volg:

IFRS 10, IFRS 12 en IAS 27	– <i>Consolidated financial statements</i> en <i>Investment entities</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2014)
IAS 32 (Wysiging)	– <i>Financial Instruments: Presentation</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2014)
IAS 36 (Wysiging)	– <i>Impairment of assets</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2014)
IAS 39 (Wysiging)	– <i>Novation of derivatives</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2014)
IFRIC 21	– <i>Accounting for levies</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2014)

Standpunte, vertolkings en wysigings van gepubliseerde standpunte wat nog nie effektief is nie

Sekere nuwe standpunte, wysigings en vertolkings ten opsigte van bestaande standpunte is gepubliseer wat verpligtend is vir rekeningkundige tydperke wat op of ná 1 Januarie 2015 of later begin, en wat die Universiteit nog nie toegepas het nie. Die Universiteit sal hierdie wysigings in die toepaslike tydperk toepas, indien van toepassing. Die standpuntwysigings en -vertolkings is soos volg:

IFRS 9	– <i>Financial Instruments (2009)</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2018)
IFRS 9	– <i>Financial Instruments (2010)</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2018)
IFRS 9 (Wysiging)	– <i>Financial Instruments (2011)</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2018)
IFRS 14	– <i>Regulatory deferral accounts</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2016)
IAS 19 (Wysiging)	– <i>Defined benefit plan</i> (effektief vanaf 1 Julie 2014)
IFRS 11 (Wysiging)	– <i>'Joint arrangements' on acquisition of an interest in a joint operation</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2016)
IAS 16 en IAS 38 (Wysiging)	– <i>Property, plant and equipment</i> en <i>Intangible assets</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2016)
IFRS 15	– <i>Revenue from contracts with customers</i> (effektief vanaf 1 Januarie 2017)

Die Bestuur is van mening dat veranderings in bestaande standpunte, wysigings en vertolkings nie in die volgende jaar 'n wesenlike uitwerking op die Universiteit se gekonsolideerde finansiële jaarstate gaan hê nie.



2. KONSOLIDASIEGRONDSLAG

Filiale

Alle entiteite waarin die Universiteit direk of indirek 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou, of ten opsigte waarvan hy andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die werkzaamhede uit te oefen, word by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit. Die aankoopmetode word vir die teboekstelling van die verkryging van filiale gebruik. Die koste van 'n verkryging word as die billike waarde van bates oorgedra en laste aanvaar soos op die transaksiedatum, insluitende enige transaksiekoste, gemeet. Identifiseerbare bates in 'n besigheidskombinasie verkry en laste en voorwaardelike aanspreeklikhede aanvaar word aanvanklik teen billike waarde gemeet.

Die surplus van die koste van verkryging bo die billike waarde van die groep se deel van die identifiseerbare netto bates word as klandisiewaarde verantwoord. Die resultate van filiale wat gedurende die jaar aangekoop is, word ingesluit vanaf die datum waarop effektiewe beheer verkry is. Konsolidasie word gestaak vanaf die datum waarop effektiewe beheer eindig.

Die Universiteit erken enige niebeherende belang in die filiaal op 'n verkryging-tot-verkryging grondslag teen die billike waarde of teen die niebeherende belang se proporsionele aandeel van die identifiseerbare netto bates van die filiaal.

Tussengroeptansaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy filiale word uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedalingsaanwyser van die onderliggende bate gehanteer. Die rekeningkundige beleide van filiale word, waar nodig, tydens konsolidasie aangepas.

Geassosieerde maatskappye

'n Geassosieerde maatskappy is 'n maatskappy, behalwe 'n filiaal, waarin die Universiteit 'n belegging het en ten opsigte waarvan hy vanweë die aard en die omvang van sy belegging die vermoë het om 'n beduidende invloed daarop te kan uitoefen. Die resultate van geassosieerde maatskappye word deur middel van die ekwiteitsmetode verantwoord. Die ekwiteitsmetode behels die erkenning van die Universiteit en sy filiale se belang in die naverkrygingswins en -verlies van geassosieerde maatskappye in die gekonsolideerde inkomstestaat en die naverkrygbewegings in reserves in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste.

Die kumulatiewe naverkrygbewegings word teen die drabedrag van die belegging in die geassosieerde maatskappy aangepas. Die erkenning van die Universiteit en sy filiale se aandeel in verliese van geassosieerde maatskappye word

tot die belang in die geassosieerde maatskappy beperk. Bykomende verliese word net erken in die mate waarin die Universiteit en sy filiale die skuld van die geassosieerde maatskappy gewaarborg het.

Tussengroeptansaksies, -saldo's en ongerealiseerde wins op transaksies tussen die Universiteit en sy geassosieerde maatskappye word na gelang van die Universiteit se belang in die geassosieerde maatskappye uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel en word as 'n moontlike waardedalingsaanwyser van die onderliggende bate gehanteer. Die rekeningkundige beleide van geassosieerde maatskappye word, waar nodig, by die toepassing van die ekwiteitsmetode aangepas.

3. BUITELANDSE VALUTA

Funksionele en aanbiedingsgeldeenheid

Items wat by die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit word, word gemeet deur gebruik te maak van die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die Universiteit bedrywig is (die funksionele geldeenheid). Die gekonsolideerde finansiële jaarstate word in Suid-Afrikaanse rand aangebied, wat die Universiteit se funksionele en aanbiedingsgeldeenheid is.

Transaksies en saldo's

Valutatransaksies word verantwoord teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum geld. Wins en verlies wat by die vereffening van sodanige transaksies ontstaan en die omskakeling van monetêre bates en laste wat in buitelandse valuta gedenomineer is, word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken. Laasgenoemde saldo's word teen jaareindwisselkoerse omgeskakel.

4. EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING

Grond en geboue bestaan hoofsaaklik uit erwe, lesingslokale, laboratoriums, koshuise en administratiewe geboue. Grond en geboue word teen historiese koste minus opgehoopde waardevermindering getoon, met uitsluiting van skenkings van grond en geboue wat soos op die datum van die skenking deur beëdigde waardeerders teen billike waarde gewaardeer word. Die Universiteit het die vrystelling van IFRS 1 toegepas om die markwaarde van geboue soos op die datum van omskakeling (1 Januarie 2004) as kosprys te ag.

Historiese koste sluit direkte koste met betrekking tot die verkryging van die item in. Naverkrygingskoste word net by die oorspronklike kosprys getel, of as 'n afsonderlike bate erken, indien die vloeи van bykomende toekomstige ekonomiese voordele uit die item na die Universiteit waarskynlik is en die koste betroubaar gemeet kan word. Alle ander herstel- en instandhoudingskoste word in die inkomstestaat erken in die tydperk waarin dit aangegaan word.



Boeke en toerusting word teen kosprys getoon, met uitsluiting van skenkings van boeke en toerusting wat soos op die datum van die skenking teen billike waardes deur beëdigde waardeerders gewaardeer word.

Owerheidstoekennings wat vir infrastruktuur ontvang word, word erken deur die toekenning van die waarde van die bate af te trek.

	Reswaarde 2014 %	Waardevermindering 2014 %	Reswaarde 2013 %	Waardevermindering 2013 %
Grond	100	-	100	-
Geboue	-	1,3-20,0	-	1,3-20,0
Rekenaartoerusting	-	33,3	-	33,3
Ander	0-40	5-25	0-40	5-25
Biblioteekboeke	-	100	-	100

Die nutsduur van eiendom, boeke en toerusting word jaarliks hersien en, indien nodig, aangepas.

Indien die drabedrag van 'n bate groter as die realiseerbare waarde daarvan is, word dit na die realiseerbare waarde afgeskryf.

Wins en verlies by die verkoop van bates word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken en verteenwoordig die verskil tussen die opbrengs en die drabedrag soos op die datum van die verkoop.

5. ONTASBARE BATES

Aangekoopte rekenaarsagtewarelisensies word gekapitaliseer teen die koste aangegaan om die spesifieke sagteware te verkry en in gebruik te neem. Hierdie koste word oor die verwagte nutsduur van die sagteware greamortiseer. Die sagteware wat aan die jaareinde binne hierdie kategorie val, se verwagte nutsduur is 10 jaar. Naverkrygingskoste wat vir die instandhouding van rekenaarsagteware aangegaan word, word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan word. Ontasbare bates sluit slegs rekenaarsagtewarelisensies in.

6. FINANSIEL INSTRUMENTE

Finansiële instrumente sluit in kontant en kontantekwivalente, beleggings, debiteure en lenings, handels- en ander krediteure, lenings en korttermynskuldinstrumente. Finansiële instrumente word aanvanklik teen billike waarde, transaksiekoste ingesluit, erken. Die konvensionele koop en verkoop van finansiële bates word soos op die verhandelingsdatum erken.

Die Universiteit klassifiseer finansiële bates volgens die volgende kategorieë: debiteure en lenings; beleggings beskikbaar vir verkoop; en finansiële instrumente teen billike waarde gedra, met aanpassings deur wins en verlies in die inkomstestaat. Die klassifikasie word bepaal deur die doel waarvoor die bate verkry is. Die bestuur bepaal die klassifikasie by aanvanklike erkenning.

Debiteure en lenings

Debiteure en lenings is nieafgeleide finansiële instrumente met vaste of bepaalbare terugbetalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Debiteure en lenings word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Indien die bedrae eers ná 12 maande vanaf die jaareinde betaalbaar is, word

Geen waardevermindering word ten opsigte van grond erken nie, omdat dit 'n onbeperkte leeftyd het. Die waardevermindering van ander bates word volgens die reguitlynmetode bereken om die koste of herwaardeerde bedrae oor die nutsduur van die bates tot die reswaarde af te skryf.

Reswaardes en waardeverminderingekoerse is soos volg:

dit by niebedryfsbates ingesluit, andersins by bedryfsbates.

Debiteure en lenings word teen die greamortiseerde koste getoon deur van die effektiewerentekoers-metode gebruik te maak, en ná voorsiening vir waardedaling van die uitstaande bedrag. 'n Voorsiening vir waardedaling word geskep indien daar objektiewe bewyse bestaan dat uitstaande bedrae nie volgens die oorspronklike bepalings ingevorder sal word nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drabedrag en die verhälbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van die verwagte kontantvloei, verdiskonter teen die effektiewe rentekoers, verteenwoordig.

Beduidende finansiële probleme en die wanbetaling van uitstaande skuld word as aanwysers van waardedaling beskou. Die drabedrag van die bate word verminder deur van 'n voorsieningsrekening gebruik te maak. Die bedrag van die waardedaling word in die gekonsolideerde inkomstestaat as bedryfsuitgawes erken. Wanneer die debiteur of lening oninvorderbaar is, word dit teen die voorsieningsrekening afgeskryf. Die latere verhaling van enige bedrae wat voorheen afgeskryf is, word teen bedryfsuitgawes op die gekonsolideerde inkomstestaat gekrediteer.

Handels- en ander debiteure, met uitsluiting van valutatermynkontrabates, word as debiteure en lenings geklassifiseer.

Kontant en kontantekwivalente, wat as debiteure en lenings geklassifiseer word, bestaan uit kontant voorhande, daggelddeposito's, beleggings in geldmarkinstrumente en bankoortrekings.

Beleggings beskikbaar vir verkoop

Beleggings word as 'beskikbaar vir verkoop' geklassifiseer en word deur die gebruik van toepaslike waardasiemetodes teen billike waardes getoon. Beleggings word by niebedryfsbates ingesluit, behalwe as die Universiteit beoog om die belegging binne 12 maande ná jaareinde te vervreem. Aankope en verkope van beleggings word soos op die verhandelingsdatum erken, dit wil sê die datum waarop die Universiteit hom tot die aankope en verkoop verbind. Veranderings in billike waardes word in die staat van omvattende inkomste getoon. Die verskil tussen die netto verkoopsopbrengs en die kosprys van die belegging



word by vervreemding van die billikewaarde-reserwe na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Beleggings word onderken wanneer die reg op kontantvloeい verval het of oorgedra is, of die Universiteit die beduidende risiko's en voordele wat met eienaarskap gepaard gaan, oorgedra het.

Daar word onderskei tussen waardeveranderings weens wisselkoersveranderings en billikewaarde-veranderings by instrumente wat in 'n buitelandse valuta gedenomineer en wat as 'beskikbaar vir verkoop' geklassifiseer is. Wisselkoerswins en -verliese word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken. Bewegings in die billike waardes van hierdie beleggings word in die staat van omvattende inkomste erken.

Die billike waarde van genoteerde beleggings word op huidige markpryse gegrond. Die Universiteit bepaal die billike waarde van ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, deur van toepaslike waardasietegnieke gebruik te maak.

Die Universiteit bepaal teen elke jaareinde, indien daar objektiewe bewyse bestaan, of 'n finansiële bate se waarde gedaal het. 'n Beduidende afname in die billike waarde van die belegging oor 'n tydperk na laer as die kosprys daarvan is 'n aanduiding dat die belegging se waarde gedaal het. Indien sodanige bewyse vir beleggings beskikbaar vir verkoop bestaan, word die kumulatiewe verlies van die billikewaarde-reserwe na die gekonsolideerde inkomstestaat oorgedra.

Die kumulatiewe verlies word bereken as die verskil tussen die verkrygingskoste en die huidige billike waarde ná aftrekking van enige waardedalings wat in vorige tydperke erken is. Waardedalingsverlies wat in die gekonsolideerde inkomstestaat erken is, word nie in die gekonsolideerde inkomstestaat teruggeskryf indien daar latere verhalings is nie.

Afgeleide instrumente

Afgeleide instrumente, insluitende valutatermynkontrakte, word as 'teen billike waarde met aanpassings deur die inkomstestaat' geklassifiseer. Hierdie instrumente word erken teen billike waarde soos op die datum waarop die afgeleide kontrak aangegaan word. In die daaropvolgende tydperke word dit teen billike waarde herwaardeer. Wins en verliese op afgeleide instrumente word in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

Handels- en ander krediteure en korttermynskuldinstrumente

Handels- en ander krediteure, valutatermynkontraklaste uitgesluit, word aanvanklik teen billike waarde gemeet. Daarna word dit teen geamortiseerde koste getoon deur van die effektieverentekoers-metode gebruik te maak.

Rentedraende lenings

Lenings word aanvanklik teen billike waarde erken, met inagneming van enige transaksiekoste wat aangegaan is. Lenings word ná aanvanklike erkenning teen geamortiseerde koste gedra. Verskille tussen die aanvanklik erkende bedrag en die aflossingsbedrag word oor die duur van die lening in die gekonsolideerde inkomstestaat erken deur van die effektieverentekoers-metode gebruik te maak. Lenings word as bedryfslaste getoon, behalwe indien die Universiteit 'n onvoorwaardelike reg het om betaling vir

minstens 12 maande na die jaareinde uit te stel, in welke geval dit as niebedryfslaste getoon word.

7. NAVORSINGS- EN ONTWIKKELINGSKOSTE

Navorsings- en ontwikkelingskoste word as 'n uitgawe erken in die jaar waarin dit aangegaan word, aangesien albei inherent aan die gewone werkzaamhede van 'n universiteit is.

8. SKENKINGS

Skenkings word teen die billike waarde soos op die datum van die skenking, gegrond op eksterne waardasies, getoon.

9. VOORRAAD

Voorraad, wat hoofsaaklik uit verbruiksgoedere en skryfbehoeftes bestaan, word teen die kosprys getoon, op die grondslag van gemiddelde koste, of die netto realiseerbare waarde, wat ook al die laagste is.

Die kosprys sluit finansieringskoste uit. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die normale gang van sake, minus verkoopkoste.

10. WAARDEDALING VAN NIEFINANSIELË BATES

Bates met 'n onbepaalde nutstuur is nie aan waardevermindering en amortisasie onderworpe nie en word jaarliks vir waardedaling getoets. Bates wat aan waardevermindering en amortisasie onderworpe is, word vir moontlike waardedaling getoets indien 'n gebeurtenis of verandering in omstandighede aandui dat die drabedrag van die bate moontlik nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die drabedrag van die bate die verhaalbare bedrag daarvan oorskry. Die verhaalbare bedrag is die bate se billike waarde, minus enige verkoopkoste, of die gebruikswaarde daarvan, wat ook al die hoogste is. In die toets vir waardedaling word bates gegroepeer op die kleinste vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloeい is (kontantgenererende eenhede). Niefinansiële bates met vorige waardedalings word aan elke jaareinde hersien vir 'n moontlike omswaiing van die waardedaling wat reeds erken is.

11. INKOMSTE-ERKENNING

Inkomste word erken teen die billike waarde van die bedrae of goedere wat ontvang is.

Studente- en inwoningsgeld word erken na gelang die diens gelewer word.

Sentrale owerheidstoekennings word erken in die tydperk waarvoor dit ontvang word. Owerheidstoekennings word erken wanneer daar redelike sekerheid is dat die toekenning ontvang sal word en dat die Universiteit sal voldoen aan al die voorwaardes wat daaraan gekoppel word. Owerheidstoekennings wat vir infrastruktuur ontvang word, word erken deur die toekenning van die waarde van die bate af te trek. Die toekenning word as inkomste verantwoord deur die waardevermindering wat toegeken en in die inkomstestaat getoon word.

Navorsingstoekennings word oor die termyn van die navorsing en op grond van die bepalings van die individuele kontrakte erken.

Rente-inkomste word op 'n tydtoedelingsgrondslag erken



deur die effektieverentekoers-metode toe te pas. Wanneer 'n waardedaling van 'n debiteur geskied, verminder die Universiteit die drabedrag na die verhaalbare bedrag. Die verhaalbare bedrag verteenwoordig die toekomstige kontantvloei teen die oorspronklike effektiewe rentekoers verdiskonter. Hierdie diskonto word oor tyd as rente erken. Rente-inkomste ten opsigte van lenings waarvoor 'n waardedaling erken is, word teen die oorspronklike effektiewe rentekoers erken.

Tussendepartementele inkomste word uitgeskakel.

Ander inkomste wat deur die Universiteit verdien word, word op die volgende grondslae erken:

- **Dividendinkomste** – wanneer die aandeelhouer se reg om 'n dividend te ontvang vestig, dit wil sê op die laaste dag vir registrasie ten opsigte van genoteerde aandele en, in die geval van ongenoteerde aandele, wanneer dividende verklaar word.
- **Huurinkomste** – ontvangste ten opsigte van bedryfshuurkontrakte word oor die tydperk van die huurtermyn op 'n reguitlyngrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.
- **Toevallige verkope en dienste** – in die tydperk waarin dit toeval.

12. HUUR

Indien die verhuurder die beduidende risiko's en voordele van eienaarskap van 'n gehuurde item behou, word dit as 'n bedryfshuur geklassifiseer. Betalings ten opsigte van bedryfshuurkontrakte word oor die huurtermyn op 'n reguitlyngrondslag in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

Die Universiteit huur eiendom en toerusting. Huurooreenkommste waar die Universiteit, as huurder, beduidend al die risiko's en voordele van eienaarskap ontvang, word as bruikhure geklassifiseer. Bruikhure word aan die begin van die huurtermyn teen die laagste van die billike waarde van die gehuurde eiendom en die huidige waarde van die minimum huurbetalings gekapitaliseer. Elke huurbetaling het 'n las- en 'n finansieringskosteelement en word daarvolgens verdeel. Die ooreenstemmende huurverpligting, na aftrekking van finansieringskoste, word in die staat van finansiële posisie erken. Die finansieringskosteelement word oor die huurtermyn in die inkomstestaat erken ten einde 'n konstante termynkoers van finansieringskoste op die uitstaande verpligting vir elke verslagdoeningstydperk te erken. Die eiendom en toerusting wat deur middel van bruikhuurkontrakte verkry word, word oor die kortste van die nuttige lewensduur of die huurtermyn van die bate gedepresieer.

13. BELEGGINGSEIENDOMME

Beleggingseiendomme word gehou om huurinkomste te genereer en om kapitaalgroei te bewerkstellig. Eienaargeokkupeerde eiendomme word vir administratiewe, onderrig- en navorsingsdoeleindes gehou. Die verskil in gebruik onderskei eienaargeokkupeerde eiendomme van beleggingseiendomme.

Beleggingseiendomme word as langtermynbeleggings beskou en teen billike waarde gedra wat jaarliks deur eksterne professionele waardeerdeurs bepaal word. Beleggingseiendomme is nie aan waardevermindering onderworpe nie. Enige verandering in waarde word direk in die gekonsolideerde inkomstestaat erken.

Eienaargeokkupeerde eiendomme word ooreenkomsdig die rekeningkundige beleid vir eiendom, boeke en toerusting erken en gemeet.

14. VOORSIENINGS

Voorsienings word erken wanneer die Universiteit 'n huidige wettige of afgeleide verpligting het as gevolg van 'n verpligtende gebeurtenis wat in die verlede plaasgevind het en wat waarskynlik tot 'n uitvloei van hulpbronne in die vorm van ekonomiese voordele sal lei om die verpligting te vereffen, en 'n redelike raming van die bedrag van die verpligting moontlik is. Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die verwagte toekomstige uitgawes om die verpligting te vereffen, verdiskonter teen die markverwante koers vir soortgelyke voorsienings. Veranderings in die waarde van voorsienings as gevolg van tydsverloop word as rente erken.

15. PERSONEELVOORDELE

Na-aftrede mediese voordele en groeplewensversekeringskema

Na-aftrede mediese voordele word aan afgetrede werknemers verskaf. Toegang tot hierdie voordeel word beperk tot werknemers wat voor 1 Junie 2002 aangestel is. Alle werknemers word verplig om aan die groeplewensversekeringskema deel te neem. Die verwagte koste van hierdie voordele word oor die dienstydperk erken. Die verpligting ten opsigte van die na-aftrede mediese voordele is die teenswoordige waarde van die verpligting soos aan die jaareinde, minus die billike waarde van planbates en enige aanpassings vir aktuariële wins of verlies en verstrekke dienskoste. Die verpligting word minstens elke drie jaar aktuarieel deur 'n onafhanklike aktuaris bereken. Aktuariële wins en verlies word onmiddellik in die gekonsolideerde staat van omvattende inkomste erken.

Pensioenverpligtings

Bydraes word maandeliks aan die US Aftredefonds, 'n vastebydrae-plan vir permanente werknemers van die Universiteit, gedoen. 'n Vastebydrae-plan is 'n pensioenplan waar die Universiteit vaste bydraes aan 'n eksterne fonds doen.

Langdiensvoordele

Ná 25 jaar dienslewering kwalificeer werknemers vir 'n geskenk met 'n waarde gelykstaande aan 50% van die werknemer se maandelikse salaris (met 'n minimum waarde van R400 en 'n maksimum waarde van R5 000). Die Universiteit erken 'n las en die gepaardgaande uitgawe na gelang die verpligting oploop.

16. UITGESTELDE BELASTING

Uitgestelde belasting word volgens die aanspreeklikheidsmetode voorsien. Uitgestelde belasting verteenwoordig die belastinguitwerking van tydelike verskille tussen die belastingbasisse van bates en laste en die drawaardes daarvan vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes. Huidige belastingkoerce word gebruik om uitgestelde belasting te bepaal. Uitgesteldebelasting-bates word slegs erken in die mate dat die verhaalbaarheid daarvan waarskynlik is. Uitgestelde belasting word nie voorsien indien dit uit die aanvanklike erkenning van bates en laste as gevolg van ander transaksies as besigheidskombinasies spruit nie en soos op die transaksiedatum nie rekeningkundige wins of verlies of belasbare inkomste of vasgestelde verlies beïnvloed nie.



GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIELE POSISIE SOOS OP 31 DESEMBER 2014

	AANTEKENINGE	2014 R000	2013 R000
BATES			
NIEBEDRYFSBATES		11 191 890	10 468 518
Eiendom, boeke en toerusting	4	4 343 353	4 151 352
Ontasbare bates	5	2 144	406
Langtermynbeleggings	6	6 630 731	6 066 554
Beleggingseiendomme	7	29 270	69 960
Belegging in geassosieerde maatskappye	8	5 003	13 783
Langtermyngedeelte van handels- en ander debiteure	9	172 196	166 463
Bedryfshuurbate	12	9 192	-
BEDRYFSBATES		808 313	508 849
Voorraad	11	4 331	3 131
Handels- en ander debiteure	9	242 897	190 828
Korttermyngedeelte van bedryfshuurbate	12	4 505	-
Kontant en kontantekwvalente	25	556 579	314 891
TOTALE BATES		12 000 203	10 977 367
FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE			
FONDSE BESKIKBAAR		10 635 988	9 638 502
Onbeperkte fondse	2	1 033 428	428 215
Beperkte fondse	2	5 825 387	4 984 974
Billikewaarde-reserwe	2	1 220 213	1 686 039
Eiendomsherwaardasiereserwe	2	8 079 029	7 099 228
Niebeherende belang	2	2 538 731	2 538 731
		18 229	544
NIEBEDRYFSLASTE		657 570	581 427
Rentedraende lenings	3	110 835	85 671
Personeelvoordele	27	546 735	495 756
BEDRYFSLASTE		706 645	757 438
Handels- en ander krediteure	13	704 899	739 387
Uitgestelde belasting	10	275	680
Korttermyngedeelte van rentedraende lenings	3	1 471	6 769
Korttermyngedeelte van bedryfshuurlas	12	-	10 602
TOTALE FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE		12 000 203	10 977 367



GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2014

	Aan-teke-ninge	Opvoedkundig & algemeen Onbeperk R000	Opvoedkundig & algemeen Beperk R000	Opvoedkundig & algemeen Totaal R000	Studente- en personeel-huisvesting Beperk R000	2014 Totaal R000	2013 Totaal R000
TOTALE INKOMSTE		2 684 231	2 444 708	5 128 939	261 613	5 390 552	4 064 086
HERHALENDE ITEMS							
Owerheidstoekennings		1 144 147	408 136	1 552 284	-	1 552 284	1 355 355
Studente-, inwonings- en ander gelde		683 588	135 164	818 751	255 544	1 074 296	986 093
Privaat skenkings, toekennings en kontrakte		73 574	1 251 396	1 324 970	-	1 324 970	1 090 223
Verkope van dienste en produkte		262	192 700	192 962	-	192 962	78 782
Subtotaal		1 901 571	1 987 396	3 888 967	255 544	4 144 511	3 510 454
Rente en dividende verdien	19	109 723	173 619	283 342	6 069	289 411	237 099
Wins by vervreemding van eiendom, boeke en toerusting		-	4 519	4 519	-	4 519	3 819
Gerealiseerde wins by realisering van beleggings	20	672 829	273 990	946 819	-	946 819	303 423
Ekwiteitwins in geassosieerde maatskappye	8	-	1 512	1 512	-	1 512	3 372
Valutawins		108	3 671	3 779	-	3 779	5 919
TOTALE UITGAWES		2 684 231	2 444 708	5 128 939	261 613	5 390 552	4 064 086
HERHALENDE ITEMS							
Personeelkoste	15	1 102 363	600 283	1 702 646	27 025	1 729 671	1 601 892
Akademies professioneel		585 553	188 839	774 393	-	774 393	721 237
Ander		516 810	411 443	928 253	27 025	955 278	880 655
Ander bedryfsuitgawes	17	392 432	1 343 533	1 735 965	172 824	1 908 789	1 699 275
Waardevermindering en amortisasie	17	79 760	156 482	236 242	5 142	241 384	221 964
Subtotaal		1 574 555	2 100 298	3 674 853	204 991	3 879 844	3 523 133
Verlies by vervreemding van eiendom, boeke en toerusting		941	-	941	-	941	-
Finansieringskoste		-	12 508	12 508	10 329	22 837	12 538
TOEDELING NA/(VAN) RESERWES		1 575 496	2 112 805	3 688 301	215 320	3 903 621	3 535 671
OORPLASING (VAN)/NA RESERWES							
		-	22 380	22 380	(22 380)	-	-
		(678 536)	702 449	23 913	(23 913)	-	-
		(678 536)	724 829	46 293	(46 293)	-	-
SURPLUS VIR DIE JAAR		430 199	1 056 732	1 486 931	-	1 486 931	528 415
Toeskrybaar aan houer		430 199	1 044 652	1 474 851	-	1 474 852	528 107
Toeskrybaar aan niebeherende belang		-	12 079	12 079	-	12 079	309
SURPLUS VIR DIE JAAR		430 199	1 056 732	1 486 931	-	1 486 931	528 415

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN FONDSE VIR DIE JAAR GEEINDIG 31 DESEMBER 2014



	Opvoedkundig en algemeen R000	Studente-en personeel-huisvesting R000	Filiaal-maatkappye R000	Lenings-fondse R000	Skenkings-fondse R000	Vaste bate-fondse R000	Nie-beherende belange R000	Totaal R000
31 DESEMBER 2013								
Surplus vir die jaar	528 107	-	-	-	-	-	309	528 414
ANDER OMVATTENDE INKOMSTE								
Billikewaarde-reserwe								
- Realisasie na inkomstestaat	(80 962)	(5 681)	-	-	(201 054)	(15 726)	-	(303 423)
- Aanpassing vir die jaar	274 928	19 563	(484)	-	712 595	54 488	-	1 061 090
Aktuariële wins vir die jaar	8 052	-	-	-	-	-	-	8 052
Toedeling (van)/na reserwes	(318 730)	45 548	1 650	(22 924)	162 628	131 828	-	-
Oorplasings (van)/na reserwes	(67 485)	(32 355)	-	22 538	(32 338)	109 640	-	-
TOTALE OMVATTENDE INKOMSTE	343 909	27 075	1 166	(386)	641 830	280 230	309	1 294 133
31 DESEMBER 2014								
Surplus vir die jaar	1 474 852	-	-	-	-	-	12 079	1 486 930
ANDER OMVATTENDE INKOMSTE								
Billikewaarde-reserwe								
- Realisasie na inkomstestaat	(255 153)	(20 642)	-	-	(613 494)	(57 530)	-	(946 819)
- Aanpassing vir die jaar	133 966	15 665	484	-	286 626	44 252	-	480 993
Aktuariële verlies vir die jaar	(29 769)	-	-	-	-	-	-	(29 769)
Toedeling (van)/na reserwes	(658 813)	51 773	(8 770)	11 587	638 806	(34 030)	(546)	-
Oorplasings (van)/na reserwes	(111 835)	(23 913)	-	32 103	(97 064)	200 709	-	-
TOTALE OMVATTENDE INKOMSTE	553 247	22 883	(8 286)	43 690	214 875	153 392	11 533	991 335



GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN FONDSE VIR DIE JAAR GEEINDIG 31 DESEMBER 2014

	Opvoedkundig en algemeen R000	Studente- en personeel- huisvesting R000	Filiaal- maatskappye R000	Lenings- fondse R000	Skenkings- fondse R000	Vastebate- fondse R000	Nie- beherende belange R000	Totaal R000
SALDO SOOS OP 1 JANUARIE 2013	2 174 067	97 411	2 994	241 852	2 036 486	3 791 324	235	8 344 369
Surplus vir die jaar	528 106	-	-	-	-	-	309	528 414
Ander omvattende inkomste vir die jaar	(184 197)	27 075	1 166	(386)	641 830	280 230	-	765 719
SALDO SOOS OP 31 DESEMBER 2013	2 517 977	124 486	4 160	241 466	2 678 316	4 071 554	544	9 638 502
SALDO SOOS OP 1 JANUARIE 2014	2 517 977	124 486	4 160	241 466	2 678 316	4 071 554	544	9 638 502
Surplus vir die jaar	1 474 852	-	-	-	-	-	12 079	1 486 931
Verkryging van belang in filiaal	-	-	-	-	-	-	6 152	6 152
Ander omvattende inkomste vir die jaar	(921 605)	22 883	(8 286)	43 690	214 875	153 392	(546)	(495 598)
SALDO SOOS OP 31 DESEMBER 2014	3 071 224	147 369	(4 126)	285 156	2 893 191	4 224 946	18 229	10 635 988



GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEIIE VIR DIE JAAR GEEINDIG 31 DESEMBER 2014

	AANTEKENINGE	2014 R000	2013 R000
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE			
Kontant ontvang uit owerheidstoekennings		1 552 284	1 460 741
Kontant ontvang uit studente-, inwonings- en ander gelde		1 053 520	1 023 591
Kontant ontvang uit privaat skenkings, toekennings en kontrakte		1 324 970	1 046 147
Kontant ontvang uit verkope van dienste en produkte		147 357	81 551
Kontant betaal vir personeelkoste		(1 699 422)	(1 518 353)
Kontant betaal vir voorrade en dienste		(2 004 394)	(1 609 426)
Kontant deur bedrywighede voortgebring	24	374 315	484 250
Plus: Rente ontvang	21	197 983	168 426
Dividende ontvang	22	85 769	81 599
Min: Rente betaal	23	(23 042)	(12 708)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite		635 025	721 568
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE		(388 204)	(702 045)
Toevoeging tot beleggings		(960 302)	(358 014)
Gerealiseerde surplusse op beleggings		947 328	304 730
Toevoeging van filiaal		28 355	–
Toevoeging tot eiendom, boeke en toerusting		(408 385)	(660 682)
Opbrengs uit die verkoop van eiendom, boeke en toerusting		4 800	11 920
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE			
Afname in rentedraende lenings		(5 134)	(5 713)
NETTO TOENAME IN KONTANT- EN KONTANTEKWIVALENT		241 688	13 809
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENT AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR		314 891	301 082
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENT AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR	25	556 579	314 891



AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIELE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEEINDIG 31 DESEMBER 2014

1. KRITIEKE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN OORDEEL

Die Bestuur se ramings en oordeel word deurlopend geëvalueer en word gegrond op vorige ondervinding en ander faktore, wat toekomstige verwagtings insluit en vir die gegewe omstandighede as redelik geag word.

Die Bestuur maak ramings en veronderstellings oor die toekoms. Gevolglik sal die rekeningkundige ramings wat in die gekonsolideerde jaarstate gebruik word, nie noodwendig met die werklike uitkoms in daaropvolgende tydperke strook nie. Die onderstaande ramings en veronderstellings kan 'n wesenlike invloed op die drabedrae van bates en laste hê.

Personeelvoordele

'n Aantal aanname word in die voorsiening vir personeelvoordele gemaak. Verwys na aantekening 27 vir die aanname.

Die hoofaanname is 'n gesondheidsorginflasiekoers van 8,4% (2013: 8,3%). Die uitwerking van 'n verandering van 1% in die gesondheidsorginflasie op die 2014 gekonsolideerde jaarstate sal soos volg wees:

Toename van 1%

- 12,1% (2013: 11,2%) styging in die verstrekdiens-verpligtings
- 13,6% (2013: 12,5%) styging in die diens- en rentekoste (slegs kontraktuele verpligting)

Afname van 1%

- 10,1% (2013: 9,5%) daling in die verstrekdiens-verpligtings
- 11,3% (2013: 10,5%) daling in die diens- en rentekoste (slegs kontraktuele verpligting)

Die Universiteit se beleid oor aftreeouderdom bepaal dat werknekmers op 65 jaar aftree. Ná ouderdom 65 kan diens tot maksimum ouderdom 70, gegrond op deurlopende bevredigende prestasie, voortgesit word. Vir berekeningsdoeleindes word die normale en verwagte aftreeouderdom dus as 65 geag.

Waardedaling van uitstaande studentegelde en -lenings

Die jaarlikse voorsiening vir die waardedaling van studentelenings word gegrond op die aanname dat studente teen gemiddeld prima (2013: gemiddeld prima) lenings in die mark kan aangaan. Hierdie aanname word op navræe by verskeie finansiële instellings gegrond. Voorsiening vir waardedaling van uitstaande studentegelde word op historiese tendense gebaseerd.

Waardedaling van beleggings

Die Universiteit bepaal die beduidendheid van 'n afname in die billike waarde na laer as die markwaarde met inagneming van die volatiliteit van die waarde van die spesifieke instrument. 'n Afname na laer as die markwaarde wat langer as 12 maande duur, word beduidend te wees.

Nutsduur en reswaardes van eiendom, boeke en toerusting

Die nutsduur van grond word as onbepaald geag. Gevolglik word geen waardevermindering ten opsigte van grond erken nie. Die nutsduur van ander bates word op grond van ondervinding in die verlede en die eienskappe van die spesifieke items geraam.

Die reswaardes van bates, behalwe van grond, word op grond van ondervinding in die verlede en die eienskappe van die spesifieke items geraam.

Markwaarde van geboue

Twee metodes word toegepas om die markwaarde van geboue te bepaal. Die eerste is die direk vergelykbare metode, waarvolgens waarde met verwysing na die werklike verkoopsprys van vergelykbare eiendom vastgestel word. Die tweede is om 'n waardasie op die potensiële verhulingsinkomste, met inagneming van die unieke aard van die Universiteit se eiendomme en okkupasiekoste, te grond.

Die herwaardasie van geboue soos op 1 Januarie 2004 ingevolge IFRS 1, *First-time adoption of International Financial Reporting Standards*, word gegrond op die volgende sleutelaannames:

- Die geboue sal onder normale marktoestande in die mark geplaas en verhandel word.
- Al die eiendomme van die Universiteit Stellenbosch sal nie gelyktydig in die oop mark geplaas word nie.
- Waar daar titelbeperkings teen eiendomme geregistreer is wat die verkoop daarvan beperk of verhoed, sal sodanige titelbeperkings, waar moontlik, by wyse van die Wet op Opheffing van Beperkings, 84 van 1967, opgehef word voordat die eiendomme in die mark geplaas word.

Verlofvoorsiening

Werknekmers is geregtig om hulle jaarlikse verlof binne 12 maande (2013: 12 maande) ná die einde van die betrokke verlofjaar te neem. Werknekmers wat voor 1 Januarie 2008 aangestel is, is verder geregtig om 'n aantal dae, op hulle posvlak gegrond, te laat oploop of te laat uitbetaal. Die restant verval na 12 maande (2013: 12 maande). In die geval van werknekmers wat ná 1 Januarie 2008 aangestel is, verval alle jaarlikse verlof wat nie geneem is nie, ná 12 maande (2013: 12 maande). Werknekmers ouer as 60 jaar se verlofvoorsiening word egter beperk tot die verlofgeregtigheid wat van toepassing is op die posvlak wat hulle op 60 jarige ouderdom beklee. Geen verlof mag ná die ouderdom van 60 opgeloop word nie. Historiese tendense ten opsigte van die aantal dae wat verval het, word by die berekening van die verlofvoorsiening gebruik.



2. FONDSSALDO'S

Die opgehoopde saldo's soos op 31 Desember is soos volg:

	Beperk R000	Onbeperk R000	Eiendoms- herwaarda- siereserwe R000	Billike- waarde- reserwe R000	Niebeherende belange R000	Totaal R000
2014						
Opvoedkundig en algemeen	1 771 438	971 273	–	328 514	–	3 071 224
Studente- en personeel- huisvesting	120 792	–	–	26 577	–	147 369
Filiaalmaatskappye	(5 295)	–	–	1 169	–	(4 126)
Leningsfondse	285 156	–	–	–	–	285 156
Skenkingsfondse	2 041 153	62 155	–	789 883	–	2 893 191
Vastebate-fondse	1 612 144	–	2 538 731	74 070	–	4 224 945
Niebeherende belange	–	–	–	–	18 229	18 229
	5 825 387	1 033 428	2 538 731	1 220 213	18 229	10 635 988
2013						
Opvoedkundig en algemeen	2 043 165	25 110	–	449 702	–	2 517 976
Studente- en personeel- huisvesting	92 932	–	–	31 554	–	124 486
Filiaalmaatskappye	3 475	–	–	685	–	4 160
Leningsfondse	241 466	–	–	–	–	241 466
Skenkingsfondse	1 158 461	403 105	–	1 116 750	–	2 678 316
Vastebate-fondse	1 445 475	–	2 538 731	87 348	–	4 071 554
Niebeherende belange	–	–	–	–	544	544
	4 984 974	428 215	2 538 731	1 686 039	544	9 638 502

Beperkte en onbeperkte fondse beskikbaar word teen boekwaarde in die staat van finansiële posisie getoon. Die markwaarde van die fondse beskikbaar, indien die billikewaarde-reserwe toegedeel word, is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Beperkte fondse	6 791 973	5 856 418
Onbeperkte fondse	1 287 056	1 242 810
Geoormerkte reserwes	1 059 648	836 402
Ongeoormerkte reserwes	227 408	406 408
Fondse teen markwaarde beskikbaar	8 079 029	7 099 228



**AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIELE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG
31 DESEMBER 2014 (VERVOLG)**

3. RENTEDRAENDE LENINGS

		2014 R000	2013 R000
Een lening by die staat met 'n vaste rentekoers in gelyke halfjaarlikse betalings eindigende 2018 terugbetaalbaar		411	508
Verskeie lenings by ander finansiële instellings met verskillende rentekoerse en termyne in halfjaarlikse betalings terugbetaalbaar		45 234	53 178
Bankfasilitet vir die finansiering van die Universiteit se verskillende motorskemas		38 387	38 754
Bruikhuurverpligting		28 274	–
Min: Gedeelte binne een jaar terugbetaalbaar		112 306	92 440
		(1 471)	(6 769)
		110 835	85 671
Die aflosdatums van rentedraende lenings is soos volg:			
Binne een jaar		–	–
Tussen twee en vyf jaar		43 004	51 625
Ná vyf jaar		69 303	40 815
		112 306	92 440
Die minimum bruukhuurbetalings is soos volg betaalbaar:			
Binne een jaar		4 066	–
Tussen twee en vyf jaar		20 755	–
Ná vyf jaar		74 879	–
Totale betalings		99 700	–
Min: finansieringskoste betaalbaar		(71 426)	–
		28 274	–
Die huidige waarde van bruukhuurbetalings is soos volg:			
Binne een jaar (bykomende rente gekapitaliseer)		(1 580)	–
Tussen twee en vyf jaar		(4 500)	–
Ná vyf jaar		34 354	–
		28 274	–

Die gemiddelde rentekoers ten opsigte van lenings soos aan die jaareinde beloop 12,8% (2013: 8,8%).

Motorlenings ter waarde van R1,0 miljoen (2013: R2,0 miljoen), waarvoor motorvoertuie beswaar is (verwys na aantekening 4), word by rentedraende lenings ingesluit. Motorlenings deur werknemers verskuldig word by handels- en ander debiteure (verwys na aantekening 9) ingesluit. Al die lenings, met uitsondering van die motorskemas, het vaste rentekoerse. Die rentekoerse van motorskemas is aan die prima koers gekoppel.

4. EIENDOM, BOEKЕ EN TOERUSTING

	Kosprys R000	2014		Netto dra- waarde R000	2013	
		Opgehoopte waardever- mindering R000	Kosprys R000		Opgehoopte waardever- mindering R000	Netto dra- waarde R000
Grond	15 679	–	15 679	15 679	–	15 679
Geboue	4 553 358	700 550	3 852 808	4 289 696	651 549	3 638 148
Rekenaartoerusting	346 067	280 892	65 175	313 753	245 677	68 076
Ander toerusting en voertuie	831 721	422 029	409 691	781 669	352 220	429 449
Biblioteekboekе	509 824	509 824	–	454 895	454 895	–
	6 256 649	1 913 295	4 343 353	5 855 692	1 704 341	4 151 352



4. EIENDOM, BOEKE EN TOERUSTING (VERVOLG)

	Grond R000	Geboue R000	Rekenaar- toerusting R000	Ander toerusting en voertuie R000	Biblioteek- boeke R000	Totaal R000
2014						
Rekonsiliasie van die drabedrag:						
Kosprys aan die begin van die jaar	15 679	4 416 221	313 753	781 669	454 895	5 982 217
Min: Owerheidstoekenning	-	(126 525)	-	-	-	(126 525)
Kosprys	15 679	4 289 696	313 753	781 669	454 895	5 855 692
Opgehoede waardevermindering aan die begin van die jaar	-	(651 549)	(245 677)	(352 220)	(454 895)	(1 704 341)
Netto begindrawaarde	15 679	3 638 148	68 076	429 449	-	4 151 352
Netto toevoegings en vervreemdings	-	293 345	44 478	28 855	66 302	432 980
Waardevermindering per inkomstestaat	-	(78 684)	(47 379)	(48 613)	(66 302)	(240 978)
Netto einddrawaarde	15 679	3 852 808	65 175	409 691	-	4 343 353
2013						
Rekonsiliasie van die drabedrag:						
Kosprys aan die begin van die jaar	15 679	3 965 660	291 776	697 765	417 449	5 388 329
Min: Owerheidstoekenning	-	(102 073)	-	-	-	(102 073)
Kosprys	15 679	3 863 587	291 776	697 765	417 449	5 286 256
Opgehoede waardevermindering aan die begin van die jaar	-	(580 805)	(219 200)	(326 264)	(417 449)	(1 543 718)
Netto begindrawaarde	15 679	3 282 782	72 576	371 501	-	3 742 538
Netto toevoegings en vervreemdings	-	426 545	41 994	105 670	55 179	629 387
Waardevermindering per inkomstestaat	-	(71 177)	(46 495)	(47 722)	(55 179)	(220 573)
Netto einddrawaarde	15 679	3 638 148	68 076	429 449	-	4 151 352

Die register met volledige besonderhede van grond en geboue is by die kantore van die Universiteit beskikbaar.

Voertuie met 'n drawaarde van R1,0 miljoen (2013: R2,0 miljoen) wat ingevolge personeelmotorskemas by die onderskeie banke (verwys na aantekening 3) beswaar is, word by ander toerusting en voertuie ingesluit.

Eiendom op Stellenbosch waarop 'n notariële verband ter waarde van R191,6 miljoen (2013: R191,6 miljoen) geregistreer is, word by grond ingesluit. Die regte ingevolge die verhuringsooreenkoms is aan die finansierder gesedeer.

Werk in proses ter waarde van R347,6 miljoen (2013: R366,7 miljoen) word by die koste van geboue ingesluit. Geen waardevermindering word ten opsigte van werk in proses erken nie.

Die Universiteit huur eiendom deur middel van 'n bruikhuurkontrak met 'n termyn van 15 jaar en dit word by die koste en opgehoede waardevermindering van geboue ingesluit.

'n Beduidende gedeelte van die Van der Sterre-gebou wat verskeie departemente en afdelings van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe huisves, het op 22 Februarie 2015 aangegaan. Aangesien die brand na jaareinde plaasgevind het, is geen aanpassing aan die waardes op jaareinde gemaak nie.



**AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIELE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG
31 DESEMBER 2014 (VERVOLG)**

5. ONTASBARE BATES

	Kosprys	2014		Kosprys	2013	
		Opgehoede amortisasie	Netto dra- waarde		Opgehoede amortisasie	Netto dra- waarde
	R000	R000	R000	R000	R000	R000
Oracle HRMS Klandisiewaarde	13 913 2 144	13 913 –	– 2 144	13 913 –	13 507 –	406 –
	16 057	13 913	2 144	13 913	13 507	406

	Oracle HRMS	2014		Totaal	2013	
		Klandisie- waarde	Totaal		Oracle HRMS	Klandisie- waarde
	R000	R000	R000	R000	R000	R000
Rekonsiliasie van die drawaarde						
Netto begindrawaarde	406	–	406	1 797	–	1 797
Amortisasie per inkomstestaat	(406)	–	(406)	(1 391)	–	(1 391)
Verkryging van filiaal	–	2 144	2 144	–	–	–
	–	2 144	2 144	406	–	406

6. LANGTERMYNBELEGGINGS

Die billike wardenes van langtermynbeleggings soos op 31 Desember is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Staatseffekte	513 722	353 430
Aandele	5 524 060	4 922 386
Genoteerde aandele	5 517 320	4 917 519
Ongenooteerde aandele	6 740	4 867
Vaste deposito's	264 198	598 842
Ander	328 751	191 896
	6 630 731	6 066 554

'n Volledige beleggingsregister vir belanghebbers is by die kantore van die Universiteit beskikbaar.

Die gemiddelde rentekoers vir waardasiedoeleindes wat soos aan die jaareinde op staatseffekte van toepassing was, is 8,7% (2013: 7,2%) en op vaste deposito's 7,7% (2013: 4,5%).

Die Universiteit se beleggingsportefeuilles word deur professionele batebestuurders onder toesig van die Beleggingskomitee van die Raad bestuur.

7. BELEGGINGSEIENDOMME

	2014 R000	2013 R000
Netto begindrawaarde	69 960	66 270
Verandering in gebruik	(43 960)	–
Herwaardasie gedurende die jaar	3 270	3 690
Netto einddrawaarde	29 270	69 960

Alle beleggingseiendomme is op 3 Februarie 2015 (2013: 23 Januarie 2014) teen wardenes soos op 31 Desember 2014 deur 'n eksterne professionele waardeerder gewaardeer wat met die herwaardasie van geokkupeerde woonstelgeboue vertroud is. Inkomste ontvang uit beleggingseiendomme het R0,02 miljoen (2013: R0,3 miljoen) beloop.

8. BELEGGING IN GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE

Naam	Getal aandele	Belang	Effektiewe stemreg
Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk	350	35,0%	35,0%
Stellenbosch Information Systems (Edms) Bpk	112 500	7,8%	26,0%
Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk	370	37,6%	37,6%
GeoSUN Africa (Edms) Bpk	30	25,0%	25,0%

Die belang in USB Bestuursontwikkeling Bpk is op 14 April 2014 van 48,8% tot 54,8% verhoog en word vanaf daardie datum as 'n filiaal gekonsolideer.



8. BELEGGING IN GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE (VERVOLG)

8.1 Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk

	2014 R000	2013 R000
Saldo aan die begin van die jaar	3 303	2 784
Netto aandeel in wins van geassosieerde maatskappy	1 283	519
Deel van voorbelaste wins	2 212	877
Deel van belasting	(579)	(358)
Dividende verdien	(350)	-
Saldo aan die einde van die jaar	4 586	3 303

Die hoofdoelstelling van die maatskappy is die verskaffing van genetiese, diagnostiese en toetsingsdienste vir mense en diere.

8.2 Stellenbosch Information Systems (Edms) Bpk

	2014 R000	2013 R000
Saldo aan die begin en einde van die jaar	-	-

Die hoofdoelstelling van die maatskappy is die ontwikkeling en vervaardiging van mikrosatelliete en satellietsubstelsels.

8.3 USB Bestuursontwikkeling Bpk

	2014 R000	2013 R000
Saldo aan die begin van die jaar	10 293	7 524
Netto aandeel in (verlies)/wins van geassosieerde maatskappy	(2 611)	2 769
Deel van voorbelaste (verlies)/wins	(2 611)	3 802
Deel van belasting	-	(1 008)
Dividend verdien	-	(25)
Verandering in beheer op 14 April 2014	(7 682)	-
Saldo aan die einde van die jaar	10 293	

Die hoofdoelstelling van die maatskappy is die ontwikkeling en aanbieding van bestuursontwikkelingprogramme en die verskaffing van konsultasiedienste.

Die verlies hierbo is vir die periode 1 Januarie 2014 tot 14 April 2014. Die Universiteit se belang in USB Bestuursontwikkeling Bpk het op 14 April 2014 tot 54,8% toegeneem. Gevolglik word USB Bestuursontwikkeling vanaf daardie datum gekonsolideer.

8.4 Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk

	2014 R000	2013 R000
Saldo aan die begin en einde van die jaar	-	-

Die hoofdoelstelling van die maatskappy is die kommersialisering van nanoveseltegnologie.

8.5 GeoSUN Africa (Edms) Bpk

	2014 R000	2013 R000
Saldo aan die begin van die jaar	188	-
Netto aandeel in wins van geassosieerde maatskappy	229	188
Deel van voorbelaste wins	229	188
Deel van belasting	-	-
Dividend verdien	-	-
Saldo aan die einde van die jaar	417	188
Totale belegging in geassosieerde maatskappye	5 003	13 783

Die hoofdoelstelling van die maatskappy is die lewering van dienste aan die sonkragbedryf.



**AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIELE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG
31 DESEMBER 2014 (VERVOLG)**

8. BELEGGING IN GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE (VERVOLG)

8.6 Bates, laste en wins van Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk 8.7 Bates, laste en wins van Stellenbosch Information Systems (Edms) Bpk

	2014 R000	2013 R000
Aanleg en toerusting	3 911	2 628
Ontasbare bates	1 208	1 005
Bedryfsbates	10 002	9 132
Totale bates	15 121	12 765
Langtermynlaste	642	647
Bedryfslaste	1 377	2 681
Totale laste	2 019	3 328
Inkomste	28 176	22 808
Wins	4 253	2 615

	2014 R000	2013 R000
Aanleg, toerusting en voertuie	-	-
Niebedryfsbates	-	-
Bedryfsbates	3 731	3 731
Totale bates	3 731	3 731
Langtermynlaste	-	-
Bedryfslaste	3 341	3 341
Totale laste	3 341	3 341
Inkomste	-	15 723
Wins	-	100

8.8 Bates, laste en wins van USB Bestuursontwikkeling Bpk

	2014 R000	2013 R000
Niebedryfsbates	-	2 822
Bedryfsbates	-	26 254
Totale bates	-	29 076
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	-	9 968
Totale laste	-	9 968
Inkomste	-	98 566
Wins	-	5 724

8.9 Bates, laste en verlies van Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk

	2014 R000	2013 R000
Niebedryfsbates	3 101	3 034
Bedryfsbates	1 384	3 437
Totale bates	4 485	6 471
Niebedryfslaste	-	-
Bedryfslaste	328	193
Totale laste	328	193
Inkomste	1 955	500
Verlies	(5 050)	(3 704)

8.10 Bates, laste en wins van GeoSUN Africa (Edms) Bpk

	2014 R000	2013 R000
Niebedryfsbates	342	210
Bedryfsbates	1 758	688
Totale bates	2 100	898
Niebedryfslaste	150	150
Bedryfslaste	560	-
Totale laste	710	150
Inkomste	5 152	2 786
Wins	915	716



9. HANDELS- EN ANDER DEBITURE

	2014 R000	2013 R000
Studentegelde	78 145	69 448
Studentegelde verskuldig	151 323	131 958
Min: Voorsiening vir waardedaling van studentegelde	(73 178)	(62 510)
Studentelenings	106 291	106 163
Studentelenings verskuldig	177 365	165 125
Min: Waardedaling weens niemarkverwante rentekoerse	(17 741)	(15 797)
Min: Voorsiening vir waardedaling van studentelenings	(53 334)	(43 165)
Handelsdebiture	121 797	79 715
Handelsdebiture verskuldig	124 257	81 039
Min: Voorsiening vir waardedaling van handelsdebiture	(2 460)	(1 324)
Motorlenings	41 127	40 047
Rente en dividende op beleggings ontvangbaar	13 718	8 059
Valutatermynkontrakbate	-	922
Ander	54 015	52 935
	415 092	357 289
	(172 196)	(166 463)
Min: Langtermyngedeelte van motorlenings	(27 592)	(27 543)
Min: Langtermyngedeelte van studentelenings ná inagneming van voorsiening vir waardedaling	(144 604)	(138 920)
	242 896	190 828

Verwys na aantekening 29 vir bedrae uitstaande deur verwante partye wat hierbo ingesluit is.
Alle niebedryfsdebiture is binne vyf jaar vanaaf die finansiële jaareinde ontvangbaar.

Studentegelde

Die grootste komponent van uitstaande studentegelde is deur voormalige studente verskuldig. Die skuld word op grond van historiese invorderingsukses beoordeel. Die waarskynlikheid van invordering word oorweeg en 'n waardedaling word op grond daarvan erken. Die waarskynlikheid vir die invordering van skuld word kleiner na gelang die skuld ouer raak en gevoglik word 'n groter waardedaling vir ouer skuld erken. 'n Hoër persentasie word toegepas op skuld wat vir invordering aan die prokureur oorhandig is.

Die ouderdomsontleding van uitstaande studentegelde ten opsigte waarvan 'n waardedaling erken is, is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Een jaar	72 850	57 891
Tussen een en vyf jaar	14 497	27 801
Vyf jaar en ouer	4 872	6 067
Oorhandig	59 105	40 199
Totaal	151 323	131 958

Die beweging in die voorsiening vir waardedaling in studentegelde is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Saldo aan die begin van die jaar	62 510	42 631
Verhoging in voorsiening vir die jaar	17 533	20 566
Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf	(6 865)	(687)
Saldo aan die einde van die jaar	73 178	62 510

Die verhoging in die voorsiening vir die jaar, asook onverhaalbare skuld afgeskryf, word in die gekonsolideerde inkomstestaat onder 'Ander bedryfsuitgawes' getoon.

Studentelenings

Studentelenings word teen lager as markverwante rentekoerse toegestaan. 'n Waardedaling ten opsigte van uitstaande studentelenings word by erkenning van die lening bereken. Studente word as delgingspligtig of niedelgingspligtig gekategoriseer. 'n Voorsiening vir waardedaling van hulle lenings word gegrond op historiese inligting volgens die kategorie waarin die student val. Soos aan die jaareinde het studente wat nie delgingspligtig was nie, se lenings R68,4 miljoen (2013: R72,5 miljoen) beloop en geen verdere waardedaling word ten opsigte van hierdie groep nodig geag nie. Studente wat delgingspligtig was, se lenings het R108,9 miljoen (2013: R92,6 miljoen) beloop, waarvan R44,4 miljoen (2013: R41,2 miljoen) nie agterstallig was nie. Geen waardedaling word nodig geag vir die lenings wat nie agterstallig is nie. Agterstallige studentelenings het R64,6 miljoen (2013: R51,5 miljoen) beloop. Die agterstallige studentelenings word jaarliks vir moontlike waardedaling oorweeg.



9. HANDELS- EN ANDER DEBITORE (VERVOLG)

Die beweging in die voorsiening vir waardedaling in studentelenings is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Saldo aan die begin van die jaar	43 165	33 949
Verhoging in voorsiening vir die jaar	10 479	9 462
Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf	(310)	(246)
Saldo aan die einde van die jaar	53 334	43 165

Die verhoging in die voorsiening vir die jaar, asook onverhaalbare skulde afgeskryf, word in die gekonsolideerde inkomstestaat onder 'Ander bedryfsuitgawes' getoon.

Handels- en ander debiteure

Soos aan die jaareinde beloop handelsdebiteure en ander debiteure wat ten volle presteer R111,8 miljoen (2013: R84,4 miljoen).

Ander debiteure sluit 'n aantal kleiner debiteure in wat nie 'n beduidende geskiedenis van wanbetaling toon nie en waarvan die kredietwaardigheid goed is. Weens die aard van inkomste gehef, wat hoofsaaklik bestaan uit navorsingsverwante inkomste waarvoor kontrakte bestaan, word debiteure jonger as vier maande nie vir waardedaling oorweeg nie. Die ouderdomsonleding van agterstallige debiteure is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Tussen een en vier maande	32 235	31 661
Ouer as vier maande	27 388	13 292
Totaal	59 623	44 953

Debiteure ouer as vier maande word vir waardedaling oorweeg. Die beweging in die voorsiening vir waardedaling in debiteure is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Saldo aan die begin van die jaar	1 324	1 762
Verhoging in voorsiening vir die jaar	1 712	307
Bedrae gedurende die jaar as onverhaalbaar afgeskryf	(576)	(745)
Saldo aan die einde van die jaar	2 460	1 324

Motorlenings

Die invorderbaarheid van motorlenings wat deur werknemers verskuldig is, word as hoogs waarskynlik geag en gevoglik word geen waardedaling ten opsigte van hierdie kategorie voorsien nie (verwys na aantekening 3).

Rente en dividende op beleggings ontvangbaar

Die bedrae is van die Universiteit se beleggingsbestuurders ontvangbaar. Die Universiteit se beleggingsportefeuilles word deur professionele batebestuurders bestuur en die bedrae word dus as ten volle invorderbaar beskou.

10. UITGESTELDE BELASTING

Die beweging in die uitgesteldebelasting-rekening is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Saldo aan die begin van die jaar	(680)	(592)
Beweging gedurende die jaar:		
Tydelike verskille ten opsigte van eiendom, boeke en toerusting	405	(88)
Saldo aan die einde van die jaar	(275)	(680)
Die uitgesteldebelasting-saldo bestaan uit die volgende:		
Tydelike verskille ten opsigte van eiendom, boeke en toerusting	(275)	(680)
	(275)	(680)



10. UITGESTELDE BELASTING (VERVOLG)

'n Uitgesteldebelasting-bate word vir belastingverliese erken slegs in die mate wat verhaling waarskynlik is.

Filiale van die Universiteit het uitgesteldebelasting-bates van R2,5 miljoen (2013: R2,5 miljoen) wat as gevolg van onsekerheid oor die verhaalbaarheid daarvan nie in die gekonsolideerde finansiële jaarstate en dié van die filiale erken word nie. Die beweging in belasting vir die jaar word by 'Ander bedryfsuitgawes' ingesluit.

11. VOORRAAD

Voorraad bestaan uit die volgende items:

	2014 R000	2013 R000
Skryfbehoeftes	426	603
Verbruikbare materiaal	3 905	2 527
Totaal	4 331	3 131

12. BEDRYFSHUURBATE/(-LAS)

Die netto bedryfshuurbate/(-las) is soos volg saamgestel:

	2014 R000	2013 R000
Bedryfshuurlas	-	(11 205)
Bedryfshuurbate	13 697	603
Totaal	13 697	(10 602)

Die verwagte beweging in die netto bedryfshuurbate is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Saldo aan die einde van die jaar	13 697	(10 602)
Binne een jaar betaalbaar	(4 505)	(6 184)
Binne twee tot vyf jaar betaalbaar	(9 192)	16 786
Ná vyf jaar betaalbaar	-	-
	-	-

13. HANDELS- EN ANDER KREDITEURE

	2014 R000	2013 R000
Handelskrediteure	40 076	26 815
Studentegelde vooruit ontvang	91 299	79 406
Opgelope vergoedingskoste	45 381	42 462
Opgelope uitgawes	51 239	92 687
Opgelope verlofverpligting	138 656	132 228
Student- en ander opvraagbare deposito's	1 034	1 599
Inkomste vooruit ontvang	144 178	219 268
Ander	193 034	144 922
	704 898	739 387

Verwys na aantekening 29 vir bedrae betaalbaar aan verwante partye wat hierbo ingesluit is.



AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIELE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2014 (VERVOLG)

14. VERPLIGTINGS

Die volgende verpligtings soos op 31 Desember het met betrekking tot geboue, biblioteekboeke en -tydskrifie bestaan ten opsigte van kapitaalkontrakte goedgekeur of bestellings geplaas:

	2014 R000	2013 R000	
Geboue	96 825	120 388	
Biblioteekboeke en -tydskrifie	851	1 140	
	97 676	121 528	

Wesenlike nie-kanselleerbare huurkontrakte sluit die huur van studentehuisvesting en die huur van kleiner toerusting in. Hierdie kontrakte het verskillende termyne.

Die volgende bedrae is soos aan die jaareinde ingevolge niekanselleerbare bedryfshuurkontrakte betaalbaar:

	2014 R000	2013 R000
Binne een jaar	4 724	10 636
Binne twee tot vyf jaar	22 257	-
Ná vyf jaar	74 879	-
	101 860	10 636

15. PERSONEELKOSTE

	2014 R000	2013 R000
Vergoeding en byvoordele	1 708 461	1 582 417
Toename in die voorsiening vir personeelvoordele	20 510	19 433
Toename in die voorsiening vir langdiensvoordele	700	42
	1 729 671	1 601 892
Toename/(Afname) in voorsiening vir personeelvoordele ingesluit in omvattende inkomste	29 769	(8 052)
	1 759 440	1 593 840

Die gemiddelde getal voltydse, permanente werknemers is 3 211 (2013: 3 167). Die gemiddelde getal voltydse, niepermanente werknemers is 1 302 (2013: 1 482).

16. PERSONEELKOSTE: UITVOERENDE BESTUUR

Die volgende inligting ten opsigte van bedrae wat werklik gedurende die finansiële jaar toegeval het, word verskaf om aan die Wet op Hoër Onderwys (101 van 1997, soos gewysig) en die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Hoër Onderwysinstellings (afdeling 7.8) te voldoen.

Naam	Amp	Aard	Totale waarde 2014 R000	Tydperk	Totale waarde 2013 R000	Tydperk
Prof HR Botman	Rektor en Visekanselier	Vergoeding uitbetaal Bonus uitbetaal Verlof uitbetaal	1 628 241 358	Jan – Jun 2014 Jan – Jun 2014 Jan – Jun 2014	3 074 – 291	Jan – Des 2013 Jan – Des 2013 Jan – Des 2013
Prof JF Smith	Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel)	Vergoeding uitbetaal Bonus uitbetaal Verlof uitbetaal	1 936 109 92	Jan – Des 2014 Jan – Des 2014 Jan – Des 2014	1 827 134 174	Jan – Des 2013 Jan – Des 2013 Jan – Des 2013
Prof ASM Karaan	Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel) (wnd)	Vergoeding uitbetaal Bonus uitbetaal Verlof uitbetaal	861 68 192	Mei – Des 2014 Mei – Des 2014 Mei – Des 2014	– – –	
Prof A Schoonwinkel	Viserektor (Onderrig)	Vergoeding uitbetaal Bonus uitbetaal	1 823 109	Jan – Des 2014 Jan – Des 2014	1 778 104	Aug – Des 2013 Aug – Des 2013
Prof TE Cloete	Viserektor (Navorsing)	Vergoeding uitbetaal Bonus uitbetaal	1 860 109	Jan – Des 2014 Jan – Des 2014	1 755 104	Aug – Des 2013 Aug – Des 2013
Prof L van Huyssteen	Bedryfshoof	Vergoeding uitbetaal Bonus uitbetaal Verlof uitbetaal Bykomende vergoeding uitbetaal	1 936 109 – –	Jan – Des 2014 Jan – Des 2014 Jan – Des 2014 Jan – Des 2014	1 827 134 112 261	Jan – Des 2013 Jan – Des 2013 Jan – Des 2013 Jan – Des 2013



16. PERSONEELKOSTE: UITVOERENDE BESTUUR (VERVOLG)

Betaling aan Raadslede vir die bywoning van Raads- en komiteevergaderings:

Betaal aan	Getal lede	Bywoning van vergaderings Gemiddelde waarde R000	Terugbetaling van uitgawes Totale waarde R000
Raadsvoorsitter	1	-	-
Raadslede	30	-	14

Geen vergoeding word vir die bywoning van Raads- en komiteevergaderings aan Raads- of komiteelede betaal nie.

17. TOTALE UITGAWES

Totale uitgawes sluit die volgende in:

	2014 R000	2013 R000
WAARDEVERMINDERING		
Geboue	78 684	71 177
Rekenaartoerusting	47 379	46 495
Ander	48 613	47 722
Biblioteekboeke	66 302	55 179
	240 978	220 573
AMORTISASIE VAN ONTASBARE BATES	406	1 391
ANDER BEDRYFSUITGAWES		
Beurse	588 427	530 506
Huur	38 318	53 131
- Geboue	28 733	42 919
- Toerusting	9 585	10 212
Instandhouding en herstelwerk	108 809	76 187
Ouditeursvergoeding	4 342	5 609
Vir statutêre oudit		
- Voorsiening vir huidige jaar	2 051	2 155
- Ondervoorsiening in vorige jaar	85	211
Vir ander oudirdienste	2 055	2 206
Vir ander konsultasiedienste	151	1 037
Interne audit	1 524	3 565
Forensiese audit	2 819	4 718
Verhoging in voorsiening vir waardedaling van studentegelde, studentelenings en debiteure	21 973	28 656
Waardedaling van studentelenings	1 943	2 209
Ander uitgawes	1140 634	994 694
	1 908 789	1 699 275

18. HUUR ONTVANG

Die volgende bedrae is soos aan die jaareinde ingevolge niekanselleerbare bedryfshuurkontrakte ontvangbaar:

	2014 R000	2013 R000
Binne een jaar	4 331	5 295
Binne twee tot vyf jaar	4 862	7 574
Ná vyf jaar	-	-
	9 193	12 869

Wesenlike huurkontrakte wat niekanselleerbaar is, sluit verhuring van winkels en huise in. Die kontrakte het verskillende termyne.



**AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIELE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG
31 DESEMBER 2014 (VERVOLG)**

19. RENTE EN DIVIDENDE VERDIEN

	2014 R000	2013 R000
Rente ontvang		
- bedryfsbeleggings	21 682	16 861
- niebedryfsbeleggings	66 509	79 012
- ander	115 451	59 627
Dividende ontvang	85 769	81 599
Totaal	289 411	237 099

21. RENTE ONTVANG

	2014 R000	2013 R000
Bedrag aan die begin van die jaar ontvangbaar	8 059	20 985
Bedrag in inkomstestaat	203 642	155 500
Bedrag aan die einde van die jaar ontvangbaar	(13 718)	(8 059)
	197 983	168 426

23. FINANSIERINGSKOSTE BETAAL

	2014 R000	2013 R000
Bedrag aan die begin van die jaar betaalbaar	2 187	2 357
Bedrag in inkomstestaat	22 837	12 538
Bedrag aan die einde van die jaar betaalbaar	(1 982)	(2 187)
	23 042	12 708

24. REKONSILIASIE VAN SURPLUS MET KONTANTVLOEI

	2014 R000	2013 R000
Surplus volgens die gekonsolideerde inkomstestaat	1 486 931	528 414
Aanpassings vir:		
Gerealiseerde wins by realisering van beleggings	(946 819)	(303 423)
Rente en dividende ontvang	(289 411)	(237 099)
Finansieringskoste	22 837	12 538
Wins by die vervreemding van eiendom, boeke en toerusting	(4 519)	(3 819)
Verhoging in voorsiening vir verlofgratifikasie	6 428	20 472
Verhoging in voorsiening vir personeelvoordele	21 210	19 476
Verhoging in voorsiening vir waardedaling van studentegelde en -lenings	23 916	30 866
Waardevermindering en amortisasie	241 384	221 964
Valutawins	(3 779)	(5 919)
Toename in belegging in geassosieerde maatskappye	(1 512)	(3 372)
Verlies by die vervreemding van eiendom, boeke en toerusting	941	-
Skenking van eiendom, boeke en toerusting	(25 464)	(18 028)
	532 142	262 070
	(157 827)	222 180
	(79 047)	(6 602)
	5 659	(12 926)
	(1 200)	(564)
	(58 940)	227 481
	(24 299)	14 792
Kontant deur bedryfwighede gegenerer	374 315	484 250



25. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENT

	2014 R000	2013 R000
Gunstige banksaldo's	291 165	100 195
Korttermynbeleggings in kontant	265 414	214 696
	556 579	314 891

Die gemiddelde rentekoers vir 2014 ten opsigte van kontant en kontantekwivalente beloop 3,4% (2013: 5,8%).

	2014 R000	2013 R000
Die Universiteit se fasilitete by banke wat jaarliks hersien word	169 520	149 520

Soos aan die jaareinde was net 'n gedeelte van die fasilitet vir motorlenings opgeneem. Die gedeelte wat opgeneem is, word by rentedraende lenings ingesluit. Verwys na aantekening 3.

26. FINANSIELE RISIKOBESTUUR

Die Universiteit se aktiwiteite stel hom aan sekere besigheids- en finansiële risiko's, naamlik markrisiko, kredietrisiko en likiditeitsrisiko, bloot. Die Universiteit se oorkoepelende risikobestuursprogram fokus op die geïdentifiseerde bedryfsrisiko's sowel as die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en poog om die potensieel nadelige uitwerking op die Universiteit te minimaliseer.

26.1 Besigheidsrisiko's

Die hoofbesigheidsrisiko's van die Universiteit, soos deur die Bestuur geïdentifiseer, sien soos volg daaruit:

- Die pas van transformasie en verbreding van toeganklikheid.
- Die groeiende druk op die ongeoormerkte staatsubsidie aan universiteite.
- Infrastruktuurkorte en die hoë koste van deurlopende instandhouding van fasilitete en wetenskaplike toerusting.

Hierdie risiko's word deurlopend gemoniteer en die gepaste stappe gedoen om dit ten beste te bestuur.

26.2 Markrisiko

Die aktiwiteite van die Universiteit stel hom aan verskeie markrisiko's, insluitende valutarisiko, prysrisiko en rentekoersrisiko, bloot.

26.2 (a) Valutarisiko

As gevolg van internasionale transaksies in ander geldeenhede as die Suid-Afrikaanse rand (die Universiteit se funksionele geldeenheid), word die Universiteit aan valutarisiko blootgestel. Hierdie risiko spruit uit toekomstige finansiële transaksies asook erkende bates en laste, wat veral in VSA-dollar, pond en euro gedenomineer is. Valutarisiko van toekomstige finansiële transaksies word bestuur deur vooruitdekking deur middel van valutatermynkontrakte uit te neem.

Indien die wisselkoers soos op 31 Desember 2014 met 5,0% verstewig/verswak het, met alle ander faktore konstant, sou die surplus vir die jaar soos volg vergroot/(verklein) het:

	2014 R000	2013 R000
EURO	259	39
GBP	351	138
USD	1 859	558
	2 469	735

Valutatermynkontrakte word aangegaan om die blootstelling aan wisselkoersskommelings ten opsigte van sekere transaksies te bestuur. 'n Omsigtige benadering word met betrekking tot vooruitdekking gehandhaaf. Die vervaldatums van oop valutatermynkontrakte soos op 31 Desember 2014 was binne ses maande ná die jaareinde.

Die randbedræ betaalbaar en die gekontrakteerde wisselkoerse ten opsigte van oop valutatermynkontrakte soos aan die jaareinde was:

	2014 R000	2013 R000
USD (teen gemiddelde koers 2013: R10,558 = \$1)	-	922
	-	922



26. FINANSIELE RISIKOBESTUUR (VERVOLG)

Die volgende bedryfsbates en -laste ten opsigte van buitelandse valutatransaksies, soos in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie getoon, word nie deur valutatermynkontrakte vooruit gedek nie:

	Valuta 2014 000	Randwaarde 2014 R000	Valuta 2013 000	Randwaarde 2013 R000
HANDELSDEBITEURE				
EURO	242	3 234	55	727
GBP	398	7 022	162	2 766
USD	1 059	10 769	1 087	11 035
Netto valutabate		21 025		14 528

26.2 (b) Prysrisiko

Die Universiteit word aan prysrisiko ten opsigte van genoteerde beleggings beskikbaar vir verkoop blootgestel. Indien die plaaslike aandelebeurs (JSE) soos op 31 Desember 2014 met 10,0% gestyg/gedaal het en alle ander faktore konstant gebly het, sou die billikewaarde-reserwe vir genoteerde aandele met R551,7 miljoen (2013: R491,8 miljoen) vermeerder/vermindert het. 'n Styging/Daling van 10,0% op die sekuriteitebeurs (*bond exchange*) soos op 31 Desember 2014 sou 'n toename/afname van R51,4 miljoen (2013: R35,3 miljoen) in die billikewaarde-reserwe vir rentedraende genoteerde instrumente tot gevolg gehad het.

Die Universiteit word nie aan kommoditeitsprysrisiko blootgestel nie.

26.2 (c) Rentekoersrisiko

Die rentekoersseisenskappe van nuwe en bestaande lenings word deurlopend hersien. Die Universiteit het vir die jare geëindig 31 Desember 2014 en 2013 geen ooreenkoms met betrekking tot rentekoersafgeleide instrumente gesluit nie.

Indien die rentekoers ten opsigte van saldo's by banke soos aan die jaareinde met 100 basispunte gestyg/gedaal het, sou die surplus vir die jaar met R5,6 miljoen (2013: R3,0 miljoen) toegeneem/afgeneem het.

Indien die rentekoers ten opsigte van rentedraende beleggings soos aan die jaareinde met 100 basispunte toegeneem/afgeneem het, sou die surplus vir die jaar met R2,6 miljoen (2013: R6,0 miljoen) toegeneem/afgeneem het.

Indien die rentekoers ten opsigte van die bankfasilitet vir die finansiering van die Universiteit se onderskeie motorskemas soos aan die jaareinde met 100 basispunte gestyg/gedaal het, sou die surplus vir die jaar met R0,4 miljoen (2013: R0,4 miljoen) afgeneem/toegeneem het.

26.3 Likiditeitsrisiko

Deursigtige likiditeitsrisikobestuur impliseer die handhawing van voldoende kontant en bemarkbare sekuriteite, asook die beskikbaarheid van kredietfasilitete. Die Beleggingskomitee van die Raad het gedurende 2012 'n bedrag van R750,0 miljoen van die korttermynkontantbeleggingsfondse (geldmark) na die langtermynbeleggingsfondse geskuif, wat onder meer tot 'n groot afname in die Universiteit se bedryfsbates bygedra het.

Die Universiteit is in staat om langtermynbeleggings op kort kennisgewing te realiseer om moontlike likiditeitsrisiko's te dek. Kontantbeleggings wat R245,0 miljoen (2013: R121,0 miljoen) beloop, is ook by langtermynbeleggings ingesluit.

	2014 R000	2013 R000
Bedryfsbates	808 313	508 849
Bedryfslaste	706 645	757 438
Bedryfskapitaalverhouding	1,1	0,7

26.4 Kredietrisiko

Kredietrisiko ontstaan hoofsaaklik as gevolg van uitstaande studentegelde en -lenings, handelsdebiteure en kontantmiddele. Die grootste komponent van uitstaande studentegelde is deur voormalige studente verskuldig. Handelsdebiteure bestaan uit 'n groot hoeveelheid kliënte en hulle kredietwaardigheid word deurlopend deur die Universiteit geëvalueer. Kontantsurplusse word slegs by finansiële instellings met goeie kredietwaardigheid belê. Geen wesenlike kredietrisiko bestaan soos op 31 Desember 2014 en soos op 31 Desember 2013 waarvoor daar nie voldoende voorsiening gemaak is nie. Handels- en ander debiteure word ná aftrekking van enige voorsiening vir waardedaling getoon.

26.5 Raming van billike waarde

Die billike waardes van genoteerde beleggings beskikbaar vir verkoop word op die gekwoteerde markpryse soos aan die jaareinde gegrond. Die gekwoteerde markprys verwys na die sluitingsprys op die laaste sakedatum voor die jaareinde.



26. FINANSIELLE RISIKOBESTUUR (VERVOLG)

Die billike waardes van ongenoteerde beleggings wat nie in 'n aktiewe mark verhandel word nie, word deur middel van toepaslike waardasiemetodes, gegrond op marktoestande soos aan die jaareinde, bepaal. Billike waardes van die res van die finansiële instrumente word op grond van verdiskonterde kontantvloeimodelle bepaal. Handels- en ander debiteure en -krediteure en rentedraende lenings se nominale waardes minus waardedalings word geag die billike waardes daarvan te wees. Korttermynskuldinstrumente verteenwoordig skenkingsfondse waar die skenker die aanwending en die tydstip van aanwending kan bepaal, en word teen billike waarde gemeet.

Die Universiteit Stellenbosch pas vanaf 1 Januarie 2009 die aanpassing aan IFRS 7 toe vir finansiële instrumente wat teen billike waarde in die staat van finansiële posisie getoon word. Hierdie aanpassing vereis dat billikewaarde-metings volgens onderstaande hiërargie geopenbaar word:

- Vlak 1 Gekwoteerde pryse volgens aktiewe markte vir identiese bates en laste.
- Vlak 2 Ander insette as gekwoteerde pryse wat direk (pryse) of indirek (afgelei vanaf pryse) verkry word.
- Vlak 3 Insette vir bates en laste wat nie op beskikbare markdata gegrond word nie.

Bates soos op 31 Desember 2014 teen billike waarde getoon:

	Vlak 1 R000	Vlak 2 R000	Vlak 3 R000	Totaal R000
Staatseffekte	513 722	–	–	513 722
Aandele				
– Genoteerde aandele	5 517 320	–	–	5 517 320
– Ongenoteerde aandele	–	6 740	–	6 740
Vaste deposito's	264 198	–	–	264 198
Ander	328 751	–	–	328 751
	6 623 991	6 740	–	6 630 731

Die billike waarde van genoteerde beleggings, staatseffekte, vaste deposito's en ander beleggings word op huidige markpryse gegrond. Ander beleggings bestaan hoofsaaklik uit kontantinstrumente wat deel van die Universiteit se langermyndeleggingspoel uitmaak. Die Universiteit bepaal die billike waarde van ongenoteerde beleggings en beleggings waarvoor daar nie 'n aktiewe mark is nie, deur van toepaslike waardasietegnieke gebruik te maak. Soos op 31 Desember 2013 was staatseffekte, genoteerde aandele, vaste deposito's en ander beleggings as vlak 1 geklassifiseer en ongenoteerde aandele as vlak 2.

Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie op die sekuriteitebeurs (*bond exchange*) verhandel word nie, word deur middel van toepaslike waardasietegnieke bepaal. Hierdie tegnieke neem hoofsaaklik beskikbare markdata in ag. Die gebruik van entiteitspesifieke ramings word beperk. Indien insette net uit beskikbare markdata bestaan, word die instrument op vlak 2 getoon. Spesifieke waardasietegnieke sluit die gebruik van gekwoteerde of handelaarspryse van soortgelyke instrumente in, met inagneming van risikofaktore.

Indien enige van die insette nie op beskikbare markdata gegrond word nie, word die item op vlak 3 getoon.

Finansiële laste

	Drawaarde R000	Kontrakteuele kontantvloei R000	< 1 jaar R000	1–5 jaar R000	> 5 jaar R000
31 DESEMBER 2014					
Rentedraende lenings	112 306	225 714	12 193	94 508	119 013
Bedryfshuurkas	–	–	–	–	–
Handels- en ander krediteure	704 899	704 899	704 899	–	–
Totale finansiële laste	817 204	930 612	717 091	94 508	119 013
31 DESEMBER 2013					
Rentedraende lenings	92 440	140 772	14 292	73 493	52 987
Bedryfshuurkas	10 602	10 602	10 602	–	–
Handels- en ander krediteure	739 387	739 387	739 387	–	–
Totale finansiële laste	842 429	890 761	764 281	73 493	52 987

Bestuur van beskikbare fondse

Die Universiteit Stellenbosch bestuur sy fondse ten einde te verseker dat hy as lopende saak sal voortbestaan. Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenkings- en vastebate-fondse met bepaalde voorwaardes vir aanwending. Onbeperkte fondse is daardie fondse wat die Raad diskresionêr kan aanwend.



27. PERSONEELVOORDELE

Bydraes tot die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (USAf)

USAf, wat op 1 November 1994 ontstaan het en deur die Wet op Pensioenfondse van 1956 (soos gewysig) beheer word, is 'n vastebydrae-plan vir permanente werknemers van die Universiteit. Die fonds word minstens elke drie jaar deur 'n onafhanklike aktuaris gewaardeer. Die ledetal van USAf soos op 1 Januarie 2015 beloop altesaam 3 265 (2014: 3 182). Ledebrydraekoerse wissel tussen 10% en 20% van pensioengewende verdienste. Die aktuaris het verklaar dat die fonds finansieel gesond is. Totale bydraes betaal het R164,8 miljoen (2013: R137,6 miljoen) beloop. Die jongste audit is vir die jaar geëindig 31 Desember 2013 gedoen en 'n ongekwalifiseerde mening is uitgespreek.

Ander voordele

Na-aftrede mediese voordele word aan sekere afgetrede werknemers verskaf. Toegang tot hierdie voordeel word beperk tot werknemers wat voor 1 Junie 2002 aangestel is.

Die groeplewensversekeringskema voorsien lewensversekering by die dood van die lid. Lidmaatskap van die skema is verpligtend vir alle permanente werknemers van die Universiteit.

Die verpligtings word minstens elke drie jaar deur die onafhanklike aktuaris aktuarieel bereken en op 'n jaarlikse grondslag hersien. 'n Volledige aktuariële waardasie soos op 31 Desember 2014 is gedoen. Die volgende aktuariële waardasie sal nie later nie as 1 Januarie 2016 gedoen word.

Die aktuariële waardasiemetode is die geprojekteerde-eenheidskrediet-metode. Die hoof aktuariële aannames is die volgende:

	2014	2013
Verdiskonteringskoers	8,5%	8,9%
Mediese inflasie	8,4%	8,3%
Groeplewensinflasiekoers	7,9%	7,8%
Salarisinflasie	7,9%	7,8%
Aftreeouderdom	65,0	65,0
Verwagte gemiddelde aftreeouderdom	65,0	65,0
Ouderdomsverskil tussen hooflid en gade: voortgesit	Werklik	Werklik
Ouderdomsverskil tussen hooflid en gade: aktief	4,0	4,0
Inkomste by aftrede	75,0%	75,0%
Propsorie by aftrede getroud	75,0%	75,0%
Maksimum ouderdom vir weeskindbydraes	21,0	21,0
Voortsetting by aftrede	100,0%	100,0%

Rekonsiliaasie van die drabedrag:

	2014 Mediese verpligtig- R000	2014 Groeplewens- versekering R000	Totaal R000	2013 Mediese verpligtig- R000	2013 Groeplewens- versekering R000	Totaal R000
Verpligtig aan die begin van die jaar	453 092	40 171	493 263	442 934	38 948	481 882
Aanpassings in die gekonsolideerde inkomstestaat:						
- Huidige dienskoste	5 681	2 129	7 810	5 342	2 213	7 555
- Rentekoste	38 827	3 448	42 275	35 245	3 105	38 350
- Verwagte bydraes deur die werkgewer betaalbaar	(27 291)	(2 284)	(29 575)	(24 436)	(2 036)	(26 472)
Aanpassings in die staat van omvattende inkomste	30 049	(280)	29 769	(5 993)	(2 059)	(8 052)
	500 358	43 184	543 542	453 092	40 171	493 263

Die aktuariële verlies/(wins) is aan die volgende faktore toeskryfbaar:

	2014 R000	2013 R000
Verandering in die finansiële aannames	27 884	10 920
Verandering in die aktuariële grondslag	10 726	(31 509)
Verhoging in bydraes	-	2 485
Verandering in demografiese aannames	(8 841)	-
Verandering in ledetalle en -besonderhede	-	10 052
	29 769	(8 052)

Die verpligtig aan die einde van die jaar is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Voortgesette lede	362 905	327 840
Indienslede	180 637	165 423
	543 542	493 263

Die verwagte toename in die verpligtig vir die volgende 12 maande vir indienslede is R23,9 miljoen (2013: R20,9 miljoen).



Langdiensvoordele

Ná 25 jaar dienslewering kwalifiseer werknemers vir 'n geskenk met 'n waarde gelykstaande aan 50% van die werknemer se maandelikse salaris, met 'n minimum waarde van R400 en 'n maksimum waarde van R5 000.

Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Aktiewe lede	3 193	2 493
	3 193	2 493

Die verpligting aan die einde van die jaar is soos volg:

	2014 R000	2013 R000
Na-aftrede mediese voordele en groeplewensversekerings	543 542	493 263
Langdiensvoordele	3 193	2 493
	546 735	495 756

Die geskiedenis van personeelvoordele is soos volg:

	2014 R000	2013 R000	2012 R000	2011 R000	2010 R000
Huidige waarde van verpligting	546 735	495 756	484 332	411 181	367 103
Aktuariële verlies as gevolg van ondervinding	10 726	31 698	39 755	17 259	28 344

28. INKOMSTEBELASTING

Die Universiteit word ingevolge artikel 10(1)(cA)(i) van die Inkomstebelastingwet van normale inkomstebelasting vrygestel. Sommige van die filiale van die Universiteit is wel belastingpligtig. Verwys na aantekening 10.

29. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES

29.1 Onderstaande instansies word geag verwante partye van die Universiteit te wees.

PARTY	VERWANTSKAP
Stellenbosch Trust	Universiteit is alleenbegunstigde
Stellenbosch Ontwikkelingstrust	Universiteit is alleenbegunstigde
US Beleggingstrust	Universiteit is alleenbegunstigde
Stellenbosch Regsfakulteit Trust	Universiteit is alleenbegunstigde
Stellenbosch Finansieringsvennootskap	Universiteit is alleenbegunstigde
InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk	Volfiliaal
Unistel Eiendomme (Edms) Bpk	Volfiliaal
Unistel Tegnologie (Edms) Bpk	Volfiliaal van InnovUS Tegnologie Oordrag
Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-instituut (Edms) Bpk	Volfiliaal van InnovUS Tegnologie Oordrag
Stellenbosch Wind Energy Technologies (Edms) Bpk	Volfiliaal van InnovUS Tegnologie Oordrag
Stellenbosch Nanofiber Company (Edms) Bpk	Geassosieerde maatskappy van InnovUS Tegnologie Oordrag
GeoSUN Africa (Edms) Bpk	Geassosieerde maatskappy van InnovUS Tegnologie Oordrag
Unistel Geneeskundige Laboratoriums (Edms) Bpk	Geassosieerde maatskappy van InnovUS Tegnologie Oordrag
Stellenbosch Information Systems (Edms) Bpk	Geassosieerde maatskappy van InnovUS Tegnologie Oordrag
Aquastel (Edms) Bpk	Volfiliaal van InnovUS Tegnologie Oordrag
Sun Media Stellenbosch (Edms) Bpk	Filiaal van InnovUS Tegnologie Oordrag
Launchlab (Edms) Bpk	Volfiliaal van InnovUS Tegnologie Oordrag
Surfactant Medical Technology (Edms) Bpk	Filiaal van InnovUS Tegnologie Oordrag
Custos Technologies (Edms) Bpk	Geassosieerde maatskappy van InnovUS Tegnologie Oordrag
USB Bestuursontwikkeling Bpk	Filiaal van die Universiteit

Uitvoerende bestuurslede word ook geag verwante partye van die Universiteit te wees. Verwys na aantekening 16 vir 'n lys van die uitvoerende bestuurslede en betalings aan hulle gedurende die jaar.



AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIELE JAARSTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2014 (VERVOLG)

29.2 Transaksies met verwante partye

Transaksies met verwante partye sluit in die betaling vir administratiewe dienste en finansieringskoste, asook beleggingsinkomste wat verdien is.

Belanghebbers het gedurende die jaar geen wesenlike belang gehad in enige wesenlike ooreenkoms van die Universiteit of enige van sy filiale wat tot 'n botsing van belang aanleiding kan gee nie.

Transaksies tussen die Universiteit Stellenbosch en sy filiale word by konsolidasie uitgeskakel.

Die volgende verwanteparty-transaksies het tussen die Universiteit en verwante partye plaasgevind:

29.2.1 Inkomste

Vanaf filiale:

	2014 R000	2013 R000
Bydraes ontvang	232 335	215 462
Dienste	19 824	929
Rente	801	497
	252 960	216 888

Vanaf geassosieerde maatskappye:

	2014 R000	2013 R000
Dienste	-	14 155
Huur	-	478
	-	14 633

29.2.2 Uitgawes

Aan filiale:

	2014 R000	2013 R000
Dienste	17 413	877
Huur	348	192
	17 761	1 069

Aan geassosieerde maatskappye:

	2014 R000	2013 R000
Dienste	-	1 459
Toekenning aan Stellenbosch Information Systems (Edms) Bpk uit die gebeurlikheidsreserwe	-	1 000
	-	2 459

29.2.3 Bedrae soos aan die jaareinde uitstaande

Ontvangbaar van:

	2014 R000	2013 R000
Filiale	11 597	10 211
	11 597	10 211

Betaalbaar aan:

	2014 R000	2013 R000
Filiale	1 289	3 879
Geassosieerde maatskappye	-	4
	1 289	3 883

29.2.4 Lenings aan verwante partye toegestaan

	2014 R000	2013 R000
Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-instituut (Edms) Bpk	2 732	3 706
Unistel Tegnologie (Edms) Bpk	4 970	4 970
InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk	2 323	2 323
	10 025	10 999

Die lening aan Stellenbosch Universiteit Sportprestasie-instituut (Edms) Bpk dra rente wat aan die prima koers gekoppel is, en het vaste terugbetalingsbepalings.

Die lenings aan Unistel Tegnologie (Edms) Bpk en InnovUS Tegnologie Oordrag (Edms) Bpk dra rente wat aan die prima koers gekoppel is, en is volgens onderlinge ooreenkoms terugbetaalbaar.



30. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

Die Universiteit waarborg 'n persentasie van die uitstaande bedrag ten opsigte van verbandinings van kwalifiserende werknemers. Die maksimum blootstelling soos aan die jaareinde beloop R430 398 (2013: R430 398).

Die Universiteit het onderneem om, waar nodig, finansiële ondersteuning aan sommige filiale en geassosieerde maatskappye te verskaf.

31. VERKRYGING VAN FILIAAL

Die Universiteit het op 14 April 2014 'n bykomende belang van 6,0% in USB Bestuursontwikkeling Bpk gekoop. Die belang het dus van 48,8% tot 54,8% verhoog. Gevolglik word die maatskappy vanaaf daardie datum as 'n filiaal van die Universiteit gekonsolideer.

Die Universiteit het R2 317 980 vir 1 103 800 aandele betaal.

	2014 R000
Belegging in geassosieerde op 14 April 2014	7 628
Bedrag betaal vir bykomende belang	2 318
Min: Identifiseerbare bates en laste	(14 230)
Kontant en kontantekwivalente	28 354
Toerusting	483
Handels- en ander debiteure	21 344
Handels- en ander krediteure	(37 184)
Voorraad	1 233
Minderheidsbelang	6 429
Klandisiewaarde erken	2 144



GLOSSARIUM

TERME EN VERKLARINGS

aangewese groepe	Mense wat bruin, swart of Indiërs is.
A-geëvalueerde navorsers	Navorsers wat as wêreldleiers op hul onderskeie navorsingsterreine beskou word.
betrokke akademieskap	Samewerking tussen hoëronderwysinstellings en hulle breër gemeenskappe – vakmanne en die lekepubliek (plaaslik, streek/staat, nasionaal, wêreldwyd) – vir die wedersyds voordeleige uitruiling van kennis en hulpbronne binne 'n konteks van vennootskap en wederkerigheid (ook: gemeenskapsbetrokke akademieskap). Die doel van gemeenskapsbetrokkenheid is die vennootskap van universiteitskennis en -hulpbronne met dié van die publieke en private sektore om akademieskap, navorsing en aktiewe kreatiwiteit te verryk; om leerplanne (kurrikulums), onderrig en leer te verfyn; om opgevoede, meedoende burgers voor te berei; om demokratiese waardes en burgerlike verantwoordelikheid te versterk; om sosiale kwessies krities aan te pak; en om by te dra tot voordeel van die samelewing. (<i>Carnegie Foundation for the Advancement of Teaching</i> ; www.nerche.org)
dubbelmediumonderrig	Klasse word tweetalig in Afrikaans en Engels aangebied; die onderrig is ten minste 50% van die tyd in Afrikaans en die onderrig- en leermateriaal is sover moontlik in Afrikaans en in Engels. Modules wat so aangebied word, word met 'n T-spesifikasie in die Universiteit se Jaarboek gemerk. Kyk ook taalspesifikasie.
eienskappe van gegradsueerde	Die Universiteit Stellenbosch streef daarna om elke gegradsueerde, deur die loop van sy of haar studie, met wenslike en blywende karaktereienskappe toe te rus. 'n Stellenbosch gegradsueerde: <ul style="list-style-type: none">• moet 'n ondersoekende gees wees ('n lewenslange leerder wees, wetenskapgebaseerde navraagmetodes gebruik, krities dink);• moet 'n betrokke burger op plaaslike, streeks- en globale vlak wees (verantwoordelik teenoor die samelewing en omgewing optree, leierskap uitoefen, deelneem in 'n diverse, veeltalige gemeenskap);• moet 'n dinamiese, professionele persoon wees (kennis toepas en oordra, geleenthede aangryp en probleme oplos, innoverend wees, eties wees); en• moet sosiaal en intellektueel 'n goed afgeronde individu wees (voordeel uit geleenthede vir persoonlike groei trek, verrykende ervarings soek).
geïntegreerde verslaggewing	Dit is 'n proses wat uitloop op 'n mededeling deur 'n organisasie, mees opsigtelik 'n periodieke geïntegreerde verslag, oor waardeskepping oor 'n afgelope tydperk. 'n Geïntegreerde verslag is 'n bondige mededeling oor hoe 'n organisasie se strategie, bestuur en beheer, prestasie en vooruitsigte, in die konteks van sy eksterne omgewing, lei tot die skep van waarde oor die kort, medium and lang termyn. (<i>Consultation Draft of the International <IR> Framework</i> deur die <i>International Integrated Reporting Council</i> ; www.theiirc.org)
geldstroom	Die Universiteit se finansiële kapitaal. Vier geldstrome word onderskei en genommer om aan te dui waar die finansiële insette vandaan kom: <ul style="list-style-type: none">• eerste geldstroom is die staatsubsidie;• tweede geldstroom is die onderriggeld van studente verhaal;• derde geldstroom is dié uit (kontrak)navorsing, beleggingsinkomste, inkomste uit kommersialisering en verkope verdien; en• vierde geldstroom is filantropiese skenkings en bemakings.
Horizon 2020	Die Europese Unie se grootste navorsings- en innovasiebefondsingsprogram ooit met die oog op uitnemende wetenskap, bedryfsleierkap en die aanpak van maatskaplike uitdagings. Befondsing word oor 'n sewejaartydperk – van 2014 tot 2020 – aan verskeie tipes projekte beskikbaar gestel, gewoonlik in 'n raamwerk van drie tot vier jaar per projek.
institutionele betrokkenheid	Dit is 'n meer inklusiewe konsep as gemeenskapsinteraksie en verwys na vennootskappe sowel binne die Universiteit (tussen akademici, studente en steundienspersoneel) as buite die Universiteit (as dryfveer vir gesamentlike projekte met eksterne vennote) om sosiale en verhoudingskapitaal tot die wedersydse voordeel van al die betrokkenes te bou.
Intra-ACP Academic Mobility Scheme	'n Skema wat hoëronderwyssamewerking tussen lande in Afrika en die Karibiese en Pasifieke streke aanmoedig.



kennis- en ander vennootskappe	Die Universiteit vestig formele, institusionele vennootskappe met burgerlike gemeenskapsorganisasies, plaaslike regerings of munisipalteite, die Wes-Kaapse Provinciale Regering, die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid, die nasionale Departement van Verdediging en Militêre Veterane, kerke (Teologie), Elsenburg (AgriWetenskappe), ens. Hierdie vennootskappe word gewoonlik deur 'n formele memorandum van verstandhouding gerig.
King III	Die derde verslag <i>Report on Governance in South Africa</i> , saamgestel deur die King-komitee, staan bekend as King III. Die King-kode vir verantwoordbare bestuur en beheer is 'n stel riglyne wat deur instellings volgens hul eie aard op 'n pas-toe-of-verduidelik-grondslag aangewend word. Die filosofie van die Verslag is gerig op korporatiewe burgerskap, leierskap en volhoubaarheid. (<i>King Code of Governance Principles for South Africa 2009</i> deur die <i>Institute of Directors in Southern Africa</i> ; www.iodsa.co.za)
Module	'n Stel klasse of lesings, seminare of praktika wat 'n eenheid in 'n vak vorm.
nagraadse baccalaureusgrade	Baccalaureusgrade wat as tweede, gevorderde baccalaureus geneem kan word, byvoorbeeld BPhil en die twee- of driejarige LLB-graad. Die HonsB-graad word nie hierby ingesluit nie.
parallelmediumonderrig	Onderrig word in aparte klasse in Afrikaans en in Engels aangebied. Modules wat so aangebied word, word met 'n A&E-spesifikasie in die Universiteit se Jaarboek aangedui.
program	'n Kombinasie van modules waaruit 'n leerplan (kurrikulum) vir 'n graadkwalifikasie saamgestel word, byvoorbeeld BA, BEd, Blng, BREk, BSc. Ook bekend as leerprogram of studieprogram. Daar word onderskei tussen voorgraadse programme – die eerste universiteitskwalifikasie in 'n spesifieke rigting – en nagraadse programme – programme wat volg op die eerste kwalifikasie, byvoorbeeld honneurs-, magister- en doktorsgraadprogramme. Ons onderskei ook tussen 'n diplomaprogram en sertifikaatprogram.
Soudien-verslag	<i>Report of the Ministerial Committee on Transformation and Social Cohesion and the Elimination of Discrimination in Public Higher Education Institutions</i> (2010). Die samesteller van die verslag was prof Crain Soudien. Sy portefeuilje as assistentvisekanselier van die Universiteit van Kaapstad was om die visekanselier met institusionele transformasie te ondersteun. In 2009 was hy die voorsitter van die ministeriële komitee wat transformasie in die hoër onderwys ondersoek het. Ondanks die uitvaardiging van belangrike wetgewing oor gelykheid in 1995/6, 1996/7 en 2000/1, het Suid-Afrika steeds die grootste gaping tussen ryk en arm ter wêreld. Hierdie gaping het vergroot ten spyte van Suid-Afrika se demokratisering in 1994. In die lig hiervan het universiteite 'n besonder moeilike taak.
taalspesifikasie	Al die modules in die Universiteit se Jaarboek is gemerk met 'n taalspesifikasie volgens die Universiteit se Taalbeleid en -plan. Nadere besonderhede hieroor by www.sun.ac.za/taal
TAALSPESIFIKASIE	KENMERKE
A-spesifikasie (Hoofsaaklik Afrikaans as onderrigmedium)	<ul style="list-style-type: none"> - Die onderrig is hoofsaaklik in Afrikaans. - Die onderrig- en leermateriaal (handboeke uitgesluit) is sover moontlik in Afrikaans en Engels.
T-spesifikasie (Tweetalige klasse: 50% Afrikaans en 50% Engels)	<ul style="list-style-type: none"> - Die onderrig is ten minste 50% van die tyd in Afrikaans. Ook dubbelmediumonderrig genoem. - Die onderrig- en leermateriaal (handboeke uitgesluit) is sover moontlik in Afrikaans en Engels.
E-spesifikasie (Engels as onderrigmedium)	<ul style="list-style-type: none"> - Die onderrig is hoofsaaklik in Engels. - Die onderrig-leermateriaal (handboeke uitgesluit) is sover moontlik in Engels en Afrikaans.
A&E-spesifikasie (Afsonderlike 'strome' in Afrikaans en Engels)	Dit beteken dat daar aparte klasse is wat volledig in Afrikaans en volledig in Engels aangebied word.
A+i E+i	Afrikaanse klasse word intyds na Engels getolk en Engelse klasse na Afrikaans. Kyk "tolking".
tolking	Onderrig word in óf Afrikaans óf Engels aangebied en 'n tolk sal dan die les na die ander taal fluistertolk. Die tolk gebruik 'n kop- of handmikrofoon en die student hoor die lesing deur oorfone.
vermengde leer	'n Tegemoetkomende stelsel vir leer wat tegnologieë soos webgebaseerde, satelliet- en selfoontoepassings met kontakleer en -onderrig integreer met die oog op groter soepelheid



(toegang te eniger tyd) en beweeglikheid (toegang van enige plek). Vermengde leer vergemaklik interaksie tussen studente onderling en tussen personeel en studente, en verbeter ook toegang tot hulpbronne.

Visie 2030

Die Universiteit, as 'n 21^{ste}-eeuse instelling, speel 'n leidende rol in die skep van 'n gevorderde samelewing. Inklusiwiteit konsentreer op individue se talente en bydraes; innovasie handel oor die noodsaak om veral die uitdagings van 'n meer volhoubare toekoms kreatief die hoof te bied; studente en akademici wy hul energie aan die skep van die toekoms deur wægmoedige pogings om hedendaagse probleme en kwessies daadwerklik te hanteer; ontdekking geskied deurdat teorie en praktyk in die opvoedingsproses verweef word, en die Stellenbosch-ervaring lewer denkleiers op wat groter insig het in wêreldkwessies, hul kreatiewe vermoëns innoverend ontsluit om probleme op te los, en sinvol optree om die samelewing deur kennis te dien. Dít alles gebeur binne die konteks van die transformasie van die US om toekomsfiks en wêreldwyd mededingend te wees. (*US Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018*: bladsy 17)

AFKORTINGS

BA	Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte	KKHO	Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys
BEd	Baccalaureus in die Opvoedkunde	LLL	Luister, Leef en Leer
BIng	Baccalaureus in die Ingenieurswese	NNS	Nasionale Navorsingstigting
BSc	Baccalaureus in die Natuurwetenskappe	NSFAS	<i>National Student Financial Aid Scheme</i>
BSI	bruin, swart en Indiërs-persone	PCT	patentsamewerkingsverdrae (<i>patent cooperation treaties</i>)
CPUT	<i>Cape Peninsula University of Technology</i>	PhD	Doktor in die Wysbegeerte
DHOQ	Departement van Hoër Onderwys	prof	professor
DWT-NNS	Departement van Wetenskap en Tegnologie en Nasionale Navorsingstigting	PSO	Privaatstudenteorganisasie
ECSA	Ingenieursraad van Suid-Afrika (<i>Engineering Council of South Africa</i>)	RADAR	Navorsingalliansie vir Ramp- en Risikovermindering (<i>Research Alliance for Disaster and Risk Reduction</i>)
FP7	<i>7th Framework Programme for Research and Technological Development</i>	RBS	Rektor se Bestuurspan
FVZS	Frederick van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling	SANW	Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag
HEMIS	<i>Higher Education Information Management System</i>	SBA	strategiese bestuursaanwyser
HonsBEd	Honneurs-baccalaureus in die Opvoedkunde	RHO	Raad op Hoër Onderwys
HonsBSc	Honneurs-baccalaureus in die Natuurwetenskappe	SARCHI	<i>South African Research Chair Initiative</i>
IFRS	<i>International Financial Reporting Standards</i>	SciSTIP	<i>Scientometrics and Science, Technology and Innovation Policy</i>
IIRC	<i>International Integrated Reporting Council</i>	SENWET	Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie
IKT	informasie- en kommunikasietegnologie	Stell	Stellenbosch
IP	Institutionele Plan	THRIP	<i>Technology and Human Resources for Industry Programme</i>
IRDR	<i>Integrated Research on Disaster Risk</i>	TIA	Tegnologie-innovasie-agentskap
IVS	Universiteit Stellenbosch Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018	UK	Universiteit van Kaapstad
		US	Universiteit Stellenbosch
		UWK	Universiteit van Wes-Kaapland
		Wits	Universiteit van die Witwatersrand

Gepubliseer deur Korporatiewe Bemarking

Universiteit Stellenbosch
Victoriastraat
Stellenbosch
Privaat Sak X1, Matieland 7602
Tel: 021 808 4977 / Faks: 021 808 3800
Webwerf: www.sun.ac.za
E-pos: info@sun.ac.za

ISBN: 978-0-7972-1540-5

Redaksionele span:

Mattie van der Merwe (redakteur), Susan van der Merwe (kreatiewe opdrag) en Faiza Majjet (finansiële verslag). Redigering en vertaling: Anneli Roux (finansiële verslag), Willemien Klinger, Hendrien Rust-Swanepoel, Lize Vorster, Robert Young.

Ontwerp en uitleg: G Studio

Drukker: SUN MeDIA

Fotografie: Werner Roux, Stefan Els, Anton Jordaan en Hennie Rudman

Ouditeur: PricewaterhouseCoopers Geïnk.